# DIE AFRIKANER IN KAAPLAND, 1899-1902.

deur

JOHANNES HENDRIK SNYMAN

Proefskrif ter voldoening aan die vereistes vir die graad DOCTOR LITTERARUM in die Departement Geskiedenis, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

November 1973.

# I N H O U D

VOORWOORD vi

HOOFSTUK I. DIE KAAPLANDSE AFRIKANER, 1899. 1.

Die eerste gebruik van die woord Afrikaner - Hendrik Bibault - Patriotte - reisbeskrywings - verbondenheid met Afrika - spanninge van agtiende eeu - simpatie met Republieke - liefde vir Koningin - politieke verwatering - soeke na betekenis van Afrikanerskap - isolasie en ongeletterdheid op platteland - mistastinge omtrent Afrikaners - konserwatief en eerbied vir konstitusionele gesag - stedelike Afrikaner - ooreenkomste tussen rassegroepe.

HOOFSTUK II. AFRIKANERLOJALITEIT. 22.

Gehegtheid aan Koningin - verjaardagvieringe - geskoktheid met haar afsterwe - ontroerd deur spanning tussen Republieke en Brittanje - eerste Boere-inval - tweede Boere-inval - Afrikaner-dilemma - beroepe op lojaliteit - lojaliteitsbegeerte en -belydenisse - simpatie met Republieke nie in stryd met Britse burgerskap - tweestryd in Afrikanergemoedere.

HOOFSTUK III. AFRIKANERPOGINGS OM OORLOG TE VOORKOM. 45.

Beroep van Moderatuur van N.G. Kerk - dag van verootmoediging 20 Augustus 1899 - pleidooie van d.i. A. Murray en J.H. Hofmeyr - versoekskrifte van Afrikaner vroue en -parlementslede - mosie van lojaliteit deur Opposisie - Bloemfonteinkonferensie - besoek van J.H. Hofmeyr en A.J. Herholdt aan Pretoria - aandrang om toegewings - memorie van Parlementslede aan pres.

Steyn - pogings van Sir Henry de Villiers en J.X. Merriman - motiewe van Kaaplandse Afrikaners-gevoelens van enkelinge.

HOOFSTUK IV. AFRIKANER-REAKSIE: LOJALE PROTES. 73.

Afrikaners gedwing tot keuse - oproepe om behoud van onafhanklikheid van Republieke - inisiatief deur Frederick Mackarness en Ernest T. Hargrove - stigting van versoeningskomitees - aanvaarding van mosies - Graaff-Reinet Volkskongres - deputasie na Engeland - kritiek op versoeningsbeweging - volkspetisie aan Engeland - vrouevergaderings - onafhanklikheidsmosie in Parlement - Worcester-kongres - deputasie na Goewerneur - houding van Koloniale Kantoor - kritiek op hou van kongresse - byeenkoms van Afrikanerbondparlementslede - sending van Merriman en Sauer na Engeland - proteste van kerkweë - manifes van predikante.

HOOFSTUK V. AFRIKANER-REAKSIE: GEWELDDADIGE VERSET. 144.

Invalle in Kaapland - afkondiging van krygswet - aansluiting van rebelle by Boeremagte - misleiding van Kaaplanders deur Republikeine - kritiek op optrede van Republikeine - waarskuwings teen onwaarhede - verklaring van verowerde gebiede tot Vrystaatse grondgebied - voorskrifte aan Boere bevelvoerders - dwangmaatreëls - teenmaatreëls van owerheidsweë - redes vir rebellie - stremmende faktore ten opsigte van rebellie - onrus na afloop van eerste inval - tweede inval - herinstelling van krygswet - guerilla-oorlogvoering - ontwrigte lewensomstandighede - mistasting van

van Republikeine - kritiek op invallers.

HOOFSTUK VI. AFRIKANERLYDE. 194.

Krygswet - bepalings: kommandering; beheer oor lewensmiddele; daarstelling van "sentrums"; sedisieuse praatjies; sirkulasie van leesstof; arrestasie van ongewenste persone; model krygswetregulasies - griewe onder krygswet: kommandering; verwydering van ongewenste persone - behandeling van individue - inwin van getuienis teen vergoeding - arbitrêre militêre optrede - besware daarteen - beledigings teenoor Afrikaanse taal - aanvalle op Afrikaanse koerante - optrede teen redakteurs - verbod op sirkulasie van koerante - kritiek teen hierdie optrede - tekort aan lewensmiddele - verbod op bewerking van landerye - alle Kaaplanders voel krygswet aan eie lyf.

HOOFSTUK VII. LOJALISTE-ERVARINGS. 255.

Groot getalle Afrikaners werp gewig by Britte in - lojaliste van Graaff-Reinet bied dienste aan - advies van Milner - aansluiting by Polisie en diverse korpse - hardhandige optrede teenoor lojaliste - individuele gevalle - lyding van lojalistevroue en - kinders - stigting van lojaliste-organisasies: Guild of Loyal Ladies en Waaksaamheidskomitees-vergaderings - kritiek en griewe - agitasies vir opheffing van grondwet - konferensie van lojaliste - openlike vreugde oor Britse suksesse - pleidooie vir vergoeding van dienste van lojaliste.

HOOFSTUK VIII. KERK EN SKOOL. 296.

Invloed van predikante op platteland - kritiek op "dislojale" predikante - optrede van "lojale" predikante - voorbidding vir Republieke - oproep van Moderator van N.G. Kerk - teistering van Gereformeerde Kerk - sedisie in skole - botsing tussen Regering en Goewerneur oor militêre inmenging - klagtes van dislojale optrede van onderwysers - totale anglisering bepleit.

HOOFSTUK IX. AFRIKANER-ONTWAKING. 335.

Reaksie by Kaaplandse Afrikaners teenoor ontberings en vernederings - beskuldiginge van boikot - voorbeelde - protes-konferensie van lojaliste - mislukte petisie - stigting van Afrikaanse sake-ondernemings - kritiek en kommer van Engelsgesindes - handhawing van Afrikaanse taal.

HOOFSTUK X. AFRIKANER-VERLANGE NA VREDE. 370.

Beroepe om vrede: Melius de Villiers; ds. H.E. du Plessis; genl. Piet de Wet - flou reaksie van Kaapse Afrikaners - beroepe en proteste van individuele Kaaplanders - pogings om vredesvoorstanders te organiseer: L. Abrahamson - opposisie daarteen - Afrikaners siels-ongelukkig oor oorlog.

HOOFSTUK XI. EPILOOG. 404.

Bewuswording van Afrikaneridentiteit en agterstand op ekonomiese terrein - spontane boikot - Afrikanerlojaliste sosiaal verstoot - oorlog plaas Kaaplandse Afrikaner voor grootste dilemma - bepleit toegewings by Z.A.R. - konstitusionele pogings om vir onafhanklikheid van Republieke te stry - rebellie - optrede van Republikeine dra by tot tragiek en dilemma van Kaaplanders - alle Kaaplanders voel oorlog aan eie lyf - Afrikaanse volk

deur smeltkroes - toekoms egter verseker.

ENGLISH SUMMARY. 414.

BRONNELYS. 416.

# V O O R W O O R D

Die rol wat die Kaaplandse Afrikaner gedurende die Anglo-Boereoorlog gespeel het en veral die ervaring wat hulle deurgemaak het, is steeds nog redelik onbekend omdat gepubliseerde werke oor die oorlog feitlik deurgaans die swye oor hierdie onderwerp bewaar. Die werk wat hiermee aangebied word is 'n poging om in hierdie leemte te voorsien.

Daar is getrag om die fokus so skerp moontlik op die Kaaplandse Afrikaner te rig. Om dié doel te verwesentlik is hierdie werk miskien op 'n ietwat onortodokse wyse saamgestel. Die gedagte was naamlik nie om 'n kroniek van gebeure te gee nie, maar om 'n kykie te probeer gee in wat in die siel en die gewete van die Afrikaner van daardie tyd omgegaan het, asook 'n blik te werp op die lyde en wroeging wat hy gedurende hierdie tyd aan eie lyf ondervind het. Daarom sal die leser tevergeefs soek na 'n ontleding van die politieke opkoms van die Afrikaner soos dit gekulmineer het in die bewindsaanvaarding van die Afrikanerbond in 1898 met W.P. Schreiner as premier, of na die oorsake van die oorlog, of na die militêre verloop daarvan. Eweneens is daar nie gepoog om 'n uiteensetting te gee van die straf wat aan rebelle uitgemeet is en die wyse waarop hulle verhoor is nie, of om die administrasie van krygswet te beskryf en te ontleed nie, omdat daardeur die soeklig weggedraai word van die sentrale tema van hierdie werk. Enkele van hierdie sake is óf in ander bronne beskikbaar soos byvoorbeeld skrywer hiervan se M.A.-verhandeling, Rebelleverhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe, 1899-1902, óf vorm die onderwerp

vir 'n aparte ondersoek. Na hierdie sake is slegs verwys in soverre dit die Afrikaner in Kaapland gedurende die oorlogstydperk geraak het en ter wille van duidelikheid.

Die samestelling van hierdie werk het nie sonder probleme geskied nie. 'n Baie ernstige probleem was dat die navorsing hoofsaaklik op eensydige Engelsgesinde bronne gedoen moes word. Die Afrikanerstandpunt is alleen op baie versigtige wyse te vind in enkele koerante, soos byvoorbeeld De Zuid Afrikaan Vereenigd Met Ons Land, (algemeen as Ons Land bekend; Kaapstad), South African News (Kaapstad), Onze Courant (Graaff-Reinet), Het Oosten (Somerset-Oos), Het Zuid-Westen (Oudtshoorn) en die Middelandsche Afrikaander (Cradock), en dan ook slegs vir 'n gedeelte van die oorlog omdat die sirkulasie van hierdie koerante óf verbied, óf die publikasie daarvan van owerheidsweë opgeskort was, So byvoorbeeld was die publikasie van Ons Land vanaf 12 Januarie 1901 tot 19 Julie 1902 opgeskort tydens welke tydperk dit as Het Advertentieblad as 'n nie-politieke orgaan uitgegee is; die publikasie van die South African News is vanaf 15 September 1901 - 19 Augustus 1902 opgeskort; terwyl dieselfde lot ook Onze Courant, Het Oosten en De Middelandsche Afrikaander vanaf Maart 1901 getref het. Ten einde sy bas te red het Het Zuid-Westen daartoe oorgegaan om slegs feitlike berigte te plaas sonder enige kommentaar of hoofartikels. Behalwe bogenoemde was daar nog twee ander Afrikaner-koerante, t.w. De Kolonist en Di Patriot, maar omdat albei lakeie van Rhodes was wat die blaaie óf gefinansier óf die meerderheid aandele daarvan besit het,

was hulle geen vertolker van die Afrikaner-gevoelens nie. Albei was inderdaad uiters Engelsgesind en al wat mens ten gunste van die koerante kan sê is dat hulle in Hollands of in die Afrikaans van daardie tyd uitgegee is. In die Engelstalige koerante wat in Kaapland gepubliseer is soek mens tevergeefs na 'n goeie woord vir die Afrikaner, behalwe die Midland News (Graaff-Reinet) wat aanvanklik simpatieke aanvoeling vir die Afrikaner geopenbaar het, maar hoe meer die oorlog in die guns van Engeland verloop het, hoe 'n groter anti-Afrikaanse houding het die blad aan die dag gelê. Die gevolg van die situasie soos hierbo beskryf, is dat eerstehandse gegewens oor hoe die Kaaplandse Afrikaners in werklikheid gevoel en gedink het, baie skraal is en dat die laaste woord oor hierdie onderwerp daarom seker nog nie gespreek is nie.

Aangesien ongeveer 'n sestigtal koerante gedurende die Anglo-Boereoorlog in Kaapland gepubliseer is, is besluit om by 'n verteenwoordigende seleksie daarvan te volstaan. Navorsing het getoon dat dit 'n wyse uitgangspunt was aangesien daar spoedig op 'n herhaling van gegewens gestuit is, veral omdat die klein plattelandse koerantjies in 'n groot mate op die stadskoerante vir nuus aangewys was en hulle het derhalwe grootskeeps berigte en kommentaar uit daardie koerante oorgeneem. Die feit dat in dié koerantjies tog iets belangriks kon verskyn het, is nie uit die oog verloor nie.

Die meeste argivale bronne oor hierdie onderwerp is gevind in die argief van die Colonial Office, Londen, wat in

die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, op mikrofilm beskikbaar en op dokumentpapier afgedruk is waar dit 'n deel vorm van die F.K.-reeks (foto-kopieë) van daardie Bewaarplek. Omdat dit destyds gebruiklik was om die Koloniale Sekretaris in Londen op hoogte te hou met alle belangrike (en ook onbelangrike) gebeure, is in hierdie argief feitlik die gehele dokumentêre neerslag te vind van die Goewerneur, Eerste Minister en Prokureur-generaal van Kaapland. Van hierdie argief is ruimskoots gebruik gemaak. Navorsing en kontrolering wat in die Kaapse Argiefbewaarplek onderneem is het aan die lig gebring dat daar niks te vind is wat nie in die Colonial Office-argief in die Transvaalse Argiefbewaarplek beskikbaar is nie. Trouens, die bronne in lg. Bewaarplek is selfs meer volledig as dié in die Kaapse Argiefbewaarplek en om daardie rede is in die voetnote nie na die dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek verwys nie.

Die argief van die Hoë Kommissaris, ook in die Transvaalse Argiefbewaarplek, het enkele brokkies inligting opgelewer. 'n Aantal kontemporêre werke, blouboeke en pamflette het die geheelbeeld afgerond.

Ten opsigte van die sekondêre werke is dit van belang om die feit te onderstreep dat daarin baie min inligting voorkom wat op die onderwerp wat hier behandel is betrekking het. Om daardie rede is daar in die voetnote nie na veel sekondêre bronne verwys nie en dien die werke wat in die bronnelys genoem word eerder as 'n aanduiding van waarin onder andere meer oor verbandhoudende sake of

terloopse insidente, waarna noodwendig in die teks verwys moes word, gelees kan word. Hierdie feit verklaar ook die aanwesigheid in die bronnelys van werke wat met die eerste oogopslag as nie ter sake beskou mag word.

Indien hierdie werk daartoe mag bydra om andere aan te spoor om die verskillende aspekte van die ervaring en lewe van die Kaaplandse Afrikaner wat hierin belig is in verdere besonderhede uit te werk, sal die skrywer sy moeite meer as beloon beskou.

Ten slotte is dit vir my 'n voorreg om langs hierdie weg my hartlike dank te betuig teenoor my promotor, prof. dr. J.S. du Plessis vir sy indringende kritiek en vir die hartlike wyse waarop ons kon saamwerk. Ek is ook veel dank verskuldig aan die direkteur van argiewe, dr. J.H. Esterhuyse vir die toestaan van etlike maande studieverlof. Finansiële hulp by wyse van 'n ad hoc-toekenning deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word eweneens met dankbaarheid erken. 'n Woord van dank gaan ook aan my suster, mev. F. Smedema, wat die proefskrif meer as een keer getik het. Nader tuis, aan my gesin: Annatjie, Rykie en Lita, kom toe my hartgrondige dank en waardering vir jarelange aanmoediging, geduld en verdraagsaamheid waarsonder hierdie werk stellig nie tot stand sou gekom het nie.

J.H. SNYMAN.

PRETORIA,
12 November 1973.

## HOOFSTUK I.

## DIE KAAPLANDSE AFRIKANER 1899.

Die woorde "Africaan", "Africander" en "Africaner" tref mens reeds in die sewentiende eeuse stukke aan, maar toe was die bedoeling om daarmee die Nie-Blanke inboorlinge van Suid-Afrika aan te dui. Aan die begin van die agtiende eeu word dit egter gebruik om ook Blankes, en dan wel diegene wat in Suid-Afrika gebore is, aan te dui.[1]

Sover bekend was Hendrik Bibault die eerste Blanke persoon om in 1707 na homself as "een Africaander" te verwys. Hy is aan die Kaap gebore, en was toe hy dié verklaring gemaak het slegs sewentien jaar oud, maar het toe reeds 'n groot liefde vir sy geboorteland geopenbaar.[2]

Dié uitlating het Bibault gemaak ten tye van die stryd waarin die Kaapse landbouers en die goewerneur, Wilhelm Adriaen van der Stel gewikkel was. Die landbouers het Van der Stel daarvan aangekla dat hy en sy amptenare privaat geboer en van hulle posisies misbruik gemaak het deur hulle produkte eerste aan verbygaande skepe te verkoop tot nadeel van die vrye landbouers.[3] Laasgenoemde het die optrede van die Goewerneur as onnodig, onwettig, onregverdig, korrup en outokraties beskou en daaroor klagskrifte[4] opgestel

1. D.J. Kotze: Positiewe Nasionalisme, p. 22.

2. Ibid.

3. Die verloop van die stryd is o.a. beskryf deur A.J. Boëseken: Simon van der Stel en sy kinders, pp. 184-205; vgl. ook Leo Fouché: Dagboek van Adam Tas, 1705-1706 (hersien deur A.J. Boëseken), p. 4 e.v.

4. Vgl. in hierdie verband Fouché: a.w., pp. 324-384; Boëseken: a.w., pp. 184-200.

waarin hulle hul griewe aan die Here Sewentien en die Bataafse Owerheid uiteengesit het. Nieteenstaande pogings van die Goewerneur om dit te keer, het die petisies tog hulle bestemming bereik. Op 20 Februarie 1707 is die tyding aan die Kaap ontvang dat die bewindhebbers bevind het dat die Kaapse amptenare hulle inderdaad aan growwe misbruik skuldig gemaak het, en dat hulle verbied is om hulle ooit weer met die landbou of handel aan die Kaap besig te hou.[5]

Dié nuus het begryplikerwys groot vreugde onder die landbouers veroorsaak en veral die jongmans het hulle te buite gegaan. So het vier van hulle, Jan Cloete, Hans Beyer, Matthys Greeff en Hendrik Bibault op Sondag 6 Maart 1707 die meulenaar van Stellenbosch, Andries Schaffer, getreiter deur met sy meule en skale te peuter. Oor een weer is luidrugtige beledigings geslinger en die lawaai was so erg dat landdros Starrenburg en ene Jan Botha ondersoek gaan instel het. Toe die landdros Bibault en sy vriende gelas om hulle lawaai te staak, het Bibault dié betekenisvolle woorde laat hoor: "'k ben een Africaander, al slaat de landdrost mijn dood, of al setten hij mij in den tronk, ik sal, nog wil niet swijgen."[6] Die landdros het Bibault en sy maats egter gearresteer en ten tye van hulle verhoor op 28 Maart 1707 het hy daarvoor gepleit dat hulle verban word omdat die Kaap dit nie kon bekostig

5. Boëseken: a.w., p. 200.

6. Aangehaal deur J.L.M. Franken: Hendrik Bibault of die opkoms van 'n volk, (Die Huisgenoot, 21.9.1928). Vgl. ook Boëseken: a.w., pp. 200-201; F.A. van Jaarsveld: Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881, p.15.

om mense te onderhou wat deur "debauches en ongereegeld leven" nie aan die vereistes van goeie burgerskap voldoen nie.[7] Voordat dit egter kon gebeur is die Goewerneur en Starrenburg albei uit hulle poste ontslaan.[8]

Die vraag ontstaan wat Bibault bedoel het toe hy gesê het dat hy 'n "Africaander" is. Ongetwyfeld wou hy hiermee iemand aandui wat in Afrika gebore en op spesifieke regte en voorregte geregtig is. Tereg verklaar J. Albert Coetzee dat die woord "Afrikaner" as gevolg van die onreg wat die Kaapse boere aan die hand van die Van der Stel-gesinde amptenare gely het, 'n hoër inhoud verkry het sodat dit nie net iemand aangedui het wat in Suid-Afrika gebore is nie, maar ook 'n persoon wat nie bereid was om hom te laat vertrap nie.[9] Ook F.A. van Jaarsveld is daarmee eens dat dié woorde van Bibault daarop dui dat Suid-Afrika deur die Blanke inwoners as hulle tuiste aanvaar is.[10] In hierdie verband kan daarop gewys word dat prof. Franken soveel betekenis aan die woorde geheg het dat hy pleit dat 'n gedenkteken ter ere van Bibault te Stellenbosch opgerig behoort te word omdat hy deur die gebruik van die woord "Afrikaner" inhoud gegee het aan 'n sluimerende vaderlandsliefde wat hom van die plaaslike bevolking meester gemaak het.[11]

7. Boëseken: a.w., p. 201; vgl. ook Franken: a.w.

8. Kotze: a.w., p. 25.

9. J. Albert Coetzee: Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.13.

10. Van Jaarsveld: a.w., p.15.

11. Franken: a.w.

Teen die einde van die agtiende eeu is die woord "Afrikaner" reeds vry dikwels gebruik. In 'n werkie "De Eerloosheid Ontmaskerd" wat in 1792 die lig gesien het, skryf Johannes Henricus Redelinghuys, een van die leiers van die Patriot-beweging aan die Kaap, van Suid-Afrika as sy vaderland, waarvoor hy alles veil het, en verwys na homself as 'n "Afrikaan".[12] Ook in die versoekskrif van 1784 het die Patriotte gepraat van "onze Africanders" in teenstelling met Europeërs.[13] Uit die verband waarin die woorde gebruik is, blyk dit duidelik dat met "Africanders" bedoel is persone wat hier te lande gebore is.

Ook 'n Nederlandse skeepskaptein wat ongeveer dieselfde tyd aan die Kaap vertoef het, het in 'n brief van 20 Desember 1792 onder andere geskryf dat die benaming "Africaan" gebruik word om die Blanke "inboorlinge" van Suid-Afrika aan te dui en dat hulle trots is op die benaming.[14] Mens sou dus kan aanvaar dat die benaming "Afrikaner" teen die jaar 1800 reeds redelik algemeen in gebruik was om die Blankes aan te dui wat plaaslik gebore is.

Gedurende die negentiende eeu is die gebruik van dié benaming verder bestendig. So verwys prof. D.J. Kotze[15] onder andere na die uitlatings wat William Burchell, R.B. Fisher en Cowper Rose in hierdie verband gemaak het na aanleiding van besoeke wat hulle gedurende die eerste

12. Kyk Coenraad Beyers: Die Kaapse patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, pp.12 en 133.

13. Ibid., p. 327.

14. Kotze: a.w., p. 26.

15. Ibid., pp. 26-27.

helfte van die negentiende eeu aan die Kaap afgelê het. Burchell het, behalwe die feit dat 'n "Afrikaner" aan die Kaap gebore moes wees, ook twee verdere kwalifikasies daaraan toegevoeg, naamlik dat so 'n persoon van Hollandse, Duitse of Franse afkoms moes wees en dat hy die Kaapse taalvariant moes gepraat het. Fisher het daarvan gewag gemaak dat die Kaapse inwoners, benewens Engels, 'n verdraaide vorm van Nederlands gebesig het, dat hulle hul oorspronklike volkskarakter afgesweer het en dat hulle hulself "Africaners" noem. Rose het eweneens, aldus Kotze, die "Africanders" gedefinieer as: "the designation by which the Cape-born Dutch are distinguished."

Aan die begin van die negentiende eeu was daar dus aan die Kaap reeds 'n groot aantal inwoners, ongeveer 25 000, wat hulle oorspronklike volkskarakter verloor het, reeds 'n eie identiteit ontwikkel het en die kern van 'n nuwe volk, die Afrikanervolk, gevorm het wat hulle taalkundig en geneties onderskei het van hulle Engelse landgenote wat hulle na die tweede Britse oorname van die Kaap in 1806 in toenemende getalle hier gevestig het.[16] Hulle het hulle ook van hulle mede-landgenote onderskei deur vir hulle Afrikanerskap besondere geboorte- en taalvereistes neer te lê, naamlik deur plaaslik gebore te wees en die plaaslike taal, "Afrikaans", te praat. Hulle was ook bewus van 'n besondere <u>verbondenheid</u> met Afrika, nog 'n rede waarom hulle hulself "Afrikaners" genoem het.[17]

16. Ibid., p. 28.

17. Ibid.

Die negentiende eeu het die Kaaplandse Afrikaners egter aan vele spanninge onderwerp wat dit vir hulle moeilik gemaak het om hulle afsonderlike identiteit te handhaaf en uit te leef. Hiervoor was veral verantwoordelik die tweede en finale Britse besetting van die Kaap in 1806. As gevolg hiervan het die inwoners te doen gekry met 'n vreemde monargale bestuurstelsel. Die Britse vors was vir die Afrikaners vreemd, en so ook die Britse nasionale simbole soos vlag en volkslied wat nou deel van die Kaaplandse Afrikaner se daaglikse lewe geword het. Daarbenewens het die nuwe bewindhebbers 'n ander identiteit besit, hulle het 'n ander taal gepraat, 'n ander land as hulle eie beskou en ander sedes en gewoontes gehad. Om sake vir die Afrikaner nog verder te kompliseer moes hulle rekening hou met die feit dat die Britte ander juridiese opvattings daarop nagehou het, dat hulle tot 'n ander kerkverband behoort en dat hulle ander opvattinge ten opsigte van die behandeling van die Hottentot en die Bantoe gehuldig het. Die Britte het hulle vreemde taal en opvattinge tot so 'n mate op die Afrikaners afgedwing dat hulle tereg gevoel het dat hulle onderdruk word.[18]

Dit is begryplik dat reaksie teenoor so 'n optrede nie sou uitbly nie. Sommige, soos byvoorbeeld die Slagternek-rebelle[19] het gemeen

18. Kotze: a.w., pp. 72-79.

19. Vgl. o.a. G.M.C. Theal: History of South Africa, 1795-1872, vol.ii, p. 193, e.v.; A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 232-234; J.C. Voigt: Fifty Years of the History of the Republic in South Africa, pp. 118-153.

dat hulle die Engelse met wapengeweld uit die land kan dryf. Ander het egter anders geoordeel en besluit om weg te trek om elders 'n onafhanklike staat te stig waar hulle in vrede kon leef. Gevolglik het duisende Afrikaners Kaapland gedurende die jare 1835 tot 1837 verlaat in 'n beweging wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis as die Groot Trek bekend staan.[20] Die uiteindelike uitvloeisel van hierdie trek was die eventuele totstandkoming van die twee groot Boererepublieke, dié van die Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek in Transvaal.[21]

20. Vir 'n ontleding van die redes wat tot hierdie beweging gelei het, kyk C.F.J. Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek; vgl. ook E.A. Walker: The Great Trek, (vyfde uitgawe); M. Nathan: The Voortrekkers of South Africa; G.S. Preller: Voortrekkermense, (6 dele); H.B. Thom: Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek.

21. Die twee republieke het natuurlik nie so maklik tot stand gekom as wat dit uit die voorgaande mag blyk nie. Die Afrikaners het met voortdurende Britse inmenging te doen gekry en hulle moes hulle grondgebied letterlik met bloed en trane koop. Omdat hierdie sake egter buite die bestek van hierdie werk val, word die leser slegs na werke soos die volgende verwys waarin meer hieroor gelees kan word: P.A. Grobbelaar: Die ontstaan en die ontwikkeling van die O.V.S. tot aan die einde van President Boshof se regering in 1859; H.J. Hofstede: Geskiedenis van die Oranje Vrystaat; J. van der Merwe: Die Oranje Vrystaat en die Britse Politiek in Suid-Afrika in die tyd van pres. J.H. Brand, 1864-1888; J.H. Malan: Die Opkoms van 'n republiek, of die geskiedenis van die Oranje Vrystaat tot die jaar 1863; F.L. Cachet: De worstelstrijd der Transvalers aan het volk in Nederland verhaald; A.N. Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, Wordingsjare; F.A.F. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860, (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1941).

In Kaapland het egter duisende Afrikaners agtergebly wat onderwerp is aan 'n intensiewe angliseringsproses op die gebied van skool, kerk en maatskappy. Die beleid is met soveel sukses toegepas dat teen die einde van die negentiende eeu gevrees is dat, indien iets nie sou gebeur om die Afrikaner wakker te skud nie, daar nie veel sou wees om die verengelsingsbeleid te keer en om die Afrikaners in Kaapland van nasionale ondergang te red nie.[22] Gelukkig vir die behoud van Afrikaans egter, was die toepassing van die beleid op die platteland nie so suksesvol nie, hoofsaaklik omdat die boere daar in 'n hoë mate selfvoorsienend was, nie veel met die buitewêreld in aanraking gekom het en hulle in elk geval nie veel aan die buitewêreld gesteur het nie.[23]

Die Kaaplanders het egter desnieteenstaande steeds 'n diepe belangstelling aan die dag gelê ten opsigte van die lotgevalle van die Republieke wat hulle volksgenote in die noorde gestig het, onder andere omdat in dié Republieke nasionale aspirasies van 'n onafhanklike volksbestaan uitgeleef kon word wat vanweë die konstitusionele posisie waarin Kaapland hom as Britse kolonie bevind het, nie dáár moontlik was nie.[24] Nog 'n rede vir die Kaaplanders se belangstelling is geleë in die feit dat gesinne uit Kaapland hulle voortdurend daar gaan vestig het en daar op dié wyse gereelde kontak tussen die verskillende bevolkingsgemeenskappe van Suid-Afrika onderhou is.[25]

22. J. du P. Scholtz: Die Afrikaner en sy taal, 1806 - 1875, p.161.

23. Ibid.: pp. 171 en 31.

24. Ibid.: p. 162.

25. Ibid.

Dit is daarom heel natuurlik dat die Kaaplandse Afrikaners die grootste mate van simpatie en meelewing met die inwoners van die Republieke aan die dag sou lê, maar hulle het, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word, as gevolg van die jarelange invloed wat vanaf Engeland op hulle uitgegaan het so 'n diepgewortelde liefde vir hulle koningin ontwikkel dat baie van hulle as meer monargaal as hulle Engelse landgenote beskou kan word. Daarby het die Kaapse Afrikaners op politieke gebied so afgewater dat hul enigste politieke party, die Afrikanerbond,[26] reeds sedert 1887 'n verenigde Suid-Afrika onder Britse vlag bepleit het as 'n volwaardige Britse dominium.[27] Daar kan dus gesê word dat die Kaapse Afrikaner teen die einde van die negentiende eeu glad nie in republikeinse terme gedink het nie, maar sy Britse onderdaanskap as 'n voldonge feit aanvaar het. Die bykans eeulange Britse invloed waaraan hy onderworpe was, het ook meegebring dat hy nie meer duidelikheid gehad het oor die inhoud van sy Afrikanerskap nie. Dit is dus geen wonder dat hy by die eeuwending opnuut na 'n formulering daarvan gesoek het nie, maar soos verderaan sal blyk, het 'n klemverskuiwing plaasgevind en wel in so 'n mate dat daar weinig sprake was van 'n eie afsonderlike Afrikaner-identiteit. Daar is trouens selfs sover gegaan om 'n allesomvattende betekenis aan die woord "Afrikaner" te heg,

26. 'n Gesaghebbende werk oor die geskiedenis van die Afrikanerbond is o.a. T.R.H. Davenport: The Afrikander Bond, The History of a South African Political Party, 1880-1911.

27. Kotze: a.w., p.81.

naamlik dat almal wat in Suid-Afrika gebore is, wat Suid-Afrika as sy vaderland beskou en dié land liefhet as 'n Afrikaner beskou is. Tipies van hierdie beskouing is die volgende gedig uit die pen van JANNI wat ons volledig hier aanhaal:

WAT'S AFRIKAANDER [28]

Nog dikwels in Suid-Afrika
In woorde wat verachting dra
Hoor jy 'n lege spotter vra:
"Wat 's Afrikaander toch?"
Wel, wie van ons is dan te skaam
Om te erken die trotse naam
Waaronder ons tesame staan
En same strewe moch!

Di fiere sterk gebouwde man
Afstam'ling van di moedig span,
Wat deur Van Riebeeck - brave man -
Naar hier toe werd gelei -
Di ferme Boer uit Hollans ras
(Wat eens di voorste nasi was)
Di soon van die beroemde ras
Is "Afrikaander" - hij!

Di Kind uit groote Frankrijks skoot
Wiens vader - roemrijk Hugenoot -
Voor vrijheid vog, en om sijn brood
Alhier kwam blij
En die sijn Bijbel met hom nam
Wat hij ook deed, waar hij ook kwam -,
Di kind van die voorbeeldig man
Is "Afrikaander" - hij!

28. Die gediggie het in Ons Land van 1.7.1899 verskyn.

Di spruit uit Duitsland waardig bloed,
Wat Jansens en sijn kleine stoet
Te hulpe kwam met soveel moed
In Bloubergs hewig strij, -
Hij (soon van 't machtig keiserrijk)
Wiens naam in byna iedere wijk
Van onse bree'e land nog prijk,
Is "Afrikaander" - hij!

Di bloed van Englands verre strand
In onse Suider Hoek geplant,
En nou geworteld in di land
En daarvan ni te skei:
Di bloed - 'n eedle voorbeeld nou! -
Help hart'lik mee op te bou
'n Groote volk, oprecht en trou -
Hij's "Afrikaander" - hij!

En inderdaad, wie hij ook sij,
Waffer geloof hij ook belij,
En waffer taal hom onderskei,
Wat sijn belange sij,
Wat ook sijn kleur, en wat ook sijn stand, -
So lank as daar in sijn boesem brand
'n liefde vir sij land - ons land
'n "Afrikaander" 's hij!

Die Afrikaners is dus hoofsaaklik afkomstig uit die stamlande Holland, Frankryk, Duitsland en Engeland en wat saam werk tot heil van die land; dit maak nie saak welke taal hulle praat of watter geloof hulle bely nie: die toetssteen is 'n gemeenskaplike liefde vir hulle land, ons land. Dit wil ook voorkom asof JANNI geen kleuronderskeid maak waar hy sê: "Wat ook sijn kleur, en wat ook sijn stand" - met ander woorde vir hom is die begrip "Afrikaner" nie eksklusief die wat aan 'n Afrikaanssprekende toegeskryf kan word nie, maar sou ewe goed op enigiemand anders van toepassing wees solank as wat hy maar net Suid-Afrika liefhet.

In hierdie beskouing het JANNI beslis nie alleen gestaan nie, soos blyk uit ander menings wat ongeveer dieselfde tyd in die Kaapse pers verskyn het. So het Ons Land byvoorbeeld op 25 Mei 1899 in 'n hoofartikel verklaar: "Afrika voor allen die Zuid-Afrika als hun vaderland erkennen en liefhebben - Afrika voor de Afrikaanders!" In dieselfde gees het "Afrikander" in geen onduidelike taal gepleit nie: "let us give up the names of 'English Africander', 'Boer', 'Cape Colonist', 'Englishmen', 'Dutch', etc. and call ourselves 'Africanders'."[29] Insgelyks het J.J. Michau, na aanleiding van neerhalende kommentaar van 'n Kimberleyse koerant oor die Afrikaners, naamlik: "there is perhaps in the whole world no opportunist so shameless, so bare faced and so untruthful as the slim Africander patriot and politician" hom verplig gevoel om die redakteur daaraan te herinner dat die term Afrikaner 'n omvattende een is en vooraanstaande persone insluit soos die hoofregter sir Henry de Villiers, J.H. Hofmeyr, W.P. Schreiner, J. Rose Innes, R. Solomon, J.G. Fraser, A. Fisher en 'n menigte ander op wie enige land trots kan wees - "though we differ in politics let us respect each others feelings. You, sir, almost spoilt my breakfast this morning."[30]

Hierdie soeke na 'n formulering van die betekenis wat aan die woord "Afrikaner" geheg moes word, het egter by die meeste Afrikaanssprekendes verbygegaan. Hulle het naamlik in hoofsaak die platteland bewoon, ver weg van die invloed wat van die pers en van die

29. Cape Times, 30.11.1899: Brief van "Afrikander."

30. South African News, 23.6.1899: Brief van J.J. Michau oorgeneem uit Diamond Field Advertiser.

stede en dorpe uitgegaan het.[31] Hier het hulle grootliks in isolasie geleef waar ongeletterdheid hoogty gevier het en wel tot so 'n mate dat baie jong mense kwalik kon lees of slegs met moeite hulle name kon teken. Hierdie toedrag van sake kan aan gebrekkige fasiliteite gewyt word, maar ook aan ouers wat geredeneer het dat as hûlle maar net vir 'n paar maande skool bygewoon het, dit ook vir hulle kinders voldoende was solank as wat hulle maar net genoeg geweet het om "aangeneem" te word.[32] Van verpligte onderwys was daar nog geen sprake nie, trouens 'n wetsontwerp met die doel voor oë is juis gedurende 1899 verwerp.[33]

As gevolg van die isolasie waarin die meeste Afrikaanssprekendes hulle bevind het, is dit nie bevreemdend nie dat daar 'n groot kloof tussen die twee rasse[34] bestaan het. So het albei rasse 'n gebrekkige kennis van mekaar sė taal gehad wat baie daartoe bygedra het om die skerp rassegevoel wat tussen die twee taalgroepe bestaan het te bestendig. Tereg het Cronwright-Schreiner daarop gewys dat kennis van die teenparty se taal mure en vooroordele afbreek wat alleen maar tot 'n beter verstandhouding kan lei. So het hyself byvoorbeeld, nadat hy Afrikaans aangeleer het, die Afrikaner begin verstaan, en kon hy waardering hê vir hulle goedhartigheid, gasvryheid en deursettingsvermoë.[35]

31. Cape Argus, 15.4.1901: Hoofartikel.

32. Middelandsche Afrikander, 13.6.1900: Hoofartikel.

33. Vgl. o.a. P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1969, p. 94.

34. Hier word die Afrikaanssprekende en Engelssprekende seksies van die bevolking bedoel en het dit niks te doen met Blank teenoor Nie-Blank nie.

35. Verklaring van Cronwright-Schreiner aan die Manchester Guardian, oorgeneem deur South African News, 4.6.1900. In 'n hoofartikel het lg. koerant op 1.6.1900 o.a. daarop gewys dat indien beide seksies van die bevolking mekaar se taal magtig was daar moontlik nooit oorlog sou gewees het nie.

Juis vanweë hierdie gebrekkige kennis van mekaar se taal het daar mistastinge geheers oor die wese van die Afrikaner wat nie daarop gemik was om goeie rassebetrekkinge te bevorder nie. So is hy as "rough and uneducated" bestempel wat onder andere na die oorlye van sy vrou dadelik na 'n ander lewensmaat soek, "but on the contrary there is real affection in the heart of a British farmer."[36] Ander het die Afrikaner weer beskou "as people who do not wash, cannot speak English and only on holy days omit to flog a native to death or shoot a Briton before breakfast."[37] Hierdie skewe beeld het daartoe bygedra dat die Britte in Engeland wat nie met die ware toedrag van sake vertroud was nie, hulle teen die Afrikaner verhard het. Sulke uitlatings het natuurlik dieselfde uitwerking op die Afrikaners ten opsigte van die Engelssprekendes gehad.

Beskouinge oor die Afrikaner het gewissel van bewondering tot algehele afkeer. In die Britse Laerhuis het die heer Pierie, lid vir Aberdeen North, die dapperheid en uithoudingsvermoë van die Afrikaner aangeprys. Hy het daarop gewys dat die Afrikaner sy lyding met lankmoedigheid verdra tot op die punt dat hy opgesweep word deur onregverdige ongeregtigheid.[38]

Ook lord Alwyne Compton, lid vir Bedforshire, het gewag gemaak van 'n "hardy, rugged, virile and unconquerable race." Hulle is

36. Albert Times, 13.6.1900: Hoofartikel.

37. South African News, 28.2.1900: Aangehaal in 'n hoofartikel.

38. Parliamentary Debates, Vol. LXXXIX, 15.2.1901, kol. 191.

volgens Compton inderdaad die mees gedugte teenstanders waarmee Brittanje nog te doen gekry het.[39]

Aan die ander kant het iemand wat homself "A loyal Afrikander" genoem het, beweer dat hoewel hyself 'n "Afrikander" is, die Afrikaner selde genoeg krediet kry vir sy slim jakkalsdraaie en hom getipeer as "a good man, but he can 'bajang lieg' and is 'bajang schelm'",[40] hoewel tog ook gasvry, vriendelik en godsdienstig, aldus 'n ander briefskrywer.[41]

As gevolg van sy lewensomstandighede het die Afrikaner geleer om sy ware gevoelens te onderdruk wat verkeerdelik as 'n afwyking van morele waardes vertolk is. As gevolg hiervan is hy dikwels beskou as iemand wat nie maklik geglo kon word nie, "because unlike ourselves, they do not feel called upon to state their opinions unless they can do so effectively."[42]

'n Ander gevolg van die Afrikaners se isolasie op die platteland was dat hulle nie altyd die geleentheid gehad het om uitdrukking aan hulle gevoelens te gee nie. Vir hulle was dit geen kleinigheid om vergaderings te hou nie en wanneer hulle dit wel nog kon doen, het hulle nie oor die middele beskik om hulle gevoelens landswyd uit te dra nie. Waar die Engelssprekendes in die stede die belangrikste persorgane besit het, het die Afrikaners oor slegs enkele nuusblaaie beskik wat getrag het om hulle gevoelens weer te gee, maar as gevolg van gebrekkige taalkennis kon slegs enkele Engelssprekendes daarvan kennis neem.[43]

39. Ibid., 19.2.1901, kol. 537.

40. Cape Times, 13.6.1900: Brief aan redakteur.

41. South African News, 27.7.1900: Brief van "Truth," 17.7.1900.

42. F. Fletcher-Vane: Pax Brittanica in South Africa, p. 295.

43. Ons Land, 6.6.1899: Hoofartikel.

'n Ander uitvloeisel van sy plattelandse isolasie is dat die Kaaplandse Afrikaner iemand was wat vrede nagestreef het en nie in stryd gewikkel wou wees nie. Hy het geleer om nie maklik kwaad te word nie, maar kon 'n beginselstandpunt onverskrokke verdedig en kon homself hart en siel oorgee aan die leiding van enigiemand wat sy vertroue gewen het.[44] Daarom was hy gewillig om die owerheid te vertrou met die hoop en verwagting dat hulle regverdig en billik behandel sou word, maar wanneer hulle bykans kinderlike vertroue eenmaal geskok is, is dit nie gou weer geskenk nie.[45] Die Afrikaner was by uitstek konserwatief met 'n sterk gewortelde eerbied vir konstitusionele gesag en was in die reël vreedsame, ordelike en wetsgehoorsame burgers. Dat hulle nie 'n onredelike vyandigheid teenoor die Engelssprekendes gekoester het nie, spreek uit die vertroue wat hulle in Engelssprekende politici soos Schreiner, Solomon, Innes en andere gestel het.[46]

Al die Afrikaanssprekendes was egter nie boere nie en almal was nie op die platteland woonagtig nie. In die stede en dorpe het 'n aansienlike aantal Afrikaners gewoon wat 'n heenkome gevind het as regters, magistrate, advokate, kapitaliste, besigheidslui, ens. Hierdie mense het in nouer kontak met die Engelssprekendes geleef en nader aan mekaar gestaan as hulle plattelandse broers. Ondertrouery het op groot skaal plaasgevind en volgens Olive Schreiner

44. South African News, 4.6.1900: Hoofartikel.

45. Ons Land, 6.6.1899: Hoofartikel.

46. South African News, 4.6.1900: Hoofartikel.

het geen dag verbygegaan dat 'n Afrikaanssprekende vrou nie die kind van 'n Engelssprekende voed nie, of dat 'n Engelssprekende vrou nie geboorte geskenk het aan die kind van 'n Afrikaanssprekende vader nie; "not an hour passes but on farm and in town and in village, Dutch hearts are wounding about English and English about Dutch...", en wel tot so 'n mate dat daar min families in Kaapland is wat nie deur die huwelik met Afrikaans- en Engelssprekendes verbind is nie.[47]

Olive Schreiner was so deur hierdie verskynsel aangegryp dat sy voorspel het dat binne 'n geslag, "there will be no Dutchmen and no Englishmen in South Africa but only the great blended South African people of the future, but speaking the English tongue..."[48] Wanneer die stadium bereik is, sou die nagedagtenis van die pioniers van die land in ere gehou word, maar die foute van die verlede en die skeidslyne tussen die rasse sou nie meer bestaan nie; "in thirty years time the daughter of the man who landed yesterday in South Africa will carry at heart the child of a De Villiers, and the son of the Cornish miner who lands this week will have given the name of her grandmother to his daughter, whose mother was a Le Roux. There will be nothing in fourty years but the great blended race of Africans."[49]

Schreiner se geesdrif het seker 'n bietjie met haar weggeloop in

47. Brief van Olive Schreiner aan Standard and Diggers News, oorgeneem deur Review of Reviews, Vol. XX, July-December, 1899, p. 35.

48. Ibid.

49. Ibid.

haar verlange na 'n volkome Engelsgeoriënteerde bevolking waarin die identiteit van die Afrikaner ondergegaan het. Wat egter wel aanvaarbaar is, is dat die stedelike Afrikaanssprekende in sy kontak met Engelssprekendes in toenemende mate Engels as omgangstaal gebruik en die taal so goed bemeester het, dat hulle in geen opsig te onderskei was van hulle Engelssprekende landgenote nie.[50] Ongelukkig het hierdie kontak ook meegebring dat 'n groot deel van die Afrikaners op hulle eie taal neergesien het. Om te pronk het hulle die Engelse nageaap ten opsigte van modes en taal. Op skool is hulle dikwels geleer om die veragtelike "taal" nie te praat nie. 'n Psigose het onder baie Afrikaners ontwikkel om briewe in Engels te skryf en Engels te praat. Afrikaans is na die kombuis verban. Hierdie gebruik is van moeder na kind oorgedra en Afrikaans is op so 'n wyse vermoor.[51]

Die stedelike Afrikaner het, anders as sy deursnee plattelandse broer, moeite gedoen om sy kinders hoër onderwys te laat geniet en dit was een van hul grootste ambisies om hulle kinders aan Engelse en Skotse universiteite te laat studeer.[52] Diegene wat dit nie kon bekostig om hulle kinders oorsee te stuur nie, het nie gehuiwer om hulle aan die Universiteit van Kaapstad, waar die voertaal eweneens Engels was, te laat studeer nie.[53] Op hierdie wyse het 'n groot deel van die stedelike Afrikanerjeug baie sterk onder Engelse

50. Ibid.

51. Ons Land, 18.11.1899: Verkeerde weergawe van 'n lesing oor Afrikaans gehou deur Jan de Waal.

52. Phyllis Lewsen: Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1899 - 1905: John X. Merriman - L. Courtney, London, 17.10.1901.

53. Ibid.

invloed gekom, 'n invloed wat in die woorde van Olive Schreiner daarop gemik is, "(to) bind Britain close to their hearts as to ours who are British born."[54]

Afgesien van diepgaande verskille was daar aan die ander kant tog ook ooglopende ooreenkomste tussen die twee rassegroepe. Beide was vasberade, onverskrokke, wetsgehoorsaam en godsdienstig met 'n intense liefde vir persoonlike vryheid. By beide Afrikaanse en Engelse boere was daar geen verskil wat betref hulle selfingenomendheid en hulle veragting teenoor dorpenaars en stedelinge nie. Daar was baie boere van Engelse afkoms wat nie meer hulle moedertaal kon praat nie, en daar was baie boere van Afrikaanse afkoms wat soos hierbo gesê, Engelse skole en Universiteite bygewoon het wat niks anders as Engels kon praat nie, en wat op generlei wyse van hulle Engelse landgenote onderskei kon word nie, terwyl as gevolg van ondertrouery 'n groot deel van die twee gemeenskappe aan mekaar verwant was. Daar het ook geen sosiale of godsdienstige skeidings bestaan, soos bv. met die Franse in Kanada die geval was nie. Die Afrikaner was net soos sy Engelse landgenoot lief vir sport en hy het op intellektuele gebied nie vir die Engelsman agter gestaan nie, soos bewys word deur die openbare optrede van sy parlementslede en persone soos sir Henry de Villiers, J.H. Hofmeyr en andere.[55] Inderdaad, "the Dutch are

54. Review of Reviews, a.w., p.35 (Dieselfde skrywe waarna in voetnoot 47 verwys is).

55. F. Fletcher-Vane: a.w., p. 295.

cast in the same mould as ourselves, and are indeed, more akin to the English than any other people - the Americans included."[56] Hulle het dieselfde swak en goeie hoedanighede as die Engelssprekendes en is, "a people like ourselves to be admired and respected rather than beloved, dogged tenacious, with a strong sense of justice and a overwhelming passion for freedom and self-government, at the same time, in many respects narrow and prejudiced, ill to drive at and not to be held with bit or bridle."[57] Ongelukkig is die werk wat die Afrikaner in belang van Suid-Afrika gedoen het nie altyd verstaan of waardeer nie, en hulle mislukkings en tekortkomings is ook nie altyd in die regte perspektief gesien nie. 'n Ras wat so lewenskragtig is, wat sulke bewyse van uithoudingsvermoë, selfopoffering en patriotisme aan die dag gelê het, verdien sekerlik meer as die hoon en smaad wat deur die "meaner sort of Englishman" op hulle uitgestort is.[58]

Die bevolkingsituasie in Kaapland was teen die einde van die negentiende eeu dus in verskeie opsigte paradoksaal. Die Afrikaanssprekendes het in hoofsaak die platteland bewoon en hulle was die grondeienaars, die landbouers en die vee-besitters. Hulle was ook in hoofsaak eentalig en tevrede om hulle kinders 'n opvoeding te gee wat net voldoende moes wees om "aangeneem" te word, terwyl hulle mede-Afrikaners wat

56. Lewsen: a.w., p.312: J.X. Merriman - L. Courtney, London, 17.10.1901.

57. Ibid.

58. South African News, 9.2.1901: Brief van 'South African.'

nader aan die groot dorpe en stede gewoon het sterk onder Engelse invloed gekom het, Engels magtig was en selfs hulle kinders aan Engelse universiteite laat studeer het.

Die Engelssprekendes, aan die ander kant, was hoofsaaklik in die dorpe en stede gevestig as ambagsmanne, winkeliers en professionele lui. Terwyl die stedelike Afrikaans- en Engelssprekendes na aan mekaar gestaan het en wel in so 'n mate dat dit tot 'n afstomping van die Afrikaner-identiteit gelei het, was daar 'n groot kloof tussen dié twee rassegroepe op die platteland as gevolg van die isolasie waarin die Afrikaners aldaar geleef het. Ongeletterdheid en gebrekkige kennis van mekaar se taal het bygedra tot hierdie verwydering tussen die taalgroepe. Afgesien van die verwydering was daar egter ook kennelike ooreenkomste ten opsigte van onverskrokkenheid, vasberadenheid, wetsgehoorsaamheid en liefde vir persoonlike vryheid. Daar was 'n soeke na 'n formulering van 'n eie identiteit en die aanvaarding van 'n algemene Afrikanerskap, waar die een ras nie noodwendig die ander sou uitsluit nie, was algemeen bepleit. Die uitbreek van die oorlog sou egter so 'n siening en die samesmelting wat Olive Schreiner in die vooruitsig gestel het, 'n onherstelbare knou toedien. Die oorlog sou juis hierdie besondere gevoelens van die rassegroepe aksentueer en 'n groter bewuswording daarvan meebring. Terselfdertyd sou dit die draers daarvan tot selfbepeinsing en selfondersoek dwing.

# HOOFSTUK II.

## AFRIKANERLOJALITEIT.

Die Afrikaner in Kaapland het by die uitbreek van die oorlog reeds 'n bykans eeuoue verbintenis met Engeland gehad en omdat koningin Victoria toe reeds vir meer as sestig jaar dié amp beklee het,[1] kon die meeste Kaaplanders geen ander vors as juis sy onthou nie. Omdat sy deur die jare heen die beeld van 'n moederfiguur by die bevolking geskep het,[2] is dit nie bevreemdend nie dat hulle om dié rede besonder geheg geraak het aan die Koningin en aan die Britse vlag, 'n feit wat groot innerlike tweespalt in menige Afrikaner-hart sou meebring toe hulle 'n keuse moes maak tussen lojaliteit teenoor hulle Koningin en hulpverlening aan hulle bloed- en taal-verwante in die Republieke. 'n Tipiese voorbeeld van hierdie gevoel van toegeneentheid teenoor die Britse vlag is 'n verklaring deur D.J. Marais, lid van die Wetgewende Vergadering vir Piketberg, tydens die bespreking van 'n mosie oor krygswet, met die strekking dat die Kaapse Afrikaner geen ander vlag as die Britse begeer het nie, trouens, hy het dit as sy ernstige begeerte uitgespreek om eendag onder dié vlag te sterf.[3] Ook N.F. de Waal, lid vir Colesberg het ná die oorlog in die Parlement verklaar dat hy trots daarop is om onder die Britse vlag te leef en die hoop uitgespreek dat ook sy kinders onder dié vlag sou opgroei.[4]

1. Sy het die Britse troon op 21.6.1837 as sestienjarige dogter bestyg.

2. By haar afsterwe op 22.1.1901 het Onze Courant, 28.1.1901, onder andere verklaar dat haar naam 'n huishoudelike woord was en dat mens inderdaad die gevoel het dat jy by die sterfbed van jou eie moeder gestaan het.

3. Cape Hansard, 16.8.1900, kol. 240.

4. Ibid., 2.10.1902, Kol. 381.

Die gehegtheid van die Kaapse Afrikaners aan die Koningin word egter nêrens so treffend geïllustreer as deur die spontane wyse waarop hulle jaarliks aan die feesvieringe ter ere van haar verjaardag deelgeneem het nie. In die reël het dergelike verrigtinge feitlik op elke dorp plaasgevind. So is haar tagtigste verjaardag byvoorbeeld op 24 Mei 1899 te midde van dreigende oorlogswolke[5] op die mees lojale wyse deur al die seksies van die Kaapse bevolking gevier.

In Kaapstad het die verrigtinge om 09hoo 'n aanvang geneem by wyse van 'n tweetalige dankseggingsdiens in die Groote Kerk. Aanwesig was al die leraars van die plaaslike kerke, die Goewerneur en sy personeel, die Burgemeester en Stadsraadslede in offisiële gewaad, en ander hoogwaardigheidsbekleërs van die stad en omgewing. By die binnekoms van die Goewerneur is die Engelse volkslied op die orrel gespeel waarna twee verse van Gesang 78 in Hollands en Engels gesing is. Die Skriflesing het geskied uit Ps. 21 : 1-7 en 1 Tim. 2 : 1-4, gelees deur eerw. James le Pla, en dit is gevolg deur 'n gebed deur eerw. A.H. Hodges.

5. Teen hierdie tyd het die spanning tussen Engeland en die Zuid-Afrikaansche Republiek al sterk opgelaai en was 'n oorlog reeds feitlik onafwendbaar. Juis sowat 'n week later sou 'n konferensie tussen die Kaapse Goewerneur, sir Alfred Milner, en president Paul Kruger te Bloemfontein plaasvind in 'n poging om die geskille tussen dié twee moondhede by te lê. Vgl. in hierdie verband pp. 53-56 hieronder. Ten opsigte van die gebeure wat die oorlog voorafgegaan het, vgl. o.a. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel I, Voorspel tot die stryd; G.D. Scholtz: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Tweede Band, Die Krisis 1896-1899.

Die preek is gelewer deur ds. J.P. van Heerden. Hy het hulde gebring aan die Koningin en onder andere gesê dat die byeenkoms nie gereël is as 'n vertoning van lojaliteit nie, maar om God te dank vir die seëninge wat die land onder die bestuur van Haar Majesteit se regering geniet. Hy het aan haar hulde toegebring vir vooruitgang, voorspoed en vrede en die vertroue uitgespreek dat haar regeringstyd nie deur 'n oorlog tussen Engeland en die Zuid-Afrikaansche Republiek besmet sou word nie. Hy het afgesluit met die woorde:-

"Lank leve nog Victoria
Tot heil ook voor Zuid-Afrika!"

In 'n kort rede wat eerw. J.J. McClure hierna gelewer het, het hy die hoop uitgespreek dat 'n oorlog in Suid-Afrika voorkom sou word. Die slotgebed is waargeneem deur dr. Zahn en die seën is uitgespreek deur ds. J.M. Russell.

Die res van die dag is in beslag geneem deur die ontvangs van lede van die konsulêre korps en van die publiek deur die Goewerneur, 'n wapenskou te Groenpunt, 'n rywielwedren die middag ook te Groenpunt, 'n dankseggingsdiens om 6 nm. in die St. Georges Katedraal en 'n dinee aangebied deur die Burgemeester later in die aand.[6]

Die verrigtinge te Philipstown[7] het weer by wyse van 'n wapenskou geskied. Reeds twee dae tevore was die dorp in rep en roer. Jan Potgieter, 'n plaaslike boer, het die skare op die markplein

6. Ons Land, 25.5.1899: Nuusberig.

7. Ons Land, 30.5.1899: Nuusberig.

toegespreek en onder meer gesê dat die Here nie genoeg gedank kon word vir seëninge wat hulle onder hulle Koningin geniet het nie. Hy het die hoop uitgespreek dat sy nog lank gespaar sou bly tot welvaart van land en volk. Hierna het die magistraat, J.A. Gibbs, die woord gevoer. Hy was bly oor die groot opkoms en het die vertroue uitgespreek dat die burgers, indien nodig, hulle land met die wapen sou verdedig. Die volgende spreker, ds. S.W. Louw (N.G. predikant) het verklaar dat hoewel hy 'n republikein van geboorte is, hy trots daarop is om 'n onderdaan van koningin Victoria te wees. Sy het 'n edele karakter en sy maak nie onderskeid tussen ryk en arm nie, handhaaf reg en geregtigheid en is Godvresend.

Ds. T. Hamersma, die plaaslike Gereformeerde predikant, het ook sy hulde aan die Koningin gebring en die hoop uitgespreek dat sy nog lank gespaar mag bly. Sy is een van die edelste vroue van wie hy weet; "wat wij ook zeer eeren in onze vorstin is dat zij is een puritein en van Gereformeerde beginselen die ons dierbaar zijn." Met drie juigkrete van die skare het die Dominee sy toespraak beeindig.

Vervolgens het een van die plaaslike boere, ene M. Venter, in 'n kort toespraak verklaar dat die wapenskou en die krygsoefeninge wat daarmee gepaard sou gaan, nie bedoel was om 'n psigose van oorlog aan te wakker nie, maar dat dit inteendeel die bedoeling was om die Koningin daarmee te vereer. Hy het ook die vertroue uitgespreek dat indien dit ooit nodig sou word om die burgers op te roep om hulle grense te verdedig, hulle dit gewilliglik sou doen. Hierna het die kinders en ander wat vir dié doel plaasgeneem het, die Britse volkslied gesing, gevolg deur drie hoera's. Die namiddagverrigtinge het bestaan uit 'n skyfskietvertoning en militêre oefeninge.

. . . .

Op Ceres het die verrigtinge 'n aanvang geneem by wyse van 'n diens in die N.G. Kerk, gelei deur die plaaslike predikant, ds. W.A. Alheit.[8] Hy het sy rede gevoer na aanleiding van 1 Tim. 2: 1 en 2, waarvan die Afrikaanse teks soos volg lui:-

"In die eerste plek vermaan ek dan
dat smekinge, gebede, voorbedes,
danksegginge gedoen moet word vir alle mense;
vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n
rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid."

Ds. Alheit het die tekswoorde toegepas op "onze geëerbiedigde" Koningin, en gesê dat dit almal se innige begeerte is dat daar vrede in die land sou heers. Na 'n vurige gebed waarin hy vir die welsyn van haar "die ons so trouw heeft geregeerd vanaf 1837 tot nu" gebid en dank betuig het vir die goeie gesondheid wat sy geniet, is die diens afgesluit.

Om twaalfuur het 'n optog van skoolkinders na die markplein plaasgevind waar 'n platform opgerig was. Aan die regterkant het die Kleurlinge plek ingeneem en die algemene publiek aan die linkerkant. 'n Erewag is deur berede vrywilligers van Prince Alfred Hamlet gevorm. Hierop het ds. D.M. Reynecke, die plaaslike sendingpredikant, "een flinke" toespraak gelewer en veral gewys op die vooruitgang wat plaasgevind het sedert koningin Victoria die troon bestyg het. Na die sing van die Engelse volkslied het ouderling D.H.J. Roux, tewens hoofonderwyser van Prince Alfred Hamlet, 'n "nette" toespraak

8. Dit is dieselfde ds. Alheit wat later deur die Britse Kommandant uit dié dorp verban sou word. Kyk p. 222 hieronder.

gelewer. Hy het as tema geneem koning Joas wat in sy jeug as vors gesalf is, en as borswapen geneem het vrede en geregtigheid. Hy het dié vergelyking van toepassing op die Koningin gemaak, wat ook vrede en geregtigheid as borswapen aanvaar het en wat vryheid van taal en godsdiens aan haar onderdane verleen het. Hierop het ds. Alheit 'n kort "aanspraak" gelewer en teen die einde het 'n erewag 'n saluut afgevuur "hetgeen zij goed deden herhaaldelijk." Vanaf 14h00 is 'n boeresportbyeenkoms by die "Victoria Recreation Ground" aangebied.[9]

So het die Afrikaners dwarsdeur Kaapland geesdriftig meegedoen. Ook in Middelburg het hulle in groot getalle 'n diens in die N.G.-Kerk bygewoon, terwyl die Engelse kerk feitlik leeg was.[10]

Selfs 'n jaar later, in die midde van die oorlog, het die Afrikanerharte in Kaapland nog warm geklop vir hulle eerbiedwaardige en gryse vorstin hoewel die landsomstandighede dit toe nie toegelaat het dat hulle soos gewoonlik luide uitdrukking aan hulle gevoelens kon gee by wyse van feesvreugde nie: "God behoede de Koningin, roep de Afrikaanders heden met even veel innigheid als de andere volken over wie zij den schepter swaait ... laat men ons niet weer misverstaan - onze Koningin eeren en beminnen wij als altijd."[11]

As gevolg van die groot liefde en toegeneentheid wat hulle teenoor die Koningin gekoester het, is dit begryplik dat die nuus van haar dood op 22 Januarie 1901, die Kaapse Afrikaners diep geskok het. Inderdaad het sommige dit as 'n nasionale ramp en as 'n persoonlike

9. Ons Land, 1.6.1899: Nuusberig.

10. Ons Land, 6.6.1899: Brief van "Billijk Lojaal", Middelburg, 24.5.1899.

11. Onze Courant, 23.5.1900: Hoofartikel.

verlies beskou.[12] Om hierdie rede het hulle hulle simpatie met haar afsterwe op geen onduidelike wyse gedemonstreer nie. Tipies hiervan is 'n "hartroerende" rede wat die Burgemeester van Graaff-Reinet, dr. T.N.G. te Water op 'n Stadsraadsvergadering gehou het by geleentheid van die bespreking van 'n mosie van roubeklag met haar dood. Hy het onder meer haar heengaan as 'n onherstelbare verlies vir die ganse beskaafde wêreld bestempel en daarop gewys dat haar dood deur al haar onderdane, insluitende die Afrikaners, wat haar innig liefgehad het, betreur word. As blyk van eerbied het die Stadsraad ook besluit om alle werksaamhede vir agt dae op te skort en om 'n mosie van roubeklag aan die Goewerneur te stuur.[13]

Op Cradock weer het die Stadsraad 'n openbare vergadering belê om aan die publiek die geleentheid te bied om hulle liefde teenoor die ontslape Koningin te demonstreer. Tussen 1 500 en 2 000 mense was by dié vergadering teenwoordig. Die Burgemeester het die skare in 'n toespraak meegedeel dat hoewel die Stadsraad reeds 'n mosie van roubeklag aan die Goewerneur getelegrafeer het, dit nou die geleentheid vir die publiek was om die mosie te ondersteun en te bekragtig. Die mosie is deur die plaaslike Engelse predikant, eerw. Lee, aan die orde gestel en het verklaar dat dit 'n moeilike taak is om die algemene gevoel van smart wat hom van die bevolking meester gemaak het in woorde uit te druk. Hy het hulde gebring aan die nagedagtenis van die Koningin en die aanwesiges opgeroep om getrou en lojaal teenoor die Britse Ryk te bly. Die mosie is deur ds. J.C. Reynecke gesekondeer en ook hy het haar lof besing.[14]

12. Middelandsche Afrikaander, 25.1.1901: Hoofartikel; vgl. ook Onze Courant, 28.1.1901: Hoofartikel.

13. Onze Courant, 28.1.1901: Nuusberig.

14. Middelandsche Afrikaander, 29.1.1901: Nuusberig.

So is op talle plekke in Kaapland mosies van roubeklag deur al die lae van die bevolking aanvaar,[15] insluitende die Afrikaners, "(who) will perhaps feel the wrench most, for the Queen's unaffected piety and her devotion as a wife and mother appealed very strongly to the hearts and imaginations of a people who are the most domesticated in the world."[16]

Dit blyk dus dat die deursnee Afrikaner 'n diepgewortelde liefde teenoor die kroon en veral ten opsigte van die persoon van hulle Koningin, gekoester het. So het die Kaapse Goewerneur, sir Alfred Milner, reeds gedurende 1897 daarvan gewag gemaak dat die toenemende verskille wat toe reeds tussen Engeland en die Zuid-Afrikaansche Republiek aan die oplaai was, nie die lojaliteit van enige seksie van die gemeenskap teenoor die Koningin geaffekteer het nie; inderdaad het die verskillende rasse, dit wil sê die Afrikaners, Engelse, Asiate en die Bantoe, met mekaar gewedywer om hulle toegeneentheid teenoor haar persoon te demonstreer.[17]

Daar is ook beweer dat in geen deel van Kaapland meer foto's van die Koningin in huise te sien was as juis daar waar die Afrikaners in die meerderheid was nie: "Only the other day I read of an old Dutch farmer who, pointing to a portrait of Her Majesty, which was hanging in his room, said: 'I suppose my son may like it down, but it should hang there as long as I live.'"[18]

15. Vgl. o.a. beriggewing in Cape Times, Cape Argus, S.A. News en ander koerante in die twee weke wat volg op haar dood.

16. South African News, 24.1.1901: Hoofartikel.

17. Milner-Chamberlain, 23.6.1897 (J.E. Wrench: Alfred Milner, The Man of no Illusions, 1854-1925, p.180).

18. Die heer J. Bryce, lid vir Aberdeen South in die Britse Laerhuis, Parliamentary Debates, Vol. LXXXIX, kol. 630.

'n Anonieme oubaas het die situasie dus blykbaar raak opgesom toe hy gesê het: "the Queen, she is a good and pious woman who means no evil to us, it is only that verdomde Kimberlain (Chamberlain) that has led astray the British people."[19]

Onbeskaamd kon Onze Courant gevolglik namens die Kaapse Afrikaners bely: "Onze idealen, wij schamen niet zulks te zeggen, zijn British."[20]

Gesien teen hierdie agtergrond van die Kaapse Afrikaners se groot liefde en trou teenoor hulle Koningin, het hulle die toenemende spanning tussen die Regerings van Brittanje en die van die Republieke met ontroering gadegeslaan weens die bloedbande wat hulle met die burgers van die noordelike Republieke gebind het. Daar was feitlik geen enkele gesin wat nie deur vriendskap of familiebande met die Zuid-Afrikaansche Republiek of die Vrystaat verbind was nie.[21] Tot selfs in die binnekringe van die Kaapse Kabinet is hierdie spanning aangevoel aangesien die eerste minister, W.P. Schreiner, die swaer was van F.W. Reitz, Staatssekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Laasgenoemde was met 'n suster van Schreiner getroud.[22] Dit is dus voor die hand liggend dat die Kaaplanders nie oorlog sou begeer nie. Hulle het trouens alle moontlike pogings in die werk gestel om vyandelikhede af te weer,[23] maar op 11 Oktober 1899 het die oorlog tog werklikheid geword toe Engeland nie gevolg wou gee aan die ultimatum van die

19. Aangehaal deur J.A. Hobson: The War in South Africa Its Causes and Effects, p. 44.
20. Onze Courant, 5.4.1900: Hoofartikel.
21. Lewsen: a.w., p.111: John X. Merriman - J. Bryce, Sussex, 5.12.1899.
22. E.A. Walker: W.P. Schreiner, A South African, p.16.
23. Vgl. hoofstuk III.

Zuid-Afrikaansche Republiek waarin eersgenoemde onder andere gevra is om i) sy troepe op die grense van die Republiek onmiddellik te verwyder, ii) om alle troepeversterkings wat Suid-Afrika na 1 Junie 1899 bereik het binne 'n redelike tyd terug te trek en iii) dat die Britse troepe wat nog op weg na Suid-Afrika was, nie aan land gebring moes word nie.[24]

Reeds op 12 Oktober 1899 het die Transvalers die Betsjoeanalandse grens oorgesteek en onmiddellik daartoe oorgegaan om dorpe langs die grens te beset. Binne 'n week was die Republikeinse magte in besit van die hele spoorlyn vanaf die Oranjerivier tot by Mafeking, met uitsondering van 'n paar myl aan beide kante van Kimberley. Dorpe wat op dié wyse beset is, was onder meer Taungs, Veertienstrome, Vryburg en Belmontstasie, terwyl ook 'n aanvang gemaak is met die beleg van Mafeking.[25] Op 1 November het die Vrystaatse magte die Oranjerivier by Norvalspont en Bethulie oorgesteek en op die 5de by Sanddrif, twaalf myl wes van Aliwal-Noord. Laasgenoemde dorp is op 13 November beset terwyl Colesberg die dag daarna deur die Vrystaters ingeneem is.[26] Op die 15de November het die Bethulie-burgers Burgersdorp beset, terwyl Jamestown en Lady Grey op die 18de, Barkley-Oos op die 22ste en Stormberg-aansluiting op die 26ste November in die hande van die Republikeine geval het.[27]

Terwyl hierdie bedrywighede in Noord-Kaapland aan die gang was, het kommandant J.J. Jordaan en regter (later generaal) J.B.M. Hertzog, 'n veldtog deur die distrikte Barkley-Wes, Campbell, Griekwastad, Douglas en Griekwaland-Wes onderneem.[28] Teen Februarie 1900 het die distrik-

24. Vgl. G.D. Scholtz: a.w., p.291, asook M.J. Hugo: Die Kruger-ultimatum, vier maande van spanning.
25. L.S. Amery: The Times History of the War in South Africa, Vol.II, pp. 267-273.
26. Ibid., pp. 280-292.
27. Ibid., pp. 293-295.
28. Ibid., p. 297.

Gordonia, Kenhardt en Prieska ook reeds met die teenwoordigheid van die "vyand" kennis gemaak.[29]

Ten spyte van hierdie suksesse, is dié invalle kort hierna gestuit nadat die Boeremagte gevoelige terugslae gely het met die oorgawe van generaals Cronje en Prinsloo en die ontsetting van Ladysmith en Kimberley. Bloemfontein was trouens ook reeds deur die Britse magte beset terwyl die opmars na Pretoria al 'n aanvang geneem het. Teen Junie 1900 was daar feitlik nie meer 'n Boerekommando wat op georganiseerde wyse in Kaapland geopereer het nie.[30]

Die tydperk van redelike kalmte wat hierna gevolg het, is egter wreed versteur toe generaals J.B.M. Hertzog en P.H. Kritzinger in die nag van 15 op 16 Desember 1900 'n tweede grootskaalse inval in Kaapland van stapel gestuur het deur die Oranjerivier by Odendaalsdrift en Sanddrift oor te steek.[31] Die tweede inval het egter wesenlik van die eerste inval verskil omdat die distrikte nooit vir 'n lang tyd beset is nie.[32] Die aanwesigheid van Republikeinse magte sou egter tot met die vredesluiting op 3 Mei 1902 'n voldonge feit in Kaapland wees en dié land inderdaad só in beroering hou dat dit selfs nie vir die Kaapse Parlement moontlik was om gedurende 1901 byeen te kom nie.[33]

29. C.J.S. Strydom: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog (2de druk), pp.58-59.

30. Ibid., p.62. Vir die verloop van hierdie eerste Boere-inval in Kaapland vgl. J.H. Breytenbach: Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, deel I, Die Boere-offensief, Oktober-November 1899, pp.107-136; Amery: a.w., vol.II, p. 267 e.v.; G.H. le May: British Supremacy in South Africa, 1899-1907, p.38 e.v.; Strydom: a.w., hoofstuk III; J.H. Breytenbach: Die stryd in Kaapland (J.H. Breytenbach (red.): Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, pp. 223-225).

31. Amery: a.w., vol. VI, pp.556-557.

32. Strydom: a.w., p. 91.

33. Ibid., p.99. Vir die verloop van die tweede inval vgl. o.a. Strydom: a.w., pp.89-116; Amery: a.w., v, pp. 127-157; J.H. Breytenbach: Die stryd in Kaapland (J.H. Breytenbach (red.): Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, pp. 226-242).

Hierdie invalle het daartoe gelei dat die Afrikaners in Kaapland nie alleen die werklikhede van oorlog in al sy vorme aan eie lyf ondervind het nie, maar dat dit hom voor sy grootste dilemma ooit geplaas het omdat hy 'n keuse moes maak tussen sy lojaliteit aan sy Koningin teenoor wie hy, soos pas aangetoon, 'n groot liefde en trou gekoester het, en sy noordelike volksgenote aan wie hy met bloed- en kultuurbande gebind was.

Die Kaaplandse Afrikaner moes daarby rekening hou met die feit dat hulle noordelike broers hierdie invalle nie om dowe neute onderneem het nie, maar dat, benewens die feit dat die Republikeine onder andere daarmee beoog het om die gevegsterrein uit te brei om sodoende sake vir Engeland te bemoeilik, dit ook hulle oogmerk was om in Kaapland rekrute vir die Boerekommando's te werf.[34] Dat baie sou swig voor die oproepe van hulle volksgenote is nie vreemd nie, maar as in gedagte gehou word dat "slegs" 12 828 persone, van wie 9 747 skuldig bevind is, uiteindelik van hoogverraad aangekla is,[35] is dit duidelik dat die persentasie Kaaplanders, d.i. ongveer 10%, wat die wapen opgeneem het, nie groot was nie.

Om die erns van die situasie by die Afrikaner in te skerp en om tot sy innerlike tweestryd by te dra, is allerweë beroepe op hom gedoen om ten alle koste nie aan die stryd deel te hê nie, maar om lojaal te bly. Reeds op 28 Augustus 1899 het die eerste minister, W.P.

. . .

34. Strydom: a.w., p. 90.

35. Vgl. J.H. Snyman: Rebelleverhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe, 1892-1902 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1962, p. 70, Bylae A.).

Schreiner, in die Kaapse Parlement verklaar dat dit elkeen se plig is om te verseker dat Kaapland sal wees "a little place of peace, a little port perhaps in South Africa that is not to be riddled and vent by thunder." Hy het daaraan toegevoeg dat hy sy bes sou doen om Kaapland sover moontlik buite enige moontlike oorlog te hou. Alleen deur so 'n houding in te neem, kon die beste belange van die land gedien word want nadat die storms bedaar het moes die Blanke rasse weer eens vreedsaam met mekaar kon verkeer.[36]

Van hierdie woorde het die goewerneur, sir Alfred Milner, nie gehou nie. Vir hom het so 'n houding van neutraliteit feitlik neergekom op 'n verklaring van onafhanklikheid omdat daardeur 'n unieke toestand met betrekking tot Kaapland se verhouding met Brittanje sou ontstaan as dit deurgevoer word, aangesien dit ongehoord was dat 'n kolonie afsydig kon staan as die moederland in 'n oorlog betrokke sou raak.[37] Schreiner het egter later ontken dat hy neutraliteit bepleit het, maar wel dat, ingeval van oorlog, alles moontlik gedoen moes word om 'n burgeroorlog en 'n naturelle-opstand te voorkom; en dat die Koloniale krygsmagte nie buite die grense van die Kolonie ingespan moes word nie.[38]

In die gees van hierdie beleid van neutraliteit het Schreiner, nog voordat die Kruger-ultimatum verstryk het, 'n sirkulêre aan elke magistraat, veldkornet en Bond-komitee gestuur waarin hy 'n beroep

36. Cape Hansard, 28.8.1899, kol. 533.

37. Cd. 43, p.12: Milner-Chamberlain, 30.8.1899.

38. Ibid., p. 34: Milner-Chamberlain, 6.9.1899.

op al die inwoners van Kaapland gedoen het om lojaal te bly en die Kolonie van anargie te bewaar.[39] By die uitbreek van die oorlog is hierdie sirkulêre van owerheidsweë deur 'n proklamasie, uitgevaardig deur Milner en mede-onderteken deur die Eerste Minister, opgevolg. Hierin is die Kaaplanders in baie duidelike taal aangesê om hulle lojaliteit teenoor die Koningin te handhaaf en om hulle te weerhou van sedisieuse optrede teenoor Haar Majesteit. Ook is hulle gewaarsku om nie by die Republikeinse magte aan te sluit nie of om op enige wyse hoegenaamd hulp aan hulle te verleen nie. Hulle is ook uitdruklik verbied om handel met die vyand te dryf of om enige lewensmiddele aan hulle te voorsien.[40]

Die Afrikaanse koerante het hulle met hierdie oproepe vereenselwig en die Kaaplanders gewys op die gevare waaraan hulle hulself blootstel as hulle by die vyandige magte sou aansluit. Hulle is daarteen gewaarsku dat as hulle op die slagveld gevang sou word, hulle in gevaar staan om as rebelle beskou te word wat onder andere konfiskasie van hulle eiendom mag beteken. Dit sou bedroewend wees as die Afrikaners sienderoë in die moeilikheid sou beland omdat die oorlog in elk geval genoeg aan sy eie lyding sou meebring.[41] Dit sou aan die ander kant egter doodnatuurlik wees as die Afrikaners simpatie met hulle bloedverwante aan die dag lê en om tewens positiewe

39. E.A. Walker: W.P. Schreiner, a South African, pp.198-200.

40. Cape of Good Hope Government Gazette, 13.11.1899: Proklamasie Nr. 277/1899.

41. De Graaff-Reinetter, 27.11.1899: Hoofartikel.

bydraes tot noodleningsfondse te maak, maar onder geen omstandighede moes iets gesê of gedoen word wat kragtens die landswette verbode is nie; inteendeel, almal moes eendragtig ywer vir die herwinning van die vrede in Kaapland.[42] Ten opsigte van die verbod op die daadwerklike hulpverlening aan die invallende Boeremagte sou dit egter vir vele, veral dié wat naby aan die toneel van die stryd gewoon het, "veel zelfverloochening kosten om hieraan te voldoen,"[43] maar dat daar enige sprake van dislojaliteit aan die kant van die Afrikaners mag wees, "dat willen wij niet gelooven."[44]

Van Afrikanerkant is sterk getuienis gelewer dat dit by 'n groot deel van hulle erns was om lojaal te bly. Die versekering is onder andere aan die Eerste Minister gegee dat die Afrikaners niks sou doen wat enige sweem van ontrouheid teenoor die Koningin sou inhou nie en dat daar voortdurend vir die Koningin en vir vrede gebid sou word.[45]

Veral van belang in hierdie opsig is 'n openbare belydenis van lojaliteit deur die Afrikanerbond, die politieke tuiste van die meeste Kaaplandse Afrikaners.[46] Hierdie belydenis is afgelê by monde van die voorsitter van die party, die heer T.P. Theron, by geleentheid van 'n toespraak wat hy op 31 Mei 1900 voor die

42. Ibid., 23.11.1899: Hoofartikel.

43. De Graaff-Reinetter, 12.11.1899: Hoofartikel.

44. Middelandsche Afrikaander, 3.11.1899; Ook Onze Courant, 9.11.1899 het o.a. daarvoor gepleit dat die Afrikaners nieteenstaande hulle simpatie met hulle bloedverwante en die Republieke, hulle trou teenoor die Koningin moet handhaaf en dat hulle niks moes doen om die spanning in Kaapland te verhoog nie.

45. C.O. 48/543: A.J. Erasmus, Prince Albert - W.P. Schreiner, 14.11.1899 (F.K. 756, p.760). Erasmus kon natuurlik nie so 'n versekering namens al die Kaapse Afrikaners gee nie, maar as sekretaris van die Afdelingsraad van Prins Albert het hy 'n posisie van aansienlike invloed in daardie distrik beklee en sou mens kan aanvaar dat sy woord aldaar wel 'n mate van gewig sou gedra het.

46. Vir 'n beskrywing van die geskiedenis van hierdie party en die invloed wat dit in Kaapland gehad het, kyk Davenport: a.w.

Volkskongres[47] te Graaff-Reinet gehou het. Theron het naamlik gesê dat geen organisasie so lojaal is as die Afrikanerbond nie. Dit is lojaliteit wat nie op 'n geskreeu berus nie, maar op waaragtige gehoorsaamheid aan Haar Majesteit se wette en bevele. Hy het ook beweer dat daar nêrens 'n vinger op dislojaliteit gelê sou kon word nie. Die hart van die Afrikaner het inteendeel steeds warm geklop vir hulle vorstin en by betoning van lojaliteit het die Afrikaner nooit by sy Engelssprekende landgenote agtergestaan nie. Hy het ook daarop gewys dat die Afrikaner nie daaraan gewoond is om sy lojaliteit by wyse van toesprake en die sing van liedere te demonstreer nie, maar dat hy sy getrouheid en liefde eerder in sy hart dra. Maar wat is die loon vir hierdie lojaliteit? Volgens Theron is dit vernietiging van huis en haard, om onverhoord in tronke gestop te word, om as rebelle uitgekryt te word[48] en die beraming van planne om die Afrikaner vir ewig 'n politieke nekslag toe te dien. "Waarlik as die Afrikaner ooit in 'n duistere situasie was is dit nou," het hy uitgeroep.[49]

Die Cradockse Distriksbestuur van die Afrikanerbond het, kort na die eerste Boere-inval in Kaapland, sover gegaan om 'n mosie te aanvaar waarin nie net leedwese oor die uitbreek van die oorlog

47. Kyk pp. 79-88 hieronder.

48. Teen hierdie tyd is daar reeds van owerheidsweë maatreëls in die werk gestel om streng op te tree teen rebelle en vermeende rebelle; o.a. die daarstelling van spesiale geregshowe (vgl. Snyman: a.w. p.12 e.v.) Theron se opmerking dat Kaaplanders onverhoord in die tronke gestop is, is dus nie heeltemal korrek nie. Wat wel waar is, is dat vermeende rebelle soms lank op 'n verhoor moes wag.

49. Onze Courant, 26.6.1900: Nuusberig.

uitgespreek is nie, maar dit ook duidelik gestel is dat lede van die Bond, as synde Britse onderdane, nie daaraan sou deelneem nie. Terselfdertyd is ook besluit dat die inhoud van die mosie by wyse van 'n afvaardiging aan die naaste Boerekommando's oorgedra sou word.[50]

Hierdie besluit is deur die Middelandsche Afrikaander toegejuig omdat die Bondslede daarin duidelik standpunt inneem en duidelike blyke gegee het van hulle lojaliteit en gehegtheid aan die Britse Kroon. Veral is die feit verwelkom dat hierdie standpunt aan die Boereleiers meegedeel sou word sodat hulle kon weet dat hulle aanwesigheid nie welkom sou wees nie. Die Distriksbestuur het as mondstuk van die Afrikaners van Cradock en omgewing geen onsekere geluid laat hoor nie.[51]

Die Distriksbestuur het bogemelde mosie aan die Regering deurgestuur en toestemming gevra om H.C. van Heerden, L.W.V., M.G. du Plessis, L.W.V. en P.W. Michau, voorsitter van die Distriksbestuur, na die Boerekommando's af te vaardig om die inhoud van die mosie aan hulle oor te dra.[52] Die Eerste Minister het met genoeë van hierdie mosie kennis geneem, maar die Goewerneur was egter van mening dat dit nie die aangewese tyd was om sulke onderhandelinge met die invallers te voer nie.[53]

50. Middelandsche Afrikaander, 5.12.1899: Nuusberig.

51. Ibid.: Hoofartikel.

52. C.O. 48/543: Magistrate Cradock - Schreiner, 4.12.1899 (F.K. 757, p. 959).

53. Ibid.: Schreiner - H.C. van Heerden, Cradock, 4.11.1899 (F.K. 757, p. 961).

Ook die Afrikaners van Wodehouse het hulle geroepe gevoel om in die openbaar hulle weersin teen die Republikeinse invalle uit te spreek en om openlik te kenne te gee dat hulle niks met die invallers te doen wou hê nie. Om hierdie rede het hulle dan ook verlof gevra om 'n openbare vergadering vir dié doel te belê. Hulle het die oortuiging uitgespreek dat 'n mosie met so 'n strekking met oorweldigende steun goedgekeur sou word. Hulle het ook te kenne gegee dat hulle van voorneme is om die Republikeinse magte dienooreenkomstig in te lig met die oogmerk om hulle sodoende te ontmoedig om die distrik binne te val.[54]

Schreiner was baie in sy skik met dié gedagte, het dit van harte verwelkom en sy goedkeuring gegee vir die hou van so 'n vergadering. Hy het die hoop uitgespreek dat die mosie eenparig aanvaar sou word en dat die "Wodehouse-men" sodoende 'n klinkklare bewys van hulle lojaliteit sou lewer.[55]

Die byeenkoms het ses dae later in die markskuur van Dordrecht plaasgevind en is deur tussen 600 en 700 boere bygewoon. Die vergadering is bestempel as die grootste wat nog op daardie dorp gehou is en 'n mosie met die volgende bewoording is aan die orde gestel:-

> "This meeting consisting principally of Dutch speaking Afrikaners residing in district of Wodehouse regret war at present waging between Her Majesty's Government and South

54. C.O. 48/542: Telegram Magistrate Dordrecht - Schreiner, 21.11.1899 (F.K. 756, p. 761).

55. Ibid., Telegram Schreiner - Magistrate Dordrecht - 21.11.1899 (F.K. 756, p. 762).

African Republic and Orange Free State, and earnestly desiring to take no part in it resolved to send delegates immediately to Commandant Olivier with earnest protest from this meeting against his making an invasion into this district with his forces, and to deliver him this resolution."[56]

Die hoofspreker ten gunste van die mosie was J.W. Sauer. Hy het vir 'n driekwartier in Afrikaans gepraat en almal teenwoordig daarvan oortuig dat dit hulle oogmerk moes wees om getrou aan die vlag te bly waaronder hulle onnoembare vryhede en voorregte geniet het. Hy het ernstig teen die gevolge van rebellie gewaarsku en daarop gewys dat die straf vir rebellie ontsettend sou wees. Hy het daaraan toegevoeg dat hy nie oor die meriete van die oorlog wou praat nie, maar noudat oorlog werklikheid geword het, is dit almal se plig om die invallers teen te staan. Hy het ook sy toehoorders gemaan om geen hulp aan die invallers te verleen nie omdat die ellende daardeur net onnodig verleng sou word. Nadat ds. J.F. Marais ook nog ten gunste van die mosie gepraat het, is dit eenparig aanvaar.[57]

Ook die Afrikaners van Kingwilliamstown en omgewing het op 'n byeenkoms aan huis van ene De Wet besluit om niks met die invallers te doen te hê nie, maar om lojaal te bly.[58]

56. Lewsen: a.w., p. 180: Telegram W. Bradfield - John X. Merriman, 27.11.1899.

57. Ibid.

58. C.O. 48/542: Telegram, Commissioner of Police - Secretary Law Department, 27.11.1899 (F.K. 757 p. 831). Dit is interessant om daarop te let dat 75% van die Afrikanerbevolking van Wodehouse later die wapens opgeneem het. (Vgl. Snyman: a.w., p.15).

Dat daar dus by 'n groot deel van die Kaaplandse Afrikaners 'n ernstige begeerte was om lojaal te bly teenoor hulle wettige owerheid, ly geen twyfel nie. Hulle was tevrede met hulle konstitusionele posisie as 'n kolonie van Engeland en as onderdane van Haar Majesteit, koningin Victoria en wel tot so 'n mate dat hulle prontuit verklaar het: "We do not want Paul Kruger here. We do not want any change of flag. We are contended and loyal."[59] Aan die ander kant kon hulle dit nie verhelp om feitlik eenparig met hulle noordelike volksgenote te simpatiseer nie;[60] hulle is van een vlees en een gebeente, hulle is deel van een volk al veg hulle rasgenote teen "ons" Koningin - "zoo zijn de feiten."[61] Daarbenewens het hulle dieselfde taal gebesig en was hulle ook van dieselfde geloof.[62] Ook in die verslae wat die magistrate aan die Kaapse Regsdepartement oor toestande in die verskillende distrikte gestuur het, het die simpatie wat die Afrikaners teenoor die inwoners van die Republieke gekoester het, soos 'n refrein geklink. Die Magistraat van Vryburg het die situasie raak opgesom waar hy gesê het: "It cannot be otherwise seeing how closely they are connected one with the other by his ties of blood, race and friendship - but they realise the folly of taking part in a quarrel which does not effect them except from a sentimental point of view."[63]

59. Lewsen: a.w., p.122: John X. Merriman - J. Bryce, Sussex, 18.12.1899. In 'n hoofartikel het ook die South African News op 4.6.1900 verklaar dat die Kaapse Afrikaners hoegenaamd geen regeringsverandering of omverwerping van die Britse oppergesag in Kaapland begeer nie.

60. Ibid., p.155: John X. Merriman - Prof. Goldwin Smith, Toronto, 6.2.1900.

61. Het Zuid Westen, 14.11.1901: Hoofartikel.

62. De Graaff-Reinetter, 4.9.1899: Hoofartikel.

63. C.O. 48/542: Magistrate Vryburg - Secretary Law Department, 7.11.1899 (F.K. 752, p. 1017).

Die Afrikaners van Kaapland het hulle simpatie met hulle noordelike bure egter nie as in stryd met hulle lojaliteit teenoor hulle Koningin beskou nie. Om teen die oorlog gekant te wees was nie noodwendig sinoniem met dislojaliteit nie. Lojaliteit het vir hulle beteken dat getrouheid teenoor die staatshoof gehandhaaf word, maar dit het nie beteken dat saamgegaan moes word met 'n beleid wat op oorlog met hulle noordelike bure sou uitloop nie.[64]

Die Afrikaners in Kaapland het dus in 'n baie onbenydenswaardige posisie verkeer. Hulle was onteenseglik lojaal teenoor die Kroon en het 'n groot liefde vir hulle Koningin gekoester. Hulle het ook nie geskroom om hulle lojaliteit in die openbaar te bely nie en om die invallende Republikeinse magte duidelik te laat verstaan dat hulle teenwoordigheid nie welkom was nie. Aan die ander kant was hulle deur bloed- en kultuurbande met die inwoners van die Republieke verbind en was die oorlog vir hulle derhalwe 'n bron van droefheid en ontsetting, en wel tot so 'n mate dat hulle geen genoeë kon put uit Britse oorwinnings nie. Die tweestryd wat in die Afrikanerharte gewoel het, word nêrens so treffend geïllustreer as in die geval van M.J. du Plessis, L.W.V., wat kort na die uitbreek van die oorlog 'n beroep op die Kaaplanders gedoen het om, ten spyte van hulle simpatie met hulle bloedverwante in die Republieke, dit nie uit die oog te verloor nie dat hulle onderdane

64. De Graaff-Reinetter, 4.9.1899: Hoofartikel.

van Haar Majesteit, "ons ge-eerbiedigde Koningin Victoria", is nie, dat hulle hulle stil moet gedra en die uitkoms van die oorlog aan die Here moet oorlaat.[65] Enkele maande later was dieselfde Du Plessis tydens die ontsetting van Ladysmith te Cradock waar dié gebeurtenis op uitbundige wyse deur die Engelsgesindes gevier is. Na 'n dag of wat het hy opgepak en na sy plaas teruggekeer, omdat, soos hy aan 'n Engelssprekende vriend sou gesê het: "I cannot stand this flag waving and bell-ringing, and I am going home."[66] Sy optrede is egter as 'n bewys van 'n gebrek aan lojaliteit beskou.[67] Die waarheid is egter dat dit vir die Kaaplandse Afrikaners weens hulle innige verbondenheid met die inwoners van die Republieke eenvoudig 'n saak van onmoontlikheid was om opgewonde te raak oor Britse oorwinnings, of om deel te neem aan die slaan van tromme en blikke op strate.[68]

Dit is in hierdie tweestryd tussen lojaliteit teenoor 'n vorstin in die vreemde en simpatie met bloed- en taalverwante wat slegs 'n dagreis of twee van hulle gewoon het, waarin die tragiek van die Kaaplandse Afrikaners geleë was. Om tot die Afrikaner se ontsetting by te dra in hierdie sielestryd waarmee hy moes worstel, is hy nie altyd deur sy Engelstalige landgenote en deur die owerheidsinstansies begryp nie, maar sy simpatie, "with every desire to remain loyal",[69] is soos onder andere in die geval van Du Plessis, dikwels as dislojaal

65. De Graaff-Reinetter, 23.10.1899: Nuusberig.

66. Cape Times, 8.3.1900: Brief van S.A. Gedye, Cradock, 3.3.1900.

67. Ibid.

68. Het Oosten, 5.3.1900: Hoofartikel. Ook ds. S. Postma van Middelburg, K.P., het in dieselfde trant aan die Middelandsche Afrikaander, geskryf (vgl. uitgawe van 20.5.1900).

69. C.O. 48/545: Magistrate Calvinia - Secretary Law Department, 8.3.1900 (F.K. 769, p. 998).

en selfs as verraad bestempel. Hulle het inderwaarheid geen ander regering of 'n ander vlag begeer nie; "all we desire is that the Republics shall beat the English enough to keep their independence."[70] In hierdie woorde is die gevoelens van die Kaaplandse Afrikaners miskien in 'n neutedop opgesom, naamlik dat die stryd so moes verloop dat die Republieke nie hulle onafhanklikheid sou opoffer nie, maar ook dat Brittanje dit so effens op die neus moes kry! Juis om daardie rede was hulle lojaliteit teenoor die Kroon nie vir hulle 'n beletsel om simpatie met hulle mede-Afrikaners in die noorde te hê nie.[71]

70. Lewsen: a.w., p.122: John X. Merriman - J. Bryce, 18.12.1899.

71. C.O. 48/545, Magistrate Calvinia - Secretary Law Department, 8.3.1900 (F.K. 769, p. 998).

## HOOFSTUK III.

## AFRIKANERPOGINGS OM OORLOG TE VOORKOM.

Die Afrikaners in Kaapland het die oorlogswolke wat tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek saamgepak het, met die grootste ontsetting en ontsteltenis gade geslaan omdat hulle bloed- en taalverwante teenoor wie hulle 'n ingebore simpatie gevoel het daarby betrokke was. Die Kaaplanders moes ook bewus gewees het dat hulle nie aan die gevolge van die oorlog sou ontsnap nie en dat hulle hulle daarop moes voorberei om die werklikhede van die oorlog aan eie lyf te ondervind. Boweal het hulle ook besef dat 'n oorlog ontsettende eise aan hulle lojaliteit teenoor hulle wettige soewerein sou stel. Om hierdie redes is van die kant van die Kaapse Afrikaners alles moontlik in die werk gestel om so 'n gebeure af te wend, hoewel hulle eintlik maar toeskouers was by die drama wat hom tussen Chamberlain en Milner aan die een kant en president Paul Kruger aan die ander kant afgespeel het.

Dit is begryplik dat daar aan die kant van die Kerk ernstige kommer oor die dreigende oorlog sou bestaan. Om daardie rede het die Moderatuur van die N.G. Kerk in Kaapland by Milner daarop aangedring om niks ongedaan te laat wat enigsins kon meehelp om aktiewe vyandelikhede te verhinder nie. Terselfdertyd het hulle daarteen gewaarsku dat die gevolge van die oorlog ontsettend sou wees en dat 'n onherstelbare breuk tussen die twee Blanke seksies van die bevolking sou ontstaan. Die hoop op 'n verenigde Suid-Afrika sou trouens vir goed daarmee heen wees.[1]

1. Die Kerkbode, 10.8.1899: Ds. J.H. Hofmeyr (namens Moderatuur) - Milner, 30.6.1899. ('n Woordelikse weergawe van die korrespondensie tussen die Moderatuur en Milner is in hierdie uitgawe van De Kerkbode gepubliseer).

As die Moderatuur egter gedink het dat Milner wel ag op hulle beroep sou slaan het hulle hulle deeglik misgis. Hy het die Kerk trouens gemaan om hom eerder te ondersteun in sy strewe om volle burgerskap vir die Uitlanders in Transvaal te verkry omdat daardeur juis die oorsaak van die gespanne toestand uit die weg geruim sou word.[2]

Toe dit gelyk het asof oorlog onafwendbaar was, het die N.G. Kerk 'n algemene dag van verootmoediging en gebed bepaal vir 20 Augustus 1899. Die oproep is gerig aan die adres van alle leraars, kerkrade en gemeentelede van die N.G. Kerk in Suid-Afrika. In die oproep is gewag gemaak van die erns van die tydsgewrig en is daarop gewys dat die grootste ramp wat dié land kon tref 'n oorlog is tussen die Britse Ryk en "onze broeders naar het vlees en naar het geest in de Transvaal." Laat dan die sondes opnuut bely en gesmeek word om die afwending van die oorlogsgevaar, en om vrede en eendrag gebid word.[3] Dié oproep is dwarsdeur Suid-Afrika nagekom.

In die Groote Kerk, Kaapstad, is die diens deur ds. A.I. Steytler waargeneem. Die Kerk was stampvol en onder die aanwesiges was etlike Parlementslede. Die leraar het na aanleiding van 2 Kronieke 20:12 gepreek: "Onse God, sal u nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U." In sy preek het ds. Steytler onder andere gesê dat baie mense mag vra wat die dreigende oorlog tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek met die inwoners van Kaapland te doen het; hulle het tog daar buite gestaan. Inteendeel, het ds.

2. Ibid.: O. Walrond, Privaatsekretaris - ds. J.H. Hofmeyr, 8.7.1899.

3. De Kerkbode, 10.8.1899: Oproep om verootmoediging.

Steytler verklaar, sou 'n oorlog tussen dié twee lande baie meer vir Kaaplanders inhou as sê 'n oorlog tussen Engeland en Duitsland. In laasgenoemde geval sou hulle passiewe toeskouers kon wees, maar in 'n oorlog tussen Engeland en Transvaal was hulle broers, in naam, bloed en geloof by betrokke, manne en vroue wat saam met die Kaaplandse Afrikaners een groot volk gevorm het. Die bande wat hulle gebind het was veel sterker as dié wat die Engelse byvoorbeeld met die Franse in Kanada verbind het. Indien 'n oorlog moes uitbreek, kon daar nie van die Afrikaners in Kaapland verwag word om passief te wees nie. Daarom het hy 'n beroep op sy toehoorders gedoen om die hande van die staatsmanne te sterk wat poog om die oorlog af te weer. Hy het dit beklemtoon dat hy as 'n Britse onderdaan en as Christen praat as hy dit as sy oortuiging stel dat 'n oorlog onder die huidige omstandighede onregverdig en ongeregverdig sou wees.[4]

In die Nuwe Kerk, ook in Kaapstad, het ds. A.F. Louw van die Paarl gewag gemaak van die simpatie wat die Afrikaners van Kaapland met hulle noordelike bure het, en almal opgeroep om vir vrede te bid en te werk.[5]

So het in alle kerke 'n gebed om vrede en vergiffenis van sonde opgegaan en getrou aan die tradisie van dié tyd is ook tydens al die eredienste die gebruiklike voorbidding vir die koninklike gesin, die Ministers en die Goewerneur gedoen.[6]

4. South African News, 21.8.1899: Nuusberig.

5. Ibid.

6. Ibid.

Milner het onmiddellik aan Chamberlain verslag gedoen van die biddag en laasgenoemde sy aandag veral gevestig op die opmerkings van ds. Steytler, 'n persoon wat besonder hoog geag was. Hoewel sy gevoelens nie as verteenwoordigend van die hele Afrikaanse gemeenskap beskou kon word nie, het dit tog volgens Milner, uitdrukking gegee aan die gesindheid van 'n groot deel daarvan. Milner het daarom veral beswaard gevoel omdat ds. Steytler openlik verklaar het dat in die geval van oorlog die Kaapse Afrikaners nie passiewe toeskouers kon wees nie. So 'n gesindheid sou nie met die lojaliteit wat van Britse onderdane verwag kon word strook nie.[7] In die Koloniale Kantoor het Milner se sienswyse 'n amptenaar genoop om ten opsigte van ds. Steytler se houding op te merk: "there can be no question that many Dutch in the Cape are Dutchmen first and British subjects afterwards."[8]

Enkele dae voor die uitbreek van die oorlog het twee prominente predikante van die N.G.-Kerk van Kaapland, naamlik ds. Andrew Murray, as synde die oudste predikant, en ds. J.H. Hofmeyr, in sy hoedanigheid as Moderator, ernstige pleidooie gelewer dat Engeland nie tot oorlog teen die Z.A.R. moes oorgaan nie.[9] Ds. Murray het daarteen gewaarsku dat die oorlog die dood van tienduisende en die vervreemding van "ons gehele volk" sou meebring. Gevolglik was dit sy bede dat Brittanje die gedagte van 'n oorlog moes laat vaar en dat daar vuriglik om die

7. C.O. 48/542: Telegram Milner - Chamberlain, 21.8.1899 (F.K. 751, p.755).

8. Ibid.: Opmerking van die heer Lucas, 11.9.1899 (F.K. 751, p.753).

9. Die teks van ds. Murray se oproep het by wyse van 'n brief in Ons Land, 7.10.1899 verskyn. Ds. Hofmeyr se oproep is in De Kerkbode van 5.10.1899 gepubliseer.

behoud van vrede gebid word: "Knielt neder naast ons, vereenigt u als een met ons en ziet of onze God niet nog uitredding zal schenken." Beide predikante het dit as hul oortuiging uitgespreek dat daar geen rede vir wapengeweld is nie maar dat die probleme vreedsaam opgelos kon word. Helaas, hulle oproepe het egter geen uitwerking gehad nie want slegs enkele dae later het die oorlog werklikheid geword.

Die Kaaplanders het egter nie net opgetree by wyse van beroepe en oproepe soos in die geval van die predikante nie, maar ook in groepsverband het hulle 'n duidelike stem laat hoor in hulle pogings om die oorlog te voorkom. In hierdie verband kan veral verwys word na die Afrikanervroue en die agt-en-veertig Parlementslede van die regerende Bondsparty wat hulle by wyse van versoekskrifte tot die Koningin gewend het.[10] In beide petisies word gewag gemaak van die bloedbande wat tussen die grootste deel van die bevolking van Kaapland en die Z.A.R. bestaan het en wel tot so 'n mate dat ingeval van oorlog menige woning in Kaapland in ellende, en duisende van Haar Majesteit se "getrouwe en verkleefde"[11] onderdane in rou gedompel sou word. Beide petisies is dit eens dat wapengeweld rampspoedige gevolge vir die Britse belange in Suid-Afrika sou meebring en dat die droom van 'n verenigde Suid-Afrika vir goed daarmee heen sou wees. Omdat hulle gemeen het dat die probleme vreedsaam

10. Vir die teks van die vrouepetisie kyk De Kerkbode, 21.8.1899. Die bewoording daarvan is deur ds. A. Moorrees opgestel (vgl. De Kerkbode, 28.9.1899). Die teks van die petisie van die Parlementslede is te vind in C.O. 48/542: Telegram Milner - Chamberlain, 28.9.1899 (F.K. 751, p. 918).

11. Vgl. Vrouepetisie.

opgelos kon word, was 'n toevlug tot oorlog onnodig en voorbarig. Ongelukkig was dié petisies reeds te laat om enige indruk op die Britse owerheid te maak. Of dit in elk geval enige indruk sou maak, is te betwyfel want ten opsigte van die petisies van die parlementslede het Chamberlain wel sy goedkeuring daaraan geheg dat dit aan die Koningin voorgelê word, maar op die dossier het hy aangeteken: "the reply should be gracious but not enthusiastic."[12] Die antwoord op die petisie, in hoogs gepoleerde amptenare-taal, was inderdaad "gracious but not enthusiastic". Die Koloniale Sekretaris het naamlik meegedeel dat die petisie aan die Koningin voorgelê is, "who was pleased to receive it graciously." Die Britse owerheid het egter by monde van Chamberlain beweer dat hy in sy beleid teenoor Transvaal nie onbewus was van die simpatie en belange van die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika nie. Een van dié oogmerke van hierdie beleid was juis om vir die nie-Afrikaanse inwoners van Transvaal dieselfde regte en voorregte te verkry as wat die Afrikaners in Kaapland geniet het, en om gelykheid tussen die rasse ten bewerkstellig soos dit oral elders in Suid-Afrika die geval was. Die Britse Regering het trouens alle konsiderasies teenoor die Regering van die Republiek betoon om dié doel te bereik en Chamberlain het sy spyt uitgespreek dat 'n vreedsame oplossing nie verkry kon word nie.[13] Hierdie boodskap het inderdaad vir die petisionarisse geen troos ingehou nie.

12. C.O. 48/542: Aantekening deur Chamberlain, 29.9.1899 (F.K. 751, p. 915).

13. C.O. 48/542: Telegram Chamberlain - Milner, 3.10.1899 (F.K. 751, p. 941).

Die petisie van die Afrikanerparlementslede het daartoe aanleiding gegee dat die Opposisie onder leiding van sir Gordon Sprigg gevoel het dat hulle hulself nie onbetuig kon laat nie. Hulle het derhalwe besluit om 'n mosie van lojaliteit aan Milner voor te lê vir deursending aan die Koningin. In hierdie mosie wat deur drie-en-vyftig Parlementslede aanvaar is, is sterk afkeur uitgespreek oor die feit dat Transvaal steeds volhard het in hul teenstand teen die Britse hervormingseise. Terselfdertyd is die Regering van Haar Majesteit verseker van algehele goedkeuring van en steun aan die Britse beleid wat in Suid-Afrika gevolg is.[14] Hierdie boodskap is begryplikerwys met "much satisfaction" deur die Britse Regering ontvang.[15]

Gedurende die maande wat die oorlog voorafgegaan het, het verskeie Kaapse politici probeer om 'n versoening tussen Brittanje en die Z.A.R. te bewerkstellig. In hierdie proses is 'n hele aantal besoeke aan die Noorde afgelê, terwyl boodskappe feitlik daagliks tussen die verskillende hoofstede in Suid-Afrika gewissel is. In hierdie verband het veral persone soos Jan Hendrik (Onze Jan) Hofmeyr, leier van die Afrikanerbond, sir (later lord) Henry de Villiers, die hoofregter, John X. Merriman en ook die eerste minister, W.P. Schreiner op die voorgrond getree. Die pleidooie van al hierdie persone het daarop neergekom dat die Regering van die Z.A.R. ter wille van die vrede, moes toegee aan die konstitusionele hervormings waarop die Britse owerheid aangedring het.[16]

14. C.O. 48/542: Telegram Milner - Chamberlain, 28.9.1899 (F.K. 751, p. 948).

15. Ibid.: Telegram Chamberlain - Milner, 3.10.1899 (F.K. 751, p. 952).

16. Vgl. o.a. G.D. Scholtz: a.w., p. 240; J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die stryd, p.304.

Reeds in Mei 1896 het Hofmeyr op versoek van die destydse Goewerneur, sir Hercules Robinson, 'n memorandum[17] opgestel betreffende die wyse waarop die Uitlanders in Transvaal tegemoet gekom kon word sonder om die stabiliteit van die Republiek aan te tas. Onder andere het hy gepleit dat volle burgerregte onderhewig aan sekere eiendoms- en/of inkomstekwalifikasies na 'n verblyf van ses jaar aan die Uitlanders toegeken word. Dit was toe reeds vir Hofmeyr duidelik dat Transvaal verplig sou wees om hervormings aan te bring waarvolgens die Blankes in daardie staat gelyke regte sou geniet.[18]

Gedurende Maart 1899 het die Uitlanders in Transvaal[19] hulle eise tot 'n spits gedryf deur hulle griewe en vermeende griewe buite verhouding op te blaas in 'n lywige petisie met 21 684 handtekeninge, waarin hulle op die herstel daarvan aandring en wat hulle aan sir Alfred Milner in sy hoedanigheid as Hoë Kommissaris voorgelê het.[20] Die petisie het die Koloniale Kantoor op 14 April[21] bereik en op 4 Mei het Milner in sy bekende telegram, waarin hy na die Uitlanders as slawe ("helots") verwys het, die situasie in oënskou geneem en by Chamberlain daarop aangedring dat, "some striking proof of Her Majesty's Government not to be ousted from its position in South Africa" dadelik gelewer moes word.[22]

17. Die teks daarvan is te vind in Hofmeyr: a.w., p. 532.

18. Ibid., Mening uitgespreek tydens 'n onderhoud met F.J. Dormer.

19. Vgl. o.a. G.D. Scholtz: a.w., hoofstukke IX, X en p. 295 e.v. waarin breedvoerig oor die Uitlanderkwessie gehandel word; kyk ook J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die stryd, pp.240-269 e.v.; M.J. Hugo: Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, hoofstuk VI).

20. Hugo: a.w., p.99.

21. Ibid., p. 101.

22. Die teks van die telegram is te vind in Cd. 9345, pp.209-212.

Omdat sake nou 'n ernstige wending begin neem het, het die Kaapse owerheid gemeen dat 'n ontmoeting tussen Kruger en Milner gereël behoort te word ten einde tot 'n vergelyk te probeer kom oor die stemregvraagstuk in die Republiek. Vir daardie doel het Schreiner die hoofregter, sir Henry de Villiers, oorreed om Pretoria te besoek. Hy het egter nie besoek by Kruger afgelê nie[23] maar gesprekke gevoer met J.C. Smuts, F.W. Reitz en Schalk Burger. Hy het by hulle daarop aangedring dat drastiese stemreghervormings aangebring moes word aangesien Chamberlain vasberade was om alle oorsake van onrus in Suid-Afrika uit te roei. De Villiers het onder meer aan die hand gedoen dat 'n vyfjaarverblyfkwalifikasie ten opsigte van al die inwoners van Transvaal so gou as moontlik deur die Volksraad aanvaar moes word. Die drie Transvalers het die erns van die situasie besef en het beloof dat hulle Kruger sou adviseer om hervormings te weeg te bring. Hulle het ook gemeen dat dit 'n goeie idee sou wees as president Kruger en Milner mekaar om 'n konferensietafel kon ontmoet om sake uit te praat. Met hierdie versekering het De Villiers hom na Kaapstad gehaas om aan die Kabinet verslag te doen.[24]

Gedurende dieselfde tyd het sir James Sivewright, 'n afgetrede Kaapse politikus wat hom in Londen gevestig het, 'n besoek by Chamberlain afgelê. Blykbaar het Sivewright bevind dat Chamberlain nie 'n

23. Die verhouding tussen president Kruger en De Villiers was nie van die beste nie as gevolg van De Villiers se inmening in die regbankkrisis in Transvaal gedurende 1897 - sien o.a. E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, hoofstuk XVII.

24. Vgl. E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, pp.332-334; Davenport: a.w., p. 193.

ontmoeting tussen Milner en Kruger sou teenstaan nie want op 6 Mei 1899 het hy Hofmeyr dringend versoek om 'n konferensie tussen Milner en Kruger te Pretoria te reël om die oplaaiende krisis te bespreek. Dieselfde dag nog het Hofmeyr die aangeleentheid met die Eerste Minister en met J.W. Sauer bespreek. Hulle het ooreengekom dat dit onwenslik sou wees om 'n byeenkoms in Pretoria te probeer reël omdat dit onwaarskynlik was dat die President Milner daarheen sou nooi, en daar liefs getrag moes word om president Steyn oor te haal om beide staatsmanne na Bloemfontein te nooi vir samesprekings.[25]

Na onderhandelinge[26] het die betrokke partye toegestem om te Bloemfontein byeen te kom. Die Transvalers was egter nie oortuig van die eerlikheid van hulle opponente nie en het elke skuif met agterdog bejeën. Hulle het hul dus vir oorlog gestaal, maar ook gehoop dat die Kaaplandse Afrikaners hulle in so 'n geval tot hulp sou kom. Hulle het gemeen dat die sukses wat die Kaaplandse Afrikaners tydens die algemene verkiesing van 1898 by die stembus behaal het aanleiding tot Brittanje se oorlogsbeleid teenoor Transvaal gegee het en dat hulle om daardie rede op die steun van die Kaaplanders kon reken.[27]

Hofmeyr het egter klaarblyklik na aanleiding van 'n brief van Smuts[28] dit duidelik gestel dat die Transvalers geen illusies moes hê dat die Kaaplanders sou help in geval van oorlog nie, en daaraan toegevoeg

25. Hofmeyr: a.w., p.26.

26. Vgl. o.a. G.D. Scholtz: a.w., p.220 e.v.; J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel I, Voorspel tot die Stryd, p.284 e.v.; N.J. van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn, deel I, pp. 162-193; A. Kieser: President Steyn in die krisisjare 1896-1899, p.136 e.v.; D.W. Krüger: Paul Kruger, deel II, p.229.

27. Hofmeyr: a.w., p.535.

28. Davenport: a.w., p.370.

dat as die Transvalers dit werklik geglo het dat die Bond-oorwinning van 1898 vir die oorlogsbeleid verantwoordelik is, dit nie moeilik sou wees om Schreiner en sy kollegas oor te haal om te bedank nie, in welke geval Rhodes, pres. Kruger se aartsvyand, die teuels sou oorneem.[29.]
Die konferensie het van 31 Mei tot 5 Junie 1899 plaasgevind.[30]
Hoewel Hofmeyr[31] en Schreiner[32] aangebied het om Milner te vergesel om druk op Kruger uit te oefen het Milner verkies om hulle tuis te laat.

Op dié konferensie het Kruger groot toegewings gemaak. Hy was naamlik bereid om die twaalfjaarverblyfkwalifikasie ná naturalisasie te verminder na vyf jaar waardeur die verblyfkwalifikasie vir volle stemreg met die helfte verminder is na sewe jaar, en om aan te bied om die aantal setels vir die Goudvelde van twee na vyf te vermeerder. Kruger het sy toegewings aan net een voorwaarde onderhewig gemaak, naamlik dat Milner arbitrasie vir die beslegting van toekomstige geskille tussen die Republiek en Brittanje moes aanvaar. Hierdie voorwaarde was vir Kruger noodsaaklik om die nodige steun in die

29. Hofmeyr: a.w., p. 585; E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, p.144.

30. Omdat die verloop van die konferensie buite die bestek van hierdie werk val, word dit nie hier in besonderhede behandel nie. Vgl. daarvoor o.a. M.J. Hugo: Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, hoofstuk IX); G.D. Scholtz: a.w., deel 1, pp.227-237; J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die Stryd, pp.284-299; Van der Merwe: a.w., deel 1, pp.162-193; Kieser: a.w., p. 143-151; Krüger: a.w., pp.229-234. Die notule van die verrigtinge is te vind in Transvaalse Groenboek 1/1899 en Britse Blouboek C9404.

31. Hofmeyr: a.w., p. 536.

32. E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, p. 147.

Volksraad te verkry vir die deurvoering van wetgewing met hierdie strekking.[33] Milner was egter nie eers bereid om hierdie voorstelle te bespreek nie, maar het dit summier verwerp ten gunste van 'n eis dat 'n verblyfkwalifikasie van vyf jaar vir volle burgerskap toegestaan moes word as die minimum waarmee hy tevrede sou wees. Hiermee is die deur vir verdere onderhandelinge toegeklap en op 5 Junie het die konferensiegangers onverrigtersake na hulle onderskeie tuistes teruggekeer.[34]

Dat daar nou 'n gevaarlike toestand ontstaan het is voor die hand liggend. Milner was vasberade om nog meer toegewings af te pers en aan die ander kant kon daar kwalik van Kruger verwag word om nog meer toe te gee aangesien die bevolking van Transvaal te klein was om 'n groot aantal vreemdelinge gelyktydig te assimileer.[35] Die Kaapse Kabinet het hierdie gevaar besef en gevolglik probeer om Milner se eise te temper. Met hierdie doel voor oë het Schreiner op 11 Junie 1899 'n besoek by die Goewerneur afgelê en hom meegedeel dat die Kaapse Regering president Kruger se voorstelle as prakties, redelik en as 'n stap in die regte rigting beskou.[36] Trouens ook Merriman het enkele dae vroeër die mening uitgespreek dat Kruger se voorstelle die beste was wat hy ooit gemaak het en dat dit as grondslag vir verdere onderhandelinge kon dien. Hy het ook sy misnoeë uitgespreek met die wyse waarop Milner die konferensie afgesluit het omdat hy die Vrystaat vervreem

33. Vgl. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die stryd, p. 298.

34. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die stryd, p. 297; Hofmeyr: a.w., p.537; M.J. Hugo: Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, hoofstuk IX, pp.110-111).

35. Vgl. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die stryd, p. 303.

36. Ibid.

en in die arms van Transvaal gejaag het; "one thing is certain, any causus belli is removed by Kruger's action, and we must thank God for that."[37]

Die onderhoud met Milner het egter geen vrugte afgewerp nie en nadat die Kabinet die Transvaalse krisis klaarblyklik nog eens bespreek het, het Schreiner Milner weer op 15 Junie besoek. By hierdie geleentheid het Schreiner aan Milner meegedeel dat die Kabinet van oordeel is dat die Z.A.R. sy stemregwetgewing in twee opsigte kon verbeter, naamlik deur persone wat die land voor 1896 binnegekom het onmiddellik volle stemreg te gee en om dit opsioneel te maak om volle stemreg na 'n verblyf van sewe jaar te verkry sonder formele naturalisasie. Schreiner het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om weer eens te onderstreep dat dit die oorwoë mening van die Kabinet was dat daar nie 'n toestand in die Republiek bestaan het wat aktiewe inmenging in hulle sake geregverdig het nie.[38] Teen hierdie opvatting het Milner egter heftig beswaar gemaak, "as I did not see that Her Majesty's Government had taken any action or shown any intention of taking action giving occasion for such an expression of opinion."[39]

Milner het die besonderhede van hierdie onderhoud nog dieselfde dag aan die Koloniale Kantoor in Londen gekabel. Chamberlain het die voorgestelde amendemente nie as voldoende beskou nie en gevra dat

37. Lewsen: a.w., p. 56: J.X. Merriman - Sir D. Tennant, London, 7.6.1899.

38. C.O. 48/542: Telegram Milner - Chamberlain, 15.6.1899 (F.K. 756 - p.566). Die voorstelle is in samewerking met A. Fischer gemaak (Strydom: a.w., p. 29).

39. C.O. 48/542: Telegram Milner - Chamberlain, 15.6.1899 (F.K. 750, p. 566).

Schreiner eerder druk op die Z.A.R. moes uitoefen vir die verlening van stemreg na vyf jaar, asook om aan te dring op 'n billike herverdeling van setels.[40]

Met hierdie antwoord in die sak was dit vir die Kaapse Kabinet en vir die ander vriende van Transvaal duidelik dat die Britse owerheid vasberade is om te volhard in hulle eise en dat daar vir hulle nou net een weg oop is, naamlik om die Z.A.R. te probeer oorreed om verdere toegewings te maak. Op aandrang van Schreiner het Jan Hofmeyr, die leier van die Afrikanerbond, ten spyte daarvan dat pres. Kruger hom by verskeie geleenthede in die verlede afgejak het, na Pretoria afgereis om die krisis met die Transvalers te bespreek. Die Minister van Landbou, die heer A.J. Herholdt, het hom vergesel en om seker te maak dat hy nie sy tyd onnodig in Pretoria verspil nie, het Hofmeyr gereël dat hy en Herholdt eers vooraf in Bloemfontein samesprekings voer met twee Transvaalse amptenare, die staatsprokureur, J.C. Smuts, en die ondersekretaris van buitelandse sake, P. Grobler. Dié byeenkoms is ook bygewoon deur president Steyn en A. Fischer van die Vrystaat.[41]

Tydens die samesprekings wat op 2 Julie 1899 plaasgevind het, het Hofmeyr sekere aanbevelings gemaak, o.a. dat aflegging van die eed van getrouheid nie noodsaaklik moes wees tensy volle burgerskap

40. C.O. 48/542: Telegram Chamberlain - Milner, 16.6.1899 (F.K. 750, pp. 568-569).

41. Vgl. Hofmeyr: a.w., p. 541; Kieser: a.w., p. 163.

betrokke is nie, dat verblyfkwalifikasies vir toekomstige aankomelinge nie langer as sewe jaar moes wees nie, dat meer liberale voorsiening gemaak moes word vir die verlening van onmiddellike volle stemreg aan inwoners wat na die afkondiging van die Stemregwet op 25 Augustus 1890 die land binnegekom het en dat vier addisionele setels vir die myndistrikte toegeken moes word sonder om die burgerverteenwoordiging te vermeerder.[42]

Smuts en Grobler het toegegee dat hierdie voorstelle nie die onafhanklikheid van die Republiek in gevaar sou stel nie en het, vergesel van Fischer, na Pretoria teruggekeer om 'n uitnodiging van die Transvaalse Regering aan Hofmeyr en Herholdt te bewerkstellig. Op aandrang van president Steyn het Kruger op 4 Julie toegestem dat die twee Kapenaars na Pretoria mag kom.[43]

Die houding van die Transvaalse Regering was aanvanklik nie gunstig nie, maar Hofmeyr en Herholdt het met die hulp van Fischer daarin geslaag om die President en die Uitvoerende Raad te oorreed om die voorstelle te aanvaar. Hulle het selfs 'n geheime sitting van die Volksraad toegespreek. In 'n toespraak wat as van die beste van sy loopbaan beskou is, het Hofmeyr die lede daarvan oortuig dat daar geen ander manier is om 'n oorlog te voorkom as om sy stemregvoorstelle te aanvaar nie. Hy het herhaaldelik op die ontsettende gevolge van 'n oorlog gewys en die Transvalers ook meegedeel dat

42. Hofmeyr: a.w., p. 541.

43. M.J. Hugo: Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, p. 130), p. 130; vgl. ook Kieser: a.w., p. 162.

hulle nie moes staatmaak op gewapende ondersteuning van die Kaaplandse Afrikaners nie. Hy het daarop gewys dat dié Afrikaners onderdane van die Koningin is en dat hulle nie begerig is om hulle getrouheid aan haar in gedrang te bring nie. Daarby het die grootste deel van die Kaapse inwoners geen praktiese kennis van oorlogvoer gehad nie en was die meeste van hulle ook ongewapen. Daadwerklike hulp sou dus van die kant van die Kaaplandse Afrikaners minimaal wees; al wat die Transvalers kon verwag was morele onderskraging in belang van vrede.[44]

Die woorde van Hofmeyr en sy vriende het so groot indruk op die Volksraad gemaak dat feitlik eenparig besluit is om die voorstelle te aanvaar. Daarby het Hofmeyr so ver gegaan om die President te adviseer om, ten einde op 'n vreedsame wyse teweeg te bring wat andersins deur bloed en geweld verkry sou word, te verklaar dat hy ter wille van die vrede bereid sou wees om toe te laat dat die Republiek deel word van die Britse Ryk met die vooruitsig op 'n eventuele unifikasie met die res van Suid-Afrika. Dit is nie bekend hoe pres. Kruger op dié voorstel gereageer het nie maar selfs Hofmeyr het besef dat hy kwalik kon verwag dat die President dit sou oorweeg.[45]

Die Afrikanerbond het by Hofmeyr se terugkeer in Kaapstad hom vereenselwig met die voorstelle wat die Transvaalse Volksraad aanvaar het en dit bestempel as 'n grondslag waarop 'n vreedsame skikking

44. Hofmeyr: a.w., pp. 542-543; vgl. ook J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die stryd, p.304. Daar is nie 'n amptelike notule van hierdie sitting beskikbaar nie.

45. Hofmeyr: a.w., pp. 543-544; G.D. Scholtz: a.w., p. 240.

moontlik sou wees omdat dit inderdaad aan al Milner se eise toegee, behalwe dat die termyn waarna volle burgerskap verkry kon word sewe in plaas van vyf jaar is.[46]

Hofmeyr het egter nie bedoel dat die aanvaarding van die voorstelle so finaal moes wees nie maar dat dit eerder moes dien as 'n grondslag waarop verdere onderhandelinge met die Britse Regering gevoer kon word, en hy het dit daarom jammer gevind dat die Zuid-Afrikaansche Republiek dit in wetgewing beliggaam het sonder om Milner in die saak te ken. Al wat Pretoria bereid was om te doen, was om op aandrang van Hofmeyr 'n kopie van die wetsontwerp aan die Britse Agent aldaar te gee. 'n Versoek van Chamberlain om die bespreking daarvan uit te stel totdat hy kommentaar daarop kon lewer is in die wind geslaan. Die Transvaalse houding is egter te begrype in die lig van Milner se kortaf optrede tydens die Bloemfontein-konferensie en teen die einde van Julie is die wet deur die Volksraad aanvaar.[47]

Chamberlain het erken dat vordering gemaak is en hy het Kruger op 27 Julie versoek dat die besonderhede van die wet aan 'n gesamentlike kommissie van ondersoek onderwerp moes word. Hierdie versoek was 'n groot flater want dit het die indruk gewek dat in die huishoudelike sake van die Republiek ingemeng word, iets waarvoor die Zuid-Afrikaansche Republiek toe juis baie gevoelig was. Hofmeyr het egter

46. Hofmeyr: a.w., p. 545.

47. Ibid., pp. 545-546.

gedink dat Transvaal met soveel grasie moontlik aan dié versoek moes toegee en het daarom 'n petisie opgestel wat deur drie-en-vyftig Kaapse Parlementslede onderteken is, waarin die Transvaalse Regering gevra is, "to do their very utmost short of sacrificing their independence to avert the horrors of war."[48]

Terselfdertyd het Jan Marais, 'n prominente lid van die Afrikanerbond in die Parlement, 'n memorie met die handtekeninge van negeen-veertig parlementslede aan president Steyn gestuur ten einde Transvaal tot 'n aanvaarding van die voorstel te beïnvloed. Die Vrystaters was egter nie baie ingenome met die druk wat op hulle uitgeoefen is nie, want op 3 Augusuts het Fischer aan Hofmeyr laat weet dat die Kaaplanders dit nie van Transvaal kon verwag om die kommissie te aanvaar nie en het hy ook daarop gewys dat geen Britse kolonie tot soiets sou toestem nie.[49]

Ander welmenende Kaapse vriende, soos sir Henry de Villiers en John X. Merriman het ook by Transvaal daarop aangedring om liewers toe te gee. So het De Villiers die voorstel van 'n kommissie as 'n olyfblaar beskou en hy het gemeen dat dit die moeite werd sou wees om daarna te gryp, "I know that it might be regarded as a partial surrender of independence but would that not be better than a

48. Ibid., pp.548-549; vgl. ook Krüger: a.w., p. 235.

49. Hugo: a.w., p. 145; Kieser: a.w., 174.
Intussen het onderhandelinge tussen die Z.A.R. en Brittanje voortgegaan waartydens voorstelle en teenvoorstelle gemaak is tot die punt bereik is waar die Z.A.R. nie verdere toegewings kon maak sonder om daarmee sy onafhanklikheid prys te gee nie. Omdat hierdie gebeure die draad van dié verhaal te veel sal onderbreek, word dit nie behandel nie: vgl. o.a. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel 1, Voorspel tot die Stryd, pp.305-346; Hofmeyr: a.w., pp.550-553; M.J. Hugo: Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, pp.147-157); G.D. Scholtz: a.w., deel II, pp.251-292; Kieser: a.w., pp.177-204; Krüger: a.w., pp.234-240.

possible total loss of independence."[50] De Villiers het selfs in dieselfde trant aan die Transvaalse President geskryf: "A patriot should also be prudent and he should even be prepared to surrender part of his independence if by that means alone he can prevent the loss of the whole."[51] Kruger het natuurlik nie van hierdie advies gehou nie, maar De Villiers daarop gewys dat die eise om stemreghervorming maar net 'n voorwendsel is om Britse gesag oor die Republiek gevestig te kry. Inderdaad sou De Villiers die Republiek meer van diens wees deur sy invloed by Milner te gebruik om sy eise te matig.[52]

De Villiers was nie tevrede om sake hierby te laat nie maar hy het nog 'n keer by Kruger daarop aangedring om liewers toe te gee. Is die feit dat Chamberlain, soos Kruger geglo het, die Republiek van sy onafhanklikheid wil beroof, "not an additional reason why, as the Transvaal is the weaker of the States, you should not give them the shadow of an excuse for carrying out their design?"[53] Op 28 September het De Villiers ook op Fischer 'n beroep gedoen om president Kruger te beweeg om liewers toe te gee[54] maar dit was reeds te laat om verdere toegewings van Transvaal te verwag. So het De Villiers se broer Melius uit Bloemfontein laat weet: "It is absolutely no use to try to get the Transvaal to accept the five years

50. E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, p. 345. Vgl. ook M.J. Hugo: Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, p. 144). De Villiers het hierdie uitlating in 'n skrywe aan Fischer gemaak.

51. Aangehaal deur E.A. Walker: Lord De Villiers and his times, p. 345. Vgl. ook G.D. Scholtz: a.w., p.240.

52. E.A. Walker: Lord De Villiers and his times, p. 347.

53. Ibid., p. 348.

54. Ibid., p. 356.

unconditional franchise... Public opinion in this State is to the same effect; and there is no longer doubt that the Free State will go with the Transvaal."[55] Ook Fischer het laat weet dat die einde bereik is en dat Transvaal geen verdere toegewings sou oorweeg nie.[56]

Hoewel Merriman ook van mening was dat die Regering van die Z.A.R. meer toegeeflik kon gewees het,[57] het hy nie op so 'n blatante wyse as De Villiers totale oorgawe bepleit nie. Merriman het van die standpunt uitgegaan dat konstitusionele hervormings op die lang duur vir Transvaal ten goede sou kom omdat daardie land op dié wyse met nuwe bloed versterk kon word. Met die nuwe burgers sou die land ook ekonomies uitgebou word omdat die boere, die ruggraat van die land, op die platteland verarm het en nie 'n behoorlike bestaan daar kon voer nie.[58]

Dat Merriman begrip vir die Transvaalse probleme gehad het, blyk duidelik uit korrespondensie wat hy met die jeugdige Smuts gevoer het en met wie hy 'n lewenslange vriendskap ontwikkel het.[59] Dit was hierdie vriendskap wat beide staatsmanne die vrymoedigheid gegee het om versoeke tot mekaar te rig wat andersins miskien nie moontlik was nie. So het Smuts byvoorbeeld aan Merriman gevra dat die Kaapse Regering 'n sterk standpunt teen Milner en die Imperiale owerheid moes inneem veral omdat na die mislukte Bloemfontein-konferensie

55. Ibid.

56. Ibid.

57. Vgl. o.a. Lewsen: a.w., p. 56: J.X. Merriman - A. Fischer 12.6.1899.

58. Ibid., p. 54: J.X. Merriman - A. Fishcer, 26.5.1899.

59. Vgl. Briewe in Lewsen: a.w. Na die dood van Merriman in 1925 het Smuts o.a. verklaar: "To me he was ever a great friend, and in many ways I owe him more than I can tell." Vgl. P. Laurence: The Life of John Xavier Merriman, p.414.

dit duidelik was dat Milner nie geneë was om 'n kompromie te aanvaar nie. Hy sou graag wou sien dat die Kaapse owerheid dit baie duidelik aan Milner en Chamberlain sou stel dat daar geen saak uitgemaak is vir gewapende inmenging in Transvaal nie.[60]

Hierdie versoek het Merriman egter in die verleentheid geplaas. Tereg het Merriman vir Smuts vaderlik daarop gewys dat die Kaapse Regering nie op so 'n openlike wyse kant kon kies nie omdat die Regering hulself daardeur in gevaar sou stel om ontslaan te word waardeur die Transvaalse probleme net sou vererger. Hy het Smuts aangeraai dat Transvaal moes voortgaan om hulle plig te doen, dit wil sê om wet en orde te handhaaf, "and set yourselves right with the world by granting such modifications in President Kruger's proposals - which I thankfully acknowledge to be a marvellous advance on anything previously put forward - as may command themselves to all moderate men."[61] In dieselfde gees van vriendskap kon Merriman Smuts twee dae later daaraan herinner dat die onus op Transvaal rus om die grond onder die voete van hulle kritici uit te slaan deur met substansiële hervormingsvoorstelle voor die dag te kom.[62]

Dit was egter nie net die Kaapse politici wat daarvoor gepleit het dat die Z.A.R. toegewings moes maak nie, maar ook die

60. Lewsen: a.w., pp.64-65, voetnote 158-159. Tydens sy onderhoud van 15 Junie 1899 het Schreiner so 'n uitlating teenoor Milner gemaak en hom daardeur die gramskap van lg. op die hals gehaal. Vgl. p.57 hierbo.

61. Lewsen: a.w., pp.65-66: J.X. Merriman - J.C. Smuts, 21.6.1899; vgl. ook Laurence: a.w., p. 171.

62. Lewsen: a.w., pp.66-67: J.X. Merriman - J.C. Smuts, 23.6.1899.

ministeriële lyfblad, die South African News, het op toegewings begin aandring toe dit geblyk het dat Brittanje vasberade was om met sy eise voort te gaan. Die blad het dit as sy oorwoë mening uitgespreek dat die enigste uitweg vir Transvaal uit die krisis sou wees om algemene stemreg toe te staan en om op 'n regverdige en liberale wyse oor sy onderdane te heers. Indien dit gedoen word kon die Transvalers gerus wees met die wete dat die Britse publiek nooit sou toelaat dat die vryheid van die Republiek aangetas word nie.[63]

Die Cape Argus het hierdie uitlatings van die South African News as 'n besliste ommeswaai in sy houding beskou en dit van harte verwelkom: "We trust the public will duly note the fact and rejoice with us over this sinner that repenteth." Voorts is die South African News verwelkom as 'n bondgenoot, "to the cause of true peace, progress and Imperialism in South Africa." Veral belangrik egter vir die Argus is dat hierdie veranderde sienswyse van die South African News vertolk kon word as ook 'n verandering in die sienswyse van die Kabinet wat die blad nog steeds deur dik en dun ondersteun het.

Die Argus het dit jammer gevind dat die South African News nie al eerder tot ander insigte gekom het nie. In so 'n geval sou die

63. South African News, 5.9.1899 en 6.9.1899: Hoofartikels.

"South African Party" nie die hande van president Kruger gesterk en die planne van die Hoë Kommissaris in die wiele gery het nie. Laasgenoemde moes die stryd feitlik man-alleen aanpak. Indien die Kabinet van die begin af die Imperiale houding ondersteun het, en as hulle koerante van die begin af die houding wat die South African News nou inneem, gevolg het, sou die probleme reeds opgelos, of naby 'n oplossing gewees het. In die elfde uur kon die Afrikaners egter tot ander insigte en 'n meer praktiese demonstrasie van patriotisme kom. Die ergste is egter dat die ontwikkeling van sake nou buite hulle beheer is. Die vraag van vrede en oorlog het nou by Pretoria berus, "and the ways of Pretoria, we are sorry to say, are not the ways of peace."[64]

Milner het die "nuwe" gesindheid van die South African News van soveel belang beskou dat hy 'n eksemplaar van die koerant se uitgawes van 5 en 6 September 1899 na die Colonial Office in Londen gestuur het. Hy het gemeen dat die South African News die begin aangedui het van 'n houdingsverandering by 'n aansienlike deel van die Kaapse Afrikaners ten opsigte van die dispuut tussen die Regerings van Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek: "It is, I think, not open to doubt that at least a section of that party, convinced at least that Her Majesty's Government are going to persist in their own policy regardless of Afrikaander protests, have abandoned the policy of trying to beat us down in our demands, and are using all their influence to induce the Government of the South African Republic to make an almost complete surrender."[65]

64. Cape Argus, 6.9.1899: Hoofartikel.

65. C.O. 48/542: Vertroulike skrywe Milner - Chamberlain, 6.9.1899 (F.K. 751, p. 814).

'n Faktor wat in hierdie verband in gedagte gehou moet word is die feit dat die posisie van die Regeringsparty, veral in die Hoërhuis, nie veilig in die Parlement was nie. Hulle sou dus versigtig wees om nie te veel te doen wat hulle in openlike botsing met die Goewerneur sou bring nie.[66]

Nietemin moes die houding van die South African News as amptelike partymondstuk, asook dié van indiwiduele Kaapse leiers vir die Z.A.R. 'n groot teleurstelling gewees het. Inderdaad sou geeneen in Pretoria of waar ook al rede hê om nog enigsins illusies te koester dat dit die Kaaplanders ooit erns was om 'n diplomatieke triomf vir president Kruger te bewerkstellig nie.[67]

Die Kaaplandse Afrikaner het dus alles in sy vermoë gedoen om die oorlog te keer, maar tevergeefs, want, soos Milner dit onomwonde gestel het, "Her Majesty's Government are going to persist in their own policy regardless of Afrikaander protests."[68] Trouens, hy het reeds op 24 April 1899 die mening uitgespreek dat, "the British in the Transvaal are entitled to fair play whether the Dutch in the Colony like it or not."[69]

Die vraag kan wel gestel word of die motief van die Kaaplandse Afrikaner altyd suiwer was en of sy vredespogings nie maar net daarin geleë was om die oorlog van sy eie lyf af weg te hou nie. Gelet op die refrein van "toegee" en nogmaals "toegee" wat vanuit Kaapland op

66. Ibid.

67. Vgl. o.a. South African News, 5.9.1899: Hoofartikel.

68. Kyk p. 67 hierbo.

69. C.O. 48/542: Telegram, Milner - Chamberlain, 24.4.1899 (F.K. 749, p. 432).

president Kruger gereën het, dat die aard van die hervormings dikwels voorgeskryf en daar selfs op heelhuidse aanvaarding van die Britse voorstelle aangedring is, wil dit voorkom asof die Afrikaners nie juis so erg begaan was oor die meriete van die Transvaalse saak nie. So sou Jan Hofmeyr by 'n geleentheid gesê het: "I wish this unfortunate war could be avoided. I would much prefer to see the Republics voluntary under the British flag without fighting."[70] N.F. de Waal het in dieselfde trant op 14 Februarie 1900 op 'n vergadering te Middelburg gesê dat baie lyding voorkom kon gewees het as dit moontlik was dat die Republieke hulle vrywillig onder die monargale stelsel by Kaapland kon aansluit.[71] Ook De Graaff-Reinetter het, hoewel hy geweet het dat verdere toegewings niks sou help nie, 'n beroep op Transvaal gedoen om liewers toe te gee as dat 'n gruwelike oorlog oor "ons" geliefde Suid-Afrika moes uitbreek en die grond deurdrenk word met die bloed van die slagoffers van Britse eer- en geldsug, en met die trane van weduwees en wese.[72]

Die aandrang op toegewings aan die Britse eise was inderdaad so erg dat selfs president Steyn sy misnoeë daaroor uitgespreek het: "In plaats van dus hun macht en gezag bij de Hooge Kommissaris te laten gelden, die hen met minachting schijnt te behandelen en geheel opzijde liet liggen in de onderhandelingen die voor hun Kolonie even zo gewichtig waren als voor enig deel van Zuid-Afrika, stelden zij

70. Cape Hansard, 2.10.1902, kol. 379: Aangehaal deur N.F. de Waal.

71. Middelandsche Afrikaander, 20.4.1900: Nuusberig.

72. De Graaff-Reinetter, 21.9.1899: Hoofartikel. Vgl. ook die houding van die South African News, pp.65-68 hierbo.

zich tevreden met telegrammen aan ons en andere vrienden in die Transvaal te zenden. Die telegrammen hadden slechts èèn strekking - en die was om de Transvaal over te halen om toe te geven en maar weer toe te geven."[73]

Die houding van die Kaapse Afrikaners kan begryp word as dit in gedagte gehou word dat die oorlog hulle voor 'n ontsettende keuse te staan gebring het, naamlik tussen hulle wettige soewerein en hulle bloed- en kultuurverwante in die Republieke. Hulle het dus daarvoor gepleit dat die beker liewers by hulle moes verbygaan en dat hulle hul rustig by hulle pastorale bedrywighede kon bepaal.

In die voorgaande bladsye is gepoog om 'n kykie te gee in die gevoelens van die Afrikaners soos georganiseer op kerklike en politieke gebied. Van die gevoelens van die enkelinge is daar egter weinig getuienis beskikbaar. Hieroor kan alleen gegis word maar mens sou jou kan voorstel dat hulle met vrees en beklemming in die hart geloop het en dat hulle sekerlik menige ure in die binnekamer sou deurgebring het. Die naderende oorlog sou die onderwerp van hulle daaglikse gesprekke gewees het en veral die vroue en moeders sou dikwels ongemerk 'n traan afgedroog het by die gedagte aan die dood en lyding wat noodwendig sou volg wanneer oorlog werklikheid sou word. In stilte sou meer as een daarvoor gesorg het dat voedsel- en ammunisievoorrade aangevul word om in 'n tyd van nood byderhand te wees. Bo alles sou daar gebid word dat niemand verplig sou wees om

73. Aangehaal deur M.J. Hugo: Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, pp. 128-129).

teen sy bloedverwante te veg nie en moontlik ook dat die Z.A.R. liewers maar moes toegee om sodoende 'n oorlog te vermy.

As tipiese voorbeeld van die ontsetting en vertwyfeling waarmee die deursnee Kaaplandse Afrikaner vervul was, is ongetwyfeld die ontboeseming van ene D.J. de Wet aan die vooraand van die oorlog.[74] Volgens hom kan niemand 'n denkbeeld vorm van die emosies wat die vooruitsigte op oorlog in hom ontketen het nie. Dit was vir hom asof hy in 'n stikdonker duisternis verkeer het waarin hy niks kon sien nie. In sy verbeelding het hy die gebulder van kanonne gehoor wat op sy landgenote skiet om 'n onregverdige en hemeltergende doel te bereik. Hy het slaaplose nagte gehad, hy kon nie eet nie en hy kon nie sy werk doen nie. Sy ganse liggaam was ontroerd as hy aan die vreeslikhede van die oorlog gedink het. In die skole van sy tyd is hy geleer en ingeprent watter dappere, eerlike, regverdige en onbesproke volk die Britte is, en was dit later vir hom onmoontlik om te glo dat die Britte iets verkeerds kon doen. Hoe teleurgesteld is hy nie nou nie! Hy is nog lojaal soos tevore maar met geopende oë, 'n ontwikkelde verstand en 'n eie oordeel. Die oorlog gaan nie om die hond nie, maar om die halsband. Sy hart beef as hy aan die inwoners van Transvaal en die Vrystaat dink. Dit is nou ploeg- en saaityd. Hulle het mekaar lief en almal begeer net rus en vrede. Hulle moet nou hulle plase en gesinne verlaat om aan wind en weer blootgestel te word. Hoeveel weduwees en wese sal daar nie wees nie? En waarvoor?

74. Ons Land, 12.10.1899: Brief van D.J. de Wet, 9.10.1899.

As dit beskawing is, wens hy om liewers onbeskaafd te wees. Hy is 'n arme sondaar, vol foute en gebreke, maar hy glo aan 'n lewende God in die hemel en hoe swak of klein sy geloof ook al, hy vertrou dat Hy geen onreg sal gedoog nie. Laat ons die advies volg van ds. Murray en bid. [75]

Kernagtig is die ontsetting en ontroering van die Kaaplandse Afrikaner saamgevat in dié woorde:-

"Oorlog! Wij sidderen er voor. Gode help ons arme land."[76]

75. Vgl. Oproep van ds. Murray, pp. 48-49 hierbo.

76. De Graaff-Reinetter, 12.10.1899: Hoofartikel.

## HOOFSTUK IV.

### AFRIKANER-REAKSIE: LOJALE PROTES.

Toe die oorlog op 11 Oktober 1899 werklikheid geword het,[1] kon die Kaaplandse Afrikaners nie meer langer daarvan wegskram om 'n keuse te maak tussen hulle vriende en bloedverwante in die Republieke en die lojaliteit wat hulle weens hulle burgerskap verplig was om aan die Koningin van Engeland te betoon nie. Deur hulle gewete voorgeskrewe, was daar vir die meerderheid maar net een keuse, hoe seer dit vir hulle bitter was, naamlik om lojaal en getrou aan hulle wettige owerheid en staatshoof te bly.

Dit het egter nie beteken dat hulle met gevoude hande gesit het nie. Omdat hulle nie wapens mog opneem nie - "de wet en hul plicht als Britsche onderdanen verbieden dat"[2] - het die Kaaplanders gepoog om op ander maniere die lot van hulle Republikeinse vriende te verlig en vir hulle voorspraak te maak. So het hulle nie alleen mildelik tot noodleningsfondse bygedra nie,[3] maar boweal het hulle, waar hulle voorheen openlik by die Z.A.R. daarop aangedring het om ter wille van die vrede liewers aan die Britse hervormingseise toe te gee, nou van taktiek verander. Die Afrikaners het hulle naamlik nou tot Engeland gewend om deur middel van konstitusionele kanale oproepe te doen dat die oorlog beëindig moes word, met as voorwaarde die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke. Dat die Afrikaners

1. Vgl. pp. 31-33 waar 'n aanduiding van die omvang van die Boere-invalle in Kaapland gegee word.

2. Aangehaal deur Strydom: a.w., p. 75, uit Ons Land, 14.10.1899.

3. Ongeveer £100 000 (vgl. Strydom: a.w., p. 76).

met hierdie voorwaarde 'n onpraktiese weg ingeslaan het is gewis en seker. Dit is geen wonder nie dat Merriman dit as gekheid beskou het om met so 'n voorwaarde tot die Britse Regering te kom omdat laasgenoemde vasberade was om die Republieke uit te wis.[4]

Die inisiatief in hierdie "nuwe" taktiek het egter, eienaardig genoeg, nie van die Afrikaners uitgegaan nie, maar wel van 'n Engelsman, Frederick Mackarness, wat in Londen die Suid-Afrikaanse Versoeningskomitee gestig het. Die doel van dié komitee was om te ywer vir die herstel van vrede in Suid-Afrika op die grondslag van die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke, om diegene wat gedurende die oorlog gely het met raad en daad by te staan en om die goeie betrekkinge tussen Afrikaner en Brit te herstel.[5]

In Suid-Afrika was die krag agter die beweging eweneens 'n Engelsman, Ernest T. Hargrove, wat teen die einde van 1899 op 'n besoek alhier aangekom het. Hy was die Republieke simpatiekgesind en reeds in November 1899 het hy J.W. Sauer na Dordrecht vergesel om kmdt. J.H. Olivier te oorreed om nie daardie distrik binne te val nie. Later het hy na Pretoria gegaan waar hy selfs 'n onderhoud met president Kruger gehad het en op aanbeveling van F.W. Reitz £1 000 van die Nederlands Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij gekry het om sy vredesveldtog te bevorder. Nadat hy ook president Steyn ontmoet

4. Vgl. Lewsen: a.w., pp. 245-246: Mev. A. Merriman - Mev. J. Merriman, 8.1.1901. (In hierdie werk is die datum verkeerdelik as 3.1.1901 aangegee - vgl. p. 126 voetnoot 148 hieronder).

5. Vgl. Strydom: a.w., p.76; Davenport: a.w., p.213.

het is hy na Kaapstad terug waar hy op 12 Maart 1900 die stigting van 'n tak van die Versoeningskomitee wat Mackarness in Londen begin het, bewerkstellig het.[6]

Die Kaapse tak het bestaan uit J.C. Molteno (voorsitter), Albert Cartwright, redakteur van die South African News (sekretaris), en as gewone lede mevv. Cronwright-Schreiner, J.W. Sauer, C.C. de Villiers, A. Murray, J.H. Beck, Bierton, M. Koopmans-De Wet, mej. Molteno, die here dr. Kolbe, eerw. Balmforth, ds. A. Murray, eerw. C. Morgan, ds. B.J. Marchand, ds. Roome, dr. J.H. Beck, B.J. O'Dowd, C.P. Schultz, C.C. de Villiers, W.M. Hay, A.J. van Reenen, F.J. Centlires, V. van der Bijl, Melt Roux, A. Mohr, H.T. Stander en A. van der Bijl.[7] Dit blyk dus dat die komitee uit beide Afrikaans- en Engelssprekende persone bestaan het.

Die gevolg van hierdie beweging was dat op talryke plekke in Kaapland soortgelyke takke gestig en vergaderings gehou is met die doel om die openbare mening in Brittanje te beïnvloed. Oral is gelykluidende mosies[8] aanvaar vir deursending aan die Britse Regering deur bemiddeling van die Goewerneur. Op 27 Maart het so 'n vergadering byvoorbeeld op Stellenbosch plaasgevind, waartydens onder andere die volgende mosies eenparig aanvaar is:-

6. Davenport: a.w., p.213; Lewsen: a.w., p.187, voetnoot 158; Hofmeyr: a.w., p. 557.

7. Strydom: a.w., p. 81.

8. Enkele mosies word hier verbatum aangehaal om 'n deursnee beeld te gee van die aard van die mosies wat ter tafel vas.

"1) That in the opinion of this meeting of residents of the town and district of Stellenbosch, had due regard been paid to the advice tendered by the Ministers of the Crown in the Cape Colony and to the views of the majority of the people's representatives in Parliament regarding the matters in dispute between Her Majesty's Government, and the Government of the South African Republic, the unnecessary and unjust war now raging would have been avoided, and, further, that a continuance of the war with the object of crushing the two Republics will permanently embitter future relationships between the two peoples.

2) That it is the solemn and firm conviction of this meeting that unless the terms of settlement respect the independence of the Republics, such settlement will be detrimental to the highest interests of the British Empire and be fraught with great danger to the future peace and progress of South Africa.

3) That this meeting is confident that had the British public correctly understood the true condition of affairs in South Africa they would today have been animated by sentiments directly opposed in character to those which have been inspired into their bosoms by misrepresentations."[9]

9. Cd. 261, p.58: Notule van vergadering, 3.4.1900.

Op 28 Maart 1900 is die volgende mosies te Riebeeck-Wes aangeneem:-

"Whereas we, the loyal subjects of Her Majesty the Queen are of opinion 1) that this deplorable and unjust war is the demand of a propaganda of misrepresentations by which the people of Great Britain had been guided, and 2) that the Republicans are only fighting to retain their independence and liberty, and that 3) should Her Majesty's Government succeed in conquering the Republicans they could never be subjugated or forced to become loyal subjects. We humbly pray that a speedy stop should be put to the war and upon such a basis that the Republicans retain their independence as heretofore."[10]

'n Vergadering, waar ook Hargrove opgetree het, het op 26 Maart 1900 te Paarl plaasgevind. By daardie byeenkoms is mosies aanvaar wat identies is met die eerste en tweede mosies wat te Stellenbosch aan die orde was.[11]

Dergelike mosies, hoewel die bewoording nie altyd eenders was nie, is ook aanvaar op vergaderings wat gehou is op Murraysburg, Petrusville, Riebeeck Kasteel, Prins Albert, Worcester, Tulbach, Hanover, Vredenburg, Wellington, Kuilsrivier,[12] Robertson, Koeberg, Uniondale, Steytlerville, Alice, Villiersdorp en Victoria-Wes.[13]

10. Ibid., p.58: D.F. Malan, Voorsitter - Milner, s.d.

11. Ibid., p.59: Notule van vergadering, 26.3.1900.

12. Ibid., p.92: Albert Cartwright, Hon. Secretary, Conciliation Committee, Kaapstad - Milner, 18.4.1899.

13. Ibid., p.147: Albert Cartwright, Hon. Secretary, Conciliation Committee, Kaapstad - Milner, 7.5.1899.

'n Tweede byeenkoms het op 31 Maart 1900 te Worcester plaasgevind.[14] Ongeveer 400 persone was teenwoordig, onder andere Hargrove, en enkele Parlementslede. Die volgende besluite is eenparig aanvaar:-

"1) That this meeting have learnt with regret of the proposal of the Imperial Government to put an end to the independence of the two Republics, and being well acquainted with the sentiments of the Dutch-speaking population, as well as the large population of the English, expresses hereby its sacred conviction that if effect should be given to such wrongful policy we shall not only regard it as very unjust, but we feel assured that it will be the means of fostering race-hatred, and that thereby the future of South Africa will be enormously retarded while it will militate against the best interests of the British Empire.

2) This meeting, while cherishing a cordial and inviolable interest in the welfare of the whole of South Africa, and convinced that its future is wholly dependent upon the resolutions to be taken by the British Government, hereby expresses its confident trust that before the Imperial Government finally decide about the future of South Africa they will institute a proper enquiry into the state of affairs here, and will be careful that

14. Die eerste vergadering het 22 Maart 1900 plaasgevind, waartydens die Stellenbosch-mosies aanvaar is; Vgl. Cd. 261, p.93: Notule van vergadering, s.d.

all decisions are founded only upon righteousness and justice. Then and then only, we are convinced, will the two races be enabled to dwell together with prosperity, and lasting peace be restored, and then the best interests of South Africa be advanced."[15]

Die grootste vergadering wat onder beskerming van die Versoenings-beweging belê is, het egter te Graaff-Reinet plaasgevind en wel op 31 Mei 1900. Omdat dit ook as 'n volkskongres bestempel is, is hierdie gebeurtenis meer as van verbygaande belang.

Die doel van die byeenkoms was a) om menings te lug oor die oorsake van die oorlog, b) om te verklaar dat die anneksasie van die Republiek rampspoedig sou wees vir die vrede en welvaart van Suid-Afrika, c) om te besin oor wat die aard van die skikking ná die oorlog moes wees en d) om te besluit oor die beste maniere waarop die ware feite betreffende die toestande in Suid-Afrika aan die Britse volk bekend gestel kon word.[16]

Teenstrydige menings is gehuldig oor die wysheid of dit gerade sou wees om so 'n byeenkoms te belê. Aan die een kant is geargumenteer dat dit niks sou baat om aan te dring op die herstel van die onafhanklikheid van die Republieke nie omdat Brittanje vasberade was om die Republieke blywend te annekseer. Inteendeel moes die Afrikaners

15. Cd. 261, p.148: Notule van vergadering, s.d.

16. South African News, 18.5.1900: Kennisgewing van vergadering.

liewers die feit aanvaar dat die Republieke hulle onafhanklikheid gaan verloor. Daar is ook voor gepleit dat die twee Blanke rasse eerder hulle kragte moes saamsnoer ter wille van die welvaart van geheel Suid-Afrika.[17] Inderdaad is die kongres byvoorbaat tot mislukking gedoem nog voordat dit begin het: "Do the members of the Peoples Congress - a handful of exceedingly Pro-Boers, dumped down in an odd corner of the Karoo, really believe that anything they can say or do at the present stage of the war will influence in even the remotest way the policy of Her Majesty's Government? Does the Bond entertain a similar delusion... we ask then what good they hope to achieve with Congress either at Graaff-Reinet or Paarl."[18]

Aan die ander kant is die kongres beskou as 'n lojale beweging wat uit die hart van die volk gebore is. Die Afrikaners het die kongres beskou as 'n geleentheid waartydens lojaal geprotesteer kon word omdat hulle die begeerte van Brittanje om die twee Republieke te annekseer nie as in belang van die Britse Ryk beskou het nie. Volgens die mening van die Afrikaners sou anneksasie van die Republieke rampspoedig wees vir die vrede en welvaart van Suid-Afrika en die kongres moes aan die swygende meerderheid die geleentheid bied om hulle gevoelens bloot te lê.[19]

17. Midland News, 19.5.1900: Hoofartikel.

18. Cape Argus, 17.5.1900: Hoofartikel. Amptelik het die Afrikanerbond nie aan die kongres deel gehad nie, vgl. Davenport: a.w., p.228; Hofmeyr: a.w., p.557.

19. Onze Courant, 17.5.1900: Hoofartikel.

Die kongres is bygewoon deur ongeveer 1 500 persone, waaronder 200 vroue.[20] As voorsitter het opgetree G.N. de Villiers, broer van die Kaapse hoofregter. Hy het 'n beroep op die sprekers gedoen om hulle menings openlik uit te spreek, maar ook gewaarsku dat hulle as Britse onderdane eerbied teenoor hulle owerheid en Koningin aan die dag moes lê.[21]

Van groter belang is egter dat die kongresgangers hulself beskou het om die vertolkers te wees van die gevoelens van die meerderheid van die ingesetenes van Kaapland. Die kongres het naamlik op voordrag van F.W. Mohr 'n mosie goedgekeur dat die besluite wat aanvaar mag word, beskou sou word dat die meerderheid Kaaplanders dit onderskryf. Mohr het sy sienswyse gebaseer op die sukses wat die Afrikanerbond tydens die vorige verkiesing by die stembus behaal het, asook op die toenemende steun wat in veilige Progressiewe setels, soos onder andere in Oos-Londen, aan die Afrikanerkandidate toegesê is. Dit is ook interessant om daarop te let dat Mohr nie net die Afrikaanssprekendes ingesluit het in sy berekenings om te bewys dat die Afrikaners in Kaapland in die meerderheid is nie, maar ook Engelssprekendes en selfs Nie-Blankes soos byvoorbeeld Tengo Jabavu wat tydens die vorige verkiesing die Afrikanerbond gesteun het.[22] Die kriterium wat Mohr toegepas het was dat, "by the term Afrikanders he did not mean only Dutch-speaking Afrikanders, but every man, no matter his nationality, who had chosen South Africa as his fatherland."[23] As hierdie persone

20. Cape Times, 1.6.1900: Nuusberig.
21. Cd. 261, p.184: Verslag van die verrigtinge oorgeneem uit Cape Times, 1.6.1900.
22. Tengo Jabavu was redakteur van 'n Bantoeblad IMVO MELISO LOMSI. Die steun van Bantoe-stemgeregtigdes het 'n belangrike rol gespeel in die kiesafdeling Wodehouse en Aliwal-Noord waar J.X. Merriman en P.J. de Wet en J.W. Sauer en J.N.P. Botha as Bondsmanne verkies is. Vgl. Davenport: a.w., p.185 en voetnote op pp.368 en 369 van dieselfde werk.
23. Ibid. Mohr se opvatting strook met die algemene opvatting van wat in daardie tyd as 'n Afrikaner beskou is. (Vgl. pp.10-12 hierbo).

ingesluit sou word by die Afrikaanssprekendes was daar na die mening van Mohr geen twyfel dat die kongres die meerderheid Kaaplanders verteenwoordig het nie. Dat die kongres met dié mening saamgestem het, blyk uit die eenparige aanvaarding van Mohr se mosie.[24]

Die volgende mosie, naamlik dat na die mening van die meerderheid Kaaplanders die grootste en belangrikste oorsaak van die oorlog geleë is in die ongevraagde inmenging van Brittanje in die huishoudelike sake van die Z.A.R., het 'n warm debat uitgelok. Die eerste spreker was M.J. Pretorius, L.W.V. vir Middelburg. Hy het 'n lang toespraak afgesteek en onder andere aan die hand van die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert 1816 getrag om die foute wat Brittanje teenoor Suid-Afrika sou begaan het aan te dui. Hy was ook van mening dat die Uitlanders hulle in Transvaal by die landswette moes berus het soos die Afrikaners in Kaapland verplig was om te doen en wat dit inderdaad ook getrou gedoen het. Volgens hom sou die Afrikanerkinders daardie tydperk in die geskiedenis steeds onthou vanweë voortdurende en ongevraagde Britse inmenging in Suid-Afrikaanse aangeleenthede.[25]

Jurie Smith, L.W.V. vir Graaff-Reinet het hom vereenselwig met die opmerkings van Pretorius en daarop gewys dat hulle almal lojale

24. Cd. 361, pp.184-186: Verslag van die verrigtinge, Cape Times, 1.6.1900.

25. Ibid., p. 186.

onderdane van die Koningin was, maar dat hulle verlang het dat geregtigheid en regverdigheid teenoor die Republieke aan die dag gelê moes word. Hy het voorspel dat wanneer die dag van afrekening aanbreek die ware Britte dit bitterlik sou berou dat sake sover gegaan het as om die Republieke hulle onafhanklikheid te ontneem. Hy het dit beklemtoon dat die Afrikaners slegs die waarheid aan die Britte kon tuisbring, maar dat hulle self steeds getrou aan Brittanje sou bly.[26]

In 'n emosiebelaaide toespraak het die volgende spreker, Andries Liebenberg van Victoria-Wes verklaar dat Brittanje die oorlog nie vir goud of vir die stemreg gevoer het nie, maar uit wraak om die vernedering van Amajuba[27] uit te wis. Hy het verwys na die onderhandelinge tussen Milner en Kruger voor die oorlog en dit as sy oorwoë mening uitgespreek dat Milner nie tot 'n vergelyk wou kom nie. Hy was ook van mening dat Kruger tereg die stemreg van persone weggehou het wat dit geensins verdien het nie. Hy het dit ten sterkste betwyfel of die twee Blanke rasse na die skandelike wyse waarop Transvaal deur Milner en die Britse owerheid behandel is, ooit weer in vriendskap met mekaar kon leef. Hierdie opmerking is gevolg deur uitroepe van "Nooit! Nooit!" Hy het verklaar dat hy in rou was oor sy broers wat in die oorlog dood is en op sy vraag of dit ooit moontlik sou wees om die hand van vriendskap te reik

26. Ibid., p.186.

27. Die spreker verwys na die slag van Majuba wat tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) plaasgevind het. Vir meer besonderhede hieromtrent vgl. o.a. Oliver Ransford: The Battle of Majuba Hill, The First Boer War; Lady Blanche Bellairs: The Transvaal War, 1880-1881; H. Rider Haggard: The Last Boer War; J. Lehman: The First Boer War.

aan persone op wie die bloed van hulle broers rus, het 'n dawerende applous gevolg en uitroepe van "Nee, nee!"[28]

Die woorde van Liebenberg het die gemoedere so gaande gemaak dat 'n gevoel van opgewondenheid onder die gehoor merkbaar was. Die voorsitter was genoop om tussenbeide te tree. Op kalmerende wyse het hy verklaar dat 'n versoeningsbeweging begin is en dat die beleid eerder moes wees om versoening te bevorder as om verdere verdeling te skep. Hy het daarop gewys dat die twee Blanke rasse genoodsaak was om saam te leef en dat niks gedoen behoort te word om hulle uitmekaar te dryf nie. Die voorsitter het hom egter daarmee vereenselwig dat die Republieke hulle onafhanklikheid moes behou.[29]

Die volgende mosie is deur Albert Cartwright aan die orde gestel, naamlik dat verdere aanleidende oorsake van die oorlog was dat Brittanje die advies van die Kaapse Ministerie geïgnoreer het, dat die Jingo-pers moedswillig misleidende berigte oor die ware toestand in Suid-Afrika na Engeland gestuur en gepubliseer het en dat groot probleme ondervind is om die Britse volk met die ware feite in te lig. Ds. Rabie van Uitenhage het die mosie gesekondeer en het beweer dat die Britte die Afrikaners met minagting behandel het omdat hulle nie advies van die Kaapse Ministers gesoek het nie, maar hulle inteendeel as "onintelligente wesens" beskou het deur hulle te

28. Cd. 261, p.186: Verslag van die verrigtinge, oorgeneem uit Cape Times, 1.6.1900.

29. Ibid., p. 187.

ignoreer. Hy het daarop gewys dat die Afrikaners die inwoners van die Republieke begryp het, maar hulle advies is eenvoudig opsy gestoot soos byvoorbeeld die petisie van die Kaapse Volksraadslede[30] wat baie koel ontvang was. In plaas van na die Afrikaners te luister het Milner hom liewers na ekstremiste soos die redakteur van die Cape Times en die gewese Reformers gewend.[31]

Behalwe Cartwright het ook nog twee ander Engelssprekendes by dié kongres opgetree, naamlik Olive Schreiner en E.T. Hargrove, 'n feit wat seker waarheid verleen het aan F.W. Mohr se bewering dat die term Afrikaners ook andertaliges ingesluit het.[32] Olive Schreiner het haar blydskap om teenwoordig te wees te kenne gegee en daarop gewys dat almal daar as Suid-Afrikaners byeen was ter wille van 'n Suid-Afrikaanse saak. Hulle het as Kaaplanders gevoel dat hulle vriende en bloedverwante in Transvaal hulle steun nodig gehad het en dit was juis om dié steun te gee dat hulle bymekaar gekom het. Sy was oortuig dat as voortgegaan word om op konstitusionele wyse druk op Brittanje uit te oefen, sou die dag kom dat die Republieke hulle onafhanklikheid sou terugkry.[33]

30. Kyk pp.49-50 hierbo.

31. Cd. 261, p.187: Verslag van die verrigtinge, oorgeneem uit Cape Times, 1.6.1900. Met "reformers" word bedoel diegene wat die voortou geneem het met die Jameson-inval, Desember 1895. Vir besonderhede hieromtrent vgl. o.a. W.J. du Plooy: Die Militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval, 1895/1896; J. van der Poel: The Jameson Raid; Elizabeth Pakenham: Jameson's Raid; H.H. Hole: The Jameson Raid.

32. Kyk p.81 hierbo.

33. Cd. 261, p.188: Verslag van die verrigtinge, oorgeneem uit Cape Times, 1.6.1900.

In sy rede het Hargrove sy oortuiging uitgespreek dat die Boeresaak reg was en dat hy sou voortgaan om hom te beywer dat reg en geregtigheid ten opsigte van die Republieke moes geskied. Om daardie rede kon hy hom geheel en al met die mosies vereenselwig wat voor die kongres gedien het. Die Britse Ryk het inderdaad voor 'n krisis te staan gekom: die Republieke moes hulle onafhanklikheid behou anders sou Engeland op die lang duur Suid-Afrika verloor soos hy Amerika verloor het. Sy rede is met groot applous deur die skare begroet.[34]

Behalwe die mosies waarna hierbo verwys is, het die kongres ook 'n aantal ander belangwekkende besluite geneem, onder andere dat die anneksasie van die Republieke slegs kwade gevolge sou inhou vir die vrede en welvaart in Suid-Afrika. Die beste oplossing sou geleë wees in die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke en dat die Britse kolonies in Suid-Afrika en die Republieke gesamentlik as bemiddelaars moes optree in sake wat die interne aangeleenthede van Suid-Afrika raak. So 'n reëling sou dit vir Brittanje en die Republieke onnodig maak om troepe in Suid-Afrika aan te hou omdat die Republieke se onafhanklikheid dan nie weer bedreig sou wees nie en omdat, in die geval van 'n vreemde inval, die kolonies en die Republieke dit gesamentlik sou kon afslaan.[35]

34. Ibid.

35. Ibid., pp.188-189.

Meer prakties van aard was 'n besluit van die kongres om 'n deputasie na Engeland te stuur met die opdrag om op enige moontlike wyse die besluite van die kongres en die ware feite betreffende die omstandighede in Suid-Afrika aan die Britse volk oor te dra. Aan die deputate is ook opgedra om terselfdertyd die volkspetisie wat op hierdie tydstip landswyd gesirkuleer het toe te lig en aan die Britse volk bekend te stel.[36] Daar is ook besluit dat die koste van die deputasie gedek sou word uit fondse wat ingesamel moes word. As komitee vir hierdie doel is aangewys ds. A. Moorrees, ds. Rossouw, prof. C.F.J. Muller, N.F. de Waal en J.C. Molteno. Terselfdertyd is 'n ander komitee bestaande uit J.H. de Villiers, A. Cartwright, W.F. Mohr, Jurie Smith, L.W.V., en J. Marais, L.W.V., benoem om die deputate na Engeland aan te wys. Die moontlikheid is selfs uitgespreek om, indien nodig, dergelike deputasies ook na Australië en Kanada te stuur.[37]

Hoewel die verrigtinge ordelik verloop het en daar geen tekens van oproerigheid was nie,[38] is die afloop van die kongres met gemengde gevoelens begroet. Aan die een kant was die Afrikaners oor die algemeen ingenome daarmee en was hulle van opinie dat dit nou by die Afrikaner-parlementslede berus het om die volkswil, soos op die kongres geformuleer, in die hoogste vergadering van die land te verteenwoordig en te laat geld. Intussen: "Lijdelik verzet totdat recht is geschied moet onze leuze sijn."[39]

36. Die sirkulasie van so 'n petisie was ook 'n aksie wat van die Versoeningsbeweging uitgegaan het. Kyk pp. 90-93 hieronder.

37. Cd. 261, p.189: Verslag van die verrigtinge, oorgeneem uit Cape Times, 1.6.1900; vgl. ook Strydom: a.w., pp. 79-80.

38. Cd. 261, p.189.

39. Ons Land, 5.6.1900: Hoofartikel.

Aan die ander kant het die Engelsgesindes nie gedink dat die kongres daartoe bygedra het om die rasseverhoudings te verbeter nie. Hulle het gemeen, en miskien tereg ook, dat die burgers van die Republieke nie die Kaapse Afrikaners sou liefhê oor hulle toesprake en besluite nie in 'n tyd waarin aktiewe gewapende ondersteuning van meer waarde sou gewees het.[40]

As deputate om na Engeland te gaan is aangewys D.J. de Wet, M. du Plessis, prof. P.J.G. de Vos en R.P. Botha. Dié sending het op 'n algehele mislukking uitgeloop. Teen Oktober het De Wet en Du Plessis reeds teruggekeer met die nuus dat hulle agt vergaderings gehou het en ook in privaat gesprekke verduidelikings verskaf het. Hulle het op die vergaderings met betogers te doen gekry wat hulle in die meeste gevalle doodgeskreeu het. In drie gevalle is die huurgelde van die saal waarin hulle sou optree aan hulle terugbetaal omdat die eienaars daarvan nie met die vergaderings wou deurgaan nie as gevolg van dreigemente van oproerigheid. Meer as een keer moes die lede van die deputasie ná vergaderings wegkruip uit vrees vir klippe en ander voorwerpe wat na hulle geslinger is. In die lig van hierdie omstandighede het die deputate besluit om maar liewer die vlag te stryk en terug te keer.[41]

Soos mens kan verwag het Milner nie veel simpatie met die Versoeningsbeweging gehad nie. Hy het dit bestempel as 'n agitasie

40. Midland News, 2.6.1900: Hoofartikel.

41. Het Oosten, 25.10.1900: Nuusberig; vgl. ook verslag aan die Worcester-kongres; kyk pp.106-108 hieronder.

wat aan die gang gesit is deur die ekstremistiese vleuel van die Afrikanerbond wat gepleit het vir die volgehoue onafhanklikheid van die Republieke en gedreig het dat daar 'n grootskaalse ontevredenheid onder Afrikaners sou wees as Brittanje nie toegee nie.[42] Syns insiens het die beweging op 'n kwaadstokery afgestuur. Hy het ook gemeen dat die term "versoening" nie reg is nie want, met die uitsondering van Hargrove, is die leiers van die beweging die ekstremistiese lede van die Afrikanerbond, terwyl die beleid wat voorgestaan is presies die teenoorgestelde was as dié van die Britse Regering. Milner het egter erken dat versoening noodsaaklik is maar dan moet met versoening bedoel word dat mense met teenoorgestelde politieke menings bymekaar gebring word, met mekaar saamwerk vir vrede in die land en vir die kalmering van rassegevoelens. So 'n toestand kon egter slegs deur die gematigde seksies van beide partye bewerkstellig word wat op 'n gemeenskaplike grondslag kon saamwerk, een waarvan moes wees die erkenning van reeds bestaande werklikhede.[43]

Kritiek teen die Versoeningsbeweging het ook uit Afrikanergeledere gekom.[44] Daar is tereg gewaarsku dat nie veel van die hou van vergaderings verwag moes word nie want die blote aanvaarding van mosies sou beslis nie vrede bring nie. Tog is die beweging ook

42. Cd. 261, p.126: Milner - Chamberlain, 25.4.1900. Milner slaan die bal egter mis. Die beweging is nie deur die Afrikanerbond begin nie soos ook blyk uit die name van die Kaapse Komitee wat hierbo aangehaal is (p.75). Dit is wel waar dat van die lede van die Afrikanerbond op komitees verkies is. Kyk ook Davenport: a.w., p.214.

43. Ibid., pp.182-184: Milner - Chamberlain, 6.6.1900.

44. Middelandsche Afrikaander, 30.5.1900: Hoofartikel.

beskou as 'n medium waardeur die Afrikaners hulle stem kon laat hoor en is hulle aangemoedig om hulle teen die anneksasie van die Republieke te verklaar omdat duursame vrede alleen bewerkstellig kon word indien die Republieke hulle onafhanklikheid behou.[45] Die groot vraag is egter of dit wel nodig is om al die mosies te aanvaar: "de Britsche Regering zal zich daarover niet moe maken."[46]

Behalwe die hou van vergaderings, het die Kaapse tak van die Versoeningskomitee getrag om by wyse van 'n sogenaamde volkspetisie by die Britse volk aan te dring op die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke. Dat dié petisie inderdaad as 'n volkspetisie beskou kan word blyk daaruit dat dit landswyd gesirkuleer het en dat teen April 1900 reeds 70 000 handtekeninge daarvoor verkry is.[47] Dit is egter interessant om daarop te let dat 'n persoon soos Jan Hofmeyr nie die petisie onderteken het nie omdat hy nie geglo het dat die rassegevoel wat deur die oorlog gaande gemaak is onbepaald sou voortduur nie.[48]

Die petisie was gerig aan die Britse volk.[49] Daarin is namens die meerderheid van die inwoners van Kaapland betoog dat die Britte die oorlog ingelei is deur onkunde oor die ware toedrag van toestande in Suid-Afrika en deur misleidende verklarings daaromtrent, onder

45. Ibid.

46. Ibid., 10.4.1900: Hoofartikel.

47. Het Zuid-Westen, 19.11.1900: Nuusberig.

48. Hofmeyr: a.w., p.559: Brief J.H. Hofmeyr - W.P. Schreiner, 22.5.1900.

49. Die teks van die petisie is o.a. te vind in Ons Land, 17.4.1900.

andere dat die Boere nie sou veg nie en dat hulle lafaards sou wees. Voorts is betoog dat indien die Britte daarin sou slaag om die Republieke te oorwin, sou hulle nooit onderwerp kon word nie en sou die inwoners ook nooit tevrede onderdane van die Britse Ryk word nie. Die Republieke se leuse was "vryheid of de dood" en hulle het geveg soos dié wat vir 'n woonplek veg, wat oortuig was dat hulle saak regverdig is en dat om daardie rede vryheid aan hulle geskenk moes word.

In die petisie is die bewering ontken dat die Republieke 'n veroweringsoorlog gevoer het; inteendeel, hulle het uit selfverdediging opgetree. Die openlike voorneme van die Britse Regering dat die Republieke hulle onafhanklikheid moes verloor, is juis 'n bewys dat hulle reg was.

Al wat die Republieke gevra het is vryheid en dat hulle met rus gelaat word. Die mening is uitgespreek dat as daar ooit nasies was wat bewys het dat hulle hul vryheid waardig was, dan was dit die twee Republieke.

Om hulle van hulle vryheid te beroof sou die net onregverdig wees nie maar 'n afskuwelike en byna onherstelbare fout. Die oorlog was, volgens die petisie, onnodig, en het Suid-Afrika reeds met ondergang bedreig en met wanhoop vervul. Daar is slegs een ding erger as die oorlog, naamlik die dreigende anneksasie van die twee gebiede.

Die petisionarisse het die oortuiging uitgespreek dat daar in Suid-Afrika nooit ware vrede en welvaart sou wees solank die Republieke nie vry is nie. Daarom sou hulle hulle by wyse van alle wettige en konstitusionele middels vir daardie vryheid beywer en verklaar hulle ten slotte dat dit by die Britse volk sou berus om in naam

van regverdigheid en ter wille van die beste belange van die Britse Ryk, daardie vryheid aan die Republieke te skenk.[50]

Hoewel duisende die petisie geteken het, het daar tog by sommiges twyfel bestaan of dit enige vrugte sou afwerp. So het "X" van Steynsburg die gedagte aan so 'n petisie heeltemal verwerp, dit as "boter aan de galg" bestempel en beweer dat mens niks goeds van Engeland kon verwag nie, trouens die hele veldtog sou tydmors wees.[51] "X" was ongetwyfeld reg want dit moes toe seker reeds vir baie Afrikaners duidelik gewees het dat Engeland hom nie veel aan hulle versoeke en oproepe sou steur nie. Aan die ander kant het "J.P." van Theebus seker die spyker op die kop geslaan toe hy verklaar het: "Wanneer de nood hoog is grijp men naar elken stroohalm. Wat moeten of zullen wij anders doen? Stil te zitten als onze broeders van hun erfenis worden beroofd, zonder iets te doen, gaat niet." Hy het daarom 'n beroep op die Kaaplanders gedoen om die petisie in groot getalle te onderteken om sodoende aan die Engelse volk, ja aan die ganse wêreld te toon dat hulle nie saamstem met die anneksasie van die Republieke nie. Vrede kon alleen bevorder word deur die petisie te onderteken want die oomblik wanneer Engeland sou afsien van sy voorneme om die Republieke te annekseer sou daar vrede wees: "Laten wij door deze petitie als Britsche onderdanen aan onze mede onderdanen in Engeland zeggen wat wij wenschen. Laat wij bidden en werken, niet vergetende de Here werkte door middelen."[52]

50. Ons Land, 17.4.1900: Advertensie.
51. Ons Land, 29.3.1900: Brief aan redaksie.
52. Ons Land, 7.4.1900: Brief aan redaksie.

Die Britse volk was egter nie in 'n gemoedstoestand om ernstige aandag aan hierdie petisie te gee nie, soos blyk uit die mislukte sending van die deputasie wat van die Graaff-Reinet-kongres na Engeland gegaan het om, onder andere, hierdie petisie aan die Britse volk voor te lê.[53]

Intussen het ook die vroue van Kaapland nie stilgesit nie, maar daadwerklik belangstelling aan die dag gelê ten opsigte van die omstandighede waarin Kaapland en die Republieke beland het. Nie net het hulle saam met die mans vergaderings bygewoon nie,[54] maar hulle het ook self vergaderings belê en toegespreek. Op dié wyse het die vroue geen twyfel gelaat oor waar hulle gestaan het nie. So 'n vergadering is bv. op 10 Julie 1900 in Kaapstad onder voorsitterskap van mev. J.W. Sauer gehou in die Metropolitansaal. By dié geleentheid is drie mosies met die volgende strekking aanva[...] te wete:-

1. Die vergadering het geprotesteer teen die anneksasie van die Republieke en teen die gees van wraak wat in die uitvoering van beleid getoon is.

2. Die onregverdige inmenging van die Britse Regering in die huishoudelike sake van Transvaal wat tot die oorlog aanleiding gegee het, word ten sterkste veroordeel.

3. Die vergadering betreur dit dat persone wat van verraad beskuldig is vir 'n onbepaalde tyd sonder verhoor aangehou is; sodanige optrede het onnodige ontbering, nie net vir die aangehoudene nie, maar ook vir sy

53. Kyk pp. 87-88 hierbo.

54. Die Graaff-Reinet-kongres is deur ongeveer 200 dames wat spesiaal deur die voorsitter verwelkom is, bygewoon. Vgl. Cd. 261 p. 184 en 189: Verslag van verrigtinge, oorgeneem uit Cape Times, 1.6.1900.

familie meegebring.

5. Dank word uitgespreek teenoor alle vroue wat met Suid-Afrika gesimpatiseer het en, in besonder, met die vroue van Engeland wat getrag het om te help.[55]

Op 1 September 1900 het die vroue van Cradock, met mev. ds. Reynecke as voorsitter, 'n vergadering gehou. Mev. P.W. Michau het 'n mosie aan die orde gestel waarin teen die anneksasie van die Republieke beswaar gemaak is. Volgens haar was die ligkant van die oorlog dat die Afrikanerband nouer getrek is. Sy het daarop gewys dat die Afrikaner voor die oorlog nie trots daarop was om 'n Afrikaner genoem te wees nie, maar nou "zijn (wij) dankbaar en trots Afrikaanders te zijn." Laat die band altyd nouer getrek word. As Afrikaners het die Kaaplanders die grootste simpatie met die Transvalers. Is hulle nie stamverwante en broers nie? Die Kaaplanders is nie dislojaal as hulle so voel nie; bloed is tog dikker as water. Alhoewel hulle onder 'n Engelse Regering staan en met die Regering tevrede is, en hulle eerbiedwaardige Koningin eer, kon hulle nie vergeet dat hulle een volk is met hulle broers in Transvaal nie. Inderdaad sou geen mag sterk genoeg wees om die band wat die Afrikanderdom verbind te verbreek nie; dit is één hart wat in die binneste van albei bevolkingsgroepe geklop het.[56]

55. Ons Land, 11.7.1900: Verslag van verrigtinge.

56. Middelandsche Afrikaander, 4.9.1900: Verslag van verrigtinge.

Die mosie is gesekondeer deur mev. Gert Jordaan. Sy het daarop gewys dat die vroue hulle lojaliteit wou toon deur op 'n eerbiedige wyse te protesteer. Volgens haar sienswyse sou Engeland eerlang besef dat hulle wat waarsku teen die verskriklike gevolge van die oorlog, op die lang duur sy enigste vriende is. Hulle protesteer teen anneksasie omdat daar geen rede voor bestaan nie, aangesien die griewe wat aanleiding daartoe gegee het, vreedsaam geskik kon gewees het en omdat anneksasie geen langdurige vrede sou bring nie.[57]

Op 27 Junie 1900 het 'n groot vroue-vergadering in die Paarl, onder voorsitterskap van mev. A.B. de Villiers, plaasgevind. Ongeveer vyfhonderd persone was aanwesig. As hoofsprekers het opgetree mevv. Steytler en Roos, vroue van Kaapse predikante. Soos in die ander gevalle was die mosies ook hier ten gunste van vrede en die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke.[58] Die vroue het dit egter weer eens by monde van mev. Roos beklemtoon dat hulle almal lojaal was en dat hulle op lojale wyse teen anneksasie van die Republieke betoog het.[59]

'n Groot vroue-vergadering het op 12 Oktober 1900 te Somerset-Oos plaasgevind waar 'n gevoelvolle rede van Olive Schreiner voorgelees is. Sy het onder andere daarop gewys dat Engeland as gevolg van die oorlog die trou en toegeneentheid van die meerderheid van die Kaaplanders vir altyd verloor het. Vir haarself was Engeland

57. Ibid.

58. Ibid.

59. Ibid.

ook dood. Die ergste was dat Engeland haar eer verloor het. Die toekoms is egter aan die kant van die gewese Republieke en sy het voorspel dat die Republikeinse vlae weer eendag sou wapper.[60]

'n Maand later is 'n vroue-kongres op die plaas van Tobie Louw naby Paarl gehou. Dáár het ongeveer 1 300 vroue en ook manne geprotesteer teen die afbrand van plaashuise in die Republieke.[61] Ook op ander plekke is vroue-vergaderings gehou waar geprotesteer is teen die lyde wat die oorlog meegebring het en aangedring is op die herstel van die onafhanklikheid van die Republieke. Omdat die vergaderings hoofsaaklik identies verloop het, word dit nie hier in verdere besonderhede bespreek nie.

Dat dit aan die kant van die vroue veel moed gekos het om in 'n tyd toe hulle nog nie oor politieke regte beskik het nie, sulke vergaderings te reël en om hulle menings op vrymoedige wyse te lug, ly geen twyfel nie. Hulle het onder andere die bewondering van 'n persoon soos Merriman afgedwing wat hulle geloof het vir die moed wat hulle aan die dag gelê het. Hy het ook gemeen dat die toesprake wat by dié geleenthede gelewer is 'n aanduiding is van die strenge wyse waarop die vroue se kinders opgevoed sou word om die oorlog nie te vergeet nie. Uit die optrede van die vroue het vasberadenheid gespruit vir die stryd vorentoe.[62]

60. Strydom: a.w., pp. 84-86.

61. Ibid., p. 86.

62. Lewsen: a.w., p.222: J.X. Merriman - Prof. Goldwin Smith, Toronto, 1.7.1900.

Aan die ander kant is daar ook bedenkinge uitgespreek oor die optrede van die vroue, veral omdat hulle maar net kon praat en onuitvoerbare besluite kon neem.[63] In hierdie opsig het die vroue egter in dieselfde bootjie gevaar as die mans wat eweneens op groot skaal "onuitvoerbare" besluite geneem het en 'n veroordeling van hulle pogings sou dus nie billik wees nie. Inderdaad kan aanvaar word dat die invloed wat van die vrouevergaderings uitgegaan het nie gering was nie en dat dit minstens die mans sou bemoedig het om met hulle pogings om vir die onafhanklikheid van die Republieke te pleit voort te gaan.[64]

Terwyl oral in die land vergaderings gehou is, was die Kaapse Parlement in Kaapstad byeen en dit is nie vreemd nie dat ook dáár 'n poging aangewend is om vir die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke te pleit.[65] Die inisiatief het van J.W. Sauer uitgegaan wat tydens die begrotingsdebat op 24 September 1900 'n mosie ingedien het dat Haar Majesteit versoek word om 'n einde aan die voortdurende ellende en onheil in Suid-Afrika te maak deur aan die Republieke vredesvoorwaardes aan te bied waardeur hulle onafhanklikheid onderworpe aan sekere waarborge verseker sou wees.[66]

63. Het Zuid-Westen, 19.11.1900: Hoofartikel.

64. Vgl. die woorde van Merriman: "But from the time that these Dutch women accompanied their husbands on the Great Trek and stood loading the old flint-locks in the laager to withstand the Zulu rush; down to the time that they lashed the men out with their tongues to the almost hopeless struggle for their independence in 1881 - and now that they have willingly made every sacrifice for their independence in this war, the Dutch woman has been a very real factor in influencing events." (Lewsen: a.w., pp.222: J.X. Merriman - Prof. Goldwin Smith, Toronto, 1.7.1900).

65. Vgl. ook oproep in Ons Land, 5.6.1900 (p. 87 hierbo).

66. Cape Hansard, 24.9.1900, kol. 458.

Ontstuimige en soms bitter woorde het in die loop van dié debat geval. Sauer was van oortuiging dat die oorsaak van die oorlog nie in die verlening van stemreg aan die Uitlanders in Transvaal geleë was nie, maar dat die werklike doel van die Britse inmenging in Transvaalse sake die eventuele inpalming van daardie land was. Hy het ook nie geglo dat die Uitlanders sodanig begerig was om hulle Britse burgerskap af te sweer ten gunste van 'n arm en niksbeduidende Republiek nie.[67] Hy het die oorlog as die grootste misdaad van die eeu beskou[68] en daarvoor gepleit dat die Republieke hulle onafhanklikheid moes behou, desnoods deur hulle vrywillig te laat toetree tot 'n Suid-Afrikaanse federasie onder die Britse vlag.[69]

Die eerste minister, sir Gordon Sprigg,[70] was uiters uitgesproke. Hy het die debat as 'n tydverkwisting en die mosie as 'n aanmoediging vir die Republieke om met die oorlog voort te gaan beskou.[71] Hy het ook beweer dat die Z.A.R. uitsluitlik verantwoordelik was vir die oorlog en dat Kruger nie net 'n kapitalis was nie maar ook 'n dief.[72] Inderdaad was die Z.A.R., aldus Sprigg, nie meer 'n Republiek nie maar 'n oligargie in die hande van enkelinge wat op die inwoners geteer en in weelde geleef het. Van so 'n land sou mens nie die nakoming van enige waarborge kon verwag nie.[73]

67. Ibid., kol. 461.

68. Ibid., kol. 465.

69. Ibid., kol. 467 - 468.

70. Teen hierdie tyd het die Schreiner-ministerie reeds lank tot 'n val gekom. Vgl. in hierdie verband o.a. E.A. Walker: W.P. Schreiner, A South African, pp.197-234; E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, pp.372-373; Hofmeyr: a.w., pp.558-560; Laurence: a.w., pp.177-181; Davenport: a.w.,pp.67-73; Snyman: a.w., hoofstuk II.

71. Cape Hansard, kol. 468.

72. Ibid., kol. 471.

73. Ibid., kol. 472.

Hy het die Opposisie derhalwe gemaan om die anneksasie van die Republieke as 'n voldonge feit te aanvaar.[74]

Ten spyte van Sprigg se gekruide taal het die ander sprekers, onder andere Schreiner en Merriman kalmte en waardigheid aan die dag gelê. Albei die here was dit eens dat die teruggawe van die Republieke se onafhanklikheid nie meer 'n praktiese saak was nie, maar dat 'n federasie onder Britse vlag waarbinne die Republieke 'n hoë mate van outonomie kon geniet en selfs hulle eie presidente kon kies, oorweging verdien het.[75] Na 'n hoofdelike stemming is Sauer se mosie met 41 - 39 stemme verwerp.[76] Hoewel niks van die mosie gekom het nie, het dit die Afrikaner-parlementslede tog 'n platform gebied om in die hoogste raadsaal 'n lansie vir die Republieke te breek.

Die volgende geleentheid waartydens die Kaapse Afrikaners op georganiseerde wyse hulle menings sou kon lug, sou te Worcester wees waar 'n tweede volkskongres vir 6 Desember 1900 belê was, onder andere met die doel om die Graaff-Reinet-deputasie geleentheid te bied om oor sy mislukte sending na Engeland te rapporteer.[77] Hoewel hierdie kongres deur 'n aantal Bondsmanne gereël was, was dit egter nie 'n amptelike byeenkoms van die Afrikanerbond nie.[78]

74. Ibid., kol. 473.

75. Ibid., kol. 477-484.

76. Ibid., kol. 485.

77. Vide kennisgewing in South African News, 4.12.1900.

78. Vgl. Davenport: a.w., p. 228.

Die komiteelede wat verantwoordelik was vir die reëlings was F.S. Malan,[79] redakteur van Ons Land, J.J. Theron, 'n ouderling van die N.G. Kerk, tewens ook afslaer en waardeerder asook lid van die Worcesterse Stadsraad en Skoolkomitee, J. de la Bat, prinsipaal van die Skool vir Dowes; Gerrit Keyter, 'n bouer en skrynwerker van wie sewe broers in Boerekommando's geveg het; Jan J. de Villiers, kleremaker, uitruster en boekhandelaar, wat so bitter anti-Brits was dat hy glo sy seuns verbied het om aan sport deel te neem om sodoende kontak met Engelssprekendes te vermy en dr. D. van der Merwe, skoonseun van T.P. Theron, voorsitter van die Afrikanerbond. Die ander lede was volgens 'n informant van Milner rustende boere en almal lede van die Afrikanerbond.[80]

In amptelike Bondskringe was daar onrustigheid oor dié kongres. So het Merriman dit betwyfel of die kongres iets wesenliks sou oplewer. Hy was bevrees dat daar gesê sou word dat die kongres deur politieke agitators op tou gesit is en dat die besluite daarom geen besondere gewig sou dra nie.[81] N.F. de Waal was egter van mening dat Merriman onnodig bekommerd was omdat, hoewel die besluite nie danige vrugte mag afwerp nie, die kongres tog sou dien as 'n veiligheidsklep om gevoelens af te blaas.[82] T.P.

79. Lewsen: a.w., voetnoot 294; Davenport: a.w., p.228.

80. C.O. 48/548: L.C. Streeker - Milner, 24.11.1900 (FK.781, p.421).

81. Lewsen: a.w., pp.239-240: J.X. Merriman - N.F. de Waal, 23.11.1900.

82. Davenport: a.w., p.228.

Theron, die voorsitter van die Afrikanerbond, het die verrigtinge egter met vrees en bewing tegemoet gesien omdat hy gemeen het dat dit hoogs onverantwoordelik was om so 'n kongres te belê.[83]

Die nuus van die voorgenome kongres het groot benoudheid onder 'n deel van die Engelssprekende publiek veroorsaak. So was daar 'n groot onrus onder die lojaliste van Worcester en was hulle daarvan oortuig dat die kongres die voorloper sou wees van 'n algemene opstand indien Brittanje nie aan die eise wat daar gestel sou word, sou toegee nie.[84] Volgens L.C. Streeker was die ondertoon van die voorgestelde byeenkoms een van 'n dreigement. Hy het dit egter verwelkom dat die byeenkoms in die ope lug gehou sou word omdat, as daar verraadpraatjies sou wees dit nie agter geslote deure gesê sou word nie.[85]

Die tagtigjarige Jas. Wykeham was regtig hoog in die nood. Volgens sy inligting het praatjies van verraad en rebellie in die distrik van Worcester hoogty gevier. Die Afrikaners sou die lojaliste openlik gedreig het dat ná die kongres die dag van afrekening sou kom. Hy was bevrees dat plundering, "and perhaps worse", dan aan die orde van die dag sou wees en dat troepe uit Kaapstad nie betyds sou kon opdaag om die vrede te herstel nie aangesien die spoorlyn opgeblaas en die telegraaflyn

83. Ibid.

84. C.O. 48/548: L.C. Streeker - Milner, 24.11.1900 (F.K.781, pp. 419-421).

85. Ibid.

geknip sou word. Hy het dus versoek dat dit oorweeg moes word om die garnisoen op Worcester te versterk tot tyd en wyl die uitkoms van die byeenkoms bepaal kon word. Volgens Wykeham het "Boere" daarmee gespog dat hulle oor 'n aansienlike hoeveelheid gewere en ammunisie beskik wat in die omliggende berge versteek is. Ter afsluiting het hy gesê hy vertrou dat die Goewerneur hom nie as 'n skrikaanjaer sou beskou nie, want na 'n verblyf van 42 jaar in 'n Afrikaanse gemeenskap, "I feel confident that I know them well and their ways also."[86]

'n Ander inwoner van Worcester, ene J.F. Oliff, het ook verplig gevoel om sy bedenkinge oor die komende kongres uit te spreek. Hy het gemeen dat, hoeveel ook al sou saamtrek, die kongresgangers hoofsaaklik ekstremiste sou wees; mense met 'n lae opvoedingspeil en weinig kennis, wat nie na rede sou luister nie, maar maklik met verraderlike sienswyses deur hulle leiers tot die uiterste gedryf kon word. Die lojaliste, wat volgens hom slegs 10% van die bevolking van Worcester uitgemaak het was bevrees dat die "hostile mob" hulle persone en eiendomme geweld kon aandoen. Hy het dus gevra dat die Goewerneur moes reël dat soldate wat as Boere aangetrek is tussen die skare en op straat beweeg totdat toestande op die dorp weer normaal is. Hy het ook gemeen dat 'n sterk mag in die Tulbachkloof en die Heksrivierpasse gestel moes word.[87] Dit is insiggewend om daarop te let dat Oliff

86. C.O. 48/548: Jas. Wykeham - kol. Hanbury Williams, Kaapstad, 26.11.1900. Kol. Williams het dié brief aan Milner oorhandig wat dit op 28.11.1899 aan die Koloniale Kantoor gestuur het (F.K. 782, pp. 422-423).

87. C.O. 48/548: J.F. Oliff - Milner, 23.11.1900 (F.K. 782, p. 424).

nie oor enige bewyse beskik het dat daar werklik iets sou gebeur nie, "only knowing that the intense hatred borne towards Britishers by Boer fanatics in the Colony, I feel certain that they would stoop to anything if they thought that they would succeed or would do any malicious injury or damage if there were no fear of detection."[88] Sy hele houding is dus uit wantroue gebore.

Die Magistraat van Hanover het ook sy deel aan hierdie wolhaarstories toegevoeg deur te rapporteer dat dit algemeen rondvertel word dat as nie aan die eise wat op die kongres gestel wou word toegegee sou word nie, daar 'n algemene opstand in die hele Kaapland sou wees en dat dié opstand reeds vir "Dingaánsdag", die 16de Desember, bepaal was.[89]

Charles de Smidt, die vrederegter van Beaufort-Wes, was ook gekant teen die hou van die kongres en het voorgestel dat dit verbied behoort te word. Krygswet behoort syns insiens oor die hele Kaapland geproklameer te word en elkeen wat die wapens teen Brittanje sou opneem tot die uiterste gestraf word.[90]

Sir Alfred Milner het al hierdie protesbriewe aan die Koloniale Kantoor in Londen gestuur. Daar het een van die amptenare van dié kantoor, H. Lambert, opgemerk: "This show - as we know - that the enemy Worcester Congress was regarded with great anxiety

88. Ibid.

89. C.O. 48/548: Magistrate Hanover - Secretary Law Department, 29.11.1900 (F.K. 783, p.547).

90. C.O. 48/548: Telegram, Charles de Smidt - Military Secretary (s.d.) (F.K. 782, p.496).

by loyalists,"[91] waarop Chamberlain lakonies laat volg het: "the congress is over and no catastrophe has followed."[92]

Die Kaapse owerheid het die waarskuwings van die lojaliste ter harte geneem en daarvoor gesorg dat 'n afdeling Australiese troepe na Worcester gestuur is om tydens die kongresverrigtinge die orde te handhaaf indien nodig.[93] Behalwe vir hierdie voorsorgsmaatreël het dit nie geblyk asof die Regering hom uitermate oor die sogenaamde onrus op Worcester bekommer het nie.

Terwyl daar 'n mate van paniek onder die Engelssprekendes bestaan het, is die hou van 'n kongres uit Afrikaneroorde verwelkom hoewel tog ook gewaarsku is dat daar nie veel van sulke byeenkomste verwag moes word nie en dat dit op hulle beste slegs 'n veiligheidsklep vir opgewonde gemoedere kon wees.

Die Afrikaners is gemaan dat proteste en besluite niks sou help nie omdat die land in die hande van die militêre was en dat die generaals en kolonels geen "lor" omgee vir die menings van al die inwoners van Suid-Afrika nie; wat sou hulle dan omgee vir die mening van die gehate Afrikaanse seksie van die bevolking?[94]

Aan die ander kant was sulke kongresse noodsaaklik omdat dit die Afrikaners in die geleentheid gestel het om hulle stem te laat hoor, en om te protesteer teen die ongeregtighede wat teenoor

91. C.O. 48/548: Opmerking dd. 23.10.1900 (F.K. 782, p.417).

92. C.O. 48/548: Opmerking dd. 29.12.1900 (F.K. 782, p.417).

93. Strydom: a.w., p.86; Laurence: a.w., p.187; E.A. Walker: Lord De Villiers and his times.

94. Het Zuid-Westen, 19.11.1900: Hoofartikel.

hulle bloedverwante in die Republieke gepleeg is. Inderdaad is dit as misdadig beskou om te swyg: "Ieder man die vandaag nalaat om te protesteren tegen de walgelijke daden, waarvan dit arm goud en diamant vervloekte Zuid-Afrika het toneel is, zal leven om zijn swijgen te betreuren."[95] Dit is veral noodsaaklik om met alle krag te protesteer teen die uitwissing van weerlose vroue en kinders. So lank die oorlog teen die mans gevoer is, hoe wreed ook al, is dit nog verskoonbaar omdat mans hulself kon beskerm, maar wanneer weerlose vroue en kinders aan al die wreedhede van die oorlog blootgestel, mishandel en uit hulle wonings gedryf word wat bo hulle hoofde afgebrand is, dan durf die Afrikaner in Kaapland nie swyg nie.[96] Nietemin is die Kaaplanders steeds daarop gewys dat hulle Britse onderdane was en dat hulle op lojale wyse moes protesteer. Hulle het net "sekere dinge" vir die inwoners van die Republieke, wat in 'n wanhopige stryd gewikkel was, begeer en was glad nie van plan om 'n rewolusie aan die gang te sit om dit te bereik nie omdat hulle geen ander vlag as die Engelse of 'n onafhanklike bestuur begeer het nie.[97]

Die kongres is op 6 Desember 1900 in 'n bloekomplantasie aan die suidoostekant van Worcester gehou en is deur tussen 9 000 en 10 000 mense bygewoon.[98] As daaraan gedink word dat 'n groot

95. Vgl. Het Oosten, 22.11.1900 en 29.11.1900: Hoofartikels.

96. Cd. 547, pp.13-14: Brief van L.W.V. oorgeneem uit South African News, 26.1.1900. In verband met vroue en kinders wat na konsentrasiekampe gestuur is, kyk o.a. J.C. Otto: Die Konsentrasiekampe.

97. Vgl. Het Oosten, 22.11.1900: Hoofartikel. Ook L.W.V. het sy lesers dit op die hart gedruk om "as Britse onderdane" te protesteer.(Cd. 547, p.14: Brief oorgeneem uit South African News, 26.11.1900.)

98. Strydom: a.w., p.87; Cape Times, 7.12.1900: Verslag van verrigtinge.

deel van Kaapland onder krygswet was,[99] dat die openbare vervoer grootliks verlam was en dat sommige kongresgangers tot tweehonderd myl per perdekar na die naaste spoorwegstasie moes aflê, is dit duidelik dat die kongres met groot opofferings gepaard gegaan het.[100]

As voorsitter het opgetree J.N.P. de Villiers, 'n broer van die Kaapse hoofregter en Magistraat van Worcester,[101] en as sekretaris F.S. Malan.[102] Die afgevaardigdes was uit 97 distrikte afkomstig en het ongeveer 120 000 mense verteenwoordig.[103]

Nadat ds. J.H. Neethling die kongres met gebed en die gesamentlike sing van Ps. 146:3 geopen het, het die voorsitter die sprekers gemaan om gematigheid aan die dag te lê en 'n spesiale woord van verwelkoming gerig aan die deputate wat Engeland ná die Graaff-Reinet-kongres besoek het en wat op dié kongres verslag van hulle sending sou doen.[104]

Prof. P.J.G. de Vos, die leier van die deputasie het die kongres kortliks toegespreek en gesê dat as die Britte beter ingelig was die sending moontlik meer suksesvol sou gewees het. Hulle het egter in privaat gesprekke met predikante en ander vooraanstaande lui 'n groot mate van simpatie en begrip gevind, maar hierdie persone wou nie openlik enige steun aan die deputate verleen nie

99. Vgl. proklamasies in Cd. 981.
100. Strydom: a.w., p.87.
101. E.A. Walker: Lord De Villiers and His Times, p.378.
102. Cape Times, 7.12.1900: Verslag van verrigtinge.
103. Ibid.
104. Ibid.

en hulle het dit duidelik aan die deputasie gestel: "we feel and agree with you but we dare not speak out our opinions."[105] Hulle het wel enkele vergaderings toegespreek maar verdraaide en onvolledige beriggewing daarvan het sake vir hulle baie bemoeilik sodat hulle nie tot die Engelse publiek kon deurdring nie.[106]

In 'n emosionele toespraak[107] het Cronwright-Schreiner, wat die deputasie vergesel het maar nie 'n lid daarvan was nie, 'n striemende aanval op Brittanje en Milner geloods en beweer dat Engeland nie die waarheid wou hoor nie. Die deputasie is deur die owerheid geïgnoreer en het geen vinger verroer, "while our delegates were hunted from one end of the kingdom to the other by Imperialist mobs, with perfect impunity to their cowardice assailants." Die deputasie het gevind dat daar nóg vir hulle nóg vir die Republieke enige "fair play" in Engeland te vind was. Hy het die beleid wat die Britte die afgelope jare teenoor Suider Afrika gevolg het as oneerlik en lafhartig bestempel. Ook het hy heftig beswaar teen die barbaarse wyse van oorlogvoer teen onskuldige vroue en kinders deur middel van die afbrand van wonings en die kaalstroop van die Republiek gemaak.

Aan Engeland moes, volgens die spreker, duidelik te kenne gegee word dat daar nie by die anneksasie van die Republieke berus sou

105. Cape Times, 7.12.1900: Verslag van verrigtinge; kyk ook p. 88 hierbo.

106. Ibid.

107. Cape Times, 7.12.1900; South African News, 8.12.1900: Verslag van verrigtinge.

word nie; en daar moes aangedring word op die reg dat Kaapland beheer oor sy eie interne sake uitoefen, soos byvoorbeeld dat die Goewerneur iemand na hulle smaak behoort te wees en nie 'n persoon soos Milner nie, "a narrow political partisan, and not a broad, balanced unbiassed representative of our Queen... he never ceased to misrepresent and insult us." Met die uitsondering van Rhodes het niemand Engeland soveel skade aangedoen as Milner nie: "not only is Sir Alfred Milner a curse to South Africa but he is a disintegrator of the Empire here... on account of his narrow, sectional, and party bias and his inability to understand a free people. As long as his foot remains upon South African soil, there can be no peace." Om nie die band met Engeland onherstelbaar te knou nie, moes Milner so spoedig moontlik teruggeroep word, het Cronwright-Schreiner onder dawerende applous verklaar.

Die voorsitter was hierop genoodsaak om sy beroep op die sprekers om hulle in toom te hou te herhaal en te vra dat aanvalle nie op persoonlikhede gemaak moes word nie.[108]

Op die kongres het net drie formele mosies gedien. Die eerste, waarin gevra word vir die beëindiging van die oorlog met behoud van die onafhanklikheid van die Republieke, is deur dr. Reynecke van Ceres aan die orde gestel. Hy het gewys op die ellende wat

108. South African News, 8.12.1900: Verslag van die verrigtinge. Dit kan Cronwright-Schreiner seker verskoon word dat sy taal so sterk gekruie was as in gedagte gehou word dat hy in Engeland 'n hele aantal kere onder betogers deurgeloop het en selfs een keer te Leeds bewusteloos geslaan is, volgens 'n verklaring van R.P. Botha op dieselfde kongres (Ibid).

die oorlog teweeggebring het en het onder andere voorbeelde aangehaal van vroue en kinders wat deur Bantoes te perd aangejaag is. Hy het onder applous verklaar dat daar geprotesteer moes word teen sulke optredes.[109]

Die tweede mosie, naamlik dat die Kaaplanders die reg wou hê om hulle eie interne sake te hanteer en waarin afkeur uitgespreek is teen die beleid en optrede van Milner, is met 'n lang toespraak ingelei deur dr. Kolbe, 'n Rooms Katolieke geestelike.[110] Hy het onder andere daarop gewys dat die nasionale aspirasies van die Afrikaner geïgnoreer word en dat hulle lojaliteit nie aan Engeland nie maar alleen aan die Britse Ryk en die Koningin verskuldig is. Die staatshoof moes buite die politiek staan, hy moes die vertroue van die volk geniet en hulle nie domineer nie. Ongelukkig het Milner, "and he said it with the deepest regret... not kept within the limits of what they concluded a Governor ought to do." Al wat hulle vra is om konstitusioneel so te ontwikkel sodat hulle ook soos ander lande van die Britse Ryk kan beskik oor "a government of South Africans, by South Africans for South Africans."[111]

Die derde mosie dat onophoudelik op konstitusionele wyse gestreef sou word om die besluite van die kongres uit te voer en dat 'n deputasie na die Goewerneur gestuur word om die besluite aan hom

109. Cape Times, 7.12.1900: Verslag van die verrigtinge.

110. Op 6 Desember 1900 berig die Cape Times: "A considerable sensation was caused in Dutch Reformed circles to-day by the eminent Roman Catholic divine being seen walking through the streets of Worcester arm in arm with a pillar of the local Dutch Reformed Church."

111. Cape Times, 7.12.1900: Verslag van die verrigtinge.

oor te dra, is deur J.H. Claasens van Victoria-Wes voorgedra.[112]

Na die aanwysing van die deputasie na die Goewerneur en 'n uitvoerende komitee bestaande uit ds. J.A. Moorrees, J.J. Michau en F.S. Malan om na goeddunke op te tree indien nodig, en die gebruiklike bedankingsmosies aanvaar is, is die kongres afgesluit deur die sing van 'n psalmvers en 'n gebed deur prof. De Vos. Na die gebed het die kongresgangers spontaan die gesang, "Kom, treden wij dan blijmoedig voort in vast vertrouwen op Zijn Woord", gesing.[113]

Van lojalistekant is daar egter onmiddellik na afloop van die kongres pogings aangewend om die verrigtinge verdag voor te stel en om druk op Milner uit te oefen om nie die aangewese deputate te woord te staan nie.[114] Daar is naamlik beweer dat die leiers van die kongres op die aand wat die kongres voorafgegaan het in die geheim vergader het. Op dié byeenkoms is glo ooreengekom dat die kongres gematigheid sou beoefen as 'n oëverblindery omdat as krasse opmerkings gemaak sou word, dit die algemene afkondiging van krygswet tot gevolg sou hê wat weer ander planne in die wiele sou ry en ook geheime kommunikasie met ander dorpe sou bemoeilik. Deur gematigheid aan die dag te lê sou daar dan genoeg geleentheid wees om sake te organiseer en om samewerking met die Vrystaatse kommando's te bewerkstellig. Die geheime

112. Ibid.

113. South African News, 8.12.1900: Verslag van die verrigtinge; kyk ook Strydom: a.w., p.88.

114. C.O. 48/548: H.P. van Eyck, Paarl - Privaatsekretaris van Milner, 7.12.1900 (F.K. 783, pp.614 - 616).

vergadering sou besef het dat die Republieke Brittanje nie meer op die slagveld kon oorwin nie maar dat hulle met 'n algemene gedetermineerde samewerking met die Kaaplanders die oorlog kon verleng en daar op dié wyse op die Britse belastingbetaler druk uitgeoefen kon word om die herstel van vrede te eis, eerder as om verder oorbelas te word om oorlogsuitgawes te bestry. In die lig van hierdie "sameswering" en ook omdat tydens die kongres-verrigtinge gepoog is om Chamberlain en Milner in diskrediet te bring, behoort die deputasie nie te woord gestaan te word nie en behoort krygswet so gou as moontlik op Worcester geproklameer te word.[115]

Daar is geen getuienis dat Milner hom aan hierdie oproep ge-steur het nie, of dat die aantygings enigsins waar was nie. Die skrywer van die brief het sover bekend geen noemenswaardige status in die Paarl geniet nie en sy tirade moet dus met 'n knypie sout aanvaar word.

Oor die algemeen kon die Kaapse Afrikaners tevrede voel met die afloop van die kongres. Alleen uit 'n getalle-oogpunt gesien moet die kongres as 'n sukses bestempel word, veral as die moeilike tydsgewrig waarin dit plaasgevind het in gedagte gehou word. Selfs in die gunstigste tye was dit moeilik om die gees-drif op te wek vir iets anders as geldmakery en sport. Dat die

115. Ibid.

kongres in oorlogstyd en te midde van 'n knellende droogte deur so baie mense bygewoon is waar sake te berde was wat normaalweg buite hulle belangstellingsveld geval het, moes vir die organiseerders daarvan 'n bron van groot dankbaarheid gewees het.[116]

In Afrikanerkringe is die mosies wat op die kongres gedien het as gematig beskou en het hulle ook gemeen dat die Afrikaners tydens die bespreking daarvan getoon het dat hulle op bedaarde wyse kon beraadslaag.[117] Daar is met genoeë kennis geneem van dr. Kolbe se pleidooi dat Suid-Afrika deur Suid-Afrikaners regeer moes word, maar dan moes dit nie die oorheersing van een ras oor die ander beteken nie, of dat iets gedoen sou word wat teen die belange van die Britse Ryk sou indruis nie. Onder so 'n bestuur moes geregtigheid nagestreef word en Downingstraat moes net kon inmeng as die een ras 'n voorsprong bo die ander wou verkry, of as die grondwet nie nagekom sou word nie.[118] Hierdie gedagtes was op hierdie stadium slegs wensdenkery maar dit toon tog dat daar by sommige Afrikaners reeds 'n verlange na self-regering posgevat het.

Die derde mosie wat op die kongres gedien het is egter as die belangrikste beskou, naamlik dat die kongres hom op plegtige wyse verbind om onafgebroke op konstitusionele wyse te ywer vir

116. Midland News, 10.12.1900: Hoofartikel.

117. Het Oosten, 13.12.1900: Hoofartikel.

118. Midland News, 10.12.1900: Hoofartikel.

die verwesenliking van die besluite wat hy geneem het. Hierdie mosie het die kongres op 'n baie hoë vlak geplaas, en daar is selfs na 'n "constitusionele Paardekraal" verwys omdat die kongres homself tot 'n verpligting verbind het.[119] Daar is egter nie klippe opgestapel nie maar "een monument zonder steen of hamerslag is opgericht, dat tot op den dag der vrijheid der twee Zuid-Afrikaansche Republieken zal blijven staan in alle ware Afrikaander harte."[120]

Die Afrikaners is gewaarsku dat dié wat hulle by dié verbond sou aansluit as 'n kwaadstigter, oproermaker en as 'n rassehater gebrandmerk sou word. Hy sou as 'n dislojale onderdaan van Haar Majesteit en moontlik selfs as rebel beskou word. Hulle sou 'n daaglikse stryd moes voer en opposisie en teenkanting sou hulle deel wees en misverstand, haat, veragting en eensaamheid hulle loon. Slegs manne met ruggraat sou by dié Gideonsbende kon aansluit. Daarom, wanneer die slag gelewer is, sou hulle egter deur geheel Suid-Afrika toegejuig word as redders van haar eer, die handhawers van haar regte en as die stigters van 'n hegte en blywende vrede.[121]

119. Het Zuid-Westen, 10.12.1900: Hoofartikel. Hier word verwys na die volksbyeenkoms wat op 8 Desember 1880 e.v. dae te Paardekraal naby Krugersdorp plaasgevind het waartydens o.a. die bestuur van Transvaal in weerwil daarvan dat dit toe onder Britse bewind was, deur die burgers aan 'n driemanskap bestaande uit Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius opgedra is, vgl. o.a. J.A. Mouton: Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1957, pp. 48-49); J.A. Smith: Naar Bloedrivier en Paardekraal, pp.69 e.v.

120. Het Zuid-Westen, 10.12.1900.

121. Ibid.

Die Afrikaners het die kongresverrigtinge egter nie almal in hierdie idealistiese lig gesien nie want reeds enkele dae later was dit, na die mening van die redakteur van Het Zuid-Westen, duidelik dat die afgevaardigdes nie die gewig en erns van hulle verbond besef het nie. Dit was 'n groot teleurstelling want met die ydele vertoon van woorde sou die Afrikaner nie die doelstellings van die kongres verwesenlik nie.[122] Hierdie oordeel was miskien nie billik nie want skaars 'n week na afloop van die kongres het die Republieke Kaapland vir die tweede keer op so 'n groot skaal binnegeval dat feitlik die hele land in die greep van oorlog was en krygswet grootskaals afgekondig is.[123]

Aan die ander kant was daar ook diegene wat die kongres as 'n fiasko bestempel het. Dit sou niks in belang van vrede oplewer nie; daar is maar weer op dieselfde snaar getokkel naamlik dat die onafhanklikheid van die Republieke 'n voorvereiste moes wees vir vrede. Volgens hierdie skool het die sprekers daarvan weggeskram dat dit president Kruger was wat oorlog verklaar het. Gerieflikheidshalwe is die invalle in Kaapland en die onregverdige behandeling van die "ongelukkige" Uitlanders uit die oog verloor. Niemand het met 'n praktiese oplossing voor die dag gekom of aan die hand gedoen dat 'n deputasie liewers na die Republieke gestuur word om die hopeloosheid van hulle saak onder

122. Het Zuid-Westen, 20.12.1900: Hoofartikel.

123. Vgl. p. 32 hierbo.

hulle aandag te bring nie. Inderdaad is diegene wat hierdie gedagterigting voorgestaan het deur die organiseerders van die kongres uitgesluit. Daarom is daarvoor gepleit dat 'n vrye Afrikanerkongres waar sulke persone hulle menings kon lug gereël behoort te word.[124]

Intussen het die deputate wat die kongres aangewys het, te wete ds. W.P. de Villiers (Carnarvon), M.J. Pretorius, L.W.V. (Middelburg), P. Kuhn, L.W.V. (Worcester), P.W. Michau (Cradock) en P.J. Marais (Tulbach) met Milner 'n afspraak gereël en hulle op 11 Desember 1900 by die goewerneurswoning aangemeld om die besluite aan die Goewerneur oor te dra.[125]

Op versoek van Milner het P.J. Marais die besluite voorgelees. Hierin is gesê dat die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke die enigste waarborg vir 'n standhoudende vrede sou wees. Terselfdertyd is beswaar gemaak teen die afbrand van wonings, die verwoesting van die twee Republieke, die uitwissing van 'n Blanke ras en die behandeling waaraan vroue en kinders onderworpe is. Dit alles is "bound to have a lasting legacy of bitterness and hatred." Voorts is afkeur uitgespreek van die beleid wat Milner as goewerneur van Kaapland gevolg het en ten slotte is dit gestel dat die kongres hom verbind het om op konstitusionele wyse te stry vir die verwesenliking van wat in voorgaande besluite beliggaam is.[126]

124. Cape Times, 12.6.1900: Brief oorgeneem uit De Kolonist.

125. 'n Verslag van die verrigtinge is te vind in Cd. 547, pp. 21-23, oorgeneem uit Cape Times, 12.12.1900.

126. Cd. 547, pp. 21-22: Oorgeneem uit Cape Times, 7.12.1900.

In sy toeligting van die besluite het ds. De Villiers verklaar dat daar na sy mening twee hoofredes was wat so 'n groot aantal Afrikaners laat saamtrek het. Ten eerste was daar die diepgevoelde oortuiging by die Kaaplandse Afrikaners dat daar geen blywende vrede kon wees as aan die Republieke hulle onafhanklikheid nie teruggegee word nie. As dit nie gebeur nie sou daar net 'n skynvrede en 'n oppervlakkige berusting in die onvermydelike wees. In plaas van hartlike samewerking en welwillendheid, sou 'n rassegevoel aan die orde van die dag wees, wat geslagte lank kon duur.

Die kwessie van die onafhanklikheid van die Republieke is vir die Afrikaners om nog 'n ander rede 'n saak van groot erns, naamlik die feit dat hulle daarvan oortuig is dat die oorlog 'n onregverdige en ongeregverdige een is en dat die Republiek dus 'n groot onreg aangedoen sou word as hulle hulle onafhanklikheid sou moes inboet.

'n Ander rede waarom so baie mense die kongres bygewoon het, was omdat hulle seer gevoel het oor die wyse waarop vroue en kinders in die jongste tyd behandel is. Daar was niks wat so erg seermaak as om te hoor dat vroue en kinders van hulle huise weggeneem en as krygsgevangenes behandel is nie.

Op hierdie stadium het Milner die onderhoud onderbreek met die stelling dat die huise in die loop van normale krygsverrigtinge afgebrand is en dat die Engelse owerhede hulle daarna oor die vroue ontferm het deur huisvesting aan hulle te bied, anders sou hulle op die oop veld moes rondswerf. Ds. De Villiers het egter

geantwoord dat dit onsinnig was om huise en voorrade te vernietig en daarná liefdadigheid aan te bied. "It seems almost a pieace of sarcasm." Hy het afgesluit met die mededeling dat die kongres deurgaans ordelik verloop het en dat die gedrag van die skare eerbiedig en lojaal teenoor Haar Majesteit was.[127]

M.J. Pretorius het ds. De Villiers se argumente onderskryf en bygevoeg dat die gevoel wat as gevolg van die wyse van oorlogvoer onder die Afrikaners ontstaan het, "is not calculated to be in the interests of South Africa or England." Ook is gevoel dat die rassetwis 'n swak voorbeeld aan die Nie-Blanke bevolking van Suid-Afrika gestel het. Die Afrikaners wat op Worcester byeen was het geglo dat hulle die meerderheid van die Blanke inwoners van Suid-Afrika verteenwoordig en dat hulle daarom 'n reg het om oor hierdie vraagstuk aangehoor te word.[128]

In sy antwoord[129] wat hy voorgelees het, het Milner verklaar dat hy die besluite van die kongres aan die Britse Regering sou deurstuur hoewel hy getwyfel het of hy dit behoort te doen, maar as mens moes fouteer moes dit liewers in belang van versoening en verdraagsaamheid wees. Veral ook omdat een van die besluite homself raak, wou hy dit nie laat blyk dat hy die besluite onderdruk nie. Dit was sover as wat hy sou toegee, maar hy het in

127. Ibid., p. 22.

128. Ibid., pp. 22-23.

129. Ibid., p. 23.

alle vriendelikheid gevra watter goed bereik kon word deur sulke mosies te aanvaar. Hy het nie na die een wat op homself gemik was verwys nie want dié het hy as van minder belang beskou. Die kern het in die eerste mosie gelê: "a resolution evidently framed with great care by the clever men who are engineering the present agitation on the Colonly." Daardie mosie het twee dinge gevra, naamlik die beëindiging van die oorlog en die herstel van die onafhanklikheid van die Republieke. Ten opsigte van die beëindiging van vyandelikhede is almal dit eens maar niks kon meer skadelik wees vir die bereiking van daardie doel nie as om diegene wat 'n hopelose stryd voer die minste aanmoediging te gee deur voor te gee dat die anneksasiebeleid moontlik herroep mag word nie. Hy het beklemtoon dat die anneksasie van die Republieke nie sy beleid is nie maar die Britse Regering s'n, soos dit herhaaldelik deur laasgenoemde gestel is. Daarbenewens is dié beleid goedgekeur deur al die selfregerende kolonies van die Britse Ryk behalwe deur Kaapland, waar die beleid slegs die goedkeuring van die helfte van die Blanke bevolking en van feitlik die gehele Nie-Blanke bevolking geniet het. Hierdie goedkeurende helfte van die Blankes het diegene ingesluit wat, toe Kaapland ingeval en dele daarvan deur die invallende Boeremagte beset was, geveg en gely het "for the cause of Queen and Empire."[130] Sou dit dan redelik wees

130. Ten opsigte van invalle deur Boeremagte in Kaapland vgl. o.a. Amery: a.w., Vol. II, p.267 e.v.; Strydom: a.w., hoofstukke III & V; J.H. Breytenbach: Die stryd in Kaapland (J.H. Breytenbach (red.): Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p.223 e.v.). Dr. Breytenbach fouteer waar hy op p.226 verklaar dat die kongresse van Graaff-Reinet en Worcester asook die ander openbare vergaderings die gevolg was van die anneksasie van die Vrystaat op 28 Mei 1900. Soos hiervoor aangetoon was die krag agter dié vergaderings die Suid-Afrikaanse Versoeningskomitee en het die vergaderings reeds voor die anneksasie van die Vrystaat 'n aanvang geneem.

om te verwag dat die Britse Regering sou teruggaan op 'n beleid wat doelbewus aanvaar is, herhaaldelik gestel is en wat die oorweldigende steun van die hele Britse Ryk geniet? En as dit dan nie so was nie, wat sou eerder lei tot 'n beëindiging van die oorlog: 'n erkenning van die onherroepbare beleid of die herhaling van dreig-proteste daarteen? Daar is, na die mening van Milner, 'n ander rede waarom die mosie nie die vrede sou verkry waarna gesmag word nie, naamlik die aggressiewe ondertoon van oordrywing, "which characterises its illusion to the conduct of the war." Hy het toegegee dat die mosie nie so sterk bewoord was as die toesprake wat ter ondersteuning daarvan gelewer is nie, maar (is)"greatly lacking in that sobriety and accuracy which it is so necessary for us all to cultivate in these days of bitterly inflamed passions." Dit was dus onsinnig om, onder andere, te praat van die uitwissing van 'n Blanke ras, of om enige steun te gee aan lasterlike bewerings betreffende die behandeling van vroue en kinders. "The war, gentlemen, has its horrors," en daardie afgryse vermeerder soos die vyand hulle manier van oorlogvoer verander, wat weer strenger teenmaatreëls van die Imperiale owerheid verg. So was dit een van die mees menslikste oorloë wat nog gevoer is, hoewel dit nie geïmpliseer het dat daar nie aan beide kante geïsoleerde afkeurenswaardige voorvalle was nie. Dit was egter 'n ander saak of die oorlog aan die kant van die "vyand", dit wil sê die Republieke, nog geregverdig kon word. Dit is nie moreel geregverdig om 'n weerstand teen groot lewensverlies en vernietiging van eiendom voort te sit, wanneer die doel van die weerstand nie meer bereik

kon word nie. Die meeste burgers in die veld is deur valse hoop aan die gang gehou; hulle is voortdurend met leuens gevoed betreffende hulle kanse op sukses en, nog erger, betreffende die oogmerke van die Britse Regering indien hulle sou oorgee. Juis om hierdie rede was dit te betreur dat in Kaapland dinge gesê en gedoen sou word wat hulle nog meer mislei en aanmoedig in 'n weerstand, "which creates the very evils that these people are fighting to escape." Hy was daarvan oortuig dat die mosie, net soos die vergadering waarop dit geneem is en net soos die agitasies waarvan die byeenkoms 'n deel was, daarop gemik was om die Boeremagte te mislei en hy sou daarom die mosies met 'n skerp nota van sy persoonlike afkeuring aan die Britse Regering deurstuur.

Sonder om die deputate geleentheid vir verdere bespreking te gee of om behoorlik van hulle afskeid te neem, het Milner die onderhoud beëindig en die vertrek summier verlaat.[131]

Dit is duidelik dat die deputasie geen besondere vreugde uit Milner se houding en die wyse waarop die onderhoud afgeloop het kon put nie. Mens sou jou kon voorstel dat hulle inderdaad baie afgehaal moes gevoel het.

Dat Milner met dié houding nie nuwe vriende onder die Kaapse Afrikaners gemaak het nie is gewis en seker. Hulle het hom byvoorbeeld erg kwalik geneem omdat hy twyfel uitgespreek het oor die wenslikheid om die mosies na die Koloniale Kantoor deur te

131. Het Oosten, 20.12.1900: Nuusberig.

stuur veral in die lig daarvan dat hy in die verlede nooit geskroom het om korrespondensie, van wie ook al afkomstig en wat in sy kraam gepas het na Londen oor te sein nie. Die Afrikaners het ook beledig gevoel deur sy bewering dat die kongres deur "slim" manne georganiseer is waardeur hy die indruk wou skep dat die kongres die werk van politici was;[132] dit was inteendeel 'n volksbeweging. Die vraag is tereg gestel watter hulp hulle van so 'n man te wagte kon wees.[133] Die Afrikaners het ook ongelukkig gevoel oor Milner se bewering dat die verrigtinge op die kongres die burgers sou aangemoedig het. Daar is op gewys dat al sou die Afrikaners 'n honderdtal mosies aanvaar het waarin die Republieke gevra sou word om hulle onafhanklikheid prys te gee hulle geen gehoor daaraan sou gee nie. Die kongres was dan juis bedoel om die oorlog te beëindig en om reg te laat geskied terwyl Milner se antwoord daarop neergekom het dat die oorlog voortgesit en dat aan die gevoel van die volk geen gehoor gegee sou word nie.[134]

Die Afrikaners het die lede van die deputasie geloof vir die wyse waarop hulle hul moeilike taak uitgevoer het; hulle het veel opgeoffer en moes veel sluk, maar hulle het hulle dit ter wille van die goeie saak laat welgeval: "wij zeggen haar uit naam van de

132. Merriman het voorspel dat die kongres so beskou sou word; vgl. p. 100 hierbo.

133. Middelandsche Afrikaander, 14.12.1900: Hoofartikel; vgl. ook Onze Courant, 17.2.1900: Hoofartikel met dieselfde strekking.

134. Het Oosten, 20.12.1900: Hoofartikel.

Afrikaanders er hartelijk dank voor."[135] Ten spyte van die kritiek wat op Milner uitgeoefen is en daar selfs openlik saamgestem is met Cronwright-Schreiner se pleidooi dat Milner herroep moes word, is dit van belang om daarop te let dat die Afrikaners steeds hulle getrouheid aan die Koningin en die Britse konneksie bely het.[136]

Net na Nuwejaar 1901 het die verslae van die kongresverrigtinge en van die onderhoud met Milner in Londen gearriveer. Veral die aanvalle wat op Milner geloods is het die amptenare in die Koloniale Kantoor ontstel. Een van hulle, H. Lambert, het gemeen dat die owerheid hard en duidelik moes antwoord, ook omdat hy bevrees was dat die kongres die laaste konstitusionele poging van die Kaapse Afrikaners mag gewees het om vir die onafhanklikheid van die Republieke te pleit. Ten einde enige gedagte aan 'n moontlike openlike Afrikaneropstand in die kiem te smoor moes die Regering 'n onomwonde antwoord op die kongresverrigtinge gee. Hy was ook van mening dat dit niks sou baat om oor die sake wat voor die kongres gedien het te argumenteer nie omdat daar niks nuuts te sê was nie. Hy het dus voorgestel dat Milner meegedeel word dat die Britse Regering sy antwoord aan die deputasie onderskryf, dat hy verseker word dat hy nog steeds die vertroue van die Regering geniet en dat die Regering nie van voorneme is om terug te gaan op 'n beleid wat al so dikwels gestel is nie.[137]

135. Middelandsche Afrikaander, 14.12.1900: Hoofartikel.

136. Vgl. Onze Courant, 10.12.1900: Hoofartikel.

137. C.O. 48/548: Opmerking van H. Lambert, 2.1.1901
(F.K. 783, pp. 597-598).

Met hierdie siening het Chamberlain hom vereenselwig,[138] en in 'n kort en kragtige skrywe sy algehele goedkeuring geheg aan Milner se antwoord aan die deputasie. In die woorde van Lambert het Chamberlain dit ook baie duidelik gestel dat die Britte geen begeerte het om terug te gaan op 'n beleid, "which has been deliberately adopted and repeatedly declared and has behind it an overwhelming weight of popular approval throughout the Empire," insluitende 'n groot deel van die bevolking van Kaapland.[139]

Voordat van die kongres afgestap word is dit van belang om daarop te wys dat die Kaapse Afrikaners daarvan beskuldig was dat die hou van die kongresse gedien het as aanmoediging vir die Republieke om met die stryd voort te gaan en in die besonder dat die Worcester-kongres die aanleidende oorsaak was vir die tweede grootskaalse inval in Kaapland deur Republikeinse magte in die nag van 15 op 16 Desember 1900.[140] Nie net Milner het in sy antwoord aan die deputasie so 'n beskuldiging gemaak nie,[141] maar ook uit ander oorde is dergelike menings uitgespreek.

So het P.D. de Wet in 'n ope brief beweer dat die Republieke uit die besprekings en besluite op Worcester soveel moed geskep het dat hulle die bovermelde inval in Kaapland geloods het. Hulle

138. C.O. 48/548: Aantekening van J. Chamberlain, 12.1.1901 (F.K. 783, p. 598).

139. Cd. 547, p.29: Chamberlain - Milner, 18.1.1901.

140. Vgl. hoofstuk III, p.32 hierbo.

141. Cd. 547, p.29: Verslag van verrigtinge, oorgeneem uit Cape Times, 7.12.1900.

het onder die indruk gekom dat die Kaaplanders gereed was om hulle lot by die Republieke in te werp en met die wapens by te staan. Sulke valse aanmoediging is nie broederlik nie. Laat daar liewers finaal aanvaar word dat Engeland die Republieke se onafhanklikheid nie sou herstel nie en in die lig daarvan vir versoening gewerk word. Hy het gemeen dat 'n skikking van Engelse kant nie onedelmoedig sou wees nie en het aan die hand gedoen dat 'n ander kongres gehou word met die doel om deputate na die Boeregeneraals te stuur om hulle te oorreed om liewers oor te gee.[142]

'n Ander beskuldiger het gemeen dat die Kaaplandse Afrikaners die Republieke mislei het en dat hulle vanweë die kongresse en ander vergaderings getoon het dat hulle nie 'n praktiese maar slegs 'n "simpatetisch" aandeel in die oorlog sou hê. Daarom is die tweede inval met al die skade, verwoesting en ellende duidelike bewys daarvan dat die Republieke met 'n blote meegevoel van die Kaapse Afrikaner teleurgesteld en ontevrede was. Die inval is bestempel as 'n toets om te bepaal of die Bondsmanne manne van hulle woord was en, indien nie, om hulle desnoods te dreig om op meer tasbare wyse hulp aan die Republieke te verleen.[143]

Van Afrikanerkant is hierdie bewerings van aanmoediging egter verwerp. Dit is as leuens beskou omdat die fundamentele grondslag

142. Middelandsche Afrikaander, 15.1.1901. Die brief het ook in ander koerante verskyn. Die skrywer was 'n broer van genl. C.R. de Wet. In hoofstuk X, p.380 e.v. word meer in besonderhede op dié skrywe teruggekom.

143. De Graaff-Reinetter, 29.4.1901: Brief aan redaksie van "Afrikaner." Vgl. ook brief van "Een Mede-Boer" in De Graaff-Reinetter van 4.4.1901. Hy het gewys op die groot skade wat boere as gevolg van die tweede inval gely het en wat na sy mening die direkte gevolg van die Worcester-kongres was.

waarop die Worcester-kongres berus het dít was dat die Kaaplandse Afrikaners nie daarmee hulle lojaliteit teenoor die Koningin in gedrang wou bring nie. Daarom was die groot vraag waarmee op die kongres geworstel is juis om te bepaal watter konstitusionele weë vir hulle oop was. Die antwoord hierop was, soos dit konstitusioneel hoort, om by wyse van 'n deputasie deur bemiddeling van die Goewerneur na die Imperiale owerheid te appelleer.[144]

Dat die Republieke die verrigtinge in Kaapland goed dopgehou het en dat hulle moontlik moed kon geput het uit die vergaderings en kongresse wat gehou is, is seker aanvaarbaar, maar billikheidshalwe moet daarop gewys word dat die tweede inval in Kaapland reeds sover terug as Julie 1900 beplan was maar nie voor Desember 1900 uitgevoer kon word nie.[145] Dat die inval so kort na afloop van die kongres plaasgevind het is dus nie rede genoeg om dit as 'n direkte gevolg daarvan te beskou nie.

Ons het reeds daarop gewys dat Merriman die wenslikheid van die hou van 'n kongres bevraagteken het omdat daar onder meer beweer kon word dat die kongres deur politieke agitators geïnspireer is.[146] Om 'n meer amptelike karakter aan die Afrikanerproteste te verleen het hy voorgestel dat 'n byeenkoms van lede van die Afrikanerbond

144. South African News, 4.5.1901: Hoofartikel. Ook die Middelandsche Afrikaander, 14.12.1900 en Het Oosten, 28.12.1900, het die bewerings verwerp. (Vgl. ook p. 109 hierbo).

145. Vgl. o.a. Strydom: a.w., pp. 89 - 90; N.J. v.d. Merwe: Marthinus Theunis Steyn, deel II, pp. 66-67.

146. Kyk p. 100 hierbo. Vgl. ook Lewsen: a.w., pp. 239-240: Merriman - N.F. de Waal, 23.11.1900.

gereël word met die doel om 'n "remonstransie" op te stel. Hierin kon 'n uiteensetting gegee word van griewe ten opsigte van Milner se gedrag en die wyse waarop die oorlog gevoer is, asook van voorstelle op welke wyse die oorlog geskik kon word. Hy het ook gemeen dat 'n afvaardiging na Engeland gestuur kon word om desnoods die Britse Laerhuis vanaf die balie toe te spreek.[147]

Ingevolge hierdie voorstel het 'n vergadering van die Parlementslede van die Afrikanerbond op 7 Januarie 1901 in Kaapstad plaasgevind, by welke geleentheid Merriman en Sauer afgevaardig is om die Afrikanersaak in Engeland te gaan stel, desnoods met die hulp van Jan Hofmeyr wat toe reeds om gesondheidsredes in Europa was.[148]

Dit is insiggewend om daarop te let dat Merriman hierdie sending aanvaar het nadat hy duidelik laat verstaan het dat hy nie sou gaan as hy vir die onafhanklikheid van die Republieke moes pleit nie. Hy het sy mede-parlementslede gemaan om realisties te wees want om vir onafhanklikheid te vra sou gekheid wees. Daar moes egter 'n skikking gevra word wat Engeland met eer kon gee en wat

147. Lewsen: a.w., p.239: Merriman - N.F. de Waal, 23.11.1900.

148. Lewsen: a.w., p.245: Mev. A. Merriman - Mev. J. Merriman, 8.1.1900. (In hierdie werk is die datum van die brief klaarblyklik verkeerdelik as 3 Januarie aangegee, vgl. Davenport: a.w., p.229 en nota op p.380; Hofmeyr: a.w., p.562; Laurence: a.w., p.187. In laasgenoemde werk is die plek van byeenkoms weer verkeerdelik as Beaufort aangegee).

die Republieke met eer kon aanvaar. Hy het geweier om enigiets met die beweging te doen te hê, behalwe op hierdie voorwaardes, waaraan die vergadering toegegee het, waarskynlik omdat hulle ook nou begin besef het dat meer realiteit in die Afrikanereise aan die dag gelê moes word.[149] Self het Merriman egter nie baie hoop op sukses gehad nie.[150]

Hofmeyr het dié nuus in München ontvang en feitlik onmiddellik sy misnoeë daaroor uitgespreek omdat hy nie geglo het daar sou iets goeds uit voortvloei nie. Nietemin het Merriman en Sauer besluit om met die sending deur te druk en het hulle vanaf Londen aan Hofmeyr geskryf om sy samewerking te verkry. Weens gesondheids-redes het Hofmeyr dit van die hand gewys, maar navraag gedoen na die wyse waarop Merriman en Sauer te werk wou gaan om toegewings van die Britse Regering te verkry.[151]

Volgens Merriman sou die enigste manier op sukses wees om voor te stel dat die Republieke outonomie behou onder hulle eie vlag, maar gekoppel aan 'n konfederasie onder die Britse vlag.[152] Hofmeyr het koue water op hierdie uitgangspunt van Merriman en Sauer gewerp in die lig daarvan dat Chamberlain en Milner reeds gekomrpomitteer was om geen toegewings te maak nie: "You may well start a dairy wit

149. Lewsen: a.w., p.245: Mev. A. Merriman - Mev. J. Merriman, 8.1.1901. Merriman het reeds tydens die debat oor Sauer se onafhanklikheidsmosie in die Kaapse Parlement verklaar dat dit nie praktiese politiek was om aan te dring op die onafhanklikheid van die Republieke nie; vgl. Cape Hansard,kol.484; kyk ook p. 99 hierbo.

150. Lewsen: a.w.,p.247: Merriman - Mev. A. Merriman, Grahamstad, 17.1.1901: "One goes forth without real hope but with a firm determination to try and break down the wall of prejudice."

151. Hofmeyr: a.w., p.562.

152. Ibid., p.562; Lewsen: a.w., p.258: J.X. Merriman - Hofmeyr, 9.2.1901.

a herd of tigers as expect to squeeze any milk of human kindness (as regards Africanders) out of Chamberlain and the Jingo press."[153] Hy het daarop gewys dat die Britse Regering op niks anders as onvoorwaardelike oorgawe aandring nie en hy was daarvan oortuig dat nòg hy, nòg Sauer nòg Merriman die Britte sou kon beweeg om van standpunt te verander.[154] Nieteenstaande sy pessimisme het hy Merriman en Sauer sukses op hulle sending toegewens.[155]

Die sending van Merriman en Sauer was egter van die begin af gedoem tot mislukking. Hulle het twee onderhoude met Chamberlain gevoer, maar laasgenoemde het voet by stuk gehou dat Brittanje alleen met die onvoorwaardelike oorgawe van die Republieke tevrede sou wees.[156]

Die deputasie het egter 'n meer simpatieke ontvangs deur die leiers van die Opposisie-party geniet, soos onder andere lord Kimberley, lord Aberdeen, John Morley en J.C. Bryce;[157] "but alas! fine words do not butter the proverbial parsnip and mine still remains unbuttered."[158]

153. Hofmeyr: a.w., p.564: Uittreksel uit 'n brief, Hofmeyr - Merriman (s.d.).

154. Lewsen: a.w., p.260: J.H. Hofmeyr - J.X. Merriman, 12.2.1901; Laurence: a.w., p.189.

155. Lewsen: a.w., p.260: J.H. Hofmeyr - J.X. Merriman, 12.2.1901

156. Laurence: a.w., pp. 189-191.

157. Ibid., p. 192.

158. Lewsen: a.w., p.265: J.X. Merriman - Mev. J. Merriman, 22.2.1901.

Hulle geduld sou nog langer beproef word want eers nadat hulle bykans twee maande lank in Londen was, het hulle daarin geslaag om op 25 Maart 1901 'n petisie by die Britse Laerhuis ingedien te kry deur bemiddeling van sir Robert Reid.[159]

In die petisie[160] het die twee here verklaar dat hulle deur 'n politieke party afgevaardig is wat hoofsaaklik uit Afrikaners bestaan en dat hulle die mening van die meerderheid van die Kaapse bevolking verteenwoordig. Hulle is na Engeland gestuur met die doel om die ernstige toestande in Suid-Afrika aan die Parlement te verduidelik en om die mening van die Afrikaners ten opsigte van die toekomstige skikking aan die Britte voor te lê.

Daar is voorts gesê dat die petisionarisse, en die wat hulle verteenwoordig, voor die uitbreek van vyandelikhede alles in hulle vermoë gedoen het om die oorlog te keer deur by die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek daarop aan te dring om betyds toegewings te maak met betrekking tot die dispuut met Brittanje. Hulle was spyt dat hulle pogings onsuksesvol was en dat daar oorlog moes kom wat tot gevolg gehad het die ruïnering en vernietiging van twee Republieke, asook van groot dele van Kaapland en Natal.

159. Laurence: a.w., pp. 192-193.

160. Die teks van die petisie is o.a. te vind in Lewsen: a.w., pp. 282-285.

Ook is in die petisie beswaar gemaak teen die uitwerking van krygswet wat feitlik oor die hele Kaapland van krag was. Krygswet het groot verliese vir die boeregemeenskap meegebring en het in 'n groot mate die handel en nywerheid dwarsdeur Kaapland verlam.

Die materiële verliese was egter nie die ergste nie; veel erger was die bitterheid wat deur die oorlog verwek is. Die tweedrag wat tussen die twee Blanke rasse geskep is het die verhoudinge met die Nie-Blankes, waarvan 'n groot deel pas uit 'n toestand van barbarisme begin ontwaak het, baie bemoeilik.

Al hierdie onheile het op die inwoners van Kaapland tereggekom deur 'n oorlog ten opsigte waarvan hulle nie geraadpleeg is nie. Om daardie rede was dit van belang dat alle menings betreffende die eventuele skikking aangehoor moes word.

Die aankondiging dat beide Republieke permanent geannekseer sou word is met weersin deur die Afrikaners dwarsdeur Suid-Afrika ontvang. Hulle het egter gemeen dat daar ander alternatiewe weë vir die Britse Regering oop was om te volg wat 'n standhoudende vrede in Suid-Afrika tot gevolg sou hê. Omdat die Regering egter vasberade was om nie die anneksasie ongedaan te maak nie, sou nie verder daarop aangedring word nie maar die petisionarisse het gemeen dat 'n stelsel van kroonkolonie-bestuur, ná 'n republikeinse stelsel, die inwoners van die twee gewese Republieke nie sou aanstaan nie en hulle het dus die Laerhuis gevra om aangehoor te word betreffende alternatiewe maniere waarop dié gebiede geadministreer kon word.

Die aansoek is egter summier van die hand gewys.[161] Al wat nou oorgebly het was om die Britse publiek by wyse van vergaderings toe te spreek. Dit het hulle gedoen en anders as die deputasie wat Engeland na die Graaff-Reinet-kongres besoek het, het hulle 'n redelike gehoor gehad,[162] maar nie veel indruk op hulle toehoorders gemaak nie. So het Merriman byvoorbeeld geskryf: "As for getting people to listen to reason they are deaf and blind, and it is hopeless to try and tell the truth in this artificial atmosphere. It is the old attitude of Ahab, 'I hate him for he doth not prophesy good concerning me, but evil.'" Daarom voel hy "thoroughly disillusioned with my mother country."[163] Ook het hy dit die Liberale Party kwalik geneem dat hulle nie 'n meer aktiewe rol gespeel het om sake vir hulle te vergemaklik nie; ook was die geestelikes teen hulle gekant. Merriman was so ontnugterd dat hy in moedeloosheid uitgeroep het: "one can never feel quite the same to England. All one's illusions are shattered and one's belief in the sincerity of the professions of the faith of Christ gone, never to return."[164]

Hofmeyr het egter gemeen dat Merriman te pessimisties oor die oënskynlike mislukking van die sending was omdat deur hulle optrede daar tog 'n saad gesaai is wat later vrugte mag afwerp.[165]

161. Lewsen: a.w., p.285: Verklaring van die heer Balfour in Laerhuis, gedateer 28.3.1901. Dit is interessant om daarop te let dat die Botha-Kitchenervredesonderhandelinge te Middelburg, K.P., op 16.3.1901 afgespring het; vandaar 'n strenger optrede van die kant van die Britse Regering; vgl. o.a. Amery: a.w., vol. V, pp.183-193 en pp. 509-511.

162. Laurence: a.w., p.194.

163. Lewsen: a.w., p.290: J.X. Merriman - J. Hofmeyr, 21.4.1901. Die Bybelteks wat Merriman aangehaal het, kom uit 1 Konings 22:8.

164. Ibid., p.295: J.X. Merriman - Mev. J. Merriman, 29.4.1901.

165. Ibid., p.299: J. Hofmeyr - J.X. Merriman, 19.6.1901.

Dit is begryplik dat ook die Kerk hom in hierdie tydsgewrig nie onbetuig sou laat nie en hom sou aansluit by diegene wat teen die oorlog geprotesteer het, soos blyk uit 'n aantal mosies wat van kerkraads- en ringsweë aan die Kaapse owerheid gerig is.

So het die Kerkraad van Carnarvon sy diepe droefheid uitgespreek oor die groot lewensverlies wat die oorlog aan beide kante van die vegtende partye tot gevolg gehad het en dat die oorlog met sy nasleep van ellende die hele Suid-Afrika sou ruïneer indien dit toegelaat word om sy vernietigende loop te neem.

Die Kerkraad was ook van oordeel dat dit nog nie te laat was om die geskille op vreedsame wyse te besleg nie eerder as om 'n oorlog te voer "waardoor zoveel bloed en schatten verloren gaan, zooveele harten worden gebroken en een weeklacht is opgegaan van beide Engeland en Zuid-Afrika." Die lede van die Kerkraad het gevoel dat hulle in hulle plig as Britse onderdane te kort sou skiet as hulle nie 'n ernstige beroep op Engeland doen om 'n einde aan die noodlottige oorlog te maak nie.[166]

Die Kerkraad van Alexandria het op 14 April 1900 by wyse van 'n mosie te kenne gegee dat dit nie raadsaam sou wees om die Republieke hulle onafhanklikheid te ontneem nie omdat dit duidelik was dat hulle nie oorlog begeer het nie maar bereid was om alles te doen wat rederlikerwys van hulle verwag kon word om tot 'n vreedsame vergelyk te kom. Hulle het slegs vir die behoud van

166. De Kerkbode, 11.1.1900. Die oproep is gedateer 26.12.1899; vgl. ook Cd. 261, p.2, asook C.O. 48/545: ds. W.P. de Villiers - Milner, 26.12.1899 (F.K. 764, p.12).

hulle met bloedgekoopte onafhanklikheid geveg wat hulle kosbaarder as hulle lewens geag het. Anneksasie sou meebring dat rassehaat ten hoogste aangeblaas en vir geslagte lank aan die lewe gehou sou word. Dit sou die lewe onuithoudbaar maak en slegs kwade gevolge vir Britse oppergesag in Suid-Afrika inhou.

Die Kerkraad het verklaar dat die mosie die gevoelens van nagenoeg 1 200 siele vertolk, dit wil sê die van die meerderheid van die Blanke inwoners van daardie distrik. In sy begeleidende skrywe het die plaaslike predikant, ds. H.C. de Wet, gevra dat die mosie onder die aandag van die Britse Parlement gebring moes word.[167]

Mosies in verband met die oorlog is ook op 'n aantal Ringsvergaderings wat gedurende Oktober 1900 gehou is aanvaar. Die Ring van Swellendam, wat 30 000 siele verteenwoordig, het dit hul roeping geag om hulle stem te verhef teen alle kwaad op godsdienstige en sedelike gebied en, hoewel hulle hul van inmenging op politieke terrein wou weerhou, is die oorlog wat in Suid-Afrika gevoer is, na hulle mening, 'n sedelike "kwaad." Die Ring het dus sy ergste afkeur uitgespreek, nie so seer oor die oorlog self nie as oor die wyse waarop dit gevoer is. Ook is die anneksasie van die Republieke afgekeur en is die geweld wat persone en eiendom aangedoen is, veroordeel as in stryd synde met die reëls van beskaafde oorlogvoering.[168]

167. Cd. 261, p.138: Ds. H.C. de Wet - Milner, 25.4.1900. Die mosie self is op 'n vergadering van 16.4.1900 deur die Kerkraad aanvaar.

168. R9/19, p.213: Notule van die Ring van Swellendam, gedateer 10.10.1900.

Ook die Ring van George het sy afkeur en innerlike leedwese te boek gestel oor die ellende wat uit die oorlog gespruit het asook oor die onregmatige "geweld" wat die Kerk in die Republieke en in die grensdistrikte aangedoen is.[169]

Op 'n Ringsvergadering in Paarl is, op voorstel van ds. C. Rabie, 'n mosie eenparig aanvaar waarin die Ring sy diepe droefheid uitgedruk het vanweë die harde maatreëls wat as gevolg van die oorlog getref is waardeur hulle stam- en geloofsgenote nodelose lyde aangedoen is. Die Ring het ook sy innerlike meegevoel betuig met diesulkes en meer bepaald met mede-predikante wat op allerlei wyse verhinder is om hulle ampspligte uit te oefen.[170]

Die Ring van Colesberg het in 'n mosie die oortuiging uitgespreek dat die oorlog vermy kon gewees het. Die "onregverdige en onchristelike" behandeling wat talle predikante te beurt geval het deur òf in tronke gestop, òf uit hulle gemeentes verban te word, en so belet is om in dié beproewingstyd hulle geestelike werk te doen is afgekeur. Net so ook is die "onmenslike" behandeling wat vroue en kinders in die Republieke aangedoen is veroordeel. Die Ring het dit as sy dure plig beskou om teen sodanige handelswyse te protesteer en het sulke gedrag as onwaardig aan die tradisies van 'n volk beskou wat bekend gestaan het as die kampvegter van vryheid en geregtigheid.[171]

169. R9/19, p.395: Notule van die Ring van George, 14.10.1900 en volgende dae.

170. R9/19, p.467: Notule van die Ring van Paarl, 12.10.1900.

171. R9/19, p.536: Notule van die Ring van Colesberg, 18.10.1900.

Ook die Ring van Albanie het hom geroepe gevoel om sy diepe smart uit te spreek oor die behandeling wat die Republieke deur Engeland aangedoen is deur a) krygsgevangenes oorsee weg te voer, b) deur diegene wat nie regstreeks aan die stryd deelgeneem het nie as misdadigers te behandel, c) deur huise af te brand, d) deur vernieling van eiendom, e) deur vroue en kinders uit hulle huis en haard te verdryf en f) deur predikante wat nie aan die stryd deelgeneem het nie uit hulle gemeentes te verwyder op 'n tyd toe hulle juis ernstige behoefte aan hulle vertroosting gehad het. Die Ring het hom dus verplig gevoel om sulke optrede ten strengste te veroordeel en "bidden wij de Regering en het volk van het Britsche Rijk hunnen invloed te doen gelden om aan deze gevoelen paal en park te stellen."[172]

Die Ringsvergadering wat egter die meeste publisiteit geniet het was dié een wat op 5 Oktober 1900 te Kaapstad plaasgevind het, waar onder andere die volgende mosie ter tafel was, naamlik dat, in die lig van die geloofsbande wat die Kaaplandse Afrikaners met hulle geloofsgenote in Transvaal en die Vrystaat bind, en lettende op die onreg wat die Kerk, individue en hulle eiendom aangedoen is, besluit word om dié aangeleentheid in biddende oorweging te neem en om alles moontlik te doen om 'n verandering te weeg te bring.[173]

172. R9/19: Notule van die Ring van Albanie, Bylae B, 11.11.1900.

173. Cape Argus, 5.10.1900: Verslag van die verrigtinge.

In 'n sterk toespraak ter ondersteuning van die mosie het ds. A.I. Steytler onder andere verklaar dat dit die advies van die Kerk was dat die weg van arbitrasie en gematigheid gevolg moes word in die geskil tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hy het geglo dat as dié advies gevolg was, sou Engeland nie 200 000 soldate na Suid-Afrika gestuur het om mede-gelowiges in Transvaal en die Vrystaat te onderdruk nie en dat dit nou die tyd was vir predikante om hulle stem te verhef. Die Kaaplanders het op lojale wyse aan die feesverrigtinge ter ere van die Koningin se goue jubileum meegedoen; hyself het ook op die mees lojale wyse daaraan meegedoen, maar wanneer hy nou sy mond oopmaak word hy as dislojaal bestempel. Sulke optrede is vir hom skokkend want hy is nie net lojaal omdat hy moet nie. Hy sou nie stilgemaak word in sy proteste oor die wyse waarop sy geloofsgenote behandel is nie. Hy het ook gemeen dat die vroue die mans tot skande gemaak het deur die wyse waarop hulle hul stem verhef het.[174] Hy het ook beswaard daaroor gevoel dat die Britte die predikante in die Republieke behandel asof hulle skuim en van die laagste karakters was en dit net omdat hulle na die siekes en sterwendes in hulle gemeentes omgesien het. Hy het hom geskaam oor die wyse waarop die Britte, 'n sogenaamde Christelike volk, opgetree het deur huise van onskuldige vroue en kinders af te brand. So 'n optrede sou 'n mens van barbaarse Chinese en Turke kon verwag maar nie van die Britte nie. Die ergerlike dinge wat in die Republieke plaasgevind het, het 'n bittere en permanente haat teenoor Engeland veroorsaak.[175]

174. Vgl. pp. 93-97 hierbo.

175. Cape Argus, 5.10.1900: Verslag van verrigtinge.

In sy redevoering het ds. J.H. Neethling gesê dat hy nie die mense kon verstaan wat die uitsprake van Suid-Afrikaners oor sake wat hulle na aan die hart lê kondemneer nie. Is dit dan nie die plig van Afrikaanse predikante om teen dade soos die afbrand van wonings te protesteer nie? Daar is egter geen verbittering in sy hart teenoor die Britse volk nie. Dit was teen die beleid van die Britse Regering en die wanadministrasie van die militêre owerhede in Suid-Afrika waarteen hy sy stem verhef. Die mosie is uiteindelik met 21 teen 4 stemme aanvaar en 'n kommissie van drie lede is aangewys om na die belange van medegelowiges in die Republieke en die grensdistrikte om te sien en om te poog om 'n spoedige terugkeer van predikante wat verban is te probeer bewerkstellig.[176]

Die verrigtinge van die Ring en die toespraak van ds. Steytler het skerp reaksie in die pers uitgelok. Ds. Steytler is dit veral kwalik geneem omdat hy sou gesê het dat hy gedwing was om te rebelleer. Die Ring is dit verkwalik omdat hulle hul deur vooroordeel en leuens sou laat lei het. Dit is nie so erg wanneer individuele predikante hulle menings lug nie maar wanneer 'n liggaam soos die Ring van Kaapstad gesamentlik spreek, "then we say, let us have the truth without hypocrisy and shiny trickery."[177]

176. Ibid.

177. Cape Argus, 6.10.1900: Hoofartikel.

Pas nadat hierdie reeks mosies aangeneem is, het tussen dertig en veertig predikante op 28 en 29 November 1900 te Stellenbosch byeengekom om oor die oorlog te besin. Na biddende beraadslaging het die professore van die Teologiese Skool 'n stuk opgestel waarin die menings van die Kerk uiteengesit is. Terselfdertyd is prof. N.J. Hofmeyr, ds. J.P. van Heerden (Kaapstad) en ds. D.A. Alheit (Ceres) gevra om die stuk onder die aandag van die Goewerneur te bring. Dit het hulle gedoen by wyse van 'n skrywe van 7 Desember 1900.[178]

In die stuk is verklaar dat die predikante niks gedoen het om die oorlog te begin of om die gevoel van opgewondenheid in Kaapland te stimuleer nie. Inteendeel het hulle alles in hulle vermoë gedoen om die oorlog af te weer en het hulle steeds binne hulle konstitusionele regte opgetree wanneer hulle uitdrukking gegee het aan hulle oortuiging dat die oorlog onregverdig was en aan hulle gevoel van simpatie met hulle naasbestaandes in die Republieke.

Hulle het weer eens hulle mening bevestig dat die oorlog voorkom kon gewees het. Die geskille kon by wyse van arbitrasie besleg gewees het en hulle het hulle spyt uitgespreek dat hulle waarskuwings en gebede in die wind geslaan is en het herhaal dat blywende vrede alleen verseker kon word op die grondslag van die onafhanklikheid van die Republieke omdat anneksasie van die Republieke geen blywer

178. Cd. 547: pp.18-21: Prof. N.J. Hofmeyr, di. Van Heerden en Alheit - Milner, 7.12.1900.

vrede sou meebring nie. Engeland het nie meer grondgebied nodig nie; vir hulle broers was hulle land al wat hulle gehad het. Daarbenewens het Engeland steeds in die verlede te kenne gegee dat hulle nie gebiedsuitbreiding gesoek het nie maar slegs die beskerming van haar onderdane.

Die predikante het die oorlog veroordeel asook die oorlogsmetodes en in besonder die verbanning van predikante uit hulle gemeente, asook die ontheiliging van kerke. Geen groter straf kon, na hulle mening, op 'n gemeenskap gelê word as om hulle van die bediening van die sakramente te weerhou nie. Die afbrand van wonings, die behandeling van vroue en kinders in konsentrasiekampe en die konfiskasie van eiendom is weer eens ten sterkste afgekeur. Die predikante het beweer dat hierdie en soortgelyke maatreëls strydig was met die beginsels van die beskaafde oorlogvoering soos neergelê deur die Internasionale Vredeskonferensie van Den Haag.

Die predikante was van oortuiging dat die God wat die bestaan van dié twee Republieke gewil het, ook wil dat hulle hul onafhanklikheid moes behou, "and that this Divine Will is the secret cause of the invincible determination of the fighting burghers, rather to endure any suffering than to surrender their loved liberty." Gesterk deur hierdie geloof het die predikante in die verlede, en nou weer, teen die oorlogsbeleid van Brittanje geprotesteer en hulle het gehoop dat dié beleid wat gemik is op die anneksasie van die Republieke, sou misluk.

Ten besluite is die hoop uitgespreek dat God tussenbeide sou tree en dat die Britte deur Sy Gees gelei mag word om 'n einde aan die oorlog te maak deur die dispuut by wyse van arbitrasie te besleg: "By so doing the nation will act according to the Will of Christ, the Prince of Peace, in whom it professes to believe, it will rise in the estimation of the good and the wise all over the world, it will exhibit an example worthy of imitation it will extinguish the bitter race feeling by which the two dominant European races in South Africa are now being estranged from one another, it will efface the injurious and dangerous impressions which this war between two white races is creating in the heathen native mind, and it will open the way for establishing lasting peace and prosperity in all South Africa."

In die Koloniale Kantoor was daar verskil van mening oor hoe daar op hierdie stuk gereageer moes word. Die heer H. Lambert het voorgestel dat geantwoord word dat dit aan die Koningin voorgelê is, dat sy ernstig hoop op 'n vroeë vredesluiting en dat bygevoeg word dat geen vrede bewerkstellig kon word indien die Republieke hulle onafhanklikheid behou nie.[179] 'n Ander amptenaar, H.W. Just, het aan die hand gedoen dat geantwoord word dat dit vir die Britse Regering onmoontlik was om sy beleid te verander, dat die Britse Regering geen plan gehad het om godsdiensvryheid van die inwoners van die voormalige Republieke te weerhou nie en dat later 'n

179. C.O. 48/548: Aantekening van H. Lambert, 2.1.1901 (F.K. 782, p. 556).

verteenwoordigende bestuursvorm, soortgelyk aan die wat in Kaapland in swang is, ook daar ingestel sal word.[180] Chamberlain was egter van oordeel dat dit nie raadsaam sou wees om met "these gentlemen" te onderhandel nie omdat die skrywe nie 'n versoekskrif was nie maar bloot bedoel was om hulle menings te weerspieël. Om daardie rede het hy beslis dat slegs geantwoord word dat die stuk ooreenkomstig hulle wens aan die Koningin voorgelê is.[181] Geen verdere optrede het uit dié optrede gevolg nie en die skrywe van die predikante van Kaapland is, net soos in die geval van vele ander dergelike stukke, deur die Koloniale Kantoor geliasseer.

Die manifes van die Kaapse predikante is gekritiseer oor die feit dat dit slegs 'n veroordeling bevat van die wyse waarop die oorlog gevoer is en dat geen praktiese poging aangewend is om die "hopelose" stryd te probeer beëindig nie. Ook is veral beswaar gemaak teen die gedeelte waarin beweer is dat "die God wat die bestaan van die Republieke gewil het, ook wil dat hulle hul onafhanklikheid moes behou." Tereg is daar gevra waarop dié geloof gegrond is. Is die werklikheid nie miskien andersom nie, naamlik dat die Republieke van hulle onafhanklikheid misbruik gemaak het en dat dit God se wil is om dit van hulle te ontneem nie? Daarby

180. C.O. 48/548: Aantekening van H.W. Just, 7.1.1901 (F.K. 782, p.557).

181. C.O. 48/548: Aantekening van J. Chamberlain, 9.1.1901 (F.K. 782, p. 557).

sou die houding van die predikante nie anders kon as om die vegtende burgers te bemoedig nie. Hulle sou uit die stuk kon aflei dat aan hulle gesê word: "Houdt goeden moed, want uwe zaak is rechtvaardig en God's wil is, volgens onze innige overtuiging dat gij uwe onafhanklikheid zult blijven behouden." Onder dié treurige omstandighede was die redakteur van De Graaff-Reinetter verplig om in moedeloosheid uit te roep: "Hoelang zult gij mede-Afrikaners ... (en) voormannen van de Ned. Geref. Kerk uwen groten zedelijken invloed gebruiken om den, voor de Afrikaners reeds lang hopeloozen strijd, te doen voortduren?"[182]

Dit blyk dus dat die Kaaplandse Afrikaners alle moontlike konstitusionele uitweë beproef het om vir die behoud van die Republieke se onafhanklikheid te pleit. Dit is gedoen by wyse van openbare vergaderings, ook deur vroue, die aanvaarding van mosies ten gunste van onafhanklikheid, sirkulering en ondertekening van petisies, die stuur van deputasies na Engeland en selfs 'n wanhopige poging om 'n onafhanklikheids-mosie deur die Kaapse Parlement aanvaar te kry. Al hierdie pogings was onsuksesvol, en het op die Britte geen indruk gemaak nie omdat hulle gekompromitteer was om die Republieke uit te wis. In die woorde van die Colesberg Advertiser: "The Republics must go. They have been weighed in the balances and found wanting and their place upon earth shall know them no more."[183]

182. De Graaff-Reinetter, 2.5.1901: Hoofartikel.

183. Colesberg Advertiser, 4.5.1900: Hoofartikel.

Waar 'n groot deel van die Kaaplandse Afrikaners vóór die oorlog bereid was om die Republieke ter wille van die vrede op te offer en hulle selfs sonder slag of stoot onder die Britse vlag te sien,[184] kon hulle nou hulle gewete salf met die wete dat hulle hul plig gedoen het deur te protesteer: "spreken is nu plicht, meer dan tijd is het om als Britsche onderdanen ten minste te protesteren..."[185] Dit het hulle ten oorvloede gedoen maar hulle optrede was buite die realiteit van die praktiese politiek.

Dit is egter opvallend dat aan die voorpunt van die proteste Engelssprekendes gestaan het soos Hargrove, Molteno, Cartwright, Olive en Cronwright-Schreiner, en in 'n mindere mate, hoewel nie minder effektief nie, John X. Merriman. Die vraag kan wel gestel word in hoe 'n mate die Afrikaners sou volhard het met proteste as dit nie was vir die leiding wat van hulle Engelssprekende leiers uitgegaan het nie en mens sou geneig wees om Milner gelyk te gee toe hy die spontaneïteit van die versoeningsbeweging onder die Afrikaners bevraagteken het.[186]

Die tydperk van lojale verset het egter met die tweede Boere-inval in Kaapland in die nag van 15 op 16 Desember 1900, nege dae ná die Worcester-kongres, tot 'n einde gekom. As gevolg van die afkondiging van krygswet oor feitlik die hele Kaapland wat ná die inval gevolg het, was dit onmoontlik om voort te gaan met agitasie en die hou van vergaderings. Gedurende die hele 1901 tot met vredesluiting op 31 Mei 1902 is Kaapland so deur Boerekommando's in beroering gebring dat selfs die Parlement nie kon vergader nie.[187]

184. Sien vorige hoofstuk.

185. Onze Courant, 29.11.1900: Brief van "L.W.V." Kyk ook pp.103-10[illegible] hierbo.

186. Cd. 261: Milner - Chamberlain, 6.6.1900.

187. Strydom: a.w., p. 89.

# HOOFSTUK V.

## AFRIKANER-REAKSIE: GEWELDDADIGE VERSET.

Terwyl die meerderheid Afrikaners in Kaapland die weg van lojale verset gekies het om oor die onafhanklikheid van die Republieke te stry, was daar aan die ander kant etlike duisende vir wie bloed letterlik dikker was as water en wat hulle lot met die wapen in die hand by die Republieke ingewerp het.

Die oorlog in Kaapland is gekenmerk deur twee grootskaalse invalle wat deur die Republikeinse magte onderneem is. Die eerste inval is reeds op 12 Oktober 1899 van stapel gestuur toe die Transvalers die Betsjoeanalandgrens oorgesteek en die dorpe langs die grens beset het. Die Vrystaters het op 1 November 1899 die Oranjerivier by Norvalspont en Bethulie oorgesteek en op die 5de by Sanddrif, twaalf myl wes van Aliwal-Noord. Omdat hulle min teenstand ondervind het, was die Boeremagte spoedig in beheer van 'n groot deel van Kaapland.[1]

Hierdie gebeure het dit noodsaaklik gemaak dat krygswet as 'n teenmaatreël afgekondig moes word. Reeds op 10 Oktober 1899 het die goewerneur, sir Alfred Milner, gewaarsku dat alle persone wat aan die vyand enige hulp sou verleen of die wapen teen Haar Majesteit sou opneem, skuldig sou wees aan hoogverraad.[2] 'n Tweede proklamasie, mede-onderteken deur die Eerste Minister, is

1. Vgl. pp.31-32 waar 'n aanduiding gegee is van die omvang van die invalle.

2. Cape of Good Hope Government Gazette, 13.10.1899: Proklamasie Nr. 19/1899 dd. 10.10.1899.

terselfdertyd afgekondig waarin die Kaaplanders aangesê is om hul plig en lojaliteit teenoor die Koningin in ag te neem, om hulle te weerhou van sedisieuse dade of woorde en van aansluiting by en hulpverlening aan die vyand op enige wyse hoegenaamd.[3] Krygswet self is op 16 Oktober 1899 afgekondig oor Mafeking, Vryburg, Taungs, Barkly-Wes, Kimberley en Herbert[4] en op 3 November oor De Aar en die Oranjeriviergebied. Op die 15de het Colesberg, Steynsburg, Albert, Molteno, Aliwal-Noord, Wodehouse, Glen Grey, Queenstown en Cathcart aan die beurt gekom, terwyl Hay die volgende dag bygevoeg is.[5] Op die 15de Januarie 1900 is krygswet oor Philipstown en Hopetown afgekondig terwyl dié oor Prieska, Kenhardt, Britstown en Barkly-Oos op 5 Maart 1900 gevolg het en Gordonia op 23 Maart 1900.[6]

Een van die hoofredes vir dié inval was om onder die Afrikanergeledere in Kaapland rekrute vir die Boerekommando's te werf, want die Republieke het geweet dat die Kaapse Afrikaners hulle simpatiek gesind was. Was hulle dan nie in baie gevalle werklik bloedbroers nie?

Dit is dus geen wonder nie dat, ten spyte van hulle lojaliteitsgebondenheid aan die Britse Koningin, die Boeremagte feitlik met ope arms ontvang is en dat groot getalle Afrikaners as rebelle by dié kommando's aangesluit het. Die omvang wat die rebellie tydens

3. Ibid., Proklamasie Nr. 277/1899, dd.12.10.1899. Vgl. ook J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel II, Ontplooiing van die Boere-offensief Oktober, 1899, p. 15.

4. Cd. 981: Martial Law, Explanatory Memorandum, p.5.

5. Ibid.

6. Ibid., p.7.

hierdie inval aangeneem het blyk uit die onderstaande tabel van die aantal manne wat uit die onderskeie distrikte by die Boere-magte aangesluit het:-

| | | |
|---|---|---|
| Aliwal-Noord | - | Omtrent elke volwasse manlike persoon. |
| Barkly-Oos | - | 70-90% van die manlike inwoners. |
| Wodehouse | - | 75% van die Afrikanerbevolking. |
| Albert | - | Die helfte van die geregistreerde kiesers, en sowat twee-derdes van die wat nog onmondig was. |
| Colesberg | - | 25-30% van die Afrikanerbevolking. |
| Prieska | - | 350 uit 'n totaal van 1 300 blankes. |
| Kenhardt | - | 248 man. |
| Gordonia | - | 380 man. |
| Kimberley | - | Die grootste deel van die Afrikanerbevolking. |
| Barkly-Wes | - | Byna alle Republikeingesindes. |
| Hay | - | Sowat 1 000 man. |
| Herbert | - | 90% van die geregistreerde kiesers, d.w.s. sowat 500. |
| Vryburg | - | Tussen 800 en 900. |
| Mafeking | - | Met uitsondering van sowat 'n halfdosyn, almal wat die Republieke simpatiekgesind was.[7] |

7. Cd. 420: Verslae van Magistrate, pp. 26-28; Snyman: a.w., p.15.

In totaal het ongeveer 10 000 rebelle die wapens tydens die eerste Boere-inval opgeneem.[8]

Die vraag doen hom voor in hoeverre hierdie ongeveer 10 000 man die wapen spontaan opgeneem het en om watter redes hulle dit gedoen het want, soos reeds aangetoon,[9] was die deursnee Afrikaner heeltemal tevrede met die Britse bewind, afgesien nog van die feit dat dit vir hom vanweë sy Britse onderdaanskap verbode was om teen sy wettige owerheid te rebelleer. Dit is seker wel waar dat 'n groot deel van die rebelle spontaan en uit oortuiging hulle lot by die Republieke ingewerp het, maar dit kan nie van almal gesê word nie. Daarby was die metodes waarvolgens die Republieke rekrute gewerf het nie altyd bo verdenking nie.

So het genl. B.J. Viljoen reeds voor die uitbreek van die oorlog 'n opruiende pamflet onder prominente Kaapse Afrikaners versprei waarin hy baie sterk op hulle gevoel gespeel het. Daarin het hy beweer dat die enigste rede vir die oorlog sou wees dat Britse oppergesag in Suid-Afrika hom bedreig gevoel het deur die sukses wat die Afrikanerbond by die stembus gehad het en dat wanneer die twee Republieke onder Britse gesag gebring is, die Afrikaners in Kaapland ook sou verdwyn. As die twee Republieke nie meer bestaan nie, sou die lewe vir die Afrikaner ondraaglik gemaak word. Dit was alleen as gevolg van die bestaan van die twee Republieke dat die Afrikaners in Kaapland en Natal nog geduld is. Indien die twee Republieke sou verdwyn, sou die een vernedering na die ander die lot van die Afrikaner wees. Kleurlinge sou nie net stemgeregtig

8. Strydom: a.w., p.67; Cd. 264: Milner - Chamberlain, 16.1.1900.

9. Vgl. hoofstukke I en II.

wees nie, maar ook sitting in die Parlement kon neem. Die woord "Afrikaner" sou uit die woordeskat verdwyn en die posisies wat die Afrikaner nog in die openbare lewe beklee het sou vervang word deur Britse edelliede en ander "uitgespeelde schurken en zwartgoed", terwyl hulle kinders slegs met vrese en bewing hulle afkoms aan ander sou kon meedeel.

Die Afrikaners moes dus besef dat die vernietiging van die Republieke ook die vernietiging van die Afrikanernasie sou beteken. Indien die Republieke onder gaan sou in die toekoms na die Afrikaners verwys word as 'n nasie wat eens bestaan het en in daardie geval sou die juk van Engeland op hulle druk tot die einde van die dae. Hy het dus gevra of die Kaaplanders sou toelaat dat Engeland van hulle land, hulle geld, hulle vee en hulleself gebruik maak om hulle broers en volksgenote uit te wis. Viljoen het sy geskrif afgesluit deur die geloof uit te spreek dat die toekoms van die Republieke in die hande van God is, maar as die Kaaplanders getrou bly hoef hulle nie oor die uitslag te vrees nie.[10] Die implikasie is duidelik: die Kaaplandse Afrikaners moes in groot getalle in opstand kom om die Republieke te help beveilig.

Ook tydens die besetting van die verskillende dorpe is op die gevoel van die Kaaplanders gespeel waar in toesprake aan hulle gesê is: "Help ons, want u is immers een met ons, ons praat dieselfde

10. Cd. 43, p.102: Pamflet deur B.J. Viljoen.

taal en is van dieselfde afkoms. Ons is een in godsdiens en sedes, in vrese en in belange. U is ons mede-Afrikaners." Vele is ongetwyfeld deur hierdie verleidelike lokstem bekoor.[11]

By die besetting van Colesberg het hoofkommandant E.R. Grobler in 'n toespraak op die markplein onder andere gesê dat die tyd vir die Afrikaners aangebreek het om vir eens en vir altyd te besluit of hulle die gehate juk van die land 6 000 myl ver wou verdra of afwerp. Vir hom was dit 'n saak wat die Koloniale Afrikaners daadwerklik raak en hy het hulle in Godsnaam opgeroep om by die Republieke aan te sluit. Hy het ook gewaarsku dat hulle voor die troon van God tot verantwoording geroep sou word as hulle nie reageer nie.[12]

Dit blyk ook dat van die Republikeine, in hulle erns om rekrute te bekom, nie geskroom het om dikwels onwaarhede te verkondig en hulle gevolglik aan misleiding skuldig te maak nie. Omdat, soos hierbo vermeld, die deursnee plattelandse Afrikaner nie veel skool-opleiding geniet het nie[13] en dus kwalik, indien ooit, 'n koerant onder oë gehad het, was hulle ongelukkig baie vatbaar vir stories wat met groot oortuiging as die waarheid aan hulle opgedis is. Daar is egter geen getuienis dat die Republikeine op georganiseer-

11. Het Zuid-Westen, 14.1.1901: Aangehaal in 'n hoofartikel; vertaal deur skrywer hiervan om die gees van die oproepe weer te gee aangesien dié toesprake in Afrikaans gehou was.

12. Colesberg Advertiser, 18.5.1900: Nuusberig.

13. Vgl. p. 13 hierbo.

wyse onwaarhede verkondig het of dat so 'n optrede die amptelike sanksie van hulle owerhede geniet het nie. Die skuld vir die stories wat versprei is moet dus op die skouers van individue geplaas word.

So is byvoorbeeld rondvertel dat Kimberley en Ladysmith deur die Boeremagte ingeneem en met die grond gelykgemaak is. Ná die slag van Modderspruit[14] is gesê dat 15 000 Engelse soldate daar doodgeskiet is. Daar is ook gesê dat alle dooie Engelse soldate in die see gewerp is en dié storie is in so 'n mate oorvertel dat baie mense glo nie meer vis wou eet nie! Onder sulke omstandighede is dit nie bevreemdend nie dat ongeletterde Afrikaners stories van Republikeinse oorwinnings soos soetkoek opgeëet het en al te bereid was om aan te sluit nie.[15]

Ander wolhaarstories wat versprei is, is onder andere dat 20 000 Britse soldate in Natal gedood of gewond is en dat hulle bloed in 'n stroom van twee en 'n half voet diep deur Ladysmith se strate gevloei het, terwyl daar slegs 35 ongevalle aan Boerekant was.[16] In 'n ander berig is vertel dat Natal, insluitende Durban, in die hande van die Boere geval het en dat die landing van verdere Britse troepe belet is. Ook is gesê dat Pretoria so vol krygsgevangenes is dat van hulle na ander dorpe verskuif moes word. In nog 'n

14. Vgl. o.a. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel II, Ontplooiing van die Boere-offensief, Oktober, 1899, pp. 296-313, vir 'n beskrywing van dié slag.

15. De Graaff-Reinetter, 6.12.1899: Hoofartikel.

16. Ibid., 9.12.1899: Hoofartikel.

'n storie is vertel dat Mafeking afgebrand en Kimberley ingeneem is, terwyl al die troepe in die omgewing van De Aar en Hopetown gedood is. Daar is ook vertel dat Stormberg in die hande van die Boere was en dat die Republieke so suksesvol was dat Engeland om vrede gevra het.[17]

Dat hierdie stories nie maar net deur die verspreiders daarvan uit die duim gesuig is nie, blyk daaruit dat ook uit meer betroubare oorde sterk getuienis gelewer is dat die Republikeine hulle mede-Afrikaners in Kaapland mislei het met stories wat nie altyd waar was nie. So het die Magistraat van Elliott berig dat stories dààr die rondte doen dat die Afrikaners alles te wen en niks te verloor het as hulle by die vyand sou aansluit nie. Daar is vertel dat Engeland geld moes leen om die oorlog te voer en dat hy nooit sy skuld van die oorlog sou kon vereffen nie. Indien Engeland sou oorwin sou die Afrikaners as die gelyke van die Bantoes behandel word. Die terugtrekking van troepe uit daardie area is deur die Afrikaners beskou as 'n uitnodiging om te rebelleer. Verder is vertel dat die Boeremagte feitlik geen weerstand ondervind het nie en dat Bantoes in die Herschel-distrik teen die Afrikaners bewapen is terwyl beskerming aan laasgenoemde ontsê is. Hierdie stories het veral gewillige luisteraars gevind onder manne wat reeds ten hoogste beïnvloed was betreffende die sogenaamde onregverdigheid van die oorlog. Die gerugte was so

17. Ibid.

sterk in omloop dat die Magistraat gemeen het dat iemand met meer invloed, soos bv. Hofmeyr, die grensdistrikte behoort te besoek om al die gerugte op te klaar.[18]

Ook in die omgewing van Engcobo was gerugte in omloop dat die Boere 'n groot oorwinning te Belmont[19] behaal het en dat 3 000 Engelse soldate daar gesneuwel het; "it is evident that spirits of the Dutch are being kept up by false reports."[20]

Van meer belang egter is om daarvan kennis te neem dat uit Afrikanerkringe skerp stemme opgegaan het teen dié optrede van die Republikeine. Juis om eerstehandse kennis hieromtrent in te win, het D.H.W. Wessels, L.W.V. vir Vryburg, 'n toer deur sy kiesafdeling onderneem.[21] Tot sy verbasing het hy gevind dat die Kaaplanders op die grense maar al te gretig was om by die invallers aan te sluit en dat die manne wat hulle oor die jare heen gelei en geadviseer het, eenvoudig veronagsaam is terwyl alles wat die Transvalers aan hulle vertel het as evangelie verslind is. Aan hom is gesê dat geen Engelse ooit weer in daardie omgewing hulle verskyning sou maak nie omdat hulle ver weg verdryf sou word. Stories was in omloop dat Frankryk, Duitsland en Rusland die Republieke te hulp sou kom en dat die Engelse in die see gejaag sou word. Toe hy hulle daarop wys dat dit 'n onmoontlikheid was

18. C.O. 48/543: Resident Magistrate, Elliott - Secretary of Native Affairs, 20.11.1899 (F.K. 756, p. 764).

19. In verband met die slag van Belmont, vgl. o.a. J.H. Breytenbach: Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, deel II, Die Eerste Britse Offensief, pp. 15-36.

20. C.O. 48/543, Magistrates, Elliott, Engcobo - Secretary of Native Affairs, 10.12.1899 (F.K. 758, p. 1092).

21. Vgl. Cape Hansard, 28.10.1900; kol. 250.

omdat hy self pas van Engeland teruggekeer en daar gevind het dat die eenparige gevoel was dat die Republieke ten alle koste uitgewis moes word, is hy stilgemaak met die woorde dat Transvaal die versekering het dat Europa sou inmeng. Hy het dit onmoontlik gevind om dié mense te oortuig dat hulle geheel en al op die verkeerde pad is. Die wolhaarstories is so oortuigend vertel dat die onkundiges nie anders kon as om dit te glo nie. Hulle gemoedere was so vergiftig dat dit nodeloos was om met hulle te redeneer. Daar is selfs vertel dat invloedryke Kaapse Afrikaners insluitende etlike Parlementslede, die wapens opgeneem het. Toe hy hulle meedeel dat hy 'n spesiale boodskap van die Eerste Minister aan hulle het om ten alle koste lojaal te bly, het hulle gesê dat hulle dit nie glo nie en dat die Vierkleur binne 'n week op Tafelberg sou wapper.[22]

Volgens Wessels het die Transvalers geen steen onaangeroer gelaat om die gemoedere van die Kaaplanders te vergiftig nie en feite op so 'n wyse aan hulle voorgedra dat dit na waarhede gelyk het. Hulle is geleer om te glo dat die sielkundige oomblik aangebreek het om 'n slag vir die Afrikanerdom te slaan. Niemand is vir dié misleide mense meer jammer as hy nie, maar hy het die stroom te sterk gevind om te keer.[23]

'n Ander vooraanstaande Afrikaner wat 'n striemende aanval op die Republieke geloods het vanweë die misleiding waaraan hulle hul skuldig gemaak het, was ds. J.F. Botha van Richmond.[24] Volgens dié

22. Ibid.

23. Ibid.

24. Cd. 903, pp. 77-78: Ds. J.F. Botha - G.J. Boyes, Magistraat, Richmond, 18.8.1901. Oor hierdie brief wat ook in feitlik al die Kaapse koerante gepubliseer het, het ds. Botha later in die warm water beland; kyk pp.307-308 hieronder.

Dominee is die Kaapse Afrikaners so erg deur die Republieke mislei dat die Boere wat nog in die veld was die simpatie van die Kaaplanders verloor het. Hy het veral beswaard gevoel omdat die Republieke op die gevoelens van die Kaaplanders gespeel en met leuenagtigheid misbruik gemaak het van die simpatie van die Afrikaner in Kaapland. Deur volgehoue leuens betreffende Britse wreedhede en swakhede, het hulle hul bes gedoen om 'n gevoel van afkeur, ontevredenheid en rebellie in Kaapland teweeg te bring. Daarin het hulle helaas goed geslaag en nou moes onder die gevolge daarvan gely word. Hierdie optrede van die Republikeine was onvergeeflik en ds. Botha sou steeds sy bes doen om hulle aan die kaak te stel. Hy het trouens die aanwesigheid van die kommando's in Kaapland as 'n misdaad beskou omdat hulle niks te wen gehad het nie en eenvoudig die inwoners van die land wat geen aksie teen hulle of die Britse owerheid gekoester het nie, ruïneer.[25] Die Kapenaars is inderdaad in so 'n mate met onwaarhede gevoer dat ds. H.E. du Plessis van Lindley later verklaar het: "the love of lies has penetrated into the Cape Colony."[26]

Die Kaapse Afrikaners kon egter nie kla dat hulle nie betyds teen hierdie taktiek van die Republieke gewaarsku is nie want reeds kort na die uitbreek van die oorlog het die Kaapse Goewerneur, sir Alfred Milner, hom verplig gevoel om die Kapenaars daarteen te

25. Ibid.

26. Midland News, 20.2.1901: Brief aan die redaksie.

waarsku om nie hulle ore uit te leen aan onware gerugte en stories nie. In 'n manifes aan die Kaapse bevolking het hy verklaar dat by wyse van onware en misleidende berigte wat van buite die grense van Kaapland afkomstig is, die Britse Regering voorgestel is asof hy die Afrikaners in Suid-Afrika wou onderdruk en die gerug is versprei dat, as gevolg van die oorlog, die Afrikaanse ingesetenes van die Kolonie van die konstitusionele regte wat hulle geniet ontneem sou word. Hy het hierdie bewering nadruklik ontken. Inteendeel, die Britse Regering het die grootste mate van vryheid en selfregering vir Afrikaners en Engelse tesame in Suid-Afrika voorgestaan. Die Britse beleid was die uitbreiding van vryheid en selfregering en nie die inkorting daarvan nie. Behalwe vir die rebellie, het die grondwet van die land in geen gevaar verkeer nie; die Britse Regering het vas geglo aan die beginsel van gelyke vryheid vir alle lojale koloniste, hetsy van Britse of Afrikaanse afkoms.[27]

Milner het, voortgaande, daarop gewys dat die Koningin gedurende haar lang heerskappy, nooit voorkeur aan een ras ten koste van 'n ander onder haar koloniale onderdane gegee het nie. Bewerings in hierdie voege is in onkunde gemaak, of met die opsetlike doel om die lojaliteit van 'n seksie van die bevolking te skok. Milner het sy blydskap uitgespreek oor die feit dat baie mense hulle ni

27. Kort hierna het Milner egter voelers begin uitsteek vir die opskorting van die Kaapse grondwet en wel in so 'n mate dat die stemreg van die Afrikaners in die gedrang sou kom, maar dit is 'n aangeleentheid wat nie hier ter sake is nie. Vgl. daarvoor o.a. Davenport: a.w., pp.237-240; Laurence: a.w., pp.196-208; E.A. Walker: Lord De Villiers and his times, pp.390-404; vgl. p. 285 e.v. hieronder

aan die drogstories gesteur het nie, maar onware stories word nog steeds versprei en het reeds in verskeie oorde laakbare gevolge gehad. Hy het dus almal wat die stories aanhoor gewaarsku om nie mislei te word deur valshede en daardeur hulle getrouheid aan Haar Majesteit in die gedrang te bring nie. Hy het 'n beroep op alle Britse onderdane, van welke ras of stand ook al, gedoen om saam te staan met die doel om die gesag van Haar Majesteit in Kaapland te handhaaf.[28]

Die Midland News het ook die Afrikaners gewaarsku om hierdie stories sorgvuldig te oorweeg met betrekking tot hulle oorsprong en eventuele gevolge as dit geglo word. Deur dié stories te glo kon alleen lewensverlies, ruïnering, gevangeneskap en boetes op die lyf geloop word. Dié wat wou rebelleer het niks te wen gehad nie; hulle kon nie 'n groter lewenssekuriteit verwerf nie, of 'n groter vryheid as wat hulle reeds besit nie. Die Republieke kon hulle nie eens vir hulle dienste vergoed nie; buit is al waarop hulle kon hoop en daarvoor het hulle hul lewe op die spel geplaas met die feitlike sekerheid dat, na die oorlog, streng teenoor hulle opgetree sou word indien hulle nie voor daardie tyd gedood, gewond of gevange geneem is nie.[29]

Di Patriot het eweneens 'n woord van waarskuwing aan die adres van dié wat vir die misleiding van Afrikaners verantwoordelik is gerig

28. Cd. 43, pp. 235-236. Die manifes is ook afgedruk in 'n buitengewone uitgawe van die Cape of Good Hope Government Gazette, 23.11.1899.

29. Midland News, 20.2.1901: Hoofartikel.

en hulle bestempel as die oorsaak van baie bloed, trane en versugtinge. Hulle sou hulle loon kry en al sou hulle nog by die aardse regter verbykom, is daar nog 'n Hoër Regter wat nie slaap nie. Die bloed van vele onskuldiges het op hulle hoofde gerus en het om wraak geroep.[30]

Daar is sterk getuienis dat, behalwe misleiding, die Republieke ook van dwang gebruik gemaak het om rekrute te werf. Om sake vir hulle in dié opsig te vergemaklik het die Boeremagte in gebiede wat hulle beset het Republikeinse landdroste aangestel en dit as Vrystaatse grond beskou.

Reeds op 24 Oktober 1899 het Milner gewag gemaak van 'n proklamasie wat pres. Steyn sou uitgevaardig het waarvolgens Kaapland noord van die Oranjerivier as Vrystaatse grondgebied verklaar sou wees met onder andere die doel voor oë om rekrute wat gekommandeer mag word op dié wyse van hulle aanspreeklikheid as Britse onderdane te onthef.[31]

Teen hierdie "anneksasie" van Kaapse gebiede het Schreiner persoonlik by president Steyn beswaar aangeteken. Ook het hy beswaar gemaak teen die kommandering van Kaaplanders op straf van konfiskasie van eiendom en verbanning uit hulle distrikte. Hy kon dit nie glo dat so 'n optrede die goedkeuring van die President geniet nie en hy was van oordeel dat die Kaaplanders

30. Di Patriot, 19.7.1900: Hoofartikel.

31. Cd. 43, p.99: Telegram, Milner - Chamberlain, 24.10.1899.

nie sulke behandeling verdien het nie. Hy het ook daarop gewys dat sommiges op dié wyse mislei kon word om dade te pleeg waarvoor hulle in die toekoms swaar mag boet en dat die skuld daarvoor op president Steyn sou rus as hy nie dadelik 'n einde daaraan maak nie.[32]

President Steyn het egter ontken dat so 'n praktyk gevolg is. Hy het beweer dat die Republieke onderworpe was aan leuens en bedrog en dat hy nie verbaas was dat opsetlike valshede met betrekking tot wreedhede, misbruik van die witvlag en "what not" verkondig is nie, "but that you who know the truth should, as you apparently now do, give credence to such false reports and accusations, grieves and surprises me... those portions of the Colony occupied by our burgher forces have not been declared Free State Territory, nor has any commandeering of British subjects taken place under pain of goods and expulsion from their districts."[33] Kommandering wat wel plaasgevind het, was daarop gemik om orde te handhaaf in die besette distrikte en as 'n veiligheidsmaatreël teen 'n moontlike inval van Bantoes wat deur die Imperiale owerheid bewapen is.[34]

Die feite bewys egter dat daar 'n misverstand aan die kant van Milner was met betrekking tot Steyn se proklamasie. In die

32. C.O. 48/543: Telegram, Schreiner - President Steyn, 17.11.1899 (F.K. 756, p.639).

33. C.O. 48/543: Telegram, Pres. Steyn - Schreiner, 20.11.1899 (F.K. 756, p.641-642).

34. Ibid.

proklamasie waarin onder andere verklaar is dat die Vrystaters nie teen die Kaaplanders oorlog sou voer nie en dat van laasgenoemde slegs teen die lewering van 'n kwitansie goedere gekommandeer sou word, kom die volgende inleidende woorde voor wat klaarblyklik verkeerd vertaal was en gevolglik aanleiding tot die misverstand gegee het:-

> "Ik Marthinus Theunis Steyn, Staatspresident van den Oranjevrijstaat doe te weten aan de ingezetenes van het Kaapsche grondgebied dat gemeld grondgebied door de Vrijstaatsche legers word bezet."[35]

Dit wil dus voorkom asof die woorde "word bezet" moontlik nie korrek aan Milner oorgedra was nie. Nêrens is in hierdie proklamasie sprake daarvan dat koloniale gebied geannekseer moes word en pres. Steyn was dus heeltemal daarop geregtig om gekrenk te voel oor die insinuasies van Schreiner. Ook J.H. Breytenbach is die mening toegedaan dat die bevelvoerders van die Republieke nie die verowering en besetting van die aangrensende Britse gebiede beoog het nie maar slegs die uitwissing van die Britse troepe wat die Republieke bedreig het.[36]

Aan die ander kant is daar egter ook besliste aanduidings dat van die Vrystaters tog wel dele van Kaapland tot Vrystaatse grondgebied verklaar het, synde dit dan sonder amptelike sanksie

35. Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat, 20.10.1899: Proklamasie Nr. 544 dd. 14.10.1899.

36. Vgl. J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, deel II, Ontplooiing van die Boere-offensief, p.31.

van die President. So het Het Oosten reeds op 23 November 1899 berig dat die Vrystaters wat gedurende daardie week Burgersdorp, Colesberg, Aliwal-Noord en Lady Grey beset het, daardie gebiede as Vrystaatse grondgebied geproklameer en aan alle Britse onderdane, wat nie by die Republieke wou inskakel nie, kennis gegee het om binne sewe dae te vertrek, terwyl die res "als burgers" gekommandeer is om by die kommando's diens te doen.[37]

Slegs enkele dae later het die Boerelanddros Munnik[38] van Aliwal-Noord aan die Transvaalse Regering gerapporteer dat kmdt. J.H. Olivier juis die vorige dag dié gebied geannekseer het en dat die Kaapse Afrikaners op grootskaal by die kommando's aansluit.[39] Hierdie berigte is deur die Magistraat van Dordrecht bevestig asook dat Albert en Barkly-Wes tot Vrystaatse gebiede verklaar is, dat 'n landdros van Rouxville in Aliwal aangestel is en dat aan die Engelse inwoners vier dae tyd gegee is om die gebied te verlaat.[40]

Die Magistraat van Burgersdorp het ook bevestig dat die Boerekommandant wat daardie dorp beset het, 'n proklamasie voorgelees het waarin die distrikte tot Vrystaatse grondgebied verklaar is en dat dié wat die gebied wou verlaat dit binne veertien dae moes doen, of andersins onderworpe sou wees aan kommandering. Die Magistraat het beswaar by die Kommandant aangeteken maar 'n groot deel van die aanwesiges was ingenome met die optrede van die

37. Het Oosten, 23.11.1899: Nuusberig.

38. Munnik is deur kmdt. Olivier as landdros aangestel in die plek van die Kaapse Magistraat wat van sy pos onthef is. Dit was 'n algemene praktyk om die Magistrate deur Boerelanddroste in besette distrikte te vervang.

39. Headlam, Cecil: The Milner Papers, Vol. II, p.93: Telegram gedateer 26.11.1899.

40. C.O. 48/543: Magistrate, Dordrecht - Secretary of the Law Department, 15.11.1899 (F.K. 756, p. 677).

Kommandant.[41]

Dit blyk ook dat bevelvoerende offisiere aan aanvoerders van Boeremagte spesifieke voorskrifte gegee het met betrekking tot die proklamering van besette gebiede en die kommandering van rekrute. So is byvoorbeeld aan assistent-hoofkommandant Steenkamp opgedra om tydens sy veldtog in Noordwes-Kaapland op die volgende te let:-

1. Distrikte in Noordwes-Kaapland moet of gesamentlik of afsonderlik as Vrystaatse gebiede verklaar word.
2. In die geproklameerde distrikte moet die nodige uitvoerende beamptes aangestel word.
3. Die inwoners van die geproklameerde distrikte moet vir krygsdiens gekommandeer en as 'n burgermag georganiseer word.
4. Persone wat weier om kommandodiens te doen moet die distrik binne veertien dae verlaat.
5. Met inagneming van die voorskrifte van krygswet moet lewensmiddele gekommandeer word.
6. Die nodige stappe moet gedoen word vir handhawing van die algemene welvaart.[42]

41. C.O. 48/543: Magistrate, Burgersdorp (vanaf Steynsburg) - Secretary of the Law Department, 16.11.1899 (F.K.756, p.685).

42. C.O. 48/546: Instruksies aan assistent-hoofkommandant Steenkamp deur hoofkommandant J.S. Ferreira, te Modderrivier, 31.1.1900 (F.K. 772, p. 500).

Op sy beurt het Steenkamp weer aan Andreas Gerhardus de Wet geskrewe instruksies gegee om in sy naam na Frasersburg of enige deel van die "Westelike Provinsie" te gaan, "with full power and authority to proclaim as Orange Free State Territory the province or any part of it", en om wat nog nodig mag wees vir die handhawing van die orde te verrig. Ook is aan hom opgedra om volgens die hiervooraangehaalde instruksie te handel, waarvan 'n afskrif aan hom gegee is as sy magtiging.[43]

Van die optrede van die Vrystaters is daar egter geen beter getuie as die van Kommandant-generaal van die Transvaalse magte, generaal Piet Joubert, nie. Na aanleiding van die voorgenome uitskakeling van Kaapse Afrikaners by eventuele uitruiling van krygsgevangenes, het hy gesê dat hy nooit tot so 'n stap kon toestem nie omdat die Engelse Regering "niet by macht was Koloniale Afrikaanders te beschermen tegen den dwang en geweld door onze krijgsmaar (sic) op hen uitgeoefend. Wij hebben het land ingenomen en zoover wij het ingenomen hebben geproclameerd en commandeeren wij de ingezetenen of onder dwang tot onze diensten..."[44] 'n Duideliker erkenning van dwang wat op die Kaaplanders uitgeoefen is, kan kwalik verkry word.

Dat die Boeremagte erg opgetree het blyk, onder andere, daaruit dat die Vrystaters die inwoners van Aliwal-Noord wat gekommandeer is om die wapens op te neem met £27.10.0. beboet het as hulle nie

43. C.O. 48/546: Instruksies aan A.G. de Wet deur L.P. Steenkamp, Assistent-hoofkommandant, 21.2.1900. Die aangehaalde gedeelte is soos dit deur Kaapse amptenare vertaal is vir deursending na die Koloniale Kantoor in London (F.K. 772, p.502).

44. C.O. 48/547: Telegram Hooftelegraafdepartement (H.T.D.) Pretoria - Vrederegter Vryburg, 28.11.1899 (F.K. 779, p.904; ook by Cd. 420, p. 91).

aan die oproep gehoor gegee het nie. Terwyl aan die Britse ingesetenes die geleentheid gegee is om 'n eed van neutraliteit af te lê, is dit aan die Afrikaners wat nie met die Boere wou saamgaan nie, geweier. Laasgenoemde kon wel toegelaat word om die distrik te verlaat, maar dan het hulle besittings die eiendom van die Vrystaat geword. 'n Arm burger wat voor die krygsraad gedaag is omdat hy geweier het om vir die Boere diens te doen is met £5.0.0. beboet en beveel om desondanks onmiddellik diens te doen; "zoo werden de Hollandsche Afrikaander bedreig."[45]

In 'n ander nuusberig is vermeld dat die Afrikaners van Aliwal-Noord gekommandeer is op straf van 'n boete van £37.10.0. By 'n tweede weiering is 'n verdere boete opgelê en by die derde weiering is van die ingesetenes na die tronk op Bloemfontein gestuur. Die meeste het egter die opgelegde boetes betaal terwyl die armer persone wat dit nie kon bekostig nie, by die Republikeinse magte aangesluit het.[46]

In 'n ope brief aan die Eerste Minister het J.C. du Plessis van Elliott bevestig dat die ingesetenes van besette distrikte gedwing is om die wapen op te neem en hy het die voorbeeld aangehaal van M.C. van Pletzen van Barkly-Oos wat met £37.10.0. beboet is omdat hy nie by die Boeremagte wou aansluit nadat hy gekommandeer is nie. Nadat hy die boete betaal het, is hy desnieteenstaande nog verplig om aan te sluit. Du Plessis het

45. Middelandsche Afrikaander, 24.4.1900: Brief van "Een Afrikaander".

46. South African News, 8.6.1900: Nuusberig.

daaraan toegevoeg dat dié huiwering by sommiges om aan te sluit toegeskryf moes word aan die feit dat dit nie in die aard van die Afrikaner is om te veg nie, tensy hy daartoe gedwing word.[47] In die distrik van Prieska is boetes van £1.0.0. tot £5.0.0. opgelê weens weiering om aan kommandobevele gehoor te gee,[48] terwyl in Colesberg boetes van £37.10.0. gegeld het.[49]

So kan voorbeelde vermenigvuldig word, maar voorgaande is voldoende om aan te toon dat die Kaaplanders aan groot druk onderworpe was om by die Boeremagte aan te sluit.

Die streng houding wat die Boere-invallers teenoor die Kaaplanders ingeneem het spreek ook duidelik uit die proklamasies wat by die besetting van dorpe afgekondig is. Omdat dit so insiggewend is, word 'n weergawe van die proklamasie wat by die besetting van Vryburg en omgewing afgekondig is, hieronder aangehaal soos deur Kaapse amptenare vertaal vir deursending na die Koloniale Kantoor in Londen:-

> "Whereas the time has arrived in the Africander strife when there can be no intermediate party, that is neutrals, and when friend and enemy must be separated from each other;

47. South African News, 19.7.1900: Ope brief J.C. du Plessis - Eerste Minister.

48. Cd. 420, p.51: Rapport van die Magistraat, 7.7.1900.

49. Ibid., p. 49: Rapport van die Magistraat, 17.7.1900.

"and whereas there are still many persons sitting at their homes with whose feelings we are not acquainted, now, therefore, I Jacobus Albertus van Zyl, Fighting General Commanding the Burgher Forces in Bechuanaland, do hereby proclaim and establish, to wit:-

Firstly, that each and every burgher in the Districts of Vryburg, Mafeking and Kuruman, of and above the age of 16 years, will be commandeered under Martial Law by the South African Republic.

Secondly, that every person who shall refuse to this commandeering or calling out shall undergo the following punishments:-

(a) That their movable property shall be confiscated

(b) and they shall be ordered from their farms into Vryburg." [50]

Uit bostaande is dit duidelik dat die Transvalers en Vrystaters nie veel omgegee het vir die gevoelens van hulle Kaaplandse bure nie. Hulle het dit eenvoudig van die Kaaplanders verwag dat hulle huis en haard moes verlaat om aktief aan die kant van die Republieke aan die oorlog deel te neem.

Dit is begryplik dat die Kaapse owerheid teenmaatreëls teen die proklamasies en kommanderings moes tref. Beide optredes van die Republikeine is as onwettig en as van nul en gener waarde verklaar

50. C.O. 48/554: Proklamasie van generaal J.A. van Zyl, gedateer 15.9.1901 (F.K. 817, p.968).

51. C.O. 48/543: Schreiner - Magistrate, Dordrecht, 29.11.1899 (F.K. 757, p.94).

en die inwoners is gewaarsku om geen ag daarop te slaan nie, maar om hulle verpligtinge as Britse onderdane getrou na te kom. Dié wat hulle nie aan hierdie opdrag steur nie, sou aan hoogverraad skuldig wees. Die ingesetenes is ook meegedeel dat deur te weier om aan die kommanderingsbevele gehoor te gee, hulle volle kompensasie sou verkry vir enige ongerief wat hulle mag ly as gevolg van die uitlewing van hulle lojaliteit. Hulle is daarop gewys dat die anneksasie van Kaapse grondgebied deur die Vrystaters heeltemal onwettig is en dat dit geen beskerming aan enige onderdaan verleen wat hulle ingevolge daarvan aan dislojaliteit skuldig sou maak nie.[52] Merriman het hom met hierdie mening vereenselwig toe hy vir N.F. de Waal laat weet het dat die Kaaplanders dit moet onthou dat geen proklamasie van die vyand aan hulle die status van oorlogvoerendes sou gee nie.[53]

Die inwoners van Kaapland is ook gemaan om nie ooreenkomste met die vyand aan te gaan nie, maar geen blaam sou gewerp word op diegene wat hulle aan die vyand se bevele onderwerp terwyl laasgenoemde <u>de facto</u> in besit van hulle distrik is nie. Sulke bevele mag egter nie beteken dat hulle die vyand moes help teen hulle wettige soewerein nie.[54]

Afgesien van dwang wat toegepas is, was daar ook ander redes waarom Kaaplandse Afrikaners by die Republikeinse kommando's aangesluit het.

52. C.O. 48/543: Sirkulêre telegram aan alle magistrate, assistent-magistrate, veldkornette en assistent-veldkornette, 16.11.1899 (F.K. 755, p. 525).

53. Lewsen: a.w., p. 105: J.X. Merriman - N.F. de Waal, Middelburg, 19.11.1899.

54. C.O. 48/543: Schreiner - Magistrate, Dordrecht, 29.11.1899 (F.K. 757, p. 940).

Een van die belangrikste redes wat aangevoer is, is dat die grensdistrikte nie teen die invalle beskerm was nie en dit is daarom nie bevreemdend nie dat die aandag van die owerheid uit verskeie oorde op hierdie feit gevestig is. 'n Tipiese voorbeeld van die versoeke wat tot die owerheid gekom het was afkomstig van J.H.L. Olivier, 'n veldkornet van die plaas Ruigtevlei in die distrik Burgersdorp.[55] Hy het dit baie duidelik gestel dat die Afrikaners in die besonder gegriefd gevoel het oor die feit dat die burgers onvoldoende bewapen was en dat die Regering die verkoop van wapens en ammunisie verbied het. Veral in die grensgebied soos Burgersdorp is die inwoners hierdeur weerloos gelaat, nie net ten opsigte van die Republikeinse magte nie, maar ook omdat die moontlikheid nie uitgeslote was dat die Basoeto's hulle mag lastig val nie. Hy het gemeen dat die burgers toegelaat moes word om minstens een geweer en eenhonderd patrone aan te koop, nie met die doel om te rebelleer nie, maar om hulle vroue en kinders te beskerm. Hy het dit ook beklemtoon dat die Afrikaners niks te doen wou hê met die Vrystaters en Transvalers nie en opnuut bely: "we remain loyal burghers;" al waarvoor hulle wapens begeer het, was om hulself te verdedig as die nood sou druk.[56] Die verkoop van wapens en ammunisie is egter as 'n algemene veiligheidsmaatreël verbied en was nie bedoel as 'n refleksie op die inwoners nie.[57] In hierdie verband kan daarop gewys word dat Milner hom reeds op 19 Oktober uitgespreek

55. C.O. 48/543: J.H.L. Olivier, Burgersdorp - Schreiner, 1.11.1899 (F.K. 755, p. 415).

56. Ibid.

57. C.O. 48/543: Schreiner - J.H.L. Olivier, Burgersdorp, 13.11.1899 (F.K. 755, p. 417).

het teen 'n algemene bewapening van die siviele bevolking omdat dit syns insiens meer 'n bron van gevaar as beskerming vir die inwoners sou wees,[58] om die klaarblyklike rede dat hy tereg bevrees was dat die wapens eventueel in die hande van die Republikeine mag beland.

Burgersdorp was nie die enigste wat bekommerd was oor hulle weerlose toestand nie en beroepe met min of meer dieselfde strekking het die owerheid onder meer ook bereik van Colesberg,[59] Vryburg,[60] Mafeking,[61] Barkly-Oos,[62] Klipdam,[63] Queenstown,[64] Aliwal-Noord,[65] Herschel,[66] Modderrivier,[67] Cathcart[68] en Barkly-Wes.[69] In al die gevalle is versoeke gerig om verdedigingsmaatreëls te tref of te verskerp.

58. C.O. 48/543: Milner - Ministers, 19.10.1899 (F.K. 753, p.23).

59. C.O. 48/542: Petition from inhabitants of Colesberg (Datum nie gemeld nie, maar dit is op 29.9.1899, d.w.s. reeds voor die uitbreek van die oorlog deur Milner aan Chamberlain gestuur (F.K. 751, p.909).

60. C.O. 48/542: Telegram, Public Meeting Vryburg - Milner, 25.9.1899 (F.K. 751, p. 913).

61. C.O. 48/542: Telegram, Mayor, Mafeking - Milner, 6.9.1899 (F.K. 751, p.906).

62. C.O. 48/542: Tel. K. Sephton, J.P. Barkly-Oos - Milner, 4.9.1899 (F.K. 751, p. 905).

63. C.O. 48/542: Tel. Wakefield, Chairman, Public Meeting, Klipdam - Milner, 20.9.1899 (F.K. 751, p. 907).

64. C.O. 48/542: Tel. Mayor, Queenstown - Milner, 20.9.1899 (F.K. 751, p. 908).

65. C.O. 48/542: Tel. Parke, Aliwal-North - Mayor Davies, 23.9.1899 (F.K. 751, p. 911).

66. C.O. 48/542: Tel. Thomas, Chairman Public Meeting, Herschel - Milner, 20.9.1899 (F.K. 751, p. 912).

67. C.O. 48/542: Tel. Inhabitants, Modder River - Milner, 6.10.1899 (F.K. 752, p. 799).

68. C.O. 48/542: Magistrate, Cathcart - Secretary Law Department, 18.10.1899 (F.K. 753, p. 22).

69. C.O. 48/542: Magistrate, Barkly-West - Colonial Secretary, 31.10.1899 (F.K. 754, pp. 380-381).

Aan hierdie versoeke kon of wou die Regering nie voldoen nie. Die verdediging van Kaapland was in die hande van die militêre owerheid en dit is nie dienstig geag om met daardie instansie in te meng nie. Ook is dit nie as wenslik beskou om persone wat nie by die militêre magte ingedeel is te bewapen nie. Milner was tevrede om die verdediging, vir sover dit moontlik was, aan die militêre owerheid toe te vertrou. Om wapens aan individue, skietklubs en andere uit te reik sonder gesag van die Opperbevelvoerder, sou eerder die onrus onder die inwoners aanblaas as laat afneem.[70] Met hierdie siening van die situasie het Schreiner hom vereenselwig.[71]

Kaapland was dus vir alle praktiese doeleindes in geen behoorlike staat van verdediging toe die oorlog uitgebreek het nie en sy inwoners was aan die genade van die Republikeinse invallers oorgelaat. Hierdie onvermoë van die Regering om hulle burgers die nodige beskerming te bied in 'n tyd waarop hulle regmatig daarop kon aanspraak maak, het baie Kaaplanders net daardie bietjie aanmoediging gegee om by die "vyand" aan te sluit.

Van die omstandigheid dat die Regering nagelaat het om Kaapland te verdedig, het die Boere-invallers wel deeglik gebruik gemaak by die werwing van rebelle. So het Ignatius van der Walt, van wie mens seker meer verantwoordelikheid kon verwag het, vanweë die feit dat hy 'n lid van die Kaapse Parlement was, maar sy gewig

70. C.O. 48/543: Milner - Schreiner, 19.10.1899 (F.K. 753, p. 26).

71. C.O. 48/543: Under Colonial Secretary - Magistrate, Bedford, 18.10.1899 (F.K. 753, p. 79).

ten volle by die Republieke ingewerp het, tydens die besetting van Colesberg op 15 November 1899 gesê dat, aangesien die Imperiale Owerheid hulle nie beskerm het nie, die Vrystaters dit nou sou doen. Om daardie rede het die Colesbergers, volgens Van der Walt, geen ander keuse as om by die Boeremagte aan te sluit nie.[72]

Uitsprake van Afrikanerkant oor die redes vir rebellie is feitlik onverkrygbaar. Die Magistraat van Prieska, die heer T.H. le Roux, was miskien nie ver van die kol af nie toe hy beweer het dat die redes vir die optrede van die Afrikaners gesoek moet word in die natuurlike simpatie wat hulle met die Republikeinse saak gehad het, asook in hulle onkunde met betrekking tot die mag en gesag waaroor die Britse Ryk beskik het. Hierby moes die invloed gereken word van die druk wat op hulle uitgeoefen is deur, soos hy dit gestel het, agitators en gewetenlose persone wat hulle gedwing het om hulle lot by die Republieke in te werp, "seemingly not understanding the advantages and blessings they at present enjoy, under the benign rule of our Most Gracious Majesty our beloved Queen."[73]

In hoeverre hulle gemoedere vergiftig was, blyk uit die redes wat 'n sewentienjarige knapie aangegee het waarom hy by die Boere aangesluit het, te wete 1) omdat sy mense opgehang word, 2) omdat sy mense gekommandeer word om teen hulle eie vlees te veg en 3)

72. C.O. 48/543: Beëdigde verklaring van F.K. Clements, s.d. (F.K. 757, p. 933).

73. C.O. 48/547: Magistrate, Prieska - Secretary to the Law Department, 7.7.1900 (F.K. 776, p. 213).

omdat sy mense na kampe gestuur word.[74] 'n Veertienjarige het aangevoer dat hy aangesluit het omdat die tyd nou aangebreek het dat hy vir sy vryheid moet veg.[75] Deur die sewentienjarige is kategoriese stellings gemaak wat sekerlik nader gekwalifiseer behoort te word, terwyl dié van die veertienjarige nog kant nog wal raak. Beide jongelinge se "redes" weerspieël moontlik die gevoelens van hulle ouers.[76]

In 'n brief aan George Boyes, magistraat van Victoria-Wes, skryf een van die twee seuns van D.S. Viljoen van die plaas Holgatfontein in dieselfde distrik as volg oor die redes waarom hulle by die Boeremagte aangesluit het:-

> "Sir, Just a few lines, I and my brother are leaving this very night to go to the Boers. We are not angry with the soldiers, but we can't stand longer under the black watch. My father don't know what we go to do, because he won't let us go but we can't stand under the black niggers. They are our baases gewapen met roers om voor ons te schieten. My name is dog after black fox."[77]

74. C.O. 48/554: Genoem deur A.J. Kidwell, Jamestown - Magistrate, Aliwal-North, 19.9.1901 (F.K. 817, p. 926).

75. Ibid.

76. Ibid.

77. C.O. 48/560: Brief aan "Mr. Boyes", 9.4.1902 (F.K. 846, p. 285). Die brief is nie onderteken nie, maar die identiteit van die skrywer daarvan blyk duidelik uit 'n beëdigde verklaring deur die vader van die seuns waarin hy hulle verdwyning van sy plaas aan die Magistraat gerapporteer het, vgl. verklaring van D.S. Viljoen, 12.4.1902 (F.K. 846, pp.282-283).

Ook hierdie skrywe verskaf geen bevredigende antwoord nie.

Ander redes wat aangegee is vir rebellie was dat die Britte van Nie-Blankes as spioene gebruik maak terwyl die blaam ook op die aanwesigheid van krygswet gewerp is waarkragtens voedselvoorrade van die boere sodanig beperk is dat hulle weens verhongering genoodsaak was om by die Boerekommando's aan te sluit.[78] Die wyse waarop krygswet geadministreer is, was ook 'n bydraende faktor tot die omvang van rebellie: waar krygswet swak geadministreer is, het die Republieke baie rekrute gewerf, maar waar dit bekwaam geadministreer is, byvoorbeeld in Richmond, was die oes aan rebelle skaars.[79]

'n Kenmerk van die Afrikaner-rebellie is dat daar nooit sprake was van 'n georganiseerde Afrikaneropstand nie. Behalwe enkeles wat uit eie wil na die Republieke oorgestap het, het die Afrikaners as 'n reël stilgesit totdat 'n Boerekommando opgedaag het. Tot dan het hulle 'n onverskillige houding ingeneem en in een asem hulle simpatie teenoor die Republikeine en hulle lojaliteit teenoor Brittanje bely, maar "with the approach of a Commando however, there was a decided change."[80] Hierdie verskynsel word maar te deeglik bevestig deur die rapporte wat magistrate van die verskillende distrikte na Kaapstad gestuur het.

78. C.O. 48/554: Commandant, De Aar - Intelligence, Western, Beaufort West, 2.9.1901 (F.K. 817, p. 931).

79. J.C. Molteno (L.W.V. vir Jansenville) in Kaapse Parlement. Vgl. Cape Hansard, 27.8.1902, kol. 57.

80. Cd. 264, p.3: Milner - Chamberlain, 16.1.1900.

So was daar in Graaff-Reinet byvoorbeeld 'n sterk simpatie met die Republieke, maar dit was nie so sterk dat die Afrikaners vanself die wapens sou opneem nie. Indien 'n Boerekommando egter sou opdaag sou enkeles wel aansluit, maar die eienaars van vaste eiendom sou dit nie maklik doen nie hoewel die Republieke op hulle morele steun kon reken.[81]

Ook in Sutherland was die algemene gevoel ten gunste van die Republieke en indien 'n Boerekommando so opdaag, sou na verwagting ongeveer driekwart van die weerbare mans by die vyand aansluit. Indien daar geen inval sou wees nie, was dit twyfelagtig of enigiemand in opstand sou kom.[82] In die distrik Fort Beaufort is egter 'n algemene opstand verwag indien 'n kommando hulle verskuning daar sou maak.[83] Die inwoners van Calvinia het ook feitlik eenparig simpatie met die Republieke gehad en sou sukses aan hulle kant van harte verwelkom. Hierdie gevoel is, net soos in die ander gevalle, eerder daaraan toe te skryf dat die meeste inwoners bloedverwante in Transvaal gehad het as aan 'n gevoel van dislojaliteit.[84]

Die verskynsel dat Afrikaners in Kaapland nie in opstand gekom het voordat die Republikeine nie eers in hulle midde was nie, toon dat hulle in werklikheid nie rede tot opstand gehad het nie en dat die omstandighede waarin hulle wel die wapen sou opneem, sodanig

81. C.O. 48/545: Magistrate, Graaff-Reinet - Secretary Law Department, 21.12.1899 (F.K. 764, p. 29).

82. C.O. 48/548: Magistrate, Sutherland - Secretary Law Department, 3.12.1899 (F.K. 764, p. 28).

83. C.O. 48/545: Magistrate, Fort Beaufort - Schreiner, 30.12.1899 (F.K. 764, p. 176).

84. C.O. 48/545: Magistrate, Calvinia - Secretary Law Department, 20.12.1899 (F.K. 766, p.360). Vgl. in hierdie verband o.a. ook C.O. 48/545: Magistrate, Barkly-East - Secretary Law Department, 14.12.1899; C.O. 48/548: Magistrate, Richmond - Secretary Law Department, 3.5.1901 (F.K. 765, pp.282-290) waar die onderskeie magistrate menings met dieselfde strekking gelug het.

moes wees dat hulle hul gewete met hulle daad kon versoen. Die fisiese aanwesigheid van Boerekommando's het ook moontlik aansteeklik ingewerk op die gemoed van die Kaaplandse Afrikaners en die gees wat so in hulle wakker geroep is, het vir hulle te magtig geword.[85] Die hys van die Vierkleur en die sing van die volksliedere van die Republieke het ook moontlik sy rassetrots opgewek en die visioene van vryheid onder 'n eie vlag by hom laat posvat.[86]

Ander faktore wat die Afrikaners moontlik weerhou het van 'n spontane opstand, is dat baie van hulle getwyfel het aan die uitslag van die oorlog en of 'n regering waarmee hulle redelik tevrede was uitgewerp kon word. Daarbenewens het gesprekke met hulle Engelse bure en die vrees vir weerwraak deur die Engelse Regering wat hulle van kindsbeen af gevrees het, daartoe bygedra dat sommige Afrikaners twee keer oor die saak gedink het. Solank hulle nie in persoonlike kontak met die invallers gekom het nie, was daar geen aanmoediging tot aansluiting nie. Die risiko van verlies van politieke voorregte, konfiskasie van eiendom en van moontlike lewensverlies, het te swaar geweeg waar daar nie direkte aanmoediging was nie. Waar hierdie sake deeglik en kalm oorweeg is, het die Kaaplandse Afrikaner hom nie laat beinvloed nie. Daar was egter die faktor van rassehaat wat rebelli- aangeblaas het, maar dit was nie genoeg om 'n massa-opstand tot

85. Strydom: a.w., p.65.

86. Ibid., p. 55.

gevolg te hê nie. Daarby het gekom dat die gemiddelde Afrikaner nie 'n vegter was nie. Hy moes inderdaad met die uiterste rassehaat besiel wees om in opstand te kom en so 'n toestand het nie oral ewe sterk bestaan nie.[87]

Teen die middel van 1900 was die eerste inval reeds afgeslaan en het die Boere ook op die ander fronte gevoelige neerlae gely met die oorgawe van Cronje[88] en Prinsloo[89] en die ontsetting van Ladysmith,[90] Kimberley[91] en Mafeking.[92] Daarbenewens is die Vrystaat op 24 Mei[93] en die Zuid-Afrikaansche Republiek op 1 September 1904[94] as Britse kolonies geannekseer. Die Boere was

87. Colesberg Advertiser, 6.7.1900: Hoofartikel.

88. Vgl. o.a. Amery: a.w. p.484; M. Davitt: The Boer fight for Freedom, p.380, 396; J.L. Basson: Die Slag van Paardeberg, pp.132-144; W.H.H. Waters: The War in South Africa (The German Official account of the war in South Africa), Vol.II, pp.213-214.

89. Vgl. o.a. Amery: a.w., Vol. IV, p.341; Davitt: a.w., p.448.

90. Vgl. o.a. Amery: a.w., III, p. 210 e.v.; J.B. Atkins: The Relief of Ladysmith; H.W. Nevinson: Ladysmith, The Diary of a Siege; Davitt: a.w., pp.284-297 en 365-382; J.H. Breytenbach: Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, deel II, Die Eerste Britse Offensief November - Desember 1899, pp.414-463.

91. Vgl. o.a. Amery: a.w., IV, pp. 533-67 ; Oliver Ashe: Besieged by the Boers; Davitt: a.w., pp. 177-187; J.H. Breytenbach: Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, deel II, Die Eerste Britse Offensief, November - Desember 1899, pp. 360-413.

92. Vgl. o.a. Amery: a.w., II, pp.268-70; II, p.596; Major F.D. Baille: Mafeking, a Diary of the Siege; Duncan Grinell-Milne: Baden-Powell at Mafeking; J. Angus Hamilton: The Siege of Mafeking; Brian Gardner: Mafeking a Victorian Legend; Davitt: a.w., pp.177-187.

93. Cd. 261, p. 153: Proklamasie gedateer 24.5.1900.

94. Cd. 420, p. 26: Milner - Chamberlain, 2.9.1900.

verplig om Kaapland te verlaat om hul kragte elders aan te wend en omstandighede het geleidelik na die "normale" begin terugkeer en wel in so 'n mate dat krygswet in verskeie distrikte opgehef kon word.[95] Hierdie oënskynlike kalmte was slegs die stilte voor die storm en onder die oppervlakte was daar groot gisting onder die inwoners van Kaapland aan die gang.[96] So het daar byvoorbeeld groot onrus in feitlik die hele Noordoos-Kaapland geheers en by name in die distrikte Middelburg, Graaff-Reinet, Aberdeen, Murraysburg, Willomore, Uitenhage en Somerset-Oos. Hier is die gemoedere veral hoog gehou deur die Afrikaanse koerante, predikante vergaderings (soos bv. die te Worcester),[97] persone op parool en plaaslike agitators. Die onrus was egter nie so groot dat 'n algemene opstand verwag is nie maar as 'n kommando deur die distrikte sou trek, sou baie Afrikaners na verwagting hulle gewig by die Boere inwerp.[98]

In die distrik van Jansenville het die gevoelens eweneens hoog geloop en die algemene verwagting was dat indien die Boeremagte die Oranjerivier weer eens sou oorsteek, rebelle op groot skaal by hulle sou aansluit. Die gevoel was baie sterk anti-Engels, veral teenoor uitgesproke lojaliste. So erg was dié gevoel dat die plaaslike skool selfs deur rebelgesindes geboikot is. Daarby het die Afrikaners die Regering geblameer vir die rebellie en die

95. Vgl. o.a. Cd. 26, pp.14, 74-75 en 107.

96. In hierdie tyd is natuurlik, soos in die vorige hoofstuk aangetoon, op grootskaalse wyse vergaderings gehou en geagiteer vir die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke, gebeure wat vanselfsprekend in geen geringe mate daartoe bygedra het om gemoedere gaande te hou nie.

97. Vgl. pp.99-113 hierbo.

98. C.O. 48/548: Genl. Settle, Jansenville - Chowder, Cape Town, 14.12.1900 (F.K. 784, pp. 818-819).

militêre owerheid vir die voortduring van krygswet.[99] Dieselfde gevoel het ook in die ander distrikte geheers. In die omgewing van Lady Grey[100] en ook in Carnarvon[101] was die onrus selfs erger as voor die aanvang van die oorlog en die gevaar groot dat die ingesetenes op groot skaal die wapens sou opneem wanneer die geleentheid hom daartoe mag voordoen. Die Magistraat van Sterkstroom het kort en kragtig berig: "No words of mine can too foribly express the intense anti-British feeling at present here."[102]

Te midde van hierdie onrus wat mens dwarsdeur Kaapland kon aanvoel, het Milner groot insig aan die dag gelê toe hy tien dae voor die tweede inval voorspel het dat die volgende week sou aandui of die vrede weer in Kaapland versteur sou word. Hy het sy voorspelling daarop gegrond dat die Afrikanerbond tydens die groot aantal vergaderings wat in Kaapland ter bevordering van die versoeningsbeweging gehou is, alles in hulle vermoë gedoen het om gevoelens op te sweep. Syns insiens is die 'leuenagtigheid' van hulle toesprake en geskrifte iets buitengewoons en verantwoordelik vir 'n algemene gevoel van onrus. Hy het egter nie geglo dat die Afrikaners 'n opstand begeer nie, maar dat hulle die owerheid 'n rat voor die oë

99. C.O.48/548: Special J.P. Jamestown - Magistrate, Aliwal-North, 29.11.1900 (F.K. 784, pp. 909-910).

100. C.O. 48/548: Assistant Magistrate, Lady Grey - Magistrate, Aliwal-North, 29.11.1900 (F.K. 784, p. 911).

101. C.O. 48/548: Magistrate, Carnarvon - Secretary Law Department, 24.12.1899 (F.K. 784, p. 119).

102. C.O. 48/548: Assistant Magistrate, Sterkstroom - Secretary Law Department, 27.12.1900 (F.K. 784, p. 939).

wou draai deur laasgenoemde te wil laat toegee aan 'n soort semi-onafhanklikheid vir die Republieke, "round which the shattered fabric Africander supremacy could slowly be built-up again..."[103]

Toestande was dus oor die algemeen plofbaar in Kaapland toe generaals Hertzog en Kritzinger in die nag van 15 op 16 Desember 1900 'n tweede grootskaalse inval in Kaapland bewerkstellig het deur die Oranjerivier te Odendaalsdrift en Sanddrif oor te steek.[104] Hierdie inval is reeds in Julie 1900 beplan, maar die oorgawe van Cronje en die terugslae wat die Republikeine daarna getref het, het dié planne in die war gestuur. Toe Roberts na die slag van Dalmanutha gedurende die week 23 -30 Augustus 1900[105] na Engeland telegrafeer dat die oorlog verby was, het president Steyn gevoel dat iets gedoen moes word om dié indruk uit die weg te ruim. Nadat dit geblyk het dat dit nie prakties was om aanvalle op Johannesburg te loods nie, is besluit om die vroeëre voorneme om Kaapland weer in te val ten uitvoer te bring. Die rede vir hierdie stap was vyfledig: a) om prestige te herwin; b) om die brandpunt van die oorlog te versprei om toestande in die Republieke te verlig; c) om liewer in 'n land waar volop voorrade is te opereer as in die vernielde Republieke; d) om die verbindingsweë van die vyand te versteur en e) om rekrute te werf en vars perde te bekom.[106]

103. Milner Papers, Vol. 56: Milner - Chamberlain, 5.12.1900 (F.K. 1145, p. 935).

104. Vgl. p. 32 hierbo.

105. Vgl. o.a. Amery: a.w., V, p. 125; Davitt: a.w., pp. 455-456.

106. Vgl. Strydom: a.w., pp. 89-90; Van der Merwe: a.w., deel II pp. 66-67.

Die aanwesigheid van die Boeremagte het die owerheid genoodsaak om krygswet weer eens op groot skaal af te kondig, naamlik op 20 Desember oor Britstown, Victoria-Wes, Richmond, Hanover, Murraysburg, Graaff-Reinet, Aberdeen, Steynsburg, Cradock, Tarka en Molteno.[107] Sewe dae later is krygswet uitgebrei na Beaufort-Wes en Carnarvon[108] en op 7 Januarie 1901 na Calvinia, Clanwilliam, Piketberg, Malmesbury, Tulbach, Paarl en Stellenbosch.[109] Teen die 17de Januarie was krygswet van krag oor die hele Kaapland met uitsondering van die hawestede en Bantoegebiede.[110] Milner sou graag wou gesien het dat krygswet oor die hele land van krag was, maar die Regering was nie daarvoor te vinde nie en aangesien hulle nou hartlik met die militêre owerheid saamgewerk het, "I thought it inadvisable to force upon them a measure to which they objected so strongly."[111]

Hierdie inval het egter wesenlik van die eerste inval verskil omdat daar nou nie meer geleentheid was om die ingevalle distrikte tot opstand te bring nie en daardie distrikte ook nooit lank beset was nie. Die kommando's was voortdurend aan die rondbeweeg en hulle was tevrede om 'n distrik weer aan die Engelse oor te laat nadat hulle daar gekry het wat hulle nodig gehad het.[112]

107. Cd. 547, p. 15: Milner - Chamberlain, 20.12.1900.

108. Ibid., p. 18: Milner - Chamberlain, 27.12.1900.

109. Ibid., p. 25: Milner - Chamberlain, 8.1.1901.

110. Ibid.,pp.29-30: Milner - Chamberlain, 19.1.1901.

111. C.O. 48/551: Milner - Chamberlain, 9.1.1901. Krygswet oor die res van die land is eers op 9 Oktober 1901 afgekondig. Vgl. Headlam: a.w., p. 271.

112. Strydom: a.w., p. 91.

Met hierdie inval is die terrein van militêre operasies in Kaapland aansienlik uitgebrei, hoewel die invallers klaarblyklik nie geweld op die ingesetenes toegepas en ook nie veel druk op hulle uitgeoefen het om by die Boeremagte aan te sluit nie, wat heelwaarskynlik daaraan toegeskryf moet word dat die Boere baie min wapens en ammunisie vir nuwe rekrute gehad het. Hulle hoofdoel was om hulself so gereeld as moontlik aan vars perde te help, om so vinnig doenlik van een plek na die ander te beweeg en om van die opbrengs van die land te leef. Die Afrikaners was, volgens Milner, verdeeld oor die aanwesigheid van die invallers. Baie was bly om hulle te sien, enkeles het aangesluit maar niemand was bereid om aktiewe stappe teen hulle te doen nie.[113] Solank hulle nie opgesweep is nie, het die Afrikaners stilgesit maar nie geskroom om die invallers te help met die verkryging van voorrade en die verskaffing van inligting nie.[114]

Beide Milner en sy opvolger, sir Walter Hely-Hutchinson,[115] was verontrus oor die spoed waarteen die Boerekommando's deur Kaapland getrek het. Veral was Milner verontrus dat betreklik klein kommando's binne die bestek van enkele weke vanaf die Oranjerivier tot binne 'n paar myl van die suidelike en westelike kuste van Kaapland kon vorder. In 'n reguit lyn is die afstand ongeveer 3[illegible]

113. C.O. 48/551: Milner - Chamberlain, 9.1.1901 (F.K. 794, p.137)

114. C.O. 48/548: Milner - Chamberlain, 20.12.1900 (F.K.784, p.97)

115. Milner het intussen reeds na Johannesburg vertrek as hoë kommissaris van die verowerde Republieke terwyl sir Walter Hely-Hutchinson hom opgevolg het as goewerneur van Kaapland.

myl, maar omdat hulle van baie ompaaie gebruik moes maak om die Britse magte te ontduik, was die werklike opmars veel verder. Hoewel magte wat meer as vier keer sterker was voortdurend op die spoor van die kommando's was, het die 'vyand' geen groot ongerief verduur nie. Die rede hiervoor was dat die bevolking van die distrikte waardeur hulle getrek het, die kommando's feitlik eenparig simpatiek gesind was, "and though unwilling or unable owing to the absence of ammunition, assist in arms, give them every other assistance in their power."[116]

Binne ses maande ná die inval het ongeveer vyf-sesdes van Kaapland suid van die Oranjerivier in die greep van guerilla-oorlogvoering verkeer. Die stede sowel as die spoorlyn was in besit van die Britte, maar behalwe vir 'n strook wat varieer tussen vyftig en honderd myl langs die kus, was dit onveilig om sonder begeleiding te reis. Selfs die spoorlyn is sporadies opgeblaas en treine ontspoor terwyl sowat die helfte van die Blanke bevolking van Kaapland met die invallers gesimpatiseer het. Die proklamasie van krygswet het wel 'n algemene opstand voorkom, maar die vertroue van die "dislojale element" is verder verhoog omdat nie daarin geslaag kon word om die guerillabendes uit te dryf nie. Hierdie toedrag van sake het 'n ontmoedigende uitwerking op die sogenaamde lojale seksie van

116. C.O. 48/551: Milner - Chamberlain, 22.1.1901 (F.K. 795, p. 244).

die bevolking gehad en die greep verswak op daardie Afrikaners wat, hoewel hulle simpatie met die Boere gehad het, die hopeloosheid van die volgehoue stryd ingesien het en tevrede was om hulle aan die Britse gesag te onderwerp.[117] Hutchinson was erg deur dié gebeure verontrus en het gemeen dat indien daar nie iets skouspelagtigs gedoen kon word om sake te verbeter nie, dit nie onmoontlik was dat die geheime rebellie kon oorslaan in openlike rebellie nie.

Die erns van die situasie in Kaapland blyk daaruit dat die volgende distrikte teen die einde van 1901 deur die inval aangetas was: Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Barkly-Wes, Calvinia, Hay, Herbert, Kuruman, Van Rhynsdorp en Vryburg. Hierdie distrikte is as "beset" beskryf. "Gedeeltelik beset" was Albert, Carnarvon, Clanwilliam, Colesberg, Frasersburg, Glen Grey, Gordonia, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Mafeking, Murraysburg, Namakwaland, Piketberg, Somerset-Oos, Sutherland, Taungs, Victoria-Wes en Wodehouse. Die res van Kaapland was "skoon" terwyl die vyand vanaf Greypas tot by Kuruman aan weerskante van die spoorlyn bedrywig was.[118] Hier die toestand van beroering het in Kaapland voortgeduur tot by vredesluiting op 31 Mei 1902.[119]

Die aanwesigheid van die Boeremagte het natuurlik veroorsaak dat lewensomstandighede in groot dele van Kaapland ontwrig is.[120] So

. .

117. C.O. 48/553: Walter Hely-Hutchinson - Kitchener, 8.7.1901.

118. C.O. 48/555: Telegram, Walter Hely-Hutchinson - Chamberlain, 22.11.1901 (F.K. 821, p. 523).

119. Strydom: a.w., p. 89.

120. Die ontwrigting wat deur krygswet veroorsaak is, word in die volgende hoofstuk bespreek.

was Calvinia sedert die Boere Van Rhynsdorp beset het van alle kommunikasie met die buitewêreld afgesny.[121] Vir meer as 'n maand is geen pos ontvang nie en dié wat nog heen en weer gestuur kon word, moes onder begeleiding gedoen word. Volgens berekening was daar tussen ses- en sewehonderd Boere in die distrik wat aanhoudend van plaas tot plaas beweeg en na willekeur diere en voedsel gekommandeer het. Die Boere het gewoonlik hulle verskyning in groepies gemaak en niks kon teen hulle gedoen word nie omdat die plaaslike garnisoen te klein was.

Voedselvoorrade het in dié distrik teen 'n onrusbarende tempp verminder. Brood, meel, kruideniersware, rys ens. was trouens reeds onverkrygbaar, terwyl die kontrakteurs aan die tronk nie meer in staat was om mielies of koring te lewer nie. Daarby het besigheid feitlik tot 'n totale stilstand gekom. Die inkomste van die magistraatskantoor was vir Oktober 1901 byvoorbeeld slegs £6.0.0., in vergelyking met £65.0.0. die vorige drie maande. Die boeregemeenskap was so verarm dat hulle vir 'n baie lang tyd met hulle belasting agterstallig sou wees. Om verder by te dra tot die armoede van die distrik was hulle ook onderworpe aan kommandering deur die militêre owerheid, terwyl die oes wat nie deur droogte vernietig is nie, deur die rebelle verniel is wat hulle perde op nuutgesaaide lande laat wei het. As gevolg

121. C.O. 48/554: Magistrate, Calvinia - Secretary Law Department, 25.9.1901 (F.K. 818, pp. 1185-1187).

van die droogte en die swak toestand van die veld was daar 'n groot vrekte onder die diere en ongeveer £500.0.0. is maandeliks deur die Magistraat aan noodleniging uitbetaal.[122]

Afgesien van die voormelde beproewinge kon die plaaslike polisie dit nie verder as die grense van die dorp waag as gevolg van die aanwesigheid van die vyand nie. Inderdaad was die toestande so erg dat die Magistraat aanbeveel het dat die burgerlike regering vanaf Calvinia onttrek word tot tyd en wyl toestande verbeter. Hy het voorgestel dat die ses gevangenes in die tronk na Clanwilliam oorgeplaas en die plaaslike personeel elders meer effektief benut kon word.[123]

Hierdie toestand het die Regering erg verontrus omdat indien daar nie iets daadwerkliks daaromtrent gedoen word nie, die inwoners van daardie geweste van Kaapland algehele ruïnering in die gesig gestaar het. Om daardie rede het hulle daarvoor gepleit dat die militêre owerheid meer troepe beskikbaar stel om teen die Republikeinse magte op te tree. Terselfdertyd het die Premier die kommer van sy Regering uitgespreek oor die feit dat die Boer magte reeds sover as Malmesbury gevorder het. Hierdie krisis sou alleen oorbrug kon word as meer troepe in die bedreigde gebiede beskikbaar gestel kon word.[124]

122. Ibid.

123. Ibid.

124. C.O. 48/554: Ministers - Governor, 12.10.1901 (F.K. 818, p. 1183).

Hoewel die tweede inval en die opmarse wat daarmee gepaard gegaan het, nie van groot strategiese belang was en nie die uitslag van die oorlog beïnvloed het nie, het die Boerekommando's tog daarin geslaag om die kaarte in Kaapland om te krap en om 'n aansienlike aantal Britse troepe besig te hou. Die troepe en hulle perde is deur voortdurende agtervolgingsveldtogte uitgeput en die prestige van die Regering en dié van die Britte aangetas. Daarby was die grootste deel van die bevolking simpatiek teenoor die invallers en het dit moeilik gegaan om die kommando's vas te trek, omdat, "without their (dit is die Afrikaners) assistance raiding bodies of the enemy cannot except by some happy accident be caught."[125]

Die oes aan rekrute was tydens die tweede inval nie groot nie. Hutchinson het die getal in Augustus 1901 op sowat 1 600 gestel.[126] As in ag geneem word dat die totale aantal rebelle op 31 Junie 1903 op 12 828 gestel is[127] en ongeveer 10 000 van hulle die wapens gedurende die eerste inval opgeneem het,[128] kan met veiligheid aanvaar word dat nie meer as 3 000 persone tydens die tweede inval by die Boeremagte aangesluit het nie. Die Republikeine kon dus met reg teleurgesteld gevoel het oor die oënskynlike flou reaksie van die Kaaplandse Afrikaners tydens die tweede inval.

125. C.O. 48/551: Milner - Chamberlain, 22.1.1901 (F.K. 795, pp. 224-245).

126. C.O. 48/553: Walter Hely-Hutchinson - Milner, 14.8.1901 (F.K. 810, p. 868).

127. Vgl. Snyman: a.w., p. 70, Bylae A.

128. Vgl. p.146 hierbo.

Die Republikeine het hulle egter in hulle verwagting skuldig gemaak aan 'n verskoonbare mistasting oor die werklike gevoelens van die Kaaplanders. Hulle was wel deeglik op hoogte met die grootskaalse agitasies wat gedurende 1900 by wyse van kongresse, geskrifte en deputasies ten gunste van die onafhanklikheid van die Republieke in Kaapland hoogty gevier het en wat gekulmineer het in die Worcester-kongres van 6 Desember.[129] Die intensiteit van hierdie agitasie, die dra van republikeinse kleure en die sing van volksliedere wat daarmee gepaard gegaan het, was so erg dat hulle daarin meer gesien het as wat werklik daarin was. Hulle het met reg geglo dat hulle maar net hulle verskyning in Kaapland hoef te maak om 'n algemene opstand te bewerkstellig. Die Republikeine het in hulle pogings om verdere rekrute te werf drie sake uit die oog verloor: eerstens, dat die grootste deel van die Afrikaners wat werklik bereid was om die wapens op te neem, dit reeds gedoen het; tweedens, dat die rebellie wat met die eerste inval gepaard gegaan het, die inwoners van die grensdistrikte ongeneë gemaak het om die eksperiment te herhaal en, derdens, dat as gevolg van voorkomende maatreëls van die Regering, die hoeveelheid wapens en ammunisie wat in Kaapland verkrygbaar was, baie minder was as 'n jaar gelede. Daarbenewens het die Republikeine self nie oor voldoende perde en wapens beskik om nuwe rekrute toe te rus nie. By dit alles

129. Vgl. hoofstuk IV.

moet dit ook in gedagte gehou word dat hoeseer die Afrikaners met die Republikeine gesimpatiseer het, en hoe min hulle hul ook daarvan kon weerhou om uitdrukking aan hierdie simpatie te gee wanneer die kommando's in hulle midde was, was hulle nie geneë dat hulle distrikte binnegeval word om daardeur in die dilemma geplaas te word om te moet kies tussen hoogverraad en 'n onvriendelike daad teenoor hulle republikeinse rasgenote nie.[130]

As hulle dan nie soveel rekrute gewerf het as wat hulle graag wou nie, het die Republikeine egter as 'n reël alle moontlike hulp van die Afrikaners ontvang terwyl aan die Britse magte die minimum hulp verskaf is, "being left to find out everything for themselves."[131]

Die Magistraat van Piketberg het dus klaarblyklik 'n raak opsomming van die gesindheid van die Afrikaners gegee:-

> "... there can be no doubt, as I have often stated, that farmers about here would not, except under very favourable circumstances go into active rebellion but at the same time they will give us no assistance preferring ... to afford every help to the opposite side. They will endeavour to show their loyalty by reporting the presence of suspicious persons on their farms, but never with the faintest view to these people being caught, their reports invariably give these persons ample time to escape and being aided by them directly and indirectly, their reports are utterly useless as

130. Headlam: a.w., pp.198-199: Milner - Chamberlain, 6.2.1901.

131. C.O. 48/551: Milner - Chamberlain, 22.1.1901 (F.K. 795, p. 245).

"they are intended to be."[132]

Die aanwesigheid van die Republikeinse kommando's het nie net probleme vir hulle Afrikanervriende meegebring nie, maar ook groot onrus en verbittering onder andersdenkendes, wat vir hewige kritiek teen die optrede van die invallers verantwoordelik was. In hierdie proses is daar nie gehuiwer om bitter gal op die Boerekommando's en op Kaaplanders wat by hulle aangesluit het te stort nie. So is generaal P.H. Kritzinger daarvan beskuldig dat hy slegs een doelwit voor oë gehad het, naamlik om Kaapland te stroop en om die land in 'n toestand van onrus te hou. Niemand se eiendom is ontsien nie en wat in 'n leeftyd opgebou is, is aan 'n wettelose bende opgeoffer wat nie in gevegte belangstel nie maar slegs in die skepping van onrus. Daarby het die nuwe rekrute geen besondere liefde vir die Republieke gekoester nie, maar het hulle by die Boeremagte aangesluit omdat hulle na die sogenaamde vry en maklike kommando-lewe sou gehunker het. Hulle kon sonder belemmering deur die land flenter en is deur die Kaaplanders aan die lewe gehou. Hulle kon met die beste perde ry wat hulle van hul landgenote gesteel het; hulle kon respektabele boere wat hulle na willekeur besteel het, na hartelus hiet en gebied. Aan hulle diefstal was inderdaad geen perke nie en omdat hulle nie sou skroom om al die distrikte waarin hulle opereer te ruïneer nie, is 'n beroep op die boere gedoen om mekaar, dit wil sê Afrikaans- en Engelssprekendes, te waarsku as sulke "rowerbendes" op pad is. Ook

132. C.O. 48/552: Magistrate, Piketberg - Secretary Law Department, 12.5.1901 (F.K. 803, p. 895).

is 'n beroep op die owerheid gedoen om voldoende polisie te voorsien om korte mette met hierdie bendes te maak omdat dit nie meer by hulle om oorlogvoer gegaan het nie.[133]

In dieselfde trant het 'n Afrikaner van Taungs, ene J.J. van der Merwe gruwelike aanvalle gedoen op die strydende Boere en die Kaaplanders wat hulle simpatiek gesind was. Hy het hulle ook as rowerbendes bestempel wat roof en verniel sover as wat hulle gegaan het en dat hulle selfs nie geskroom het om vrouens en kinders van voedsel en dekking te beroof nie. Hy het vas geglo dat naamlose ellende en wreedhede deur dié bendes gepleeg is.[134]

Verkleinerende opmerkings oor die tipe Kaaplandse Afrikaner wat by die invallende Boeremagte aangesluit het, was ook aan die orde van die dag. So is hulle onder meer beskryf as persone wat nie juis iets besit het nie, hoewel sommige tog die seuns was van betreklik gegoede grondeienaars.[135] Ook is hulle beskou as "men of straw and a class not to be depended upon."[136] Uit ander oorde is hulle bestempel as afkomstig te wees van die bywoner-of armblanke seksie van die bevolking en dat hulle dié geleentheid te baat geneem het om, terwyl hulle op kommando was, op die vettigheid van die land te leef; inderdaad was hulle niks beter as struikrowers nie.[137] Indien dit in gedagte

133. Midland News, 15.4.1901: Hoofartikel.

134. De Graaff-Reinetter, 19.12.1901: Brief aan redaksie.

135. C.O. 48/543: Magistrate, Barkly-West - Secretary Law Department, 28.10.1899 (F.K. 754, p. 366).

136. C.O. 48/545: Magistrate, Molteno - Secretary Law Department. 15.1.1900 (F.K. 756, p. 352).

137. C.O. 48/525: E.C. Tennant, Graaff-Reinet - DAAG(1) Cape Town, 13.4.1901 (F.K. 800, pp. 317-319).

gehou word dat hierdie woorde in die hitte van die stryd uitgespreek is toe gevoelens hoog geloop het, kan mens dit nog verstaan en die bewerings met 'n knypie sout betrag maar dit is skokkend wanneer 'n persoon soos die Kaapse prokureur-generaal, die heer T.L. Graham, na afloop van die oorlog in die loop van 'n toespraak in Wynberg verklaar: "Of their population about two per cent had gone into rebellion; and because the scum of Boerdom had gone into rebellion, was the Colony to be branded with the stigma of rebellion and the finger of scorn pointed at it from every quarter of the Empire?"[138] In hierdie opsig was die redakteur van die Midland News meer eufemisties toe hy die mening uitgespreek het dat, "those who have joined the enemy are for the most part not the more well to do, or the most respectful part of the Dutch population."[139]

Uit verskeie oorde is die rebelle dus beskou as hoofsaaklik mense van die laer klas. Dat daar baie van hierdie tipe mense en veral dié wat nie veel besit het en dus nie veel te verloor gehad het nie, by die rebelle aangesluit het, is seker waar. Dat daar onder hulle persone was wat van hulle posisies misbruik gemaak het om Afrikaners, wat hetsy simpatiek gesind was of wat verkies het om lojaal teenoor hulle wettige Koningin te bly, te terroriseer, is seker ook waar, maar so 'n beeld is nie as 'n

138. Cape Argus, 18.6.1902: Nuusberig.

139. Midland News, 20.1.1901: Hoofartikel.

algemene prentjie van die rebelle aanvaarbaar nie. In hierdie verband kan onder andere na bekende rebelle soos Hendrik van Heerden van Middelburg,[140] P.W. van Heerden[141] en J.G. Schoeman[142] van Tarkastad, kmdt. J.C. Lötter[143] van Naauwpoort, P.W. Klopper[144] van Burgersdorp en Daniël Marais[145] van Pearston verwys word wat almal vermoënde boere was. Hierby moet ook nog gereken word 'n persoon soos Ignatius van der Walt, L.W.V. vir Colesberg, wat sy gewig by die Republieke ingewerp het.[146] Aan die ander kant is dit seker ook waar dat die meeste gegoede grondeienaars hulle besittings nie maklik sou verlaat om 'n twyfelagtige oorlog teen Brittanje te help voer nie. Milner het tereg verklaar: "There is also a party among the Dutch embracing especially a number of the more substantial farmers who are sick of the whole business, and who, being well off, and quite satisfied under British rule would be only too glad to live at peace with all men."[147]

Opsommend kan dus gesê word dat 'n aansienlike aantal "lojale" Kaaplandse Afrikaners, om meer as een rede, die wapen teen hulle wettige owerheid opgeneem het. Hoeseer hulle ook al

140. Vgl. S.D. Naudé: Martelaars voor die Vuurpeleton en aan die galg (J.H. Breytenbach (red.): Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 492).

141. Ibid., p. 495.

142. Ibid., p. 502.

143. Ibid., p. 499.

144. Ibid., p. 504.

145. Snyman: a.w., p. 40.

146. Vgl. p.168-169 hierbo.

147. Headlam: a.w., p. 116: Milner - Sir Edward Hamilton, 24.6.190[illegible] (Hamilton was die permanente ondersekretaris van die Britse Tesourie).

simpatiek gestaan het teenoor hulle rasgenote, kan hulle optrede as Britse onderdane <u>nie</u> goedgekeur word nie. As onderdane van Brittanje het hulle <u>geen</u> reg gehad om hulle lot by die noordelike Republieke in te werp nie. Wat egter die deurslag gegee het, was die bloed- en kultuurbande wat hulle met die Republieke gebind het. Omdat hulle nie sienderoë kon toelaat dat hulle vriende en hulle broers deur die magtige Brittanje opgeoffer word ter wille van sogenaamde hervormings waarkragtens hulle mettertyd sou ondergaan nie, het hulle die gewapende hand gereik in 'n stryd wat vanaf die begin die ondergang van die Republieke beteken het. In hierdie lig gesien moet die optrede van etlike duisende Kaaplanders, wat geen geskil met Brittanje gehad het nie, geroem word; nie alleen moet hulde gebring word aan diegene wat die wapen opgeneem het nie, maar ook daardie onbekende skare wat stilswyend, teen lewensgevaar, hulp verleen het by wyse van proviand, kleding, onderdak, inligting of op welke wyse ook al, moet geëer word as persone wat prakties geïllustreer het dat bloed in der waarheid dikker is as water.

Aan die ander kant moet die optrede van 'n groot aantal Republikeine wat met doelbewuste leuens en wanvoorstellings die Kaaplanders 'n rat voor die oë gedraai het om rekrute te werf, ten sterkste veroordeel word. Die uitbuiting van ongeletterdes kan nie goedgepraat word nie. In dieselfde asem moet bygevoeg word dat die fisiese aanwesigheid van die Republikeine,

die beroepe op broederskap en die onvermoë van die Regering om hulle onderdane te beskerm, miskien net daardie aanmoediging wat hulle gesoek het aan hulle gegee het om hul lot by die Republieke in te werp en om hulle gewete te salf met die wete dat hulle nie anders kon nie.[148] Die Republikeine het net soos die Kaapse en Britse owerhede nie altyd die dilemma waarin die Kaaplandse Afrikaner hom as Britse onderdaan aan die een kant en as Afrikaner aan die ander kant bevind het, reg verstaan nie. Hierdie faktore het veroorsaak dat die lewe van die Afrikaner in Kaapland gedurende die oorlog 'n onbenydenswaardige een was.

148. Vgl. Cd. 264, p. 2: Milner - Chamberlain, 16.1.1900.

# HOOFSTUK VI.

## AFRIKANERLYDE.

Die gewelddadige versot, of rebellie, wat in die vorige hoofstuk behandel is, het daartoe gelei dat krygswet in meerdere of mindere mate afgekondig moes word. Nadat die eerste inval afgeslaan is, is krygswet op 'n aantal plekke herroep maar na die tweede inval is krygswet in toenemende mate afgekondig, totdat dit vanaf 9 Oktober 1901 oor die hele Kaapland, insluitende die hawestede Kaapstad, Simonstad, Port Elizabeth en Oos-Londen van krag was.[1]

Omdat krygswet gebruik is om die owerheid in staat te stel om deur middel van buitengewone maatreëls die veiligheid van die land te verseker, en dit beskou kan word "as the law of necessity in the face of grave emergency... depending entirely on the consience, or rather on the despotic and arbitrary will of those who administer it",[2] is dit van belang om te let op welke wyse hierdie maatreëls die gewone man, en in besonder die Kaaplandse Afrikaner, gedurende hierdie tyd getref het.[3]

Die eerste leërbevel betreffende krygswet is op 7 Desember 1899 gepubliseer. In wese is dit 'n aantal reëls wat nagekom moes word. Hierin is onder andere 'n aanduiding gegee van oortredings

1. C.O. 48/554: Telegram, Hutchinson - Chamberlain, 9.10.1901 (F.K. 817, p. 1045).

2. Vgl. Snyman: a.w., p. 7.

3. Omdat die straf wat aan rebelle kragtens die bepalings van krygswet uitgemeet is, reeds redelik breedvoerig in Snyman: a.w., behandel is, word dit hier buite rekening gelaat. So ook word die administrasie van krygswet as sodanig, wat 'n onderwerp op sigself is, nie hier behandel nie maar slegs aangeraak in soverre dit vir duidelikheid nodig is.

wat kragtens krygswet behandel moes word, soos byvoorbeeld:–

a) die begaan van of die uitspreek van verraderlike dade en woorde en ook dié wat bedoel was om ontevredenheid, dislojaliteit en wantroue in die Regering te skep;

b) aansluiting by die vyandelike magte;

c) hulpverlening aan die vyand;

d) handeldryf met die vyand; of voorsiening van voorrade aan die vyand; vernietiging van spoorweg-brûe, telegraaflyne; alle dade wat die veiligheid van die troepe in gevaar mag stel, asook oortredings van reëls en regulasies wat die militêre owerhede onder krygswet nodig mag ag en

e) suspisie van skuldig te wees aan enige van voorgaande oortredings.[4]

Toe Milner die bestaan van hierdie leërbevel onder die aandag van die Koloniale Kantoor gebring het, het hy reeds voorspel dat die inwoners van Kaapland groot ongerief daaronder sou ly en dat dit die bron van groot irritasie by vele sou wees. Hy het ook by voorbaat sy leedwese daaroor uitgespreek dat die moontlikheid nie uitgeslote was nie dat sommige persone óf sonder behoorlike rede óf op onvoldoende gronde aangehou mag word. Aan die ander kant was die bestaan van krygswet egter absoluut noodsaaklik vir die beskerming van die troepe en die stopsetting van rebellie.[5]

4. Cd. 981, p. 5: Martial Law, Explanatory Memorandum.

5. Ibid., p. 6.

Met verloop van tyd het verskeie memoranda, omsendbriewe en instruksies met betrekking tot krygswet vir die inligting van diegene wat met die administrasie daarvan belas was, die lig gesien. Omdat dit hoofsaaklik herhalend en aanvullend van aard is, is dit miskien net nodig om aandag te gee aan die finale instruksies soos dit gekonsolideer en gekodifiseer is in 'n pamflet wat op 1 Mei 1902 gepubliseer is.[6] Die vorige kodifikasie het in Februarie en Mei 1901 plaasgevind. Teen die tyd dat die derde uitgawe die lig gesien het, was krygswet in Kaapland reeds so lank van krag dat die samestellers in staat was om in werklikheid 'n standaardkode met betrekking tot krygswet daar te stel.[7]

Voordat die inhoud van die pamflet van nader beskou word, is dit ter wille van duidelikheid nodig om daarop te wys dat daar op 1 Desember 1901 'n verandering ingetree het wat betref die verantwoordelikheid vir die administrasie van krygswet. Tot op daardie datum was Kommandante verantwoordelik vir die administrasie van krygswet met die plaaslike Magistrate as hulle adjudante. Vanaf 1 Desember 1901 is die Kommandant se betiteling verander na "Administrator" vir 'n bepaalde area. Hy is bygestaan deur 'n eie personeel en deur die Magistrate van die distrikte wat onder sy beheer geressorteer het. Die Magistrate het tewens ook as Adjunk-administrateurs opgetree.[8]

6. Cd. 1423, pp. 26-70: Pamflet C.R. No. A/9842/141, Martial Law in Cape Colony, 1901-1902, Third Edition.
7. Ibid., p.6: Explanatory Memorandum.
8. Ibid., p.10: Martial Law Circular No. 10, 1 Desember 1901 (onderteken deur kapt. G.K. Cockerill, D.A.A.G., Kaapstad).

Die doel van die pamflet was om 'n eenvormige administrasie van krygswet te verseker en die Administrateurs is versoek om dit getrou toe te pas en geen afwyking toe te laat sonder vooraf goedkeuring nie.[9]

Omdat die pamflet 'n lywige dokument is, word die aandag net by die hiernavolgende tersaaklike gedeeltes bepaal.

Die eerste deel van die pamflet bevat instruksies aan die Administrateur. Een van sy eerste pligte was om sorg te dra dat die krygswetregulasies wat in dié pamflet saamgevat is, in die distrikte onder sy beheer afgekondig word. Indien hy sou meen dat addisionele regulasies nodig was, moes hy dit eers aan die Kaapse Bevelvoerder te Kaapstad voorlê met 'n volledige uiteensetting van sy redes daarvoor. Aan die ander kant kon administrateurs enige van die regulasies opskort waar sodanige opskorting mag bydra tot die handhawing van wet en orde. Die Administrateurs is dit egter op die hart gedruk dat dit noodsaaklik was om alle moontlike regulasies betreffende die veiligheid van die troepe te handhaaf, hoe erg dit ook al die burgerlike bevolking mag affekteer.[10]

Om te voorsien in militêre benodigdhede, het dit Kommandante vrygestaan om diere, landerye, geboue, voertuie en voorrade

9. Ibid., p. 26.

10. Ibid., pp. 30-31.

van individue te kommandeer. Die aandag is ook daarop gevestig dat die praktyk wat gedurende 1900 gevolg is om die vee en eiendom van rebelle en vermeende rebelle te konfiskeer gestaak is: "the confiscation of property as a punishment for treason finds no place in English or Roman-Dutch Law, and should not therefore be imposed as a penalty under Martial Law."[11]

Omdat kommandering van goedere 'n belangrike deel van oorlogvoer uitmaak, is uitvoerige instruksies hieromtrent gegee. So is daar voorgeskryf dat niks gekommandeer mag word sonder om daarvoor 'n kwitansie te verstrek nie, waarop volle besonderhede, asook die waarde van die artikel(s) aangegee moes word. Kommandeerbeamptes is dit op die hart gedruk dat hulle die markwaarde van die artikels deeglik moes bepaal, desnoods met behulp van plaaslike waardeerders en van die magistraat. Die maksimum toegelate prys mag egter nie oorskry word nie.[12]

In "gewone omstandighede" moes nie al die diere op 'n plaas gekommandeer word nie maar genoeg moes gelaat word om in die minimum behoeftes van die eienaar te voorsien. Op waardevolle stoetdiere moes egter nie beslag gelê word nie, behalwe in gevalle waar dit dringend benodig is, of tensy die eienaar verlang dat dit ten behoewe van hom in 'n veilige plek gehou moes word.

11. Ibid., p. 31.

12. Ibid., p. 44.

Kommandering moes onpartydig op alle seksies van die bevolking toegepas word en offisiere wat met kommandering belas word, moes hulle nie laat beïnvloed deur hoorsê-praatjies oor die politieke gevoelens van die eienaars nie. Indien hulle egter oor genoegsame bewyse beskik dat enige persoon, of enige lid van sy familie, of enige ander persoon wat onder sy dak woon met sy medewete op enige wyse hulp verleen het aan die vyand, of skuldig was aan enige ander daad van hoogverraad of aan 'n oortreding van die krygswetregulasies, mag die kommandeer-beamptes voorkeur gee aan die kommandering van die eiendom van so 'n persoon. Die bevelvoerende offisiere van die distrikte moes egter daarteen waak om in plaaslike behoeftes by wyse van kommandering te voorsien, tensy werklik dringende noodsaaklikheid daarvoor bestaan.[13]

Betaling vir gekommandeerde goedere sou eers plaasvind nadat vrede gesluit is, maar vergoeding vir goedere wat van lojaalgesindes ontvang is mag as 'n uitsondering geskied. Vir daardie doel moes alle kommandeersise binne drie maande nadat die goedere gekommandeer is, ondersteun deur die oorspronklike kwitansie, ingedien word.

Voorskrifte is ook gegee met betrekking tot vee waarop beslag gelê is om te voorkom dat dit in die hande van die vyand val.

13. Ibid.

As algemene beginsel het gegeld dat die vee die eiendom van die eienaar bly. Dit mag egter per openbare veiling verkoop en die opbrings in die naam van die eienaar gekrediteer word, of in die geval van perde en muile in die "Protection Horse Fund" inbetaal word. Ook kon die vee op die eienaar se risiko opgepas en die koste daarvan van hom verhaal wanneer dit aan hom terugbesorg word. Onder buitengewone omstandighede kon die vee egter ook vernietig word.[14]

Van groot belang is ook die voorskrifte met betrekking tot beheer oor voedselvoorrade. Daar moes naamlik gesorg word dat geen voedselvoorrade en enigiets anders wat van nut mag wees, in die hande van die vyand val nie. In hierdie kategorie is die volgende as "verbode goedere" verklaar: voedsel vir mens en dier van welke aard ook al; tabak in enige vorm; komberse en dergelike bedekkingsmiddele; saal, toom en leergoedere; kleding vir mans en seuns en wolonderklere van enige aard; skoene; perdeskoene en enige materiaal wat vir versoling benodig mag word; gereedskap om draad te knip; voertuie, wapens, ammunisie, plofstowwe, verkykers en teleskope.

Besendings verbode goedere sou nie deur die Spoorweë aanvaar word nie, behalwe waar dit vir plekke langs die spoorlyn bedoel is ten opsigte waarvan die bevelvoerende offisier die nodige instruksies uitgereik het. Hierdie en ander plekke, wat deur bevelvoerende offisiere daarvoor aangewys is, sou sentra vorm vanwaar die burgerlike bevolking onder toesig van die

14. Ibid., p. 47.

Administrateur toegelaat sou word om voorrade te kry. Die aanvulling van voorrade op plekke wat nie aan die spoorweë geleë was nie, moes alleen toegelaat word tot dié mate wat nodig was om aan die onmiddellike behoeftes van die inwoners te voorsien.[15]

Om voorrade te verkry moes een persoon in 'n huishouding aangewys word aan wie 'n permit uitgereik sou word om by die naaste "sentrum" inkopies te doen. Nadat hy sy aankope gedoen het, moes die Administrateur of sy Adjunk egter eers die faktuur goedkeur voordat die voorrade aan hom uitgereik kon word. By heraankope moes die applikant verklaar hoeveel benodigdhede nog tuis was, en dié moes deur die Administrateur van die toegelate hoeveelheid afgetrek word.

Ten einde vervoer so ekonomies as moontlik te gebruik, moes getrag word dat alle huishoudings in elke veldkornetskap op dieselfde dag hulle inkopies doen. Genoegsame vervoer moes op die plase gelaat word om boere in staat te stel om hul lewensmiddele aan te vul.

Om te voorkom dat van meer as een sentrum voorrade verkry word, is aan Administrateurs opgedra om aan ander sentrums afskrifte te gee van die name van persone wat op hulle lys was, of om sulke ander maatreëls te tref as wat hy nodig mag ag. In distrikte waar vyandelikhede aan die gang was, moes natuurlik

15. Ibid., p. 32.

strenger maatreëls getref word om beheer oor lewensmiddele uit te oefen. Selfs op vermoede dat krygsverrigtinge in 'n distrik mag plaasvind, mag die Administrateur dit tot 'n "area of operation" verklaar en die nodige reëlings tref om voorrade te beveilig.[16]

Die Administrateur was ook wat hierdie gebiede betref nie sonder leiding nie. So moes hy onder andere toesien dat onbeperkte hoeveelhede verbode goedere slegs toegelaat word in dorpe wat oor 'n garnisoen beskik wat groot genoeg was om dit te verdedig.[17] Elders moes geen huishouding toegelaat word om voorrade wat vir meer as ses tot veertien dae se behoeftes voldoende was in hulle besit te hê nie. Verder moes alle hawerhooi gekommandeer en na 'n veilige plek van bewaring gebring word. Alle koring, gars en mielies moes gedors en tesame met ertappels, tabak en alle ander lewensmiddele binne die verdedigde dorpe gebring word om daar op koste van die eienaar geberg te word. Indien dit vanweë die aanwesigheid van die vyand nie moontlik was of sou wees om oeste in te bring nie, moes dit vernietig word. Ook moes alle perde, muile en skotskarre onmiddellik na 'n verdedigde dorp gebring word vir "beskerming." Administrateurs moes egter die gebruik van voldoende vervoer toelaat om voorrade te bekom en elke wa, wat nog nie in regeringsdiens was nie, aanwend om verbode goedere te versamel,

16. Ibid., p. 33.

17. Hierna genoem "verdedigde dorpe" ("defended towns").

"so that no wagon or team is idle while any such goods or crops remain to be collected."[18]

Ook in distrikte wat nie deur krygsverrigtinge bedreig is nie, is bepaal dat verbode goedere slegs op dorpe wat verdedig kon word in groot hoeveelhede beskikbaar mag wees.[19]

Boere is toegelaat om graan, behalwe hawer, te dors op voorwaarde dat dit onmiddellik by kennisgewing verwyder kon word. Geen graan mag egter sonder die toestemming van die Administrateur gemaal word nie en die voorraad meel wat aangehou kon word mag nie vir meer as uiters veertien dae se behoeftes wees nie. Daarbenewens mag geen mielies of hawer sonder goedkeuring van die Administrateur verkoop word nie.[20]

Behalwe in die oostelike distrikte en dié van Port Elizabeth, Stellenbosch, Malmesbury en Kaapstad, moes alle hawerhooi vir militêre doeleindes gekommandeer word, terwyl lusern, mielies, garsstrooi en kaf so geberg moes word dat dit op 24-uur kennisgewing gereed sou wees vir verwydering of vernietiging.

Aan boere wat toegelaat is om hulle vee te behou, moes voldoende voer vir die wintermaande gelaat word. In bedreigde distrikte moes voer wat meer is as wat benodig word, na die dorpe gebring en op koste van die eienaars geberg, of vir militêre doeleindes gekommandeer word.[21]

18. Ibid., pp. 33-34.

19. Ibid., p. 34.

20. Ibid.

21. Ibid.

Die Administrateurs is gemaan om, hoewel sedisieuse praatjies onderdruk moes word, hulle nie te veel aan praatjies te steur wat nie enige uitwerking op die verloop van die oorlog het nie. Die sirkulasie van koerante en tydskrifte wat egter na die mening van die Administrateur ongewenste leesstof bevat, kon op sy aandrang stopgesit word.[22]

Daar is ook voorsiening gemaak vir die arrestasie van sogenaamde ongewenste persone. Sulke persone kon alleen gearresteer word indien hulle daarvan verdink word dat hulle hulp aan die vyand verleen het of dat hulle die vrede op enige wyse sou versteur. Die Administrateur moes egter daarvoor sorg dat sulke persone nie onnodig lank op 'n verhoor wag nie. Omdat dit moeilik sou wees om 'n saak uit te maak teen persone wat daarvan verdink word dat hulle by die vyand sou aansluit, of wat hulp aan hulle sou verleen, moes daar gereël word dat diesulkes, wanneer die vyand in die nabyheid is, aangesê word om na 'n verdedigde dorp te gaan om hulle daar periodiek by die militêre owerheid aan te meld totdat die gevaar verby is. Sulke persone mag egter nie na 'n distrik waar krygswet nie van krag is, geneem word nie, of van een distrik na 'n ander verskuif word sonder die goedkeuring van die Kaapse Bevelvoerder nie. Daar is in die reël van dié persone verwag om vir hulle 'n eie onderdak, voedsel en kleding te voorsien.[23]

22. Ibid., p. 35.

23. Ibid., p. 42.

Die pamflet is afgesluit met 'n aantal modelkrygswetregulasies, wat in elke distrik wat aan krygswet onderhewig was, afgekondig moes word. Omdat die Kapenaars in hulle daaglikse lewe aan hierdie regulasies gebonde was, is dit nodig om kortliks op die inhoud van sommige daarvan te let.

Vir geringe oortredings van die regulasies hoef die oortreder nie noodwendig gearresteer te word nie maar bloot aangesê word om voor die Adjunk-administrateur, dit wil sê die Magistraat, te verskyn. Vir ernstiger oortredings mag hy egter wel gearresteer word kragtens 'n lasbrief van die Magistraat as adjunk-administrateur, of op geskrewe bevel van die Administrateur. In noodgevalle kon 'n persoon selfs sonder 'n lasbrief gearresteer word.[24]

Ten opsigte van oortredings van hierdie regulasies mag boetes van nie meer as £60.0.0., en gevangenisstraf van meer as ses maande met of sonder harde arbeid opgelê word nie. Vir oortredings wat deur militêre howe verhoorbaar is, is daar egter geen beperking aan die straf wat opgelê mag word nie; selfs die doodstraf was nie uitgeslote nie.[25]

Die besit van wapens soos gewere, rewolwers, pistole en ammunisie van welke aard ook al, of van enige plofstof, was verbode. Die reg om enigiets van hierdie aard te besit, kon slegs by wyse van 'n permit deur die Administrateur of sy Adjunk verleen word.[26]

24. Ibid., p. 53.

25. Ibid., p. 54.

26. Ibid.

Rondreis en beweging binne die distrik is ook verbode verklaar behalwe ten opsigte van die volgende bona fide gevalle: a) om produkte na die mark te bring, b) om diere vir verkoop aan die militêre owerheid te besorg, c) om hulself by die militêre owerheid aan te meld, d) om 'n kerkdiens by te woon, of om e) in die geval van siekte, mediese hulp te soek. Voorts is niemand toegelaat om 'n dorp te verlaat of binne te kom tussen sonsondergang en sonsopkoms behalwe vir 'n bona fide doel om mediese hulp in geval van ernstige siekte te verkry nie.

Persone wat kragtens 'n permit, of in die hierbogenoemde gevalle, sonder 'n permit gereis het moes direk na hulle bestemming afreis en hulself by die eerste die beste geleentheid by die kantoor van die Adjunk-administrateur aanmeld. Ook moes hulle by die naaste militêre pos aanmeld.[27]

Die aanwesigheid van enige besoeker of vreemdeling by enige huis of plaas moes dadelik aan die Adjunk-administrateur gerapporteer word.[28]

Aan die voordeur van elke plaas of woning wat buite die grense van 'n verdedigde dorp geleë was, moes 'n lys met die name van die bewoners daarvan opgeplak wees. Op die lys moes ook 'n kort beskrywing van elke persoon voorkom en die korrektheid daarvan moes deur 'n persoon wat daartoe deur die Administrateur

27. Ibid., pp. 54-55.

28. Ibid., p. 55.

aangewys is, bevestig word. Alle veranderinge op die lys moes eweneens bevestig en bekragtig word. Aan patrollies is die reg verleen om persone wie se name nie op die lyste voorkom nie te arresteer en om die name van afwesiges aan te teken en hulle, as hulle afwesigheid nie bevredigend verklaar kon word nie, as rebelle te beskou. Daar is egter bepaal dat hierdie regulasie net afgekondig moes word in distrikte in die onmiddellike nabyheid van die vyand, of in distrikte waarin die vyand reeds hulle verskyning gemaak het. Dit hoef nie van toepassing gemaak te word in distrikte wat genoegsaam beskerm was nie.[29]

Die uitreik van handelslisensies is tot nadere kennisgewing opgeskort en geen handelsreisiger is toegelaat om sonder 'n spesiale permit van die Administrateur of sy Adjunk in die distrik rond te reis nie.[30]

Alle pakkette wat by wyse van die pos, spoor of pad vervoer moes word, sou aan inspeksie onderhewig wees. Op enige verbode goedere wat op so 'n wyse gevind word, sou beslag gelê en die sender of ontvanger gestraf word. Vervoer van pakkette op enige ander wyse as deur middel van die possakke van die poskantoor is verbode verklaar. Alle briewe, telegramme en ander pos sou aan sensuur onderhewig wees. Amptelike pos was egter uitgeslote. Pos mag ook op geen ander wyse as deur middel van die poskantoordiens versend word nie.[31]

29. Ibid.

30. Ibid.

31. Ibid., pp. 55-56.

Alle vergaderings, hetsy in openbare plekke of in huise is verbied, behalwe a) ten opsigte van vergaderings waarvoor 'n permit deur die Adjunk-administrateur verleen is, b) bona fide kerklike byeenkomste, c) vergaderings van die Afdelingsraad of die Stadsraad en d) byeenkomste van persone wat in een huis bly. Vir die doeleindes van hierdie regulasie is 'n samekoms van ses of meer persone as 'n vergadering beskou.[32]

Die inwoners is ook gemaan om ag te slaan op hulle praatjies en niks te sê wat ten doel het om ontevredenheid of vyandigheid aan te blaas nie. Ook mag niemand doelbewus valse gerugte versprei met die doel om paniek te saai nie.[33]

Daar is verder bepaal dat alle Britse onderdane in Kaapland, wat hulle in distrikte waar krygswet van krag is bevind en wat hulle aan die volgende oortredings sou skuldig maak vanaf 22 April 1901 voor militêre howe tereg sou staan waar hulle aan die strengste straf, insluitende die doodstraf, onderworpe sou wees, te wete a) deur die wapens teen Brittanje op te neem, b) deur ander persone aan te moedig om die wapen op te neem, c) deur die vyand aktief te help, en d) deur enige daad te doen waarkragtens die veiligheid van die Britse troepe in gevaar gestel mag word.

32. Ibid., p. 56.

33. Ibid.

Ook sou diegene wat dit nalaat om aan die militêre owerheid te rapporteer wanneer hulle plase deur die vyand of deur rebelle besoek word, of wanneer van hulle familie by die vyand aansluit, hulle daaraan blootstel om voor militêre gerigte tereg te staan. Dieselfde lot sou diegene tref wat die vyand help deur middel van inligting, of om hulle te voorsien van geld, voedsel, perde, waens, kleding, wapens, voer, voertuie of enige ander benodigdhede.[34]

Die boere is aangesê om genoegsame reëlings te tref om die aanwesigheid van die vyand onmiddellik te rapporteer, omdat rapporte wat later ingedien word nie van soveel waarde is nie. Niemand sou in hierdie opsig van moontlike aanklagte van pligsversuim vrygespreek word nie tensy hulle kon bewys dat dit onmoontlik was om die inligting eerder te verstrek.

Wanneer die vyand by hulle plase sou aandoen word dit van die boere verwag om alles in hulle vermoë te doen om vas te stel hoeveel Boere aanwesig is, wat die toestand van hulle perde is, hoe sterk hulle bewapen is en waarheen hulle op pad was. Wanneer die vyand vertrek moes die boer let op die rigting waarin hulle gaan en hulle volg ten einde bo alle twyfel vas te stel waarheen hulle gegaan het. Hierdie inligting moes onmiddellik aan die militêre owerheid verstrek word.

34. Ibid., pp. 56-57.

Die boere is daarop gewys dat dit, as lojale onderdane van Brittanje, hulle plig was om aktief te help om die teenwoordigheid van die vyand aan die kaak te stel en hulle is spesiaal gewaarsku dat 'n houding van neutraliteit nie met lojaliteit strook nie. Geen reispermitte was nodig vir enigeen wat sulke inligting wou verstrek nie.[35]

Dit was ook verbode om enigeen te versteek wat in die geledere van die vyand geveg of wat op enige ander wyse steun aan die vyand verleen het. Enigeen wat van so 'n geval geweet het en dit nie openbaar nie, sou net soos die oortreder self ten strengste gestraf word.[36]

Die sirkulasie van koerante en publikasies met 'n ondermynende strekking is verbied en enigeen in besit van sodanige literatuur sou aan streng straf onderhewig wees.[37] Ook die gee van tekens en die blootstelling van gekleurde ligte is verbode verklaar. Insgelyks is die aansteek van vure op koppies bedags en snags verbied en boere sou vir sulke vure op hulle plase verantwoordelik gehou word. Enige ander vure wat aangesteek mag word om byvoorbeeld afval te verbrand, moes in laagliggende dele gedoen word en wel onder toesig van 'n witman.[38]

35. Ibid., p. 57.

36. Ibid.

37. Ibid.

38. Ibid., p. 58.

Alle hotel- en losieshuiseienaars, sowel as die eienaars van private wonings is verantwoordelik gehou vir die gedrag van die inwoners onder hulle dak. Elke hotel- of losieshuis-eienaar moes 'n boek aanhou waarin hy daagliks die name, beroepe en adresse moes aanteken van alle persone wat by sy inrigting aandoen of daarvandaan vertrek. In die boek moes ook aangedui word vanwaar die persone kom en die boek was onderhewig aan inspeksie deur die Administrateur of sy Adjunk. 'n Daaglikse rapport met voormelde besonderhede moes aan die Adjunk-administrateur besorg word. Die eienaar van 'n hotel of losieshuis sou ook verantwoordelik gehou word vir enige versteekte wapens of ammunisie wat op sy perseel gevind mag word.[39]

Tensy deur 'n permit daarvan vrygestel, moes elke persoon binnenshuis bly gedurende die ure wat die Adjunk-administrateur mag voorskryf. Net so ook moes alle ligte gedurende die voorgeskrewe ure uitgedoof wees, behalwe in bona fide gevalle van siekte of nood. In so 'n geval moes die gebeure die volgende oggend aan die Adjunk-administrateur gerapporteer en 'n permit verkry word indien verdere toestemming nodig is. So 'n aansoek moes gerugsteun word deur 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn. Hoe so 'n regulasie op plase, of in gevalle waar 'n geneesheer nie beskikbaar is nie, nagekom moes word, is nie vermeld nie.

39. Ibid.

40. Ibid., p. 60.

Uit die voorgaande blyk dit dat die lewe van die Kapenaars erg deur krygswetregulasies aan bande gelê is. Die ergste bepalings in die geval van die Afrikaners met hulle natuurlike simpatie met die Republikeine, is seker dié wat handel oor die rapportering van die aanwesigheid van laasgenoemde aan die militêre owerhede. 'n Swaar las is in dié opsig op die Afrikaners gelê wat seer sekerlik nie geneë was om op hulle mede-rasgenote te spioeneer nie. Ander regulasies wat swaar getref het, was die kommandering van voertuie en perde waarvolgens boere, grootliks geïmobiliseer, op hulle plase gestrand gesit het.

Laat ons egter kyk wat in die praktyk gebeur het en let op sommige van die griewe wat die administrasie van krygswet na vore gebring het. Een van die ergste kwellings wat krygswet meegebring het, was juis die kommandering van perde wat gedurende 1901 'n hoogtepunt bereik het toe die militêre owerheid besluit het om die land van perde te stroop.[41]

Hierdie optrede van die militêre owerheid het hoofsaaklik twee griewe by die boeregemeenskap gewek. In die eerste plek het hulle daaroor gekla dat aan hulle te min vergoeding vir hulle

41. In 'n memorandum wat onder bevelvoerende offisiere versprei is, is hulle aangesê, "to absolutely clear the country of horses essential to the pacification of the conquered territories and for the subsequent maintenance of peace in South Africa." Bevelhebbers is dit ook op die hart gedruk dat hulle nie moes aarsel om selfs ondiensbare perde en ook jong vullens dood te maak nie. "That they should eventually grow up to carry an armed Boer to the disturbance of the public peace is exactly what it is desired to prevent." (Circular Memorandum No. 46, 11.7.1901).

perde betaal of aangebied is, in sommige gevalle van £5.0.0. tot £20.0.0. benede markwaarde[42] en in ander gevalle is ongeveer die helfte of nog minder van die markwaarde uitbetaal.[43] Walter Ranger van Keiweg was met reg billik ontstoke omdat hy slegs £16.0.0. ontvang het vir twee karperde waarvoor hy 'n maand tevore £57.10.0. betaal het: "I consider I have been treated villainously and hope you will use your influence on my behalf."[44] So het ook die heer S.J. Hartz van Cathcart £17.0.0. ontvang vir 'n perd wat na sy mening £100.0.0. werd was en £10.0.0. vir 'n perd wat op £50.0.0. gewaardeer was.[45] J.D. Forward van dieselfde distrik moes op sy beurt van twee perde teen £10.0.0. en £9.0.0. afstand doen wat eintlik £50.0.0. en £27.10.0. elk werd was.[46] Veral die South African League, 'n lojaliste-organisasie wat die bevordering van die Britse aksie in Suid-Afrika ten doel gehad het, het hom sterk uitgelaat oor wat hy genoem het hierdie onregverdige en arbitrêre wyse waarop vergoeding vir gekommandeerde perde uitbetaal of aangebied is en onder meer gesê: "this District is disgusted at the dirty treatment it is receiving in return for the greatest sacrifices it has made and fervent loyalty it has displayed, the king's loyal subjects are none too many and

42. Vgl. C.O. 48/553: Magistrate, Piquetberg - Secretary Law Department, 6.8.1901 (F.K. 810, pp. 859-860).

43. C.O. 48/553: J.D. Haworth, Kenhardt - Kitchener, 12.6.1901 (F.K. 811, pp.1018-1022).

44. C.O. 48/554: Walter Ranger - A. Fuller M.L.A., 19.8.1901 (F.K. 818, p. 1212).

45. C.O. 48/55: T.M. Smartt, Commissioner of Public Works - Prime Minister, 27.9.1901 (F.K. 816, p. 790).

46. Ibid.

ought to be encouraged and not plundered by military orders."[47] As lojaliste so erg oor hierdie saak gevoel het, kan daar seker aanvaar word dat die Afrikaners minstens net so daaroor moes gevoel het.

In die tweede plek het die boere ongelukkig oor kommandering van hulle perde gevoel omdat hulle daardeur op hulle plase gestrand gesit het. Tereg het die boere van Cradock in 'n petisie aan Kitchener daarop gewys dat as die Boere nie toegelaat sou word om minstens twee perde aan te hou nie hulle reddeloos sou wees in geval van siekte of wanneer die aanwesigheid van Boerekommando's gerapporteer moes word.[48] Ook die boere van Somerset-Oos het tydens 'n protesvergadering op daardie dorp daarop gewys dat hulle reeds al die perde afgestaan het wat hulle kon en dat 'n boer nie sonder sy perd sy sake kon verrig nie.[49]

Veral in die uitgestrekte gebiede van Noordwes-Kaapland waar die plase as 'n reël besonder groot was, het die boere groot skade in die gesig gestaar omdat hulle nie sonder perde hulle vee behoortlik kon oppas of na afgedwaaldes sou kon gaan soek nie.[50] Daarby was die plase baie ver van die naaste spoorwegstasie geleë, sommige tot tweehonderd myl, terwyl hulle ook vanaf twintig tot sestig myl van die naaste dorp of dokter was. Om in sulke omstandighede sonder 'n perd te wees, sou die lewe

47. C.O. 48/554: Fred. H. Bronsfield - Joint Secretaries, S.A. League, Cape Town, 28.8.1901 (F.K. 812, p. 812).

48. Middelandsche Afrikaander, 5.1.1901: Nuusberig.

49. Het Oosten, 17.1.1901: Nuusberig.

50. C.O. 48/553: J.D. Haworth, Kenhardt - Kitchener, 12.6.1901 (F.K. 811, pp. 1018-1022).

vrywel ondraaglik maak.[51]

'n Ander probleem in hierdie kontrei was die baie lae reënval as gevolg waarvan die boere op putte aangewese was om hulle vee water te gee. As 'n reël is die water deur middel van bakkies-pompe uit die putte gehaal vir welke doel een tot vier perde of muile nodig was om die pompe te trek. As al die perde onttrek moes word, sou dit vir alle praktiese doeleindes die dood beteken het van die vee vir wie daar nie water gegee sou kon word nie. Ook sou dit die einde van enige transport of reis binne die gebied beteken. Indien al hulle perde weggeneem sou word, sou die boere glad nie hulle plase kon verlaat nie, die vee sou verdwaal, "and we should be losers on all sides."[52]

Oor die situasie waarin hierdie boere hulle bevind het, het die militêre owerheid hom nie juis bekommer nie, maar het bevel gegee dat boere wat oor 'n surplus hoeveelheid donkies beskik, dit teen 'n redelike prys aan hulle bure moes verkoop ten einde die bakkiespompe in werking te hou![53] Selfs Kitchener was nie geneë om die boere in hierdie area toe te laat om perde te behou nie omdat die voordele wat elders met dergelike maatreëls behaal is daardeur gekanselleer sou word.[54]

51. C.O. 48/553: Tel. J.D. Haworth, Kenhardt - Hutchinson, 30.7.1901 (F.K. 811, p. 1005).

52. C.O. 48/553: J.D. Haworth, Kenhardt - Hutchinson, 6.8.1901 (F.K. 811, pp. 974-976).

53. C.O. 48/553: Genl. A. Wynne - Hutchinson, 18.8.1901 (F.K. 811, p. 978).

54. C.O. 48/553: Kitchener - Hutchinson, 3.8.1901 (F.K. 811, p. 1147).

Die omstandighede van die boere het as gevolg van die kommandering van perde so verswak dat die Regering hom verplig gevoel het om ernstige beswaar daarteen by die Koloniale Sekretaris aan te teken. Sonder perde kon die Boere hulle boerdery nie na behore behartig nie afgesien nog van die feit dat hulle kragtens 'n krygswetsirkulêre van 18 Januarie 1902 aangesê is om, by aankoms van die vyand, hulle vee op eie inisiatief na die naaste verdedigde dorp te bring. As gevolg van afstande van twintig tot vyftig myl wat vee aangejaag moes word, het baie daarvan gevrek. Omdat, "interference with small stock is the one thing which will drive farming population to despair," het die Regering gevra dat die instruksies gekanselleer word. Die Goewerneur het hom met die opvatting van die Regering vereenselwig en die vertroue uitgespreek dat die militêre owerheid nuwe instruksies sou uitreik omdat die bestaande instruksies sou meebring dat die land van perde gestroop sou word wat hy nie gedink het wenslik sou wees nie.[55] In die Koloniale Kantoor is die mening uitgespreek dat die militêre owerheid eers die instemming van die Kaapse Regering kon erlang het voordat die omsendbrief van 18 Januarie uitgereik is, terwyl 'n ander beampte beweer het dat hy nie verbaas sal wees nie om te hoor dat sir Gordon Sprigg mislei is deur oordrewe verslae.[56] Geen verdere aksie het egter uit die vertoë van die Regering gevolg nie.

55. C.O. 48/558: Hutchinson - Chamberlain, 18.2.1902 (F.K. 838, p. 609).

56. C.O. 48/558: Aantekening van H.W. Just, gedateer 20.2.1902, (F.K. 838, p. 607).

'n Ander voorskrif onder krygswet wat groot ontbering meegebring het, is die bepaling dat ongewenste persone uit 'n distrik verwyder mag word. Die militêre owerheid het grootskaals van hierdie bepaling gebruik gemaak en wel tot so 'n mate dat kampe op verskillende sentra in Kaapland opgerig is om hulle te huisves, onder andere te Matjesfontein, Beaufort-Wes en Port Alfred. In laasgenoemde kamp was ongeveer tweehonderd persone afkomstig van Middelburg, Graaff-Reinet, Cradock, Somerset-Oos en ander plekke. In hierdie kampe is vooraanstaande persone, soos predikante, sakemanne, volksraadslede en ook 'n aantal dames aangehou. Onder hulle was ds. A.A. Weich van Nu-Bethesda, ds. C.H. Radloff van Pearston, volksraadslede M.J. Pretorius, J.M. Rademeyr, M.J. du Plessis en mevroue W.P. Rousseau en De Klerk, eggenotes van predikante. Geeneen van hulle is ooit aangekla of verhoor nie en sommige van hulle is vir meer as 'n jaar aangehou. Hulle moes op eie koste daar bly en hulle elke dag vier keer aanmeld, terwyl hulle besighede en professies ten gronde gegaan het.[57]

Een van die persone wat op dié wyse gedeporteer is, was veldkornet J.C. Lampbrecht, eienaar van die plaas Spes Bona, ongeveer vyftig myl van Ceres. Op 'n dag het hy na Ceres gegaan om 'n rapport aan die militêre owerheid te doen, toe hy summier gearresteer en na Malmesbury gestuur is waar hy vir twee maande onverhoord in die tronk aangehou is. Daarna is hy vrygelaat

57. Mackarness, F.: Lifting the Veil in Cape Colony, p.11.

maar nie toegelaat om Malmesbury te verlaat nie en moes hy hom daagliks by die militêre owerheid aanmeld sonder dat 'n klag teen hom gelê is.[58]

Die tragiese van die geval is nie soseer sy persoonlike ontberings nie, maar wel dié van sy familie wat op die plaas gelaat is. 'n Boerekommando het gedurende sy afwesigheid hul verskyning op sy plaas gemaak en enkele perde daar agtergelaat. Een van sy seuns, vergesel van 'n buurman, ene Van Wyk, het die perde na die naaste militêre pos geneem om dit aan hulle te oorhandig en die teenwoordigheid van die Boere te rapporteer. By hulle aankoms is beide gearresteer en vir drie dae in 'n blokhuis aangehou, waarna hulle weer vrygelaat is. Hierdie gebeure was vir Lampbrecht se twee seuns te veel met die gevolg dat albei by die Boere aangesluit het, terwyl mevrou Lampbrecht en haar dogter as gevangenes na Ceres geneem is, waar hulle vir twee weke in 'n klein kamertjie opgesluit en verbied is om met enigiemand te praat. Ook hulle twee is later na Malmesbury verban, terwyl hulle die plaas net so moes agterlaat.[59]

Ander prominente persone van Ceres wat dieselfde lot getref het, was Carel Reynolds, 'n boer en lid van die Afdelingsraad, Sarel Rousseau, 'n veldkornet, C.J. van der Merwe, stadsraadslid, Robert Moore en ene Theron, beide winkeliers en George Frick, lid van die Dorpsraad van Prins Alfred. Nie een van hulle is

58. Ibid., p. 8.

59. Ibid.

van enige oortreding aangekla nie terwyl 'n seun van Van der Merwe en Theron se bejaarde vader en moeder na die kamp by Matjesfontein verban is. Laasgenoemdes is net twee uur tyd gegun om hulle gereed te maak vir die reis na Matjesfontein. Nadat hulle maande lank in daardie "windswept, dust hidden spot" aangehou is, is hulle na Malmesbury geneem. Tuis in Ceres is hulle huis deur Britse agente beset. Die oortreding van dié twee ou mense was "having a son who is a fighting Transvaal burgher."[60]

Een van die belangrikste persone van Ceres wat uit daardie dorp verban is, was die plaaslike geneesheer, ds. R.J. Reinecke.[61] Op 27 Augustus 1901 het hy en sy vrou 'n nota van die plaaslike militêre kommandant ontvang dat hulle die volgende oggend onder begeleiding na Malmesbury geneem sou word. Geen rede is vir hierdie stap verstrek nie behalwe dat hulle hul op Malmesbury moes gaan vestig. Nadat sy vrou vertoë tot die Kaapse Opperbevel gerig het, is sy en hulle drie maande oue baba toegelaat om in Ceres agter te bly.

By sy aankoms in Malmesbury is dr. Reinecke in die tronk gestop en eers twee weke later is hy meegedeel dat hy daarvan aangekla word dat hy krygswetregulasie nr. 26 oortree het, naamlik dat hy skuldig is aan 'n "act of misconduct, disorder or neglect, to the prejudice of good order or public safety."

60. Ibid., pp. 9 - 10.

61. Vgl. SACC Pamflet 94: Dr. R.J. Reinecke - London Times, 27.3.1902; Mackarness F.: Lifting the Veil in Cape Colony, pp. 5 - 7.

Geen nadere besonderhede is aan hom verskaf nie en hy is nie toegelaat om 'n prokureur te spreek nie, terwyl sy saak week na week uitgestel is. Op die 27ste September is hy om 6 nm. vrygelaat, maar weer om 9 nm. gearresteer en in die militêre kamp aangehou tot die 2de Oktober toe hy weer terugestuur is tronk-toe.

Teen die middel van Oktober het kommandant Graham die bevel op Malmesbury oorgeneem en beloof om ondersoek in te stel na die geval van dr. Reinecke. 'n Week later, op 25 Oktober 1901 is hy op parool en op borgtog van £1 000 vrygelaat met die belofte dat hy so gou moontlik deur 'n militêre hof verhoor sou word en met die opdrag dat hy hom daagliks moes aanmeld.

Die een week het na die ander verbygegaan sonder dat hy verhoor is en op 6 Desember het sy vrou 'n versoek aan Milner gerig dat haar man verhoor word. Eers op die 17de Januarie het Graham Reinecke meegedeel dat hy toe eers vir die eerste keer al die dokumente ten opsigte van sy saak ontvang het en dat daaruit geblyk het dat daar geen ander getuienis teen hom is as dat hy 'n politieke teenstander van die oorlogsbeleid was nie. Hy sou aanbeveel dat die dokter en sy vrou na Europa gestuur word maar hulle mag nie na Ceres terugkeer nie. Op die 20ste Januarie is hy meegedeel dat die Kaapse bevelvoerder toegestem het dat hy na Europa mag gaan, dat die parool en borgtog gekanselleer is en hy hom nie langer daagliks hoef aan te meld nie.

Op sy versoek het die militêre owerheid aan hom 'n geskrewe verklaring gegee dat hy aan niks meer skuldig was as om simpatie met die mense van sy ras te hê nie.[62]

Dr. Reinecke is dus na twee maande in 'n sel, wat hy met vier ander moes deel, en drie maande se inperking op Malmesbury vrygespreek maar nie toegelaat om sy verwaarloosde praktyk te hervat nie.

Dit was egter nie die einde van die Reinecke's se beproewing nie. Omdat hy as 'n verdagte gebrandmerk is, het die militêre owerhede te Ceres, terwyl sy vrou in Kaapstad geregtigheid gesoek het, sy kinders en skoonvader wat hulle opgepas het, uit sy huis gesit en dit beset as kwartiere vir offisiere, terwyl sy boorde en tuine ernstig verniel is. Om sy beker nog bitterder te maak, het hy na sy aankoms in Engeland gevind dat oorlogsminister, Brodrick, op 11 Februarie 1902 in die Britse Laerhuis verklaar het dat hy gearresteer was op suspisie dat hy in verbinding was met die vyand. Teen hierdie misleiding van hoër gesag het hy ernstig beswaar gemaak veral omdat die Kaaplanders uitgelewer was aan die genade van Kommandante wat oor geen ervaring beskik het om hulle ernstige pligte na te kom nie en oor wie se optrede daar baie min beheer was.[63]

Die militêre owerheid op Ceres het nie eens die plaaslike

62. SACC Pamflet 94: Dr. R.J. Reinecke - London Times, 27.3.190[illegible]

63. Ibid.; Vgl. ook Mackarress, F.: Lifting the Veil in Cape Colony, p. 7.

predikant, ds. W.A. Alheit ontsien nie[64] en met sy verbanning laat ons die sluier sak oor die gebeure te Ceres. Ds. Alheit was reeds enkele jare predikant te Ceres en was hooggeag deur alle seksies van die bevolking. Op die 29ste Augustus 1901 is hy egter deur die militêre Kommandant gewaarsku dat hy die volgende dag na Malmesbury gedeporteer sou word. By sy aankoms in Malmesbury, is hy net soos dr. Reinecke in die tronk gestop en in 'n sel met drie ander aangehou tot 24 Oktober. Ook hy is, nadat etlike vertoë gerig is, van 'n dergelike vae klag as dr. Reinecke, aangekla. Regsadvies is aan ds. Alheit geweier en hy is verbied om godsdiensoefeninge in die gevangenis te lei. Eers na die aankoms van Graham as kommandant van Malmesbury, is die Dominee uit die tronk gelaat. Omdat die Kommandant van Ceres nie wou toelaat dat ds. Alheit na Ceres terugkeer nie, is hy na Gordonsbaai gestuur, waar hy op eie koste moes bly.[65]

Ds. Alheit se geval het eweneens in die Britse Laerhuis ter sprake gekom toe Brodrick, in antwoord op 'n vraag, meegedeel het dat 'n verklaring teen hom ingedien is dat hy opruiende taal gebruik en sy invloed ten gunste van die vyand aangewend het maar dat die Kaapse Bevelvoerder tot die gevolgtrekking gekom het dat die omstandighede nie sy verdere aanhouding regverdig nie. Geen sodanige klag is egter ooit teen ds. Alheit

64. Dieselfde predikant wat tydens die viering van die Koninginsverjaardag opgetree het (Vgl. p.26 hierbo). Gedurende hierdie tyd is nie minder as 22 leidende persoonlikhede van die Afrikanergemeenskap uit Ceres verban nie (Mackarness, F. : Lifting the Veil in Cape Colony, p.7).

65. Mackarness, F. : Lifting the Veil in Cape Colony, p.7.

ingebring nie.[66]

Selfs vroue het aan die pen gery. Op die 28ste Junie 1901 is die eggenote van ds. W.P. Rousseau, predikant te Pietermaritzburg, wat te Graaff-Reinet was om haar invalide moeder op te pas, beveel dat sy dadelik die huis moes verlaat en na Port Alfred moes gaan. Haar pleidooi dat sy toegelaat moes word om te bly en haar belofte dat sy die huis nie sou verlaat nie, is summier van die hand gewys. Geen klag is teen haar gelê nie en sy was verplig om haar moeder te verlaat. Te Port Alfred is sy gelas om haar een keer per dag aan te meld en is sy in die geselskap van drie ander vroue en een-en-twintig mans onder gewapende geleide na die kantoor van die plaaslike Kommandant gemarsjeer. Nadat hulle daar vir 'n tydperk opgehou is, is die dames toegelaat om hulle bagasie by die stasie te gaan haal, en om reëlings te tref vir hulle inwoning.[67]

Ook in Middelburg het dit jolig daaraan toegegaan. Daar moes nege-en-vyftig politieke gevangenes, waaronder ses vroue, hulle daagliks by die militêre owerheid aanmeld. Hulle was nie toegelaat om die dorp te verlaat nie terwyl terselfdertyd vier-en-dertig ongewenste persone na Port Alfred verwyder is. Onder hulle was M.J. Pretorius, L.W.V., wie se perde gekonfiskeer is omdat hy nie 'n krygswetbevel nagekom het nie.[68]

66. Ibid., p. 8.

67. Mackarness, F.: Martial Law in the Cape Colony during 1901, p. 27.

68. Ibid., p. 25; Vgl. ook Strydom: a.w., pp. 131-132 insake die geval Pretorius.

'n Ander prominente persoon wat as gevolg van krygswet in die warm water beland het, was niemand anders nie as J.X. Merriman wat naby Stellenbosch woonagtig was. Hy is verskeie kere in Engeland[69] en in Kaapstad gewaarsku dat as hy na sy woning sou terugkeer, diskriminerende maatreëls teen hom getref sou word vanweë sy politieke menings. Omdat hy egter daarvan oortuig was dat hy niks onwettigs gedoen het nie, het hy hom nie aan hierdie waarskuwings gesteur nie en teen die middel van Julie 1901 met sy gesin na Stellenbosch teruggekeer.

Op Sondag 25 Augustus het twee gewapende mans na sy huis gekom met 'n bevel van die plaaslike kommandant dat hy sy permit wat hom gemagtig het om weekliks na Kaapstad te gaan vir die bywoning van direksievergaderings van die S.A. Mutual Versekeringsmaatskappy aan hulle te oorhandig en hom tot verdere kennisgewing belet om sy plaas te verlaat. Daarop is gewapende wagte opgestel om toe te sien dat Merriman nie die bevel veronagsaam nie. Teen die aand het 'n offisier in uniform opgedaag, hom meegedeel dat hy aangesê is om hom op te pas en Merriman gevra om sy woord te gee dat hy nie die plaas sou verlaat nie. Dit het Merriman geredelik gegee, veral ter wille van die gesondheid van sy vrou wie se senuwees erg deur die gebeure van die dag aangetas is.

69. Merriman was gedurende die begin van 1901 saam met J.W. Sauer vir enkele maande in Engeland en Europa om daar vir die behoud van die onafhanklikheid van die twee Republieke te pleit (kyk pp.125-131 hierbo).

Twee of drie dae later is Merriman deur die Kommandant besoek wat hom meegedeel het dat hy onder instruksies opgetree het en dat hy nie weet om watter rede hy onder arres was nie. Op die 31ste Augustus het hy 'n nota van die Kommandant ontvang dat hy toegelaat sou word om binne die distrik van Stellenbsoch rond te beweeg, maar hy het geweier om aan Merriman 'n permit toe te staan om Kaapstad te besoek. Merriman het hierna sy prokureur opdrag gegee om by die Hooggeregshof aansoek te doen om in te gryp maar voordat dit kon gebeur het die Kommandant 'n permit toegestaan. By sy aankoms in Kaapstad is hy egter in sy eie belang en in die belang van die gesondheid van sy vrou aangeraai om in Kaapstad te bly.

Teen hierdie behandeling het Merriman ernstig beswaar aangeteken. Nie net is hy uit sy huis gedryf en gedwing om teen groot koste en ongerief in Kaapstad te bly nie, maar ook nog aan onnodige beledigings onderwerp. Hy het dus geen ander keuse gehad nie as om 'n beroep op die Prokureur-generaal te doen om in te gryp sodat aan hom die beskerming verleen kon word wat 'n Britse onderdaan toekom.[70]

Die Kaapse Bevelvoerder, generaal Wynne, het erken dat hy Merriman se reispermit teruggetrek het omdat hy gemeen het dat Merriman se opvattings hom nie daarop geregtig gemaak het nie aangesien sulke permitte slegs as 'n spesiale guns aan die ondersteuners van die oorlogsbeleid van die Britse Regering toegestaan word, of aan persone wat vertrou kon word dat

70. C.O. 48/554: J.X. Merriman - J. Rose Innes, 14.9.1901 (F.K. 814, pp. 479-482).

hulle nie dié beleid in die wiele sou ry, of wat nie rebellie sou aanwakker nie. Later is egter onder sy aandag gebring dat die integriteit van Merriman bo enige verdenking staan en dat hy nie misbruik sou maak van enige toegewings nie. Op grond hiervan het Wynne besluit dat 'n permit aan Merriman uitgereik kon word om na Kaapstad af te reis vir besigheids-doeleindes. Merriman het egter nie om 'n permit vir blywende verblyf in Kaapstad aansoek gedoen nie en hy is steeds uiters hoflik deur die militêre owerheid behandel. Wynne het ook Merriman se bewering ontken dat hy onder arres was.[71]

Twee ander manne wat teenspoed onder krygswet ondervind het, was Esias Nortje en ene Schoeman, albei van Willowmore. Hulle is op 21 September 1901 onder begeleiding van 'n gewapende patrollie na Steytlerville geneem om voor die Kommandant te verskyn. Eers twee dae later is hulle meegedeel dat hulle verantwoording moes doen van 'n gesprek wat hulle met ene Stephanus Moore sou gevoer het. Nortje sou in die loop van 'n bespreking van die oorlogstoestand gesê het dat die oorlog na sy mening nog lank sou voortduur omdat daar baie ammunisie in die land opgegaar en ook omdat daar 'n groot aantal rebelle in die geledere van die Boerekommando's was. Na sy mening sou die Transvalers nie oorgee voor al die rebelle nie òf oorgegee òf geskiet is nie. Schoeman het ook soortgelyke opmerkings gemaak. Die Kommandant het hulle goed die kop gewas oor hierdie praatjies en hulle toegelaat om terug te gaan huis-toe, 'n afstand van dertig myl wat met 'n donkiekar afgelê moes

71. C.O. 48/554: A. Wynne - Hutchinson, 23.9.1901
(F.K. 815, pp. 594-596).

word.[72]

Die ergste van hierdie verhaal is dat Nortje reeds 77 jaar oud en 'n baie gerespekteerde patriarg in sy gemeenskap was. Daarby is sy familie as lojaal gereken. Hy het die vernedering om met gewapende geleide na die dorp gedwing te word erg aangevoel en verklaar dat hy op versoek van die Kommandant dadelik sou gekom het maar dat hy beswaard daaroor gevoel het om as 'n misdadiger behandel te word. Hierdie optrede het die Magistraat van Steytlerville laat waarsku:-

> "Instances of this kind do not tend to smooth matters and when casual conversations, expressing opinions such as you might hear every day in the public streets, are used to impose indignities on the inhabitants, will certainly not tend to assist in terminating the war."[73]

In die Koloniale Kantoor het die heer Lambert opgemerk:-

> "Note the arrest of Nortje. The Commandant was named Dispeeker and was probably not a regular officer but a colonial. If the facts are correct it is easy to understand the irritation against Martial Law."[74]

Ook op Somerset-Oos het die militêre owerhede met 'n ysterhand geregeer. In Maart 1901 het ene Schenk, 'n gewese berede polisieman, Kommandant op Somerset-Oos geword en binne 'n paar dae na sy diensaanvaarding ongeveer tien prominente Afrikaners

72. C.O. 48/554: Magistrate, Steytlerville - Secretary Law Department, 25.9.1901 (F.K. 818, pp. 1106-1107).

73. Ibid., p. 1107.

74. C.O. 48/554: Aantekening van H. Lambert, 4.11.1901 (F.K. 818, p. 1101).

gearresteer en na Port Alfred verban. Onder hulle was prokureur T.S. de Villiers, twee lede en die Sekretaris van die Afdelingsraad, die redakteur van Het Oosten en die paaie-inspekteur van die distrik, ene Berrange. De Villiers se hele personeel, op een junior klerk na, is ook gearresteer met die gevolg dat sy saak heeltemal tot stilstand gekom het. Hierdie manne is almal net twee dae geleentheid gegee om hulle sake in orde te bring en op 25 Maart is hulle op eie koste na Port Alfred vervoer, waar hulle ook op eie koste moes bly. Geen klag is teen hulle gelê nie en geen ondersoek is na dié stap gedoog nie. Dit alles is gedoen, "on the fiat of a complete stranger, dressed in a little brief authority, who acts as prosecutor, judge, court of appeal, and executioner all in one."[75]

Schenk het egter nie lank aan die roer van sake gebly nie want hy is teen die einde van April 1901 deur kaptein Llewellyn opgevolg, maar ook hy het sake vir die Afrikaners so moeilik moontlik gemaak. So het hy byvoorbeeld vyftig vooraanstaande boere gelas om hulle plase te verlaat en om in die dorp te gaan bly. Hy het ongeveer dertig van die Afrikaners, wat nie by die tuiswagte sou aansluit nie, aangesê om onder toesig van 'n gewapende wag bome op die uitspanning af te kap. Hy het vyf-en-veertig mans vir elf dae in die N.G. Kerkgebou aangehou en van hulle snags gedwing om op die dak van die kerk te slaap.

75. Mackarness, F.: Lifting the Veil in Cape Colony, p.17.

Terwyl hierdie manne in die kerk aangehou is, het die tyd vir nagmaal aangebreek maar die kerk was in so 'n toestand dat die sakrament nie bedien kon word nie. Llewellyn het moontlik gedink dat sy optrede militêr geregverdig was maar die vernedering wat die Afrikaners daardeur aangedoen is, is voor die hand liggend.[76]

Vermeldenswaardig is ook die vete wat Llewellyn gevoer het teen die een-en-twintigjarige mej. Vosloo, onderwyseres en suster van die redakteur van Het Oosten, wat intussen tot ses maande gevangenisstraf gevonnis is omdat hy 'n lasterlike berig omtrent generaal French gepubliseer het. Terwyl hy in die tronk was, het sy suster aan 'n ander broer van haar geskryf dat sy bly is dat hulle broer "gemaklik" in die tronk is. Die brief is deur kaptein Llewellyn gesensor en hy het gedink dat die brief van verraderlike strekking is. Hy het die skryfster voor hom laat verskyn en hoe meer sy hom probeer oortuig het dat daar geen verborge betekenisse agter die bewoording van haar brief geskuil het nie en dat sy werklik letterlik bedoel het wat daarin staan, hoe minder het hy haar geglo. Hy het haar beveel om haar twee keer per dag, om o9hoo en 15hoo, by sy kantoor aan te meld. Omdat sy 'n hele ent weg van die kantoor gewoon het, het sy haar per fiets gaan aanmeld maar toe die Kommandant dit agterkom, het hy haar fiets gekonfiskeer en haar aangesê om die ent te stap. Hy het ook

76. Ibid., pp. 17-18.

bevel gegee dat haar skool gesluit moes word. Hierdie toedrag van sake het ongeveer twee maande lank aangehou totdat kolonel Cavye sy opwagting op die dorp gemaak het. Nadat mej. Vosloo haar lot by hom bekla het, het hy beveel dat haar fiets aan haar teruggegee word, dat sy haar skool mag heropen, dat Llewellyn apologie by haar aanteken en haar daarvan onthef om haar daagliks aan te meld.[77]

Onder die dekmantel van krygswet is nog baie ander dinge gedoen om die lewe van die Kaaplanders te versuur en griewend op hulle gemoed in te werk, soos byvoorbeeld 'n gebruik wat in enkele distrikte gevolg is om belonings van £1 tot £10 aan te bied vir getuienis om hoogverraad of oortredings van krygswetregulasies aan die kaak te stel. Die ergste van dié saak is dat strooibiljette met dié strekking op groot skaal onder die Bantoebevolking versprei is. Van hierdie praktyk het Merriman gesê: "That was not an English proceeding." Dit is, volgens hom, ongehoord dat diensbodes aangemoedig word om getuienis teen hul werkgewers in te bring. Daar is ook bewyse dat die militêre owerheid sulke getuienisse by wyse van dwang van Bantoes verkry het, deur hulle met die dood te dreig as hulle nie teen hulle base getuig nie.[78] Dit is voor die hand liggend dat uiters onbetroubare, indien nie heeltemal valse, getuienis op hierdie manier ingewin sou word en dat daardeur vir Bantoes die geleentheid vir wraakneming oor vermeende griewe teen hul

77. Ibid., pp. 18-19.

78. Cape Hansard, 24.7.1900, kol. 13: Toespraak van J.X. Merriman.

base geskep sou word.[79] Daarby is hulle mentaliteit van dié aard dat hulle ter wille van die verdienste van 'n paar sjielings nie sou aarsel om vals te sweer nie.[80]

Op dié wyse is 'n gruwelike onreg aan ene Van den Berg van Kimberley aangedoen, wat op grond van getuienis van een van sy bediendes daarvan aangekla is dat hy 'n aantal Engelse sou doodgeskiet het. Hy is as 'n onmenslike monster voorgehou maar toe die lyke opgegrawe is, is daar gevind dat dit die lyke van gesneuwelde Boere was. Van den Berg is hierna vrygelaat en die Bantoe van bedrog aangekla. Sy verweer was dat hy maar net gedoen het wat aan hom voorgesê was.[81]

Dan is daar ook nog die geval van ene Greyvenstein wat aangekla was op grond van 'n verklaring van 'n Bantoe dat hy aan 'n skermutseling by Loopersberg deelgeneem het. Nadat hy 'n tydlank in die tronk aangehou is, is hy te Grahamstad verhoor en onskuldig bevind. Indien hy oor die dienste van 'n prokureur beskik het en in staat was om op die eerste dag van sy aanhouding sy kant van die saak te stel, sou sy onskuld toe reeds bewys gewees het. Hy sou daardeur twee maande se aanhouding en ongeveer £300 aan koste gespaar gewees het. Omdat hy nie 'n vermoënde man was en nie oor soveel kontant beskik het nie, sou hy moontlik sy plaas moes opoffer om sy skuld te betaal. Al die skade en vernedering het hy alles te danke gehad aan die valse getuienis van 'n Bantoe.

79. Ibid., 25.7.1900, kol. 30: Toespraak van D.W. Immelman.
80. Ibid., 24.7.1900, kol. 23: Toespraak van A.S. du Plessis.
81. Ibid., 25.7.1900, kol. 29: Toespraak van dr. J.H.M. Beck.
82. Ibid., 24.7.1900, kol. 24: Toespraak van A.S. du Plessis.

Optrede van hierdie aard het noodwendig verbittering gewek en "only had the effect of making rebels. Every man unjustly put in gaol made five or six rebels, and though these might not speak now, they would remember."[83]

Arbitrêre optrede van die kant van die militêre owerheid het ook geensins daartoe bygedra om gevoelens te verbeter nie. Daar is die geval van Charles van der Walt wat in Noupoort voor 'n militêre hof tereggestaan het op aanklag dat hy by die Boeremagte aangesluit het. Hoewel hy onskuldig bevind is, het die President van die hof verklaar dat hy die beskuldigde nie kon vrylaat nie omdat sy vader nog in die geledere van die Republikeine geveg het. Ten spyte van sy onskuldigbevinding is hy teruggestuur tronk toe, hoewel hy nooit die Colesberg-distrik verlaat of die wapens opgeneem het nie.[84]

'n Ander geval in dieselfde kategorie is die van ene Booysen. Hy is deur die Boere gekommandeer en het in hulle geledere siek geword. Hy is geopereer en in 'n Boerehospitaal behandel. Hier het die Engelse hom gevange geneem en na 'n verhoor tot vyf jaar gevangenisstraf met harde arbeid gevonnis. Hoewel hy slegs 'n bywoner was, is as strafmaatreël op die eiendom van die eienaar van die plaas waarop hy gewoon het beslag gelê en verkoop. Om tot die onregverdigheid in hierdie saak by te dra was die eienaar 'n persoon wat steeds lojaal teenoor Brittanje gebly het.[85]

83. Ibid., kol. 23.

84. Ibid., 27.7.1900, kol. 43: Toespraak van N.F. de Waal.

85. Ibid.

By die herokkupasie van Colesberg na die eerste inval is feitlik elke manlike inwoner van die dorp gearresteer en van hulle is tot ses weke sonder verhoor aangehou. Dit was eers nadat die destydse prokureur-generaal, R. Solomon, ingetree het dat voorlopige verhore gehou is. Intussen moes hulle in die tronk bly waar die kos, "was not fit for a dog to eat."[86]

'n Ander inwoner van Colesberg is vir vier maande in die tronk aangehou omdat hy 'n stuk tou vir die hysing van die Vrystaatse vlag verskaf het nadat die oue na 'n besetting van twee maande vervang moes word en omdat hy gehelp het om die vlag by daardie geleentheid te hys.[87]

In die distrik Britstown het 'n patrollie op 'n keer na 'n plaas gegaan en by hulle aankoms aldaar wagte by die voor- en agterdeur van die woning geplaas om te verhoed dat iemand die huis binnekom of verlaat. Intussen het die res van die patrollie die plaas verniel en geplunder soveel hulle kon. Eventueel het hulle die huis binnegegaan en al die meubels en toebehore omgekeer. In die gang het die patrollie die eienaar se geweer gevind, daarop beslag gelê en ook die eienaar met hulle meegeneem. Op 'n tussenwerpsel dat hierdie maar een individuele geval was, het Theron ergerlik geantwoord: "It was the small things put together that made themselves so bitterly felt."[88]

86. Ibid.

87. Ibid., 27.7.1900, kol. 48: Toespraak van T.P. Theron.

88. Ibid.

In Hopetown is ene De Jager onskuldig gearresteer en geboeid deur die strate van daardie dorp deur 'n berede Bantoe gejaag. Hy is vir 'n maand lank onskuldig in die tronk aangehou.[89] In die omgewing van Barkly-Wes was die inwoners veral geïrriteer deur krygswetregulasies wat hulle verbied het om die klein mielie-oeste van die hand te sit om hulle armoede te verlig.[90] Al hierdie klein dingetjies, waaronder ook die gebrek aan ammunisie om af en toe 'n bok vir die pot te skiet, het gesamentlik groot eise aan die Kaaplanders se lojaliteit gestel.[91]

Teen die arbitrêre optrede van die militêre owerheid het daar stemme opgegaan. So is byvoorbeeld sterk daarop aangedring dat persone wat daarvan verdink word dat hulle simpatie met die vyand het nie gearresteer moes word indien hulle nie openlike dade van rebellie gepleeg het nie, of indien dit wel noodsaaklik was om tot so 'n stap oor te gaan, hulle nie onbepaald aangehou moes word nie maar onder bepaalde voorwaardes op parool vrygelaat word.[92]

Selfs Milner het hom baie bekommer oor die wyse waarop die militêre owerheid opgetree het en wel tot so 'n mate dat hy by die Opperbevelhebber beswaar aangeteken het teen veral die arbitrêre wyse waarop 'n groot aantal Kaaplandse Afrikaners gearresteer is en wie se enigste oortreding was om simpatie met die vyand te hê. Hy het tereg daarop gewys dat as almal wat só

89. Ibid., kol. 111, 2.8.1900: Toespraak van P.G. Kuhn,
90. Ibid., kol. 127, 3.8.1900: Toespraak van P.J. du Toit.
91. Ibid.
92. C.O. 48/545: Magistrate, Sterkstroom - Secretary Law Department, 1.1.1900 (F.K. 765, p. 185).

voel gearresteer moes word, daar minstens 50 000 persone in die tronke gestop moes word. Trouens, die enigste gronde waarop arrestasies uitgevoer behoort te word, was wanneer die vyand voordeel kon getrek het uit die feit dat die betrokke persone op vrye voet was. Solank simpatie op so 'n wyse betuig word dat dit nie 'n gevaar ingehou het nie, moes die militêre owerheid hulle nie daaraan steur nie.[93]

Milner het die saak nie daar gelaat nie maar ook by Chamberlain gekla sodat laasgenoemde hom verplig gevoel het om sy oorlogsminister te vra dat die militêre owerheid lankmoedigheid aan die dag moes lê en om krygswet op so 'n wyse te administreer dat daar so min as moontlik klagtes sou wees.[94]

Ook die Groot Swartberg-tak van die Afrikanerbond het by die Eerste Minister beswaar gemaak teen die aanhouding van Afrikaners sonder verhoor, om dan weer vrygelaat te word omdat daar nie voldoende getuienis teen hulle ingebring kon word nie. Dit is 'n praktyk wat groot verbittering veroorsaak het.[95]

Proteste teen die arbitrêre optrede van die militêre owerheid het met verloop van tyd so toegeneem dat die Regering verplig was om die saak op hoë vlak aan te roer. In hierdie verband was dit in besonder die prokureur-generaal, sir James Rose Innes, wat billik onstoke gevoel het en wel tot so 'n mate dat dit 'n ligte botsing met die militêre owerheid afgegee het. Hy

93. C.O. 48/545: Milner - Roberts, 12.1.1900 (F.K. 765, p. 269).
94. C.O. 48/545: Under Colonial Secretary - Under Secretary of State War Office, 27.2.1900 (F.K. 764, p. 157).
95. C.O. 48/545: J.R. McDermid - Schreiner, 5.2.1900 (F.K. 771, pp. 605 - 606).

het onder meer die aandag daarop gevestig dat hoewel die krygswetvoorskrifte duidelik neergelê het dat daar nie onnodig gesloer moes word met die inwin van getuienis in die geval van arrestasies nie, daar nogtans 'n groot aantal Kaaplanders in tronke aangehou is sonder dat klagtes teen hulle ingebring is. Hy het so sterk oor die saak gevoel dat hy gedreig het om nie langer siviele tronke beskikbaar te stel vir die aanhouding van militêre gevangenes teen wie geen klagtes gelê is nie[96] en dat, in daardie geval, die militêre owerheid self voorsiening moes maak vir die aanhouding van hulle gevangenes.[97] Hy het die optrede van die militêre owerheid onder die dekmantel van krygswet as onverdedigbaar beskou en gevoel dat hy self nie op enige wyse aan sulke optredes deel wou hê nie.[98]

Die Kaapse Bevelvoerder, generaal Wynne, na wie Innes se vertoë verwys is, was glad nie daardeur beïndruk nie en het gedink dat Innes die saak oordryf het. Hy het Innes ook daarvan beskuldig dat hy sy neus in sake gesteek het waarvan hy weinig kennis dra en hy het Innes ook erg kwalik geneem dat hy vertoë aan hoër instansies gerig het sonder om eers aan hom die geleentheid te bied om klagtes te ondersoek.[99] Ook die Goewerneur het gemeen dat Innes miskien te haastig was om die administrasie

96. C.C. 48/553: Attorney General - Prime Minister, 27.8.1901 (F.K. 811, pp. 1107-1109).

97. C.O. 48/554: Telegram Attorney General - Legal Adviser, Pretoria, 7.9.1901 (F.K. 813, pp. 218 - 219).

98. C.O. 48/554: Aangehaal deur Hutchinson in Hutchinson - Chamberlain, 10.9.1901 (F.K. 813, pp. 214 - 215).

99. C.O. 48/554: Telegram, Genl. Wynne - Kitchener, 8.9.1901, (F.K. 813, p. 230).

van krygswet te verdoem op grond van die foute van individue.[100]

Aan die ander kant het Kitchener beweer dat met die veelvoudige pligte wat op hom gerus het, hy dit moeilik gevind het om individuele gevalle van ontbering of buitengewone strengheid te ondersoek. Alle dergelike gevalle behoort die Prokureur-generaal eers aan die Kaapse Bevelvoerder voor te lê om daarna ondersoek in te stel.

Kitchener het ook gedink dat die Prokureur-generaal sy aantygings oordryf het maar hy het die versekering gegee dat hy persoonlik instruksies sou gee dat aangehoudenes so gou moontlik verhoor moes word. Daar moes egter nie vergeet word nie dat een van die oogmerke van krygswet juis was om persone te arresteer sonder dat getuienis onmiddellik teen hulle beskikbaar hoef te wees. Hy het egter toegegee dat as getuienis nie binne 'n redelike tydperk ingebring kon word nie, sulke persone ontslaan behoort te word, maar dit sou baie moeilik wees om te bepaal wat as 'n redelike tydperk beskou moes word. Hy het dus aan die hand gedoen dat die Prokureur-generaal, waar hy van sulke gevalle weet, dit onder die aandag van die Kaapse Bevelvoerder moes bring.[101]

Gedurende hierdie tyd is die Kaaplandse Afrikaners ook op 'n ander front aangeval, naamlik hulle taal en dit ten spyte daarvan dat Milner op 23 November 1899 'n manifes aan die Kaapse bevolking uitgevaardig het dat gerugte as sou dit die

100. C.O. 48/554: Hutchinson - Chamberlain, 10.9.1901 (F.K. 813, p. 216).

101. C.O. 48/554: Kitchener - Hutchinson, 4.9.1901 (F.K. 813, pp. 210 - 211). Innes het hom blykbaar by hierdie antwoord van Kitchener berus want hy het nie weer sy dreigement om die siviele tronke vir militêre gevangenes te sluit herhaal nie.

plan wees om Afrikaans te onderdruk en van alle regte te beroof, van alle waarheid ontbloot is. Inteendeel, die grootste mate van vryheid en selfregering vir beide seksies van die bevolking word op gelyke voet voorgestaan. Daar is beklemtoon dat alle lojale kolonialers, hetsy Afrikaans- of Engelssprekend, gelyke vryhede geniet.[102]

Maar wat is in die praktyk gedoen? Die Afrikaner en sy taal is aan die gruwelikste beledigings denkbaar onderwerp nadat verklaar is dat daar geen verband bestaan het tussen gelyke regte en taalregte nie. Daar is trouens op blatante wyse geagiteer dat die gebruik van Afrikaans geheel en al afgeskaf behoort te word want "to nurse it is to cherish a viper."[103] Engels moes die enigste amptelike taal wees en Afrikaans moes verdwyn soos die taal van die Hugenote van die toneel verdwyn het.[104] Daar is ook beweer dat omdat Afrikaans parlementêr op gelyke voet met Engels gestel is dit daartoe gelei het dat die Afrikanerbond die Afrikaners as 'n aparte nasie begin beskou en by die Afrikaners die gevoel laat posvat het dat dit nie nodig was om Engels aan te leer nie. Op hierdie wyse sou Afrikaans in die weg van volkseenheid gestaan en rassehaat aan die lewe gehou het.[105] Omdat die Afrikanerbond hiervoor verantwoordelik gehou is, is daar geen geheim van gemaak nie dat, "we abominate the Bond and ... our attitude is that of a true

102. Die teks van die manifes is te vind in Cape of Good Hope Government Gazette, 24.11.1899; vgl. South African News, 24.11.1899: Nuusberig en pp.154-155 hierbo.

103. Colesberg Advertiser, 24.4.1901: Hoofartikel.

104. Ibid., 16.5.1901: Hoofartikel.

105. Ibid.; Vgl. ook hoofartikel in Cape Times, 27.4.1901 en Albert Times, 20.6.1900, waarin soortgelyke menings uitgespreek is.

South African who loves our land and hates 'Ons Land'."[106] Inderdaad behoort die Afrikanerbond heeltemal in die ban gedoen te word.[107]

Ook is op die Afrikaanse taal en op die Afrikaner as persoon bitter gal uitgestort. Daar is neerhalend van Afrikaans gepraat as, "this hotch potch taal", terwyl dit ook beskryf is as 'n "mongrel language" wat aan die gang gehou is om rassehaat aan te blaas. Daar is ook gesê dat die Transvalers niks meer te vrees gehad het as "the ultimate extinction of his miserable taal" en dat "his half-bred and illiterate language would die out if not bolstered up."[108]

Uit 'n ander oord is Engels geroem as 'n wêreldtaal en die vraag gestel, "why forego its glorious previlige for the sake of kitchen Dutch and ungrammatical 'taal' which are only fit for peasants and up-country kraals."[109] Daar is ook verklaar dat Afrikaans net ten opsigte van dié werkersklas waartoe die "Boere" behoort gereken moes word. Terselfdertyd moes die Afrikaners ook tot die werkersklas beperk bly, waar "he will be in his proper place viz. a rough and ready servant, well adopted to the country and fit for hard manual labour and exposure and adverse to using his brains." Die "Boere" sou in die toekoms nie noodwendig Afrikaners wees nie, "but will

106. Colesberg Advertiser, 27.4.1900: Hoofartikel.
107. Cape Times, 27.4.1901: Hoofartikel.
108. Albert Times, 10.5.1902: Hoofartikel.
109. Cape Times, 4.5.1901: Brief van D.M.

represent the great unwashed of all the white races." Die volk wat heers moes daarenteen een van hoë tradisies en ideale wees; "so let us always sing Rule Brittania.[110]

Gelukkig was daar egter ook andere wat hulle nie met hierdie agitasies vereenselwig het nie. Daar is op gewys dat die geroep om die onderdrukking van die Afrikanerbond en die afskaffing van die Afrikaner se taalregte daarop gemik was om die Afrikaner sy invloed te ontneem waarop sy getalle hom geregtig gemaak het. Hierdie praatjies was juis afkomstig van diegene wat hulle monde voor die oorlog vol gehad het van "gelyke regte." In plaas van die Afrikaner te vertrap, behoort eerder aandag gegee te word aan die ontwikkeling van die Spoorweë, waterwerke en die onderwys omdat die grootste behoeftes van die land in daardie rigting gelê het. In dié moeilike tydsgewrig sou dit veel beter wees om die aandag af te lei van die sentimentele politiek na die praktiese politiek om op so 'n wyse rassegrense af te breek.[111]

Daar is ook voorgestel dat eerder as om die Afrikaner se taal te onderdruk, die gebruik daarvan in die Parlement, howe en skole toegelaat behoort te word hoewel Engels die enigste amptelike taal moes wees. Hierdie weg sou die verstandigste wees omdat aan die "Boere" nie 'n vryheid geweier kon word wat juis van Britse kant vir die Uitlanders in die toenmalige Zuid-Afrikaansche Republiek geëis is nie, naamlik dat president Kruger onder andere lede van die Volksraad moes toelaat om toesprake ook in Engels te mag hou.[112]

110. Albert Times, 27.6.1900: Hoofartikel.
111. Midland News, 4.5.1901: Hoofartikel.
112. Cape Argus, 27.1.1902: Hoofartikel.

Dit is insiggewend om daarop te let dat ook Milner nie die taal-kwessie as van die ernstigste vraagstukke beskou het nie, hoewel hy tog gemeen het dat dit versigtig gehanteer moes word. Hoewel hy van opinie was dat dit nie goeie politiek sou wees om Afrikaans heeltemal te verban nie, was hy ook nie geneë om taalgelykheid toe te laat nie, ook nie ten opsigte van die howe, skole of die Parlement nie. Hy het 'n middeweg voorgestaan waar Afrikaans wel, waar nodig, verdra sou word maar Engels sou oral die voorkeur geniet.[113]

'n Ernstige vraagstuk waarmee Milner geworstel het was egter die feit dat ongeveer vyf-sesdes van die Suid-Afrikaanse grond in die hande van die Afrikaners was, terwyl die handel en nywerheid in die hande van die Britte was. Hy het hom daaroor bekommer dat 'n rasseverdeling geaksentueer en verdiep mag word deur 'n ekonomiese verdeling van 'n suiwer Afrikaanse landbougemeenskap teenoor 'n suiwer Engelse handelsgemeenskap. Milner het dus gemeen dat pogings eerder aangewend moes word om hierdie onewewigtigheid te bekamp as om te veel energie aan die moontlike uitdelging van Afrikaans as taal te bestee.[114]

Afgesien van die Afrikaanse taal, het ook die Afrikaanse koerante onder krygswet aan die pen gery. Een van die Afrikaanse koerante wat in die warm water beland het, was Ons Land,[115] wat weens sy subtiele beriggewing vir meer as een 'n doring in die vlees was.[116]

113. Milner Papers, Vol. 84: Milner - Geo. R. Parkin, Upper Canada College, Dear Park, Canada, 13.9.1901 (F.K. 1173, pp. 535-536).

114. Ibid.

115. Vgl. C.O. 48/545: Magistrate, Calvinia - Secretary Law Department, 10.2.1900 (F.K. 767, p. 597).

116. Vgl. C.O. 48/545: Opmerkings van H. Lambert (beampte van die Koloniale Kantoor), 3.3.1900 (F.K. 767, p. 580).

So is veral een berig uitgesonder, naamlik dié in verband met die dood van Lambertus de Villiers wat aan die Tugela gesneuwel het. Hy was van die Paarl afkomstig maar het as klerk in 'n bank in Transvaal gewerk. Hy was volgens die berig, "true to his people and adopted country and fell in the bloody strife, but his name will be kept in remembrance by all Africanders, and who can doubt whether his heart was in the right place." Teen hierdie woorde is beswaar gemaak dat dit te skerp was vir, wat genoem is, 'n "British newspaper."[117]

Desgelyks is die South African News ook beskou as "one of the most shameless rags I ever read - it is much more indecent than Ons Land tho' they may be equally mischieveous."[118]

Die verskerpte toepassing van krygswet na die tweede Boere-inval het beide hierdie koerante blykbaar versigtiger gestem, want Milner het met klaarblyklike genoegdoening verklaar dat hierdie koerante minder skerp was en dat Ons Land selfs 'n hoofartikel oor sanitêre vraagstukke gepubliseer het.[119] "Whether they think they have already done all the mischief they can and had now better save their own skins by keeping quiet, I cannot say."[120]

Nie lank na hierdie woorde van Milner nie, het die militêre owerheid by die Eerste Minister om advies aangeklop oor die wyse waarop teen die "dislojale pers" opgetree kon word omdat baie skade

117. Ibid.; Uit die beskikbare gegewens is dit ongelukkig nie moontlik om die betrokke uitgawe van Ons Land te identifiseer nie.

118. C.O. 48/548: Opmerking van H. Lambert, 6.1.1901 (F.K. 784, p. 808).

119. C.O. 48/548: Uittreksel uit Dagboek van Milner, 20.12.1900 (F.K. 784, p. 796).

120. Ibid., 22.12.1900 (F.K. 784, p. 966).

deur hulle aangerig word. Hy het ook sy voorneme te kenne gegee om die sirkulasie van Ons Land in alle krygswetdistrikte te verbied.[121] Hiermee het die Eerste Minister saamgestem en aan die hand gedoen dat nie net die sirkulasie van Ons Land verbied word nie maar ook van die South African News.[122]

Dit is egter nie net die sirkulasie van hierdie twee koerante wat aan bande gelê is nie maar omdat hulle toegelaat het dat berigte met 'n ondermynende strekking in hulle koerante verskyn, is die redakteurs van Ons Land (F.S. Malan), die South African News (Albert Cartwright), Worcester Advertiser (De Jong) en Het Oosten (Vosloo) voor die hof gedaag en almal skuldig bevind. Malan en Cartwright is tot 'n jaar en De Jong en Vosloo tot ses maande gevangenisstraf gevonnis. Daarbenewens het De Jong 'n addisionele vonnis op die lyf geloop van £100 boete of twee maande tronkstraf weens berigte oor beweerde wreedhede van Britse magte.[123]

Dis egter nie net die sirkulasie van Ons Land en die South African News wat so verbied is nie. Op 29 April 1901 is byvoorbeeld ook die volgende geskrifte in Paarl verbode verklaar: Ons Land, Ons Weekblad, South African News, Onze Courant, Het Oosten, Middelandsche Afrikaander, Truth, Reynolds Newspaper, Review of Reviews, Weekly Freeman, With the Boer Forces, asook vyf Nederlandse en Duitse koerante. Op 16 Februarie 1901 het

121. C.O. 48/551: Sir F. Forestier-Walker - Sir Gordon Sprigg, 8.1.1901 (F.K. 794, p. 170).

122. C.O. 48/551: Sir Gordon Sprigg - Sir F. Forestier-Walker, 8.1.1901 (F.K. 794, p. 171). Uiteindelik is die sirkulasie van hierdie twee koerante nie net in krygswetdistrikte verbied nie maar is selfs die publikasie daarvan opgeskort, nl. Ons Land vanaf 12.1.1901 tot 19.7.1902 gedurende welke datum dit as Het Advertensieblad as 'n nie-politieke orgaan gefungeer, terwyl die South African News vanaf 15.9.1901 tot 19.8.1902 die swye opgelê is.

123. Cd. 903, p.10, Telegram: Hutchinson - Chamberlain, 19.4.1901
Cd. 902, p. 12, Telegram: Hutchinson - Chamberlain, 12.4.1901.

die Kommandant van Cradock, behalwe voormelde koerante, ook daar die sirkulasie verbied van Lloyds en die Morning Leader.[124]

Om die skroef verder aan te draai is later bepaal dat waar die sirkulasie van koerante nog toegelaat is, dit nie versprei mag word voordat dit nie eers drie weke oud was nie. Die doel van hierdie voorskrif is duidelik, naamlik om te voorkom dat nuus van strategiese belang in die hande van Boerekommando's beland. Wanneer die intekenaars hulle koerante gekry het, was "de inhoud kurkdroog - ja! galbitter als bier, dat eenigen weken lang in een open bottel gelaten werd."[125] Daarby het die koerante baie min nuus bevat omdat die manuskrip ook eers deur die plaaslike sensor goedgekeur moes word voordat dit na die pers kon gaan.[126] Inderdaad het die koerante in distrikte waar krygswet van krag was, behalwe as advertensiemiddel, bedroef min beteken.[127]

Soos mens kan verwag, is daar ernstige kritiek teen die onderdrukking van koerante uitgespreek. Veral was daar bekommernis omdat die vryheid van die pers op dié wyse in die gedrang gebring is. Daarbenewens het die optrede van die owerheid op die oog af onregverdig gelyk omdat dié koerante hulle hoogstens

124. Mackarness, F.: Martial Law in Cape Colony, p. 21.
125. Het Zuid-Westen, 25.7.1901: Hoofartikel.
126. Midland News, 2.8.1901: Nuusberig.
127. Het Zuid-Westen, 5.8.1901: Hoofartikel.

daaraan sou skuldig gemaak het dat hulle verslae van Boere-terugslae van hulle lesers weerhou het. Hierby moet natuurlik ook gereken word dat 'n groot aantal lettersetters onskuldig uit hulle werk gegooi is.[128]

Die Magistraat van Aberdeen het egter 'n groot waarheid aangeraak toe hy daarop gewys het dat weens die feit dat geen koerante in daardie distrik toegelaat is nie, die meerderheid inwoners geheel en al onkundig was met betrekking tot die swaar straf waaraan rebelle onderworpe was. Om hierdie rede het die voordele van onderdrukking nie altyd opgeweeg teen die nadele van onkunde wat daaruit voortgespruit het nie.[129]

As gevolg van die beperkende krygswetregulasies, het daar in baie distrikte noodwendig 'n groot tekort aan voedselvoorrade ontstaan, wat vanselfsprekend groot ontberings vir die Kaaplanders meegebring het.

So was daar op 'n stadium in die distrik Gordonia slegs genoeg graan vir drie maande beskikbaar. Daarby het die boere oor feitlik geen saad beskik nie omdat hulle die bietjie wat hulle gehad het moes gebruik om aan die lewe te bly. Die vooruitsigte op 'n redelike oes was dus baie skraal en grootskaalse armoede het die mense in hierdie omgewing in die gesig gestaar. Om daardie rede het die Magistraat dringend versoek dat die Regering minstens tweehonderd sakke saadkoring moes aanstuur om aan die boere verkoop te word in verhouding tot die grootte van die grond wat hulle bereid was om te bewerk.[130]

128. Midland News, 2.8.1901: Hoofartikel.

129. Vgl. C.O. 48/554: Magistrate, Aberdeen - Secretary Law Department, 4.9.1901 (F.K. 812, p. 135).

130. C.O. 48/552: Magistrate, Gordonia - Secretary Law Department, 12.4.1901 (F.K. 800, p. 292).

Op Carnarvon was die winkels heeltemal leeg, terwyl die militêre owerheid ongeneë was om selfs die allernoodsaaklikste lewensmiddels daarheen toe te laat omdat die dorp nie genoegsaam beskerm kon word nie. Daar was dus groot gevaar van hongersnood en gevolglike ontevredenheid onder die boere.[131]

Ook op Murraysburg was toestande kritiek. Die Magistraat het hom verplig gevoel om die situasie met generaal sir Charles Parsons, die bevelhebber van die westelike distrikte, te bespreek. Hy het die Generaal daarop gewys dat die inwoners op die rand van hongersnood verkeer omdat daar reeds vir 'n geruime tyd geen voorrade in die dorp toegelaat was nie. Sir Charles het geantwoord dat dit juis die militêre gesag se doelwit was om Murraysburg uit te honger om te verseker dat Boere-kommando's wat in die Kamdebooberge skuilhou, daarvandaan padgee. Die Generaal het te kenne gegee dat hy nie oor genoeg troepe beskik om Murraysburg, wat nie van strategiese belang was, te verdedig nie en dat hy nie van plan was om toe te laat dat voorrade aan die dorp gelewer word nie. Inteendeel het hy "very much annoyed" met die inwoners gevoel wat hulle swak gedra het deur hulp aan die vyand te verleen en selfs by hulle aangesluit het. Hulle moes, wat hom betref, maar self sien om die mas op te kom.[132]

131. C.O. 48/552: Magistrate, Carnarvon - Secretary Law Department, 23.4.1901 (F.K. 80C, p. 302).

132. C.O. 48/553: Magistrate, Murraysburg - Secretary Law Department, 13.8.1901 (F.K. 810, pp. 918 - 919).

In die distrik van Kenhardt is die toestande beskryf as "very black." Op daardie dorp was daar, behalwe vleis, geen voedselvoorrade hoegenaamd beskikbaar nie. Die konvooie daarheen was baie klein en baie wisselvallig, terwyl feitlik geen transportdiere beskikbaar was nie. Daarby was die transportkoste baie hoog. Vanaf De Aar het dit 15/- per 100 lb. beloop en die moontlikheid was sterk dat dié koste verder sou styg. Daarbenewens is alle perde op militêre bevel na De Aar gestuur en het daar ook 'n algemene droogte geheers sodat water en weiding feitlik nie meer bestaan het nie.[133]

Voedselvoorrade in die distrik Barkly-Wes was eweneens feitlik gedaan en die inwoners het ook hier hoofsaaklik van vleis geleef. Slegs enkeles was nog bevoorreg om hulle dieet met mielies, kafferkoring en gedroogde pampoen aan te vul.[134]

Laat ons ten besluite let op toestande in die distrik Hay (Griekwastad). Daar was die situasie waarin boere hulle bevind het "a cruel one." Hulle was sonder enige beskerming en het oor feitlik geen voedselvoorrade beskik nie. Ene Badenhorst, wat nege myl uit die dorp gebly het, het getuig dat aan sy gesin, sy skoonseun en sy vrou en hulle Bantoebediendes tesame vyf pond meel toegelaat is op 'n keer.[135] Die winkels het slegs oor 'n voorraad van veertig sakke meel beskik wat glad nie genoeg was om

133. C.O. 48/555: Magistrate, Kenhardt - Secretary Law Department, 2.10.1901 (F.K. 812, p. 15).

134. C.O. 48/555: Magistrate, Barkly-West - Secretary Law Department, 22.10.1901 (F.K. 819, p. 193).

135. C.O. 48/555: Magistrate, Hay - Secretary Law Department, 27.10.1901 (F.K. 821, p. 575).

in die behoeftes van die publiek, ongeveer 1 200 Blankes en Kleurlinge[136] en 800 Bantoes[137] te voorsien nie. Die Kommandant het gevolglik bepaal dat slegs ½ lb. meel per volwassene en ¼ lb. meel per kind per dag toegelaat sou word. Met hierdie rantsoen is gehoop om die voorrade te rek tot Januarie 1902.[138] Ander voedselvoorrade was ook uiters skaars terwyl brood 'n luukse was. Groente was haas onverkrygbaar maar gelukkig was daar genoeg vleis beskikbaar.[139]

Teen Desember was die voedselvoorraad egter uitgeput en moes die militêre owerheid uit hulle eie voorraad voorsien. Die rantsoen was nog soos voorheen vasgestel en daar is voorrade vir drie dae op 'n keer uitgedeel. Intussen was kommunikasie met die buitewêreld afgesny en die pos sedert Oktober 1901 nog in Kimberley agtergehou.[140]

Aan die begin van Januarie 1902 het sake nog meer kritiek geword toe die meel en mediese voorrade heeltemal opgeraak het. Beskuit is teen halfrantsoen uitgedeel terwyl die mielievoorraad bykans boomskraap was. Daar is getrag om aan die Bantoes hawer in plaas van mielies te gee maar hulle het geweier om dit te aanvaar. 'n Paar sakke koring wat in die dorp geoes is, is toe aan hulle teen halfrantsoenskaal uitgedeel maar as die Bantoes sou aanhou om hawer te weier, was die Magistraat bevrees dat hulle

136. C.O. 48/555: Ibid., 6.11.1901 (F.K. 820, p. 328).
137. C.O. 48/558: Ibid., 6.1.1902 (F.K. 836, p. 393).
138. C.O. 48/555: Ibid., 28.10.1901 (F.K. 821, p. 505).
139. C.O. 48/555: Ibid., 6.11.1901 (F.K. 820, p. 328).
140. C.O. 48/558: Ibid., 17.12.1901 (F.K. 835, p. 50).

weggewys sou moes word.[141] 'n Week later is die uitreiking van voedselvoorrade beperk tot halfrantsoenskaal beskuit en hawer, terwyl aan Bantoes net hawer uitgereik kon word.[142]

As gevolg van die skaarste van lewensmiddele het die prys van dié wat nog te kry was so die hoogte ingeskiet, dat die inwoners die Magistraat versoek het om te poog om die pryse verlaag te kry omdat die middele alleen verskaf kon word as kontant daarvoor betaal word. Omdat 'n groot deel van die inwoners sonder werk en gedwing was om in 'n dorp te woon waar besigheid tot 'n feitlike stilstand gekom het, het verskeie aansoek gedoen om armlastigheidstoelaes. Baie van hulle was persone wat liggaamlik fiks was en bereid om te werk, maar omdat geen werk beskikbaar was nie, het hulle tot 'n feitlike vlak van hongersnood gekom. Dieselfde toestand het natuurlik ook ten opsigte van die Bantoes gegeld, soos veral geblyk het uit 'n onrusbarende toename van veediefstal.[143]

Die krisis in Hay het so toegeneem dat dit die Magistraat tot die grens van moedeloosheid gedryf het en hy selfs sy departement om 'n verplasing gevra het:-

"I may be excused for saying that for the last six months and more we have led a miserable existence. The place has been in a constant state of siege and unrest ever since last year and since October our life here has been one of privation

141. C.O. 48/558: Ibid., 6.1.1902 (F.K. 836, p. 393).
142. C.O. 48/558: Ibid., 13.1. 1902 (F.K. 837, p. 408).
143. C.O. 48/559: Ibid., 17.2.1902 (F.K. 841, p. 235).

having had to do without some of the bare necessaries of life for months at a time. This state of things I find almost unbearable at times and would earnestly pray that under the circumstances some notice be taken of this, and I be allowed to look forward to a transfer to some more desirable spot at no very distant date."[144]

Hierdie toestand het vir ongeveer nog twee maande voortgeduur en ten spyte daarvan dat die inwoners gedurende April werklik swaar geleef het omdat hulle op daardie stadium geheel en al vir onderhoud op die militêre owerheid, wat kwalik in hulle eie behoeftes kon voorsien, aangewese was,[145] het verligting uiteindelik op 1 Mei 1902 aangebreek toe 'n konvooi met lewensmiddels daar aangekom het. "I need not tell you that in regard to the foodstuffs the convoy has brought good cheer into the houses of many a man, and it was a positive Godsend..."[146]

Een van die redes waarom daar teen die einde van 1901 so 'n groot voedselskaarste in baie Kaaplandse distrikte was, moet gesoek word in opdragte wat van die militêre owerhede uitgegaan het waarin 'n verbod geplaas is op die bewerking van landerye om sodoende te verhoed dat lewensmiddels in die hande van die Boerekommando's beland. So was die Magistraat van Barkly-Wes baie ongelukkig oor dié verbod in sy distrik omdat hy bevrees was dat dit 'n rampspoedige uitwerking op die Bantoes sou hê wat hoofsaaklik geleef het op wat hulle self gekweek het. Omdat

144. C.O. 48/559: Ibid., 10.3.1902 (F.K. 843, p. 568).
145. C.O. 48/560: Ibid., 1.4.1902 (F.K. 848, p. 632).
146. C.O. 48/561: Ibid., 5.5.1902 (F.K. 851, p. 240).

hulle reeds aan groot ontberings as gevolg van voedselskaarste onderworpe was, was dit twyfelagtig of hulle hul gewillig aan dié bevel sou onderwerp.[147]

Omdat Barkly-Wes as 'n tipiese voorbeeld van baie ander distrikte beskou kon word, het die Regering hierdie skrywe van die Magistraat aangegryp om by die Goewerneur beswaar aan te teken teen die optrede van die militêre owerheid. Die Regering het daarop gewys dat hoewel die militêre redes vir so 'n optrede vir hulle duidelik was, die toepassing daarvan verreikende gevolge sou hê.

Daar is op gewys dat daar distrikte in Kaapland is waar die inwoners in die hoogste nood verkeer het omdat voedselvoorrade beperk was en dat baie families slegs vleis gehad het om te eet. Hieruit sou siektes en sterftes veral onder kinders spruit terwyl 'n sterk gevoel van ontevredenheid en moedeloosheid onder die bevolking self geskep is.

As in gedagte gehou word dat die meeste mense wat op dié wyse getref is die vyand simpatiekgesind was, is dit duidelik dat die ontevredenheid wat op die wyse gewek is, genoeg sou wees om van die Afrikaners in die arms van die vyand te jaag. Die probleem was groot genoeg as slegs die Blanke bevolking in berekening gebring word, maar in die meeste distrikte was daar ook 'n groot aantal Nie-Blankes aanwesig wat tevrede gehou moes word. Dit sou feitlik 'n onbegonne taak wees om beheer oor dié deel van die bevolking uit te oefen as hulle voedselvoorrade afgesny word.

147. C.O. 48/555: Magistrate, Barkly-West - Secretary Law Department, 22.11.1901 (F.K. 821, pp. 467 - 468).

Die gevaar was trouens groot dat die Nie-Blankes hulself sou help aan die vee van die Blankes, 'n gebeure wat weer verdere voor die hand liggende komplikasies sou veroorsaak.

Die Regering het dit betwyfel of 'n beleid om voorrade af te sny en die bewerking van die grond te belet die Boere daarvan sou weerhou om voedsel in die hande te kry, want so lank as wat daar voedsel van enige aard beskikbaar was, sou hulle dit tog in die hande kry. Die gevaar was eerder dat die hele land deur so 'n beleid ten gronde sou gaan. Die Regering het dus geglo dat die kool die sous nie werd was om sulke beperkings op die bevolking te lê nie.[148]

Met hierdie siening van sake het die Goewerneur, sir Walter Hely-Hutchinson en die Hoë Kommissaris, lord Milner, hulle vereenselwig.[149] Ook die Koloniale Kantoor het die aangeleentheid as 'n baie ernstige saak beskou en het gemeen dat die houding van die Kaapse Regering baie verstandig, gematig en in algehele ooreenstemming met die beskouing van lord Milner was.[150]

Die Britse Opperbevel het hulle blykbaar nie veel aan hierdie vertoë gesteur nie want al toegewing wat gemaak is, was dat aan die Nie-Blankes die vergunning verleen is om genoeg graan vir hulle eie gebruik te kweek. Van die Blankes is geen woord gerep nie.[151]

148. C.O. 48/555: Ministers - Hutchinson, 11.11.1901 (F.K. 821, pp. 463 - 465).

149. C.O. 48/556: Hutchinson - Chamberlain, 18.11.1901 (F.K. 821, p. 462).

150. C.O. 48/556: Aantekening van J. Graham, 18.12.1901 (F.K. 821, p. 461).

151. C.O. 48/555: Hutchinson - Governor, 25.12.1901 (F.K. 825, p. 285).

Dit is dus duidelik dat krygswet in 'n harde taal tot die inwoners van Kaapland gespreek het. Sonder aansiens des persoons was almal daaraan onderhewig waar dit van krag was. Niemand het daaraan ontsnap nie, selfs nie eens predikante en geneeshere of vroue is ontsien nie. Dat groot vernederings, ongerief en ontberings deur die toepassing van krygswet veroorsaak is, is baie duidelik, en feitlik elke inwoner van Kaapland kon nie anders as om die oorlog op een of ander wyse aan eie lyf te voel nie. Baie Afrikaners is deur die oorlog tot op die rand van hongersnood, en selfs tot die bedelstaf gebring. Die tragiese is dat dit teweeggebring is deur 'n oorlog wat hulle nie begeer het nie of waaraan hulle nie deel wou hê nie, omdat hulle geen stryd met die Republieke gehad het nie.

Behalwe die fisiese ontbering en lyding waaraan die Afrikaner onderworpe was, het die oorlogsomstandighede aan 'n klompie jingo's die geleentheid gegee om die Afrikaner ook geestelik te treiter deur, op geen onsekere wyse nie, te pleit vir die vertrapping van sy taalregte en om die uiterste beledigings op die jong Afrikaanse taal uit te stort. Gelukkig, miskien, het die meeste Afrikaners hierdie galberigte as gevolg van die ontwrigte tye moontlik nie te lees gekry nie.

Daar kan dus met reg beweer word dat die Kaaplanders, en in besonder die Afrikaners, groot offers moes bring, miskien net soveel as wat hulle noordelike "broers" op die slagveld moes bring. Mens kan dus met John X. Merriman saamstem: "the scars left by (Martial Law) would soon be skinned over, but I doubt whether any time will obliterate the memories of the scorn and

the insults that have been dealt out to the Dutch,"[152] of met A.S. du Plessis, Volksraadslid vir Albert: "Martial Law has caused more misery and bitterness than the war itself."[153] Aan die ander kant moes die inwoners in 'n tyd van oorlog, om "in consequence of measures of precaution taken for the public good expect and should acquiesce in a certain amount of inconvenience."[154]

Hierdie "inconvenience" het egter veel meer as blote ongerief beteken, maar ook ontbering, hongersnood, verbittering en vernedering, maar die Kaaplanders was teen wil en dank verplig om daarmee saam te leef totdat krygswet uiteindelik op 16 September 1902 finaal opgehef is.[155]

152. Lewsen: a.w., p. 198: J.X. Merriman - Mrs. J. Merriman, 1.4.1900.

153. Cape Hansard, 24.7.1900: kol. 22.

154. C.O. 48/545: Secretary Law Department - A.W. Paradise, Bedford, 22.2.1900.

155. Strydom: a.w., p. 146.

# HOOFSTUK VII.

## LOJALISTE-ERVARINGS.

Al die Afrikaners in Kaapland was die Republieke egter nie simpatiekgesind nie. 'n Groot aantal het hulle ten volle met die Britse Imperialistiese strewe en beleid in Suider-Afrika vereenselwig en wel in so 'n mate dat hulle nie gehuiwer het om die Britte aktief in die oorlog teen die Republieke te help nie.

Reeds aan die begin van die oorlog het die lojaliste aangevoel dat hulle op aktiewe wyse uiting aan hulle gevoel moes gee, maar omdat hulle nie altyd oral in die meerderheid was nie moes hulle hulle kans afwag. So was dit onder andere die lojaliste van Graaff-Reinet wat in die hoek gedryf gevoel het omdat hulle daar hopeloos in die minderheid was en dit gevolglik nie kon waag om hulle ware kleure te vertoon nie. Omdat hulle egter gemeen het dat daar 'n skandvlek op dié dorp sou rus indien geen steun uit daardie oord aan die Imperiale beleid in Suid-Afrika verleen word nie, het 'n aantal jong mans deur bemiddeling van G.H. Maasdorp, L.W.V., hulle dienste aan Milner aangebied om in 'n plaaslike verdedigingskorps te dien.[1]

Hoewel dit altyd sy wens was dat die burgerlike bevolking van Kaapland nie by die oorlog betrek moes word nie, het die eerste grootskaalse Boere-inval[1a] in Kaapland dit vir Milner nie langer

1. C.O. 48/543: G.H. Maasdorp - Milner, 22.11.1899 (F.K. 757, p. 847).

1a. Vgl. pp. 31-32 hierbo.

moontlik gemaak om van lojaliste te verwag om met gevoude hande te sit nie. Hy het daarom die optrede van die Graaff-Reinetters verwelkom maar hy het nie gemeen dat dit doenlik sou wees om klein groepies lojaliste te bewapen nie, veral nie in distrikte waar die Republiekgesindes in die meerderheid en waar daar nie 'n kern van Imperiale troepe aanwesig was nie. Waar daar egter Imperiale garnisoene aanwesig was behoort lojaliste te help deur, wanneer daartoe opgeroep, die wapens op te neem, of om minstens hulle kennis van plaaslike toestande aan Britse troepe beskikbaar te stel. Waar persone gewillig mag wees om die wapen op te neem, het Milner hulle aangeraai om liewers na distrikte soos Port Elizabeth, Queenstown of Oos-Londen te gaan en hulle dienste by korpse wat daar gerekruteer is aan te bied. Veral sou manne wat met die landsomstandighede bekend was en wat kon skiet en perdry baie welkom wees. Diegene wat egter om die een of ander rede nie in staat was om die wapen op te neem nie, behoort ook iets te doen om die verspreiding van rebellie in bedwang te hou deur in samewerking met die meer gematigdes van die "teenparty" minstens te protesteer en met aktiewe weerstand te dreig indien die Boere hulle verskyning sou maak.[2]

Teen die tyd dat die tweede Boere-inval van stapel gestuur is, het reeds meer as 12 000 Kaaplanders hulle by die Kaapse Polisie

2. C.O. 48/543: O. Walrond, Private Secretary - G.H. Maasdorp, 27.11.1899 (F.K. 757, p. 850).

vrywilligerskorpse en 'n groot aantal diverse berede korpse aangesluit wat almal ten doel gehad het om in die een of ander vorm die Britse oorlogspoging te steun. Die verwagting was dat die getal sou verdubbel in antwoord op 'n oproep wat op 31 Desember 1900 gedoen is om nog meer rekrute om te help om die inval teen te gaan.[3]

Die oproep het vanaf die kantoor van die Eerste Minister uitgegaan. Daarin is vrywilligers gevra om aan te sluit by 'n te stigte "Colonial Defence Force" wat ten doel gehad het om aan die militêre owerheid hulp te verleen om die inval af te slaan. Ook sou die mag aangewend word om, afgesien van militêre optrede, spoorweë en ander verbindingsmedia te bewaak en om wet en orde in distrikte te handhaaf waar nodig. Daar is egter duidelik gesê dat hierdie verdedigingsmag nie buite die grense van Kaapland aangewend sou word nie. As beloning vir hierdie landsdiens sou rekrute vergoed word teen vyf sjielings per dag, plus 'n halfkroon ekstra vir diegene wat nie 'n eie perd, saal en toom kon voorsien nie.

Daar is egter algemeen aanvaar dat die meerderheid Afrikaners nie bereid sou wees om, selfs vir plaaslike verdediging, die wapens aan die kant van die Britte op te neem nie. Die oproep is daarom hoofsaaklik gerig aan die Britse bevolking, "and to a small, but no doubt very strong and courageous minority of the Afrikaanders who have always been loyalists."[4]

3. Headlam: a.w., p. 200: Milner - Chamberlain, 6.2.1901.

4. Cape Times, 1.1.1901: Oproep gedateer 31.12.1901. Hierdie selfde woorde het Milner ook in 'n brief gedateer 6.2.1901 aan Chamberlain gebesig, vgl. Headlam: a.w., p. 200.

Die reaksie op die oproep was egter nie so groot as wat die owerheid gehoop het dit sou wees nie, veral omdat dit nie gepaard gegaan het met 'n algemene proklamasie van krygswet nie. Om hierdie rede was 'n groot aantal lojaliste bevrees om hulle plase te verlaat terwyl hulle bure toegelaat is om met woord en daad hulp aan die vyand te verleen.[5]

'n Ander rede vir hierdie oënskynlike onwilligheid om by die verdedigingsmag aan te sluit was geleë in die feit dat die lojaliste 'n taamlike rowwe behandeling aan die hand van die Afrikaners wat met die Republieke gesimpatiseer het, en selfs sy aan sy met hulle geveg het, te beurt geval het. Om daardie rede wou baie van hulle nie hulle plase verlaat om daardeur hulle gesinne aan die genade van die rebelle bloot te stel nie. Dit is daarom insiggewend om daarop te let dat die lojaliste, net soos die rebelle, daarop aanspraak kon maak dat hulle geensins 'n gemaklike lewe gehad het nie en trouens aan grootskaalse beledigings en irritasies onderworpe was.

So het die Magistraat van Prieska reeds op 29 November 1899 geskryf dat die probleme en gevare in die Hay-distrik nie so seer geleë was in die optrede van die invallende vyandelike kommando's nie, maar in die gedrag van die rebelle wat nie net die lojale inwoners van Griekwastad, wat in Boerehande was, gedreig het met plundering van hulle eiendom en om hulle persoonlike leed aan te doen nie, maar wat tewens ook lojaliste en

5. Cape Argus, 3.1.1901: Brief van "Loyal Colonist."

vlugtelinge in al die distrikte wat onder hulle beheer was daagliks geterroriseer het.[6]

Dit was veral mense wat in die distrikte noord van die Oranjerivier gewoon het, soos Hay, Mafeking en ook in 'n mindere mate Prieska wat aan Hay gegrens het, wat na bewering die rofste behandeling geniet het omdat die opvoedingspeil van die bevolking van dié gebiede nie van die hoogste was nie en "it is consistent with this character that ... there should have been a great deal more violence and bad behaviour generally on the part of the rebels than in the more settled and civilised districts of the North East."[7] Ten opsigte van die laasgenoemde distrikte het die lojaliste baie gely onder die verwaandheid en beledigende optrede van die rebelle. Hulle was egter, op enkele uitsonderinge na, nie onderworpe aan hardhandige behandeling of aan onredelike kommandering van goedere nie.[8]

Laat ons egter van nader kyk wat in die praktyk gebeur het. In die distrik Hay het die Boere op buitengewone grootskaal goedere gekommandeer, en wel in so 'n mate dat dit, "scarsely distinguishable from organised looting "was.[9] Daar is beweer dat selfs beslag gelê is op goedere soos vroueklere wat vir die kommando's van geen waarde was nie, maar wat glo onder vriende en familie van die burgers en rebelle uitgedeel is. In daardie

6. C.O. 48/543: Magistrate, Prieska - Secretary Law Department, 29.11.1899 (F.K. 756, pp. 795 - 796).

7. C.O. 48/547: Milner - Chamberlain, 18.7.1900 (F.K. 775, pp. 159 - 163).

8. Ibid.

9. Ibid.

distrik is lojaliste ook gereeld gearresteer en tot 'n week lank aangehou sonder enige verhoor. In baie gevalle is hulle ook glo aangerand. In een so 'n geval is 'n ligte Kleurling met die naam van Mocke aan 'n wawiel vasgemaak en deur generaal Liebenberg met 'n riem uitgelooi terwyl hy met elke hou uitgeroep het: "God save the Queen." Eweneens sou die rebelle hardhandig teenoor die Bantoes opgetree en hulle gedwing het om sonder vergoeding te werk.[10]

'n Ander persoon in dié distrik wat aan die pen gery het was Frans Badenhorst van die plaas Turksvypan. Omdat hy nie sekere bevele van die bevelvoerder van 'n Boerekommando wou nakom nie en omdat hy klein voorrade vee na die dorp gestuur het, is hy deur 'n krygsraad gevonnis om sy plaas binne drie uur te verlaat en om sy besittings in die hande van die Boere te laat bly. Nadat aan die bevel gehoor gegee is, is in sy huis ingebreek en op elke flentertjie klere beslag gelê. Al wat Badenhorst en sy gesin oorgehou het, was die klere wat hulle aangehad het. Daarbenewens is hulle meubels verniel en is daar ook beslag gelê op sowat 50 beeste en 1 388 kleinvee.[11]

In die distrik Mafeking was die lojaliste en die Bantoes eweneens aan growwe behandeling onderworpe. Ook hier was die voorbokke die rebelle en nie die Transvalers nie.[12] Ten opsigte van Prieska was daar geen bewyse van hardhandige optrede nie maar rowery van die eiendom van lojaliste is na bewering vry algemeen deur hoofsaaklik die rebelle beoefen.[13]

10. Ibid.
11. C.O. 48/561: Magistrate, Hay - Secretary Law Department, 28.5.1902 (F.K. 851, p. 242).
12. C.O. 48/547: Milner - Chamberlain, 18.7.1900 (F.K.775, pp. 159 - 163).
13. Ibid.

In die ander dele van Kaapland was die lewe van die lojaliste nie minder aangenaam nie en moes hulle ook daar die prys van hulle lojaliteit betaal, veral dié wat nie by die Boeremagte wou aansluit nie. So is daar die geval van twee veldkornette in die distrik Barkly-Wes wat voet by stuk gehou het dat hulle niks met rebellie te doen wou gehad het nie en prontuit geweier het om aan te sluit. Die resultaat van hierdie houding was dat albei gearresteer, afgeknou en voor 'n krygsraad gedaag is. Een van hulle is na Pretoria gestuur waar hy verskeie maande aangehou is terwyl sy familie maar self moes sien om gedurende sy afwesigheid die mas op te kom.[14] In die distrik Uitenhage het ene Piet Booysen weer 'n stewige drag slae met 'n sambok op die lyf geloop omdat hy geweier het om die wapens teen sy wettige soewerein op te neem.[15]

Maar laat ons ook let op die ontberings en lotgevalle van enkele lojaliste soos hulle dit self na die oorlog te boek gestel het.

Abraham Ollewa, 'n boer van die plaas Blesmanspoort in die distrik Barkly-Wes het sy kragte by die Britte ingewerp en hulle gedien as 'n inligtingsbeampte. By sy terugkoms op sy plaas ná die oorlog het hy gevind dat sy woning tot op die grond afgebrand is en dat die inhoud daarvan totaal vernietig was. Sy drade was verniel en die plek onbewoonbaar. Tot sy ontnugtering het hy

14. Cape Hansard, 11.8.1900, kol. 79: Toespraak deur die prokureur-generaal, sir J. Rose Innes.

15. Ibid., 29.8.1902, kol. 81: Toespraak deur C. Nel, L.W.V., vir Uitenhage.

gevind dat sy bure hulle rug op hom gekeer het en niks met hom te doen wou hê nie. Hulle het hom so erg beledig, gedreig en bespot dat hy bevrees was vir sy veiligheid, veral nadat daar weer gewere aan voormalige rebelle uitgereik is. Om sy kelk nog bitterder te maak het hy gevind dat niemand bereid was om selfs skape aan hom te verkoop om weer 'n begin met sy boerdery te maak nie: "I was told that no sheep would be sold to any dirty black guard who had cringed to the English, and the most loathsome expressions were made use of."[16]

I. Hermann, wat gedurende Oktober 1901 as Waarnemende Kommandant van Moorreesburg opgetree het, het eweneens na die oorlog tot die ontdekking gekom dat hy nie meer in Afrikanergeledere welkom was nie. Hy was van beroep 'n handelaar op die dorp en het tewens ook van plaas tot plaas met sy handelsware gesmous. Sy wa is eenvoudig van die plase verwilder en die boere het openlik gesê dat hulle geen verbintenis met 'n jingo wou hê nie of met iemand, "who has assisted the King and country." Onder andere het Jan Basson van Anyskop, Dirk Bester van Geelkuil, Evert Smit van Donkerkloof, Hendrik Greef van Breekmuur en L. Lategan van Zomerveld, hom gevra om onder hulle oë uit te kom. Hoewel sommige van die Boere tot twee keer per week dorp toe gegaan het om inkopies te doen, het niemand iets by hom gekoop nie.[17]

16. C.O. 48/564: Verklaring van Abraham Ollewa, 2.9.1902 (F.K. 865, p. 705).

17. C.O. 48/565: I. Hermann, Moorreesburg - Governor, 2.9.1902 (F.K. 866, p. 46).

Benewens die feit dat hy op handelsgebied geboikot is, het Hermann ook groot probleme ondervind om voer en graan in die hande te kry. Hoewel hy geweet het dat die Boere oor groot voorrade beskik het en hy die beste pryse aanbied, het hulle voor die voet geweier onder die voorwendsel dat hulle nie genoeg gehad het om te verkoop nie. Agterna het hulle dit egter wel teen laer pryse aan die "pro-Boer" winkeliers verkoop. Hy het gekla dat hy op elke terrein geboikot word en aangesien hy die grootste besigheid op die dorp gehad het, het hy baie groot skade gely net omdat hy sy plig as Britse onderdaan nagekom het.[18]

Net so het Daniel Johannes de Wet van Beaufort-Wes gekla dat sy voormalige vriende na die oorlog hulle rug op hom gekeer het omdat hy sy gewig by die Britte ingewerp en onder andere bykans twee jaar lank in die plaaslike tuiswag gedien het. Hy en sy medelojaliste is na die oorlog openlik gedreig, "saying that we have had our time, and they will show us and we must beware as our lives are in danger, it is now their time."[19] Dit is interessant om daarop te let dat De Wet vyftien jaar lank lid was van die Afrikanerbond en dat hy ook sekretaris was van die plaaslike tak. Hoewel hy sy verbintenis met die party reeds in 1898 verbreek het,[20] is dit vanweë sy voormalige band met die party, nie juis vreemd dat sy vroeëre vriende hom nou geïgnoreer het nie.

18. Ibid.

19. C.O. 48/564: Verklaring van D.J. de Wet, 1.9.1902 (F.K. 865, p. 701).

20. Ibid.

Dieselfde lot het Frederik Johannes Strauss van die plaas Koopmansfontein, ook van Beaufort-Wes, getref. Hy is reeds op 7 Desember 1899 deur die Boere gevange geneem en na Pretoria gestuur. Na die val van Pretoria is hy terug na sy plaas en by sy aankoms het hy gevind dat die Boere sy perde en volstruise weggevoer en groot skade aan sy eiendom aangerig het. Daarna is hy verskeie kere weer deur die Boere gevange geneem maar telkens weer vrygelaat. Hy het ook vir agt maande diens gedoen in die "District Mounted Troops". Na die beëindiging van vyandelikhede is hy deur sy mede-Afrikaners, en in besonder die voormalige rebelle en diegene wat met die Republieke gesimpatiseer het, sosiaal uitgestoot. Hierdie toedrag van sake het daagliks vererger en daarom het hy in 'n vlaag van moedeloosheid uitgeroep dat indien iets nie daaraan gedoen word nie, "goodness knows what is going to become of us people who remained loyal throughout the whole of the last war and who are still anxious to uphold British traditions."[21]

Aan die begin van die oorlog het Paul Petrus van Niekerk van Hopetown 'n telegram van die destydse premier, W.P. Schreiner, ontvang met die versoek dat hy alles moontlik moes doen om die inwoners van sy wyk kalm te hou. Dit het hy gedoen maar na afloop van die oorlog moes hy ontdek dat hy deur die meeste van die Afrikaners van daardie wyk gehaat word. Sommige van die boere sou aan hom gesê het dat hulle net wag dat krygswet finaal opgehef word, sodat hulle dan weer die lojaliste kon onderdruk.[22]

21. C.O. 48/564: Verklaring van F.J. Strauss, 1.9.1899 (F.K. 865, pp. 703 - 704).

22. C.O. 48/564: Verklaring van P.P. van Niekerk, 1.9.1902 (F.K. 865, p. 698).

'n Oud-Transvaler, die sewentigjarige Gerhardus Dirk van den Heever, wat hom in 1895 te Montagu gevestig het en wat sedertdien 'n lojale onderdaan van die Koningin was, het ook gevind dat sy lojaliteit vir hom probleme meegebring het. Hy het daarvoor gepleit dat die wapen nie teen Engeland opgeneem moes word nie, en weens hierdie optrede is hy blootgestel aan dreigemente en intimidasie. Voordat krygswet oor Montagu afgekondig is, is sy woning met klippe bestook. Gedurende die tyd wat krygswet van krag was, is hy met rus gelaat maar by die opheffing daarvan is sy lewe weer vergal. Tydens die kroningsplegtigheid van die Britse koning was hy van plan om sy woning met vlae te versier maar 'n vriend het hom afgeraai uit vrees dat sy huis afgebrand mag word.[23]

In 'n ander geval op Montagu is klippe snags deur die venster van 'n "quiet and unoffending loyalist" gegooi. Gelukkig is nie groot skade aangerig nie maar die belangrikheid van die insident is daarin geleë dat dit die resultaat was van politieke wrywing.[24]

'n Ander lojalis wat die wind van voor gekry het was Andries Benjamin Stofberg van Calvinia wat 'n sersant-majoor van die "Bushmanland Borderers" was. Op 'n dag het 'n rebel, ene Hough, hom toestemming gevra om met sy wa op die plaas uit te span. Soos dit 'n goeie lojalis betaam, het Stofberg natuurlik geweier waarop Hough min of meer as volg geantwoord het: "O, ek

23. C.O. 48/564: Verklaring van G.D. van den Heever, 1.9.1902 (F.K. 865, p. 699).

24. C.O. 48/566: Magistrate, Montagu - Secretary Law Department, s.d., (F.K. 863, p. 339).

sien jy is in diens van die militêre (moontlik het hy letterlik 'kakies' gesê) en aangesien ek 'n rebel is moet 'n lyn tussen ons getrek word, jy bly aan jou kant van die lyn en ek bly aan my kant daarvan. Ek praat verder geen woord met jou nie omdat ek niemand erken wat aan die kant van die Britte geveg het nie."[25]

Die lewe vir lojaliste is ook op Colesberg versuur. Daar het Afrikaners so ver gegaan om hulle eie skool te stig sodat hulle kinders nie met dié van die lojaliste hoef om te gaan nie. Daar is trouens openlik van die skool gepraat as die rebelle-skool. Van die voormalige rebelle het selfs lojale dames beledig deur reguit op hulle af te stap en die Republikeinse Volksliedere in hulle gesigte te fluit. Een van hierdie jongmans het hom 'n skrobbering van die plaaslike Kommandant op die hals gehaal vanweë die fluitery en hy is twee keer in die tronk gestop weens die gebruik van ondermynende taal.[26]

In die omgewing van Burgersdorp was die lewe van die lojaliste eweneens nie aangenaam nie. Net soos op vele ander plekke was dit die rebelle wat die sondebokke was en het van hulle selfs by die Vrystaters daarop aangedring dat hulle nog strenger teenoor lojaliste moes optree. Daar het diegene wat geweier het om tydens die besetting van die dorp met die Boeremagte saam te werk 'n moeilike tyd deurgemaak.[27] Ongelukkig is geen besonderhede

25. C.O. 40/564: Ongedateerde verklaring van A.B. Stofberg (F.K. 865, p. 713). Hough se woorde is deur skrywer hiervan vertaal omdat die gesprek hoogswaarskynlik in Afrikaans plaasgevind het.

26. C.O. 48/548: Magistrate, Colesberg - Secretary Law Department, 3.12.1900 (F.K. 784, p. 905).

27. C.O. 48/547: Magistrate, Burgersdorp - Secretary Law Department, 6.7.1900 (F.K. 757, p. 193).

beskikbaar van die aard van die probleme waarmee die lojaliste te kampe gehad het nie, maar mens sou jou kon voorstel dat hulle ook hier op allerlei wyse getreiter is.

Nie net Afrikaner-lojaliste nie maar ook Engelssprekendes het moeilike dae beleef, soos blyk uit die verhaal van die ontberings wat Robert Brown, wat op die plaas Kameelhoek tussen Kimberley en Modderrivier geboer het, en sy gesin vanweë hulle lojaliteit teenoor Brittanje moes deurmaak. Die verhaal van hulle ontberings is deur mev. Brown vertel[28] nadat sy en haar seuns vroeg in 1902 in Kaapstad aangekom het en sy toe nog steeds nie seker was waar haar man hom bevind het nie.

Dit blyk dat Brown deur die Boere gearresteer en daarvan aangekla is dat hy hulp aan die Britte verleen het deur onder andere rapportryers te help om van Kimberley na Modderrivier deur te kom. Voorheen het Brown die Boere geaffronteer deur 'n kommandeerbevel van veldkornet Roos te ignoreer waarvolgens twee van sy seuns, Alfred en Douglas, aangesê is om 'n aantal ammunisiewaens na Douglas te begelei. Beide jongmans het geweier en hoewel die Boere nie op die uitvoering daarvan aangedring het nie, is hulle veertien dae later aangesê om hulle by die Spytfonteinlaer aan te meld. Hierdie bevel het hulle ook geweier en gedurende die nag ontsnap, en na 'n moeilike tog van meer as twintig myl wat hulle te voet afgelê het, het hulle

28. Vgl. Cape Argus, 2.2.1902.

die Britse kamp te Modderrivier bereik. Na die slag van Magersfontein het hulle in die nag weer besoek by hulle ouerhuis afgelê, maar die wêreld is daar vir hulle so warm gemaak dat hulle genoodsaak was om weer na Modderrivier te vlug nadat hulle etlike kere amper gevang was.

Intussen het mev. Brown en haar drie dogters op die plaas agtergebly, maar tussen Kersdag en 27 Desember 1901 het die Boere die plek geplunder en 1 156 skape, 607 bokke, 61 koeie en kalwers, 134 gemengde vee en 438 perde en ander eiendom ter waarde van ongeveer £7 000 weggevoer. Hulle het aan mev. Brown agt perde en twee perdekarre gelaat om daarmee van die plaas te vertrek. Hulle was egter nie toegelaat om die plaas voor die einde van Januarie 1902 te verlaat nie. By Modderrivier het mev. Brown by haar twee seuns aangesluit en na Kaapstad afgereis.

Voordat hulle vertrek het, het die Boere 'n vasberade poging aangewend om die jongste seun, die vyftienjarige Percy, oor te haal om by hulle aan te sluit. Die knaap het egter standvastig geweier. Mens kan dus met die Cape Argus saamstem dat die Brown-gesin 'n hoë prys betaal het "for the luxury of loyalty to the British Crown, and it may be hoped that they will not miss their reward."[29]

Die simpatiseerders met die Republieke het die lewe van die lojaliste nie net op hardhandige wyse nie, maar ook soms deur moedswillige optrede versuur. Hierbo het ons verwys na die

29. Ibid.

gewese rebelle in Colesberg wat lojale dames beledig het deur die Republikeinse Volksliedere in hulle gesigte te fluit.[30] In Somerset-Strand weer was 'n groot aantal persone uit alle dele van Kaapland, asook vlugtelinge uit Transvaal en die Vrystaat in hotelle saamgetrek. Hierdie mense het hulle daagliks, tot terging van die lojaliste, op openlike wyse met ondermynende praatjies besig gehou. Die ergste was egter dat 'n aantal jongmans die lojaliste snags geteister het deur gereeld in die strate die Transvaalse Volkslied te loop en sing, terwyl die kinders by een van die losieshuise glo geleer is om benewens die Transvaalse Volkslied ook beledigende liedere oor die Koningin en die vlag te sing: "Fancy the feelings of the loyals ... having to sit or stand by to hear this." Wat die lojaliste die meeste omgekrap het, was dat die polisie nie 'n vinger verroer het om 'n einde aan hierdie optrede te maak nie.[31]

Waar die vroue en kinders van die Afrikaners wat die Republieke simpatiekgesind was erg moes ly en sommige van hulle na afgeleë plekke verban is,[32] moes die vroue en kinders van lojaliste ook hulle offers bring. So was byvoorbeeld lojaliste-vroue en -kinders van Barkly-Wes tydens die besetting van daardie dorp genoodsaak om elders 'n heenkome te vind. Hulle moes hulle wonings verlaat en was geheel en al op die liefdadigheid van ander aangewese.[33]

30. Vgl. p. 266 hierbo.

31. Cape Times, 9.1.1900: Brief van "Loyal Colonist".

32. Vgl. pp. 223 hierbo.

33. Cape Hansard, 9.8.1900, kol. 188: Toespraak van Arthur Stead.

Ook het die vroue en kinders van Kimberley onaangename dae beleef tydens die beleg van daardie dorp. Hulle is naamlik aangesê om hul wonings te verlaat en om duisend voet onder die aarde in 'n myn skuiling te soek. Onder meer was hulle verplig om drie dae lank daar te vertoef, "during that period the sufferings of these thousands (of women) were dreadful."[34]

Te Vryburg en ook te Klipdam is die vroue en kinders aangesê om die dorpe te verlaat en is hulle onder begeleiding van rebelle daarvandaan weggeneem; "the sufferings of these people were untold."[35]

J.W. Sauer het eweneens verklaar dat baie Engelse vroue net soveel ongerief as die Boerevroue verduur het. Hy het 'n brief van 'n Engelsman onder oë gehad wat in baie sterker taal die ontberinge wat hulle moes verduur beskryf het as wat 'n Afrikaner dit sou doen, "because the Dutchman was a patient animal, and the Englishman did not put up with grievances with same good grace than the Dutchman did."[36]

Afgesien van aansluiting by tuiswagte en by die korpse wat in die lewe geroep is om die meer avontuurlikes te bevredig, het die lojaliste as teenvoeter vir die versoeningskomitees wat vrede, met as grondslag die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke bepleit het,[37] dergelike organisasies tot stand laat kom om steun te verleen aan die oorlogsbeleid. Op dié wyse is die Guild of Loyal Ladies, met as alternatiewe naam Daughters of the Empire gestig, terwyl op 15 Maart 1900 die sogenaamde

34. Ibid., kol. 189. Vgl. ook E.O. Ashe: a.w., p. 179 e.v.; A.J. Beet en C.B. Harris: Kimberley Under Siege, pp.53-55; W.A.J. van der Merwe: Kekewith in Kimberley, pp. 122-123; T. Phelan: The Siege of Kimberley, Its Humerous and Social Side.
35. Ibid.
36. Ibid., 27.8.1900, kol. 54: Toespraak van J.W. Sauer.
37. Hierdie aangeleentheid is in hoofstuk IV behandel, vgl. p. 74 e.v.

Vigilance Committee (Waaksaamheidskomitee) tot stand gekom het. Laasgenoemde organisasie het oor drie subkomitees beskik, naamlik een vir verspreiding van vlugskrifte, 'n tweede vir doeleindes van organisasie, en 'n derde om die finansiële sake te behartig. In elke sentrum van belang is 'n tak van die komitee gestig en is daar ook verteenwoordigers aangestel in ander dele van die Britse Ryk asook in Amerika.[38]

Die Waaksaamheidskomitee het uit sy pad gegaan om die openbare mening te beïnvloed, en om die werk van die versoeningskomitee in die wiele te ry en te neutraliseer. So is 'n mosie opgestel wat op 3 April 1900 aangeneem moes word op vergaderings wat oor die hele Kaapland sover moontlik op dieselfde uur moes plaasvind, en wat, vertaald, as volg lui:-

> "As Britse onderdane wens ons ons algehele instemming te betuig met die weiering van Haar Majesteit se Regering om die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje Vrystaat hulle onafhanklikheid te laat behou, en ons druk hiermee ons ernstige oortuiging uit dat alleen anneksasie die vrede, voorspoed en openbare vryheid deur heel Suid-Afrika kan verseker."[39]

Die vergadering waartydens die mosie in Kaapstad aan die orde gestel is, is op die Groentemarkplein deur 20 000 mense bygewoon by welke geleentheid die Eerste Minister die hoofspreker was. Hy het onder andere gesê dat die vraag wat beslis moes word, is

38. Strydom: a.w., p. 77.

39. Ibid., p. 78: Vertaling van die mosie deur Strydom.

of Afrikaanse ('Dutch') of Engelse oppergesag in Suid-Afrika gevestig moes wees. Die mosie is eenparig deur al die aanwesiges aanvaar.[40]

Gedurende die loop van die jaar het vergaderings onder beskerming of op aandrang van die Waaksaamheidskomitee dwarsdeur Kaapland plaasgevind, met een sentrale tema, naamlik om mosies ter ondersteuning van die Imperiale beleid in Suid-Afrika te aanvaar. Daarbenewens het lojaliste spontaan vergaderings georganiseer soos die een wat op 29 Maart 1900 in die Paarl plaasgevind het.[41]

Dié verrigtinge is op die sportgronde gehou met bogenoemde doel voor oë, maar ook om aan die buitewêreld te toon dat die Paarl nie 'n broeiplek van sedisie en dislojaliteit was, soos dikwels beweer is nie. Ongeveer 1 500 persone was aanwesig, waarvan nagenoeg die helfte Kleurlinge was. Die platform en tafels waarby die sprekers stelling ingeneem het, was met Union Jacks gedrapeer en voor die aanvang van die vergadering is die gehoor besig gehou deur hulle patriotiese liedere te laat sing.

As voorsitter het opgetree I.J. de Villiers en onder die aanwesiges was persone soos ds. S.J. du Toit, H.P. van Eyck, G.H. Blignaut, C.H.W. Kohler, P.A. Myburgh, C.A. de Villiers, J. Philip, J.J.F. le Roux, R.R. Morram, G.P. Morison, D.S. Brink, A.S.M. Mostert, W.B. Philips, R.J. Bulmer, J. Heldzinger,

40. Ibid. Vir verslae oor die byeenkoms vgl. ook Cape Times, 4.4.1900 en Cape Argus, 4.4.1900.

41. Vgl. Cape Argus, 30.3.1900: Verslag van die verrigtinge.

L.K. Brunette, J.A. Briers, N. du Plessis, G.P. Hutchinson, A.S.N. de Villiers, A. Kohler, ds. A. Hahn, ds. R.M. Clerk, J.J. Moll, H. Green, L. Malzer, S. Walsh, A.A. Dursing, W.J. Helm, R. Froster, T. Mossop, S.G. Laney, W.T. Laney, J. Gribble, J.F. Minnaar, J.H. de Villiers, dr. Bester, I. Basson, C. Wahl, C. Page, T. Baker, R.J. Moll, eerw. Robinson, eerw. Curlewis en F.B. Moore.

Dit blyk dus dat daar 'n groot aantal Afrikaners aanwesig was. Trouens die meeste van die toesprake is ook in Afrikaans of 'Dutch' gehou.

Ds. S.J. du Toit het die eerste mosie aan die orde gestel, naamlik:-

> "This meeting of loyal British subjects resident at Paarl hereby declare its unaltered loyalty to Her Majesty's Government, and its gratitude and appreciation of the just and liberal form of Government which they have heretofore enjoyed under Her Majesty's beneficent rule, and more particularly during the critical period through which South Africa is now passing; they hereby express their full confidence in the policy of Her Majesty's representative the High Commissioner, Sir A. Milner, and declare their conviction that the future settlement and administration of the whole of South Africa can be safely entrusted to His Excellency."

In sy toeligtingstoespraak het ds. Du Toit verklaar dat as dié mosie aanvaar word, kon die Paarl nooit weer van dislojaliteit beskuldig word nie. Nog nooit vantevore het hy so 'n verteenwoordigende skare op dié dorp byeen gesien nie. Hoewel dit nie vir hulle was om aan die Regering voor te skryf wat gedoen moet word nie, was dit almal se begeerte dat geregtigheid moet geskied. Op diegene wat die Republieke aanmoedig om in hulle stryd te volhard het hy 'n beroep gedoen om die wapens neer te lê en op die Koningin se goedhartigheid te vertrou. Hy het vas geglo dat die finale skikking met veiligheid in die hande van sir Alfred Milner gelaat kon word. Die mosie, gesekondeer deur J.H. Durr, is eenparig aanvaar.

Die tweede mosie is deur H.P. van Eyck voorgestel. Hierin is gevra dat rebelle deur 'n spesiale hof verhoor moes word, dat hulle vir lewenslank hulle burgerregte ontsê word en dat 'n voorbeeld gemaak moes word van die belhamels deur hulle streng te straf.

Wat van Eyck nie kon verstaan nie is dat die rebelle die 'beneficent rule' van Brittanje verwerp het ten gunste van die juk van Transvaal. Hy het die Afrikanerbond daarvan beskuldig dat hulle rebellie aangeblaas het en ook die Afrikaanse predikante dat hulle hul plig versuim het om rebellie nie te ontmoedig nie; trouens hy het geen predikant hoor waarsku dat rebellie nutteloos is nie. Daarby het hy beweer dat selfs die Regering se lojaliteit nie bo verdenking gestaan het nie. Die mosie is gesekondeer deur G.H. Blignaut.

C.H.W. Kohler het die stigting van 'n waaksaamheidskomitee bepleit. Hy kon die uitgesproke simpatie met bloedverwante in die Republieke verstaan, maar nie met die Regerings van die Republieke nie. Die Afrikaners was heeltemal geregtig daarop om trots te wees op hulle nasionaliteit, maar hulle moes besef het dat hulle nie as 'n aparte nasie buite die Britse Ryk kon bestaan nie.

P.A. Myburgh het gesê dat sy bloed as Afrikaner kook wanneer hy daaraan dink hoe aan die Goewerneur voorgeskryf en hoe sedisie deur Ons Land aangeblaas is.

Al die mosies is aanvaar en die vergadering is afgesluit met di geesdriftige sing van "God Save the Queen" en "Rule Brittania."

In Kaapstad het die Waaksaamheidskomitee 'n kongres gehou onder voorsitterskap van sir Gordon Sprigg. Tweehonderd afgevaardigdes uit alle dele van Kaapland het dit bygewoon. Die doel hiervan was om goedkeuring te heg aan die beleid van Chamberlain en Milner, om 'n manifes aan die Britse volk op te stel en om 'n deputasie na Engeland aan te wys met die opdrag om die volk in te lig omtrent die'ware' Suid-Afrikaanse toestande om sodoende di werk van die versoeningsbeweging in Engeland waardeloos te maak. 'n Mosie is aanvaar waarin die geloof uitgespreek is dat die Imperiale Regering kennelik geduldig was met Transvaal; ook is dankbaarheid uitgespreek vir die meesterlike wyse waarop Britse prestige in Suid-Afrika deur Chamberlain gehandhaaf is. Sy insig en sy politieke wysheid is geloof en waardering is uitgespreek vir die uitstekende dienste wat deur Milner gelewer is. In die manifes aan die Britte is die onvoorwaardelike anneksasie van die Republieke gevra.

Onder die aanwesiges was Afrikaners soos sir Pieter Faure, ds. S.J. du Toit en H.P. van Eyck van die Paarl. Ds. Du Toit het die mening uitgespreek dat die meeste Afrikaners hulle met die strekking van die kongres vereenselwig. Let mens egter op een van die beskrywingspunte wat van Fort Beaufort afkomstig is, wonder jy of ds. Du Toit heeltemal in die kol kon gewees het want hierin is voorgestel dat kennis van Hollands afgeskaf moes word as vereiste vir aanstelling in die Staatsdiens en vir gebruik in geregshowe.[42]

Die deputasie van die Waaksaamheidskomitee, te wete T.L. Schreiner (broer van Olive en W.P. Schreiner), di. J.C. Harris en J.S. Moffat, en later bygestaan deur L. Zietsman, A. Wilmot, J.W. Jagger en J.D. Duncan is, anders as Merriman en Sauer,[43] met ope arms in Brittanje verwelkom en hulle kon sonder enige vrees hulle standpunt aan die Britse volk stel. Vir twaalf maande lank het hulle die Britte bearbei om seker te maak dat die Republieke nie hulle onafhanklikheid behou nie.[44]

Die Waaksaamheidskomitee het die sending van Merriman en Sauer na Brittanje aangegryp om gal en edik oor die hoofde van dié twee manne uit te stort. Die bal is aan die rol gesit deur die uitvoerende bestuur van dié organisasie wat op 'n vergadering die volgende mosie eenparig aanvaar het:-

42. Het Oosten, 6.9.1900: Verslag van die verrigtinge.

43. Vgl. pp.126-131 hierbo.

44. Strydom: a.w., p. 83.

"The General Executive of the South African Vigilance Committee representing all races and all shades of opinions in South Africa, strongly deprecate opinion of Messrs Merriman and Sauer being accepted in influencing terms of settlement and emphatically assert that any proposals they make will be regarded with suspicion by all loyalists as being made with the object of effecting a settlement which will endanger the permanent supremacy of Imperial factor in South Africa."[45]

Daarby was, aldus die Uitvoerende Raad, die openbare loopbane van beide Merriman en Sauer van so 'n aard dat geen waarde aan hulle vertoë geheg kon word nie. Veral hulle toesprake in die Kaap Parlement waarin hulle sterk standpunt ten gunste van die Republieke en rebelle ingeneem het, was verdoemende getuienis teen hulle.[46]

Die Koloniale Kantoor het egter nie in die vrese van die lojaliste gedeel nie. H.W. Just, een van die amptenare, het na aanleiding van hierdie mosie opgemerk dat dit nie nodig was om dit daarheen te telegrafeer nie en dat die lojaliste dit onnodig op hulle senuwees het.[47]

45. Vgl. C.O. 48/551: Telegram, Hutchinson - Chamberlain, 12.3.1901 (F.K. 796, p. 560).

46. Ibid.

47. C.O. 48/551: Aantekening van H.W. Just, gedateer 13.3.1901 (F.K. 796, p. 560).

Die Simonstadse tak van die Waaksaamheidskomitee het ook die besoek van die twee here met agterdog bejeën. Hulle was bevrees dat die vestiging van die Britse oppergesag in Suid-Afrika versaak sou word as enige voorstelle wat hulle mag maak aanvaar word, en dat die lojaliste daardeur in hulle verwagtinge teleurgesteld sou raak. Ook het hulle daarvan gewag gemaak dat die band van Merriman en Sauer duidelik sigbaar was in die wetgewing waarvolgens rebelle met 'n baie ligte straf daarvan afgekom het.[48] Die lojaliste van Kimberley het laat weet dat nóg Merriman nóg Sauer bevoeg was om namens die lojaliste van Kaapland te praat en dat enige gesigspunt wat hulle namens die lojale koloniste daarop mag nahou, nie oorweeg kon word nie.[49] Die Waaksaamheidskomitee van Worcester was van mening dat die beskouings van Merriman en Sauer oor die eventuele skikking tussen Brittanje en die gewese Republieke nie vir die lojaliste aanvaarbaar was nie.[50]

Min of meer gelykluidende protes-mosies teen die sending van Merriman en Sauer is ook onder andere ontvang van die Waaksaamheidskomitees van Stutterheim,[51] Colesberg,[52] O'Okiep,[53] Ceres,

48. C.O. 48/551: W. Frost, Hon. Secretary, S.A. Vigilance Committee, Simonstown - Hutchinson, 16.3.1901 (F.K. 797, p.631).
49. C.O. 48/551: S.A. Vigilance Committee, Kimberley - Hutchinson, 20.3.1901 (F.K. 797, p. 641).
50. C.O. 48/551: S.A. Vigilance Committee, Worcester - Hutchinson, 14.3.1901 (F.K. 797, p. 655).
51. C.O. 48/551: S.A. Vigilance Committee, Stutterheim - Hutchinson, 17.3.1901 (F.K. 797, p. 722).
52. C.O. 48/551: S.A. Vigilance Committee, Colesberg - Hutchinson, 20.3.1901 (F.K. 797, p. 724).
53. C.O. 48/551: S.A. Vigilance Committee, O'Okiep - Hutchinson, 22.3.1901 (F.K. 797, p. 725).

Beaufort-Wes, Bathurst,[54] Steytlerville, Richmond,[55] Butterworth, Riversdal, Steynsburg[56] en Peddie.[57] Die Uitvoerende Raad van die Waaksaamheidskomitee het dit so op hulle senuwees gehad oor moontlike Britse toegewings dat hulle die Goewerneur gevra het om Chamberlain dit op die hart te druk dat slegs die onvoorwaardelike oorgawe van die twee Republieke die Kaaplandse lojaliste tevrede sou stel en dat hy daarop moes aandring.[58]

Soos hierbo aangetoon, het die Koloniale Kantoor nie ernstige aandag aan hierdie mosies geskenk nie en het dit ook nie vir Merriman en Sauer daarvan weerhou om hulle sending na Engeland te onderneem nie.

'n Ander saak waarmee die lojaliste nie genoeë kon neem nie, was die feit dat die rebelle nie buitengewoon swaar gestraf is nie. Trouens, die ergste straf wat die klas II-rebelle te vrees gehad het, was vyfjaar-ontkiesering.[59] Om hierdie rede het die lojaliste heftig beswaar gemaak teen die wetgewing[60] wat so 'n ligte straf voorgeskryf het. Waar hoogverraad voorheen as 'n

54. C.O. 48/551: Hutchinson - Chamberlain, 27.3.1901 (F.K. 797, p. 775).
55. C.O. 48/551: Hutchinson - Chamberlain, 30.3.1901 (F.K. 798, p. 832).
56. C.O. 48/551: Hutchinson - Chamberlain, 3.4.1901 (F.K. 798, p. 858).
57. C.O. 48/552: Hutchinson - Chamberlain, 23.4.1901 (F.K. 800, p. 252).
58. C.O. 48/552: Hutchinson - Chamberlain, 21.4.1901 (F.K. 800, p. 218).
59. Vgl. Snyman: a.w., waarin hierdie aspek breedvoerig behandel is.
60. Die "Indemnity and Special Trinunals Act", vgl. Snyman: a.w., pp. 25 - 29; Vgl. ook Cd. 981, pp. 59 - 70 waar die teks van die wet te vind is.

"hanging matter" beskou is, was vyfjaar-ontkiesering geen straf nie omdat rebelle slegs in een verkiesing nie sou kon stem nie. In die omstandighede kon die rebelle liewers heeltemal vrygespreek word as om op so 'n klugtige wyse gestraf te word. As gedink word aan al die duisende wat reeds dood is, die tienduisende wat in rou gedompel is, die duisende wonings wat afgebrand is en aan al die lyding wat deur die oorlog teweeg gebring is, het die bloed van die lojaliste gekook by die gedagte dat rebelle so lig daarvan afkom. Die wetgewing is as 'n "everlasting disgrace" bestempel en die lojaliste is daardeur in die gesig gevat.[61]

Dit was die lojaliste se oorwoë mening, en tereg ook, dat die rebelle ten strengste gestraf moes word. Hulle was ook eenparig daarteen gekant dat 'n algemene amnestie aan rebelle beloof word, of dat beloftes as lokmiddel om oor te gee gemaak word dat hulle gehelp sou word om hulle plase te herbou. Sulke beloftes sou deur die Boere geïnterpreteer word as dat Engeland nie in staat sou wees om hulle met die wapen tot oorgawe te dwing nie en hulle op dié wyse wou omkoop. Die enigste korrekte beleid sou wees om geen beloftes te maak nie maar om die oorlog voort te sit totdat die Boere erken dat hulle verslaan is en oorgee. Eers daarna kon die Boere wat totaal verarm geraak het as gevolg van die oorlog finansiëel gehelp word sodat hulle tevrede en lojale onderdane van die Britse Ryk kon word. Voordat

61. Cape Times, 30.7.1900: Toespraak van John Harty tydens 'n vergadering van die Stutterheim Farmers Association op 21.7.1900; vgl. ook die houding van die Simonstadse Waaksaamheidskomitee, p. 278 hierbo.

daadwerklike hulp op so 'n wyse verleen word, moes die lojaliste egter eers vir die verliese wat hulle gely het vergoed word. "It surely is impossible that England should do otherwise... and give rise to the proverbial expression: 'It does not pay to be loyal...'"[62]

Dit is natuurlik voor die hand liggend dat die lojaliste, net soos die simpatiseerders met die Republieke, in gelyke mate aan die administrasie van krygswet onderhewig was en dat hulle aan dieselfde beperkende regulasies onderworpe was. Hoewel die Cape Times van mening was dat die opofferinge wat krygswet verg gewillig gebring moes word,[63] het die skoen later so gedruk dat die Waaksaamheidskomitee in geen onsekere taal nie ernstige beswaar gemaak het teen die wyse waarop krygswet geadministreer is.[64]

Die komitee het beswaard gevoel omdat die wyse waarop krygswet toegepas is groot ontevredenheid en irritasies veroorsaak en inderdaad rebellie aangemoedig het. Hierdie toedrag van sake het die komitee hoofsaaklik gewyt aan die feit dat die Kommandante wat krygswet moes administreer met vrywel absolute gesag beklee was. Daarby is arbitrêre gesag dikwels in die hande van junior offisiere geplaas, wat nie oor genoegsame ondervinding beskik het om hulle pligte na behore uit te voer nie en wie se optrede juis

62. Cape Times, 12.4.1901: Brief van T.L. Schreiner aan Daily Telegraph, dd. 18.3.1901.

63. Cape Times, 12.6.1902: Hoofartikel.

64. C.O. 48/554: Memorandum: S.A. Vigilance Committee, Cape Town, Augustus 1901 (presiese datum van die memorandum ontbreek) (F.K. 812, pp. 37 - 45).

baie keer onnodige irritasies gewek het.

Die komitee het ook skerp kritiek uitgespreek teen die arbitrêre aanhouding van vooraanstaande inwoners op minderwaardige aanklagte. Daarbenewens is die selfrespek van individue onnodig geskend deur hulle te verplig om teregstellings van rebelle by te woon.[65]

Net so ernstig, en nie minder irriterend nie, was die manier waarop die militêre owerheid goedere gekommandeer het. Die noodsaak van kommandering is erken maar dan moes dit in gebiede uitgeoefen word waar daar gevaar bestaan het dat sodanige goedere in die hande van die vyand mag beland of waar dit vir bona fide militêre doeleindes benodig was. Daar is egter gevind dat goedere dikwels in distrikte wat ver van militêre bedrywighede geleë was, gekommandeer is waarvoor daar geen regverdiging bestaan het nie. Die enigste rede waarom dit gedoen is, was om die inwoners onnodig te treiter of om regulasies tot elke prys met 'n ysterhand af te dwing. Die komitee het vanselfsprekend ook nie gelukkig gevoel oor die feit dat kompensasie vir gekommandeerde goedere nie altyd volgens die markwaarde geskied het nie en dat uitbetaling in die meeste gevalle eers na die oorlog sou geskied.

65. In verband met openbare teregstellings, vgl. o.a. Snyman: a.w., pp. 56 - 59.

Kritiek is ook uitgespreek teen die beleid van die owerheid om Transvaal en die Vrystaat te stroop van lewende hawe en lewensmiddele. Hierdie beleid het juis veroorsaak dat Boeremagte in groot getalle na Kaapland gekom het waar voorrade en perde geredeliker verkry kon word. Die verskuiwing van die sentrum van militêre operasies na Kaapland het meegebring dat krygswet verskerp moes word, wat soos dit op baie plekke geadministreer is, werklike griewe by die inwoners laat ontstaan en smeulende ontevredenheid na die oppervlakte gedryf het. Die gevoel wat op dié wyse geskep is, sou jare neem om uit te wis. 'n Beleid om ook Kaapland van lewensmiddele te stroop, sou groot verliese en ontevredenheid meebring en Boere selfs ruïneer, "and the creation of a large body of ruined men is not a condition to be contemplated with equanimity in any state."

Daarom was dit dus van groot belang dat [illegible] hulle aanstelling met omsigtigheid gekeur sou word. Hulle behoort manne met ondervinding, takt en administratiewe vaardigheid te wees. Daarby behoort die burgerlike owerheid by die administrasie van krygswet geken te word deur miskien van die dienste van die Magistraat gebruik te maak om die Kommandant by te staan.[66] Verder is gevra dat onnodige

66. Die militêre owerheid het van hierdie laasgenoemde wenk gebruik gemaak, toe bepaal is dat die titel van die Kommandant vanaf 1 Desember 1901 verander is na dié van Administrateur, en die Magistrate as die adjunkte van die Administrateurs aangewys is (Vgl. p. [illegible]).

kommandering beëindig en dat 'n meer realistiese manier gevind word om vir gekommandeerde goedere te betaal en dan wel teen die redelike markwaarde daarvan. Indien nie aan hierdie sake daadwerklike aandag gegee sou word nie, "there must ensue a state of affairs ruinous to the country and its people."[67]

Die Kaapse Goewerneur het die memorandum aan die Koloniale Kantoor gestuur en onder andere verklaar dat die situasie, weens gebrek aan 'n metodiese administrasie van krygswet, ernstig begin raak, maar dat Milner Kitchener sou probeer beweeg om 'n verandering teweeg te bring.[68] Die Koloniale Kantoor het die vertoë van die Waaksaamheidskomitee in 'n ernstige lig beskou. Klerk H. Lambert het opgemerk dat die memorandum 'n ernstige toedrag van sake openbaar en dat dit vir die Britte nie veel sou beteken indien hulle deur hulle optrede die lojaliste vervreem nie,[69] terwyl Chamberlain die mening toegedaan was dat wat benodig word, "is one man with a head on his shoulders to supervise the whole administration of Martial Law." So 'n persoon moes ondersoek instel na alle klagtes van verontregting wat onder krygswet plaasgevind het, "in this way we might get uniformity and common sense."[70] Chamberlain het hierdie saak egter nie verder gevoer nie.

67. C.O. 48/554: Memorandum: Vigilance Committee, Augustus 1901 (F.K. 812, p. 45).

68. C.O. 48/547: Hutchinson - Chamberlain, 4.9.1901 (F.K. 778, p. 745). Die verandering wat Milner bepleit het, het in werking getree toe die instruksies met betrekking tot die administrasie van krygswet op 1 Mei 1902 gekodifiseer is. Vgl. p.196 e.v. hierbo.

69. C.O. 48/547: Aantekening van H. Lambert, 5.9.1901 (F.K. 778, p. 730).

70. C.O. 48/547: Ongedateerde aantekening deur J. Chamberlain (F.K. 778, p. 734).

Die gevoel van sekere Afrikanerlojaliste het so met hulle die loop geneem dat hulle selfs bereid was om te agiteer vir die opheffing van die Kaapse grondwet[71] ten einde, soos hulle dit gestel het, ontslae te raak van die invloed van die Afrikanerbond en van die vertroeteling van 'n eie Afrikaanse kultuur. So het L.S. de Wet en veertig ander van Worcester 'n petisie aan die militêre owerheid met dié doel voor oë gerig.

In dié petisie[72] is die Afrikanerbond bestempel as die opleidingskool van "sedition-mongers" en van rebelle, en dat die invloed van die Bond ontsettend was op alle ware lojaliste en wel tot so 'n mate dat baie lojaliste tydens die vorige verkiesing van die stembus sou weggebly het uit vrees vir viktimisasie. Die petisionarisse het ook beweer dat die Bond sy invloed laat geld het op alle terreine van die lewe, kerklik en polities. By die beroeping van predikante is eers seker gemaak dat die politieke gevoelens van die betrokke predikant in ooreenstemming is met die Bondsbeleid. Net so is die skole onder die invloed van die Kerk en dus indirek onder die invloed van die Afrikanerbond. Hierdie invloed was so sterk dat politieke opvattinge eerder as akademiese kwalifikasies die deurslag gegee het by die aanstelling van onderwysers.

71. Hierin het die lojaliste natuurlik nie alleen gestaan nie omdat Milner 'n vurige voorstander was daarvan dat die grondwet opgehef behoort te word, vgl. p.155, voetnoot 27.

72. C.O. 48/559: L.S. de Wet and 40 Others, Worcester - DAAG "K", Cape Town (F.K. 842, pp. 499-502). Die stuk is ongedateer, maar is op 7.3.1902 deur die Regering verwerp - sien voetnoot 75.

Ook by verkiesings van lede van die Parlement, Afdelingsrade en Stadsrade, het politiek, en in besonder ras- en taalkwessies die hoofrol gespeel en oral is die geleerde lojalis opsy gestoot ten gunste van 'n dislojale en ongeleerde Bondsman. Omdat die Afdelingsraad verantwoordelik was vir die aanbevelings vir aanstellings van vrederegters, veldkornette en brandsiekte-inspekteurs, het hierdie betrekkings eweneens in die hande beland van persone wat nie die Britse belange nagestreef het nie. Ook is beweer dat hierdie manne van hulle amptelike posisies misbruik gemaak het ter bevordering van partybelange.

Die petisionarisse het veral beswaard gevoel omdat Afrikaans, of die sogenaamde "Taal", die kommunikasiemedium van die Afrikanerbond is en dat die organisasie geen spreker by openbare vergaderings geduld het wat nie sy toespraak in Afrikaans gelewer het nie. Die Afrikanerbond en die "Taal" het hand aan hand gegaan en solank as wat die Bond toegelaat word om voort te bestaan, sou die "Taal" as 'n semi-amptelike taal gekoester word. Die groot probleem waarvoor 'n oplossing gevind moes word is dus 'n rassevraagstuk en dit kon bewerkstellig word deur die pilare waarop dié vyandelike rassegevoel berus het en vertroetel is weg te neem, naamlik deur die opskorting van die grondwet sodat die "moederland" dan wette kon aanneem waarvolgens die gelykberegtiging van Engels en Hollands in die Parlement, geregshowe en elders in Kaapland opgehef kon word. Terselfdertyd moes wette aanvaar word waarvolgens die onderrig

in Hollands heeltemal verbied word en om ander maatreëls wat nodig mag wees te tref om die lojaliste te beskerm en die doodsklok vir die rassehaters te lui.

Gelykluidende petisies is ook ontvang van John Wykeham en tweehonderd-vier-en-dertig ander, ook van Worcester[73] en van J.W.L. Pretorius en vyf-en-sestig ander van Caledon.[74]

Begryplikerwys het die Regering die petisies verwerp,[75] maar dit gee tog 'n insiggewende beeld van die haat waarmee selfs Afrikaanssprekendes teenoor mede-Afrikaners vervul was, of wat aan die ander kant die verknogtheid van 'n groot aantal Afrikaners aan Brittanje en Britse ideale treffend illustreer, 'n verknogtheid wat so erg was dat daar selfs nie eens geskroom is om te pleit vir die vertrapping van hulle eie taal nie.

Die lojale Kaaplanders het ook op 'n ander wyse hulle lojaliteit bely. Daar het naamlik gedurende 1902 'n spontane behoefte by sommige Afrikaners ontstaan om openlik uiting aan hulle lojaliteit te gee,[76] om die rebellie af te keur, en om te pleit vir 'n beter verhouding tussen die twee Blanke rassegroepe in Kaapland. Feitlik gelykluidende petisies met hierdie strekking het onafhanklik in verskillende dele van Kaapland gesirkuleer. Toe L. Zietsman, L.W.V., hieroor met die Eerste Minister, sir Gordon Sprigg, 'n

73. C.O. 48/559: J. Wykeham en 234 ander, Worcester (s.d.) - DAAG "K", Kaapstad (F.K. 842, pp. 504-509).

74. C.O. 48/559: J.W.L. Pretorius en 65 ander (s.d.), Caledon - DAAG "K", Kaapstad (F.K. 842, pp. 510-514).

75. C.O. 48/559: Ministers - Hutchinson, 7.3.1902 (F.K. 842, p. 515).

76. Moontlik onder invloed van die voorgaande petisies, hoewel die mosies minder skerp bewoord is.

onderhoud gevoer het, het hy tot sy verbasing gevind dat die heer L. Abrahamson reeds stappe gedoen het om 'n konferensie van belanghebbendes in Kaapstad te belê om in die openbaar uiting aan hulle gevoelens te gee.[77]

Hierdie konferensie het gedurende April 1902 plaasgevind. Dit is interessant om daarop te let dat die meeste afgevaardigdes wat die mosies van die konferensie aan die Goewerneur moes oordra, uit Afrikaanssprekendes bestaan het, te wete Kaapstad: sir Henry Juta, L.W.V., L. Abrahamson, L. Zietsman, L.W.V., T. Louw, dr. C.P. Smuts, L.W.V., P. Wege, Voskuil; Paarl: A.W. Eksteen, H.L. de Waal, H. Albertyn, J.P. Celliers, H.P. van Eyck; Malmesbury: P.A. Smuts, F.F. Werdmuller; Piketberg: D.J. Marais, L.W.V., J.J. Ekstein (Eksteen?); Caledon: W. Kleyn, P. de Villiers; Wellington: J.F. Pentz, J.G. Marais, J.A.L. Bester; Somerset-Oos: dr. Moolman, A. Abrahamson; Cradock: P. Lategan, J.J. van Rensburg; Robertson: J.M. van der Westhuizen; Oudtshoorn: C.J. Langenhoven; en Colesberg: H.W. Fourie.[78]

77. C.O. 48/560: Toespraak van L. Zietsman, Goewerneurs-woning, 11.4.1902 (F.K. 846, p. 233).

78. C.O. 48/540: Naamlys van Deputasie (F.K. 846, p. 224).

Die verskillende sprekers wat opgetree het toe die mosies[79] aan die Goewerneur oorhandig is, het almal daarvan gewag gemaak dat dié beweging 'n spontane een was en dat daarmee aangetoon wou word dat die meerderheid Afrikaners in Kaapland wel lojaal gesind was teenoor Brittanje, dat dit hulle begeerte was om in liefde en vrede met hulle Engelstalige bure te lewe en dat die enigste manier waarop dié ideale verwesentlik kon word, was om hulle aan Britse opperheerskappy te onderwerp, onder welke bestuur die Afrikaners steeds die grootste mate van vryheid geniet het.[80]

79. Die volgende mosies is deur die konferensie aanvaar:-

  a) die optrede van diegene wat gerebelleer het is ten strengste afgekeur;

  b) die omstandighede wat tot 'n skeiding tussen die Blanke rassegroepe gelei het is afgekeur, en daar is onderneem om met alle krag te werk vir die herstel van goeie gevoelens en lojaliteit teenoor die Britse Kroon; terselfdertyd is die Afrikanerleiers veroordeel wat hulle volgelinge nie gewys het op die konsekwensies van dislojaliteit nie;

  c) onverdeelde trou en lojaliteit teenoor die Kroon is herbevestig en gelykberegtiging van albei rasse is bepleit;

  d) die mening is uitgespreek dat die byeenroeping van die Parlement en die hou van verkiesings onder huidige omstandighede nie doenlik sou wees nie, en die konferensiegangers het

  e) onderneem om hulle invloed te laat geld vir die lojale ondersteuning van die wyse waarop krygswet geadministreer is. (F.K. 846, pp. 230-232).

80. C.O. 48/560: Toesprake by die Goewerneurswoning deur Abrahamson, Zietsman, Marais, Pentz, Van Eyck en De Waal, 14.4.1902 (F.K. 846, pp. 233-244).

Nodeloos om te sê, die Goewerneur het die mosies en die menings wat uitgespreek is met "satisfaction" ontvang en herbevestig dat dit nie die doel van die Britse Regering was om die Afrikaanssprekendes te vertrap nie; inteendeel, 'n beleid van gelykberegtiging word nagestreef.[81]

In gesprekke met die lede van die deputasie het Hutchinson vasgestel dat hulle eintlik 'n tydelike opskorting van die grondwet voorgestaan het omdat hulle, net soos ander lojaliste, bang was dat die lojaliste se meerderheid in die Parlement nie groot genoeg sou wees om te verhoed dat die Afrikanerbond weer sy invloed daar laat geld nie. Ten opsigte van die beweging wat die mosies tot gevolg gehad het, het hy voorbehoude gehad en gemeen dat, "it cannot be regarded as more than a germ of a desirable development." Indien die Afrikanerbond egter weer tot dieselfde krag sou ontwikkel wat dit was voordat krygswet sy invloed in 'n groot mate aan bande gelê het, sou dié beweging tot mislukking gedoem wees vanweë vrees vir wraakneming deur die Bond.[82]

Omdat die Afrikanerlojaliste hulle met volle oorgawe by die Britte ingewerp het, is dit nie verbasend dat hulle nie geskroom het nie om, net soos hulle Engelse landgenote, op

81. C.O. 48/560: Antwoord van Hutchinson, 11.4.1902 (F.K. 846, pp. 245-251).

82. Ibid.

openlike wyse hulle vreugde oor Britse militêre suksesse te betoon en met geesdrif aan feesvieringe deel te neem. Dat hulle hul daardeur die gramskap van die andersdenkende Afrikaners op die hals gehaal het hoef nie oor uitgewy te word nie. In hierdie verband kan volstaan word met die volgende gediggie uit die pen van Jantje Aasvogel, wat na die ontsetting van Mafeking in die pers verskyn het en wat vir sigself spreek:-[83]

B.P.[84] EN OOM PAUL.

Oom Paul en neefje Steyn
Zij sprong weg met de trein,
Zij voelt toch in de maag zoo naar,
En nu de boeren zeg
Dat de Engelsen kan veg
En dit is van die Rooineks waar.

Daar was een slimme plan
Weg te jaag de laaste man
Van de Engelsche geslacht;
Maar de speel het omgedraai,
En de plan het weggewaai,
Voor Roberts het de Boeren verlos.

Mafeking is verlos,
En de Boer stikt in de bos

83. Cape Argus, 23.5.1900.

84. Kol. R.S.S. Baden-Powell, die held van Mafeking; vir besonderhede betreffende die beleg en ontsetting van Mafeking, vgl. o.a. B. Gardner: Mafeking a Victorian Legend; W.F. Aitken: Baden-Powell, The Hero of Mafeking; D. Grinell-Milne: Baden-Powell at Mafeking.

B.P. het oom Paul gefopt;

Zij doch de stadt te vang

Maar de burgers was te bang

Lord Roberts het Cronje geklopt.

Dat die lojaliste die moed gehad het om op te tree soos hulle wel gedoen het, moet sekerlik bewonder word. In die stede en groter dorpe was dit 'n redelike maklike taak om lojaal te bly maar die lojaliste wat die grootste simpatie verdien, is stellig dié wat in afgeleë dorpe en plase, waar hulle omring deur andersdenkendes, standvastig by die Britse kroon bly staan het. Hierdie manne het heeltemal alleen gestaan en het slegs hulle gewete en innerlike oortuiging gehad waarmee hulle hul lojaliteit teenoor hulle Koningin kon handhaaf. Terwyl hulle op elke terrein van die lewe met hulle medelandgenote verbind was, moes hulle alleen staan wanneer ondermynende praatjies die rondte gedoen het, of wanneer hulle bure voorbereidings getref het om die invallers te verwelkom, wel wetende dat op hulle neergesien is omdat hulle nie aan die verraad wou meedoen nie.[85] Inderdaad: "Loyalty under difficulties is worthy of all praise."[86]

Om hierdie rede en ook omdat die lojaliste deur hulle optrede 'n daadwerklike bydrae gelewer het tot die handhawing van die veiligheid van Suid-Afrika, "nay the very existence of the

85. Vgl. Cape Argus, 4.1.1900: Hoofartikel.

86. Ibid., 31.1.1900: Hoofartikel.

British Empire," is daar vuriglik gepleit dat van owerheidsweë erkenning verleen sou word vir die gelewerde dienste en ook vir die lyding wat hierdie mense moes deurmaak want, net soos die besit van Suid-Afrika noodsaaklik was vir die voortbestaan van die Britse Ryk, net so was die lojaliste die Britse Ryk se "most especial consideration" waardig.[87]

Ook Milner, wat steeds 'n sagte plekkie vir die lojaliste gekoester het, het daarvoor gepleit dat die lojaliste gerus meer gekonsidereer kon word want in die ganse stryd tussen Boer en Brit is daar selde van owerheidsweë 'n poging aangewend om vas te stel wat die uitwerking van 'n bepaalde beleid op hulle sou wees. Tog was dit noodsaaklik dat hulle gevoelens en belange oorweeg behoort te word om daarmee nie net hulle lojaliteit te behou nie maar om ook die toekomstige lojaliteit te wen van diegene teen wie die oorlog gevoer is. Daarby was die lojaliste van die mees fanatiese aanhangers van die Britse beleid en was hulle absoluut daarvan oortuig dat die heil van die Afrikaner geleë was in die vestiging van die Britse oppergesag in Suid-Afrika. 'n Ander faktor wat konsiderasie van die lojaliste genoodsaak het, was die feit dat hulle, op 'n tyd toe baie al siek en sat vir die oorlog was, bereid was om

87. Cape Times, 27.4.1902: Hoofartikel.

eerder die oorlog onbepaald te laat voortduur as om enige kompromie aan te gaan wat die moontlikheid mag inhou dat die stryd weer in die toekoms mag opvlam: "they are prepared to fight and to suffer on in order to make South Africa indisputably and for ever, one country, under one flag, with one system of government, and that system the British, and freedom to men of all races."[88]

Dit is dus duidelik dat die Afrikaner wat sy gewig by die Engelse ingewerp het dit met volle oorgawe gedoen het en dat hy as gevolg daarvan nie altyd 'n aangename lewensbestaan gehad het nie. Sy mede-Afrikaners wat die Republieke simpatiekgesind was, het op hom neergesien, hom dikwels sosiaal uitgestoot, die rug op hom gekeer, en wel in so 'n mate dat sommige van hulle verplig was om hulle lot by die owerheid te bekla. Die lojaliste het ook geen steen onaangeroer gelaat om te verseker dat die Republieke hulle onafhanklikheid verloor nie deur òf aktief aan die oorlog deel te neem òf om by wyse van agitasies en selfs 'n deputasie na Engeland te pleit vir die onvoorwaardelike oorgawe van die Republieke.

Volgens hulle regsposisie as Britse onderdane het hierdie Afrikaners korrek opgetree en het hulle net gedoen wat van hulle as sodanig verwag is. Dit kan ook wees dat sommige van

88. Headlam: a.w., pp. 200-202: Milner - Chamberlain, 6.2.1901.

hulle besef het watter kant van hulle brood gebotter was omdat dit selfs vir die mees fanatiese rebel reeds gou duidelik moes gewees het dat hulle 'n verlore stryd stry. Om daardie rede het seker baie Afrikaners, hoewel daar nie bewyse voor gevind kan word nie, eerder verkies om hulle lot by die oorwinnaars in te werp, met die hoop om die goedgesindheid van die Regering by die uiteindelike skikking te behou.

Aan die ander kant het dit ook geblyk dat baie Afrikaners in hulle verknogtheid aan die Britte nie geskroom het om, nie net die oorgawe van die Republieke te eis nie, maar om ook voorspraak te wees vir die vertrapping van hulle eie taal en om selfs sover te gaan om te vra dat dit nie weer in skole geleer moes word nie. Dat Afrikaners in hulle ywer om die Britte ter wille te wees bereid was om sover te gaan, kan sekerlik nie goedgepraat word nie.

In die geheel gesien, kan mens egter begrip hê vir die wyse waarop die Afrikanerlojaliste opgetree het en is dit 'n feit dat ook hulle, wat net soos die res van die bevolking aan krygswet onderhewig was, in hulle eie reg gely en ontberings moes deurmaak, selfs aan die hand van sommige van hulle medelandgenote, wat beslis nie altyd soos engeltjies opgetree het nie.

# HOOFSTUK VIII.

## KERK EN SKOOL.

Dit is voor die hand liggend dat die Kerk[1] in Kaapland tydens die oorlog deur diep waters gegaan het vanweë die verbondenheid van die Afrikaner met sy Kerk en ook vanweë die invloed wat van die leraars op die gewone lidmate uitgegaan het.

Elders is reeds gewys op die pogings wat van Kerkweë aangewend is om die oorlog te voorkom.[2] Daärby moet in gedagte gehou word dat die Moderator van die Nederduits Gereformeerde Kerk reeds by die uitbreek van die oorlog 'n beroep op die leraars en kerkrade van die N.G. Kerk gedoen het om lojaliteit teenoor die Koningin te handhaaf en om ook toe te sien dat hulle lidmate niks doen wat as dislojaal vertolk kon word nie.[3]

1. Hier word "Kerk" in die breë sin bedoel afgesien van die besondere kerkverband waaraan individuele Afrikaners behoort het. Opmerklik egter is die feit dat sekondêre werke geen lig werp op die lotgevalle van die Kerk gedurende hierdie tydperk nie. Vgl. bv. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika; J.I. Marais: Geschiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika; J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959; B. Spoelstra: Die Doppers in Suid-Afrika, 1760-1899; B.R. Krüger: Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Van al bogemelde werke is dit net Jooste wat enkele bladsye aan hierdie onderwerp wy.

2. Vgl. pp. 45-49 hierbo.

3. Vgl. oproep in De Kerkbode, 11.10.1899.

Hoewel die Kerk dus amptelik neutraliteit en die handhawing van lojaliteit voorgestaan het, het die praktyk getoon dat die Kerk nie 'n neutrale houding kon uitleef nie, miskien juis vanweë die groot simpatie wat die deursnee Kaapse Afrikaner met die inwoners van die Republieke gekoester het. Dit is daarom nie bevreemdend dat beskuldigings van dislojaliteit uit vele oorde op die Kerk uitgestort is nie en in besonder op die predikante.

Dat die predikante dit veral moes ontgeld is te wyte aan die feit dat hulle veral op die platteland die leiding in feitlik alle sake moes neem. In die reël was die predikant in die dun bevolkte gebiede, waar onderwysgeriewe min was, die geleerdste man. Na hom het die gemeenskap om leiding opgesien en was hy inderdaad die verbindingsmedium tussen afgeleë plaaswonings en die buitewêreld. Hy het nie net die geestelike behoeftes van sy gemeente behartig nie maar hy moes hulle ook lei om hulle menings betreffende wêreldsake te vorm. In die reël het hierdie leiding die uitwerking gehad dat hulle die menings van die predikant nagevolg het.[4]

Hierby moet in ag geneem word dat die Kerk en dan veral die N.G. Kerk, as synde die Kerk met die grootste aantal lidmate, nie slegs 'n geestelike tuiste aan die meerderheid van die Kaaplandse Afrikaners gebied het nie, maar dat dit in 'n groot mate ook hulle politieke en sosiale tuiste was sodat sy

4. Cape Argus, 28.2.1900: Hoofartikel.

invloed gevolglik op feitlik alle terreine van die lewe merkbaar was. Om daardie rede het die predikante groot invloed gehad "on the hearts and brains and consciences of the Dutch people," veral ten opsigte van dié wat verweg van die stede gewoon het en waar die woord van die predikant feitlik wet was.[5] Gevolglik kon die predikante nie daarvan ontsnap om hulle teen wil en dank ook in die politieke arena te bevind nie, hoewel hulle te kenne gegee het dat hulle eintlik daarbuite gestaan het.[6] In werklikheid het hulle in so 'n mate politiek bedryf dat hulle daarvan beskuldig gestaan het dat hulle preekstoele tydens die verkiesing van 1898 niks anders as verkiesingsverhoë was nie; "we are not exaggerating when we say that on the whole the predikants are keener politicians than the majority of the members of Parliament, and they are certainly more bigoted and fanatical in their views than all save the extreme section of the Afrikander party in the Assembly."[7]

5. Cape Argus, 13.4.1900: Brief van "A South African."

6. Vgl. die manifes wat deur die Moderatuur en professore van die N.G. Kerk uitgegee is om te protesteer teen wanvoorstellings wat daarop gemik was om die bitterheid tussen die twee Blanke rassegroepe te vergroot. In die manifes is o.a. gesê dat die Kerk alles in sy vermoë gedoen het om die oorlog af te weer en is 'n ontleding gegee van wanvoorstellings met betrekking tot onder andere die Kerk se houding teenoor beskuldigings van sameswering om die Britse oppergesag omver te werp, "slawerny in Transvaal", oorsake van die Groot Trek, en sending onder die Bantoe. Die teks van die manifes is te vind in Cd. 261, pp.31-44. Die stuk is nie gedateer nie maar is op 28.2.1900 deur Milner na die Koloniale Kantoor in Londen gestuur.

7. Cape Argus, 28.2.1900: Hoofartikel.

Omdat hulle nie anders kon nie en omdat hulle gemeentelede dit trouens van hulle verwag het moes die predikante ook wat die oorlog betref leiding gee. Hulle was dus verplig om kant te kies en die meeste van hulle het hulle simpatie openlik met die Republieke te kenne gegee. Hieroor is hulle erg kwalik geneem omdat dit as geleerde, Christelike manne hulle heilige plig was om eerder gehoorsaamheid aan hulle wettige owerheid by hulle mense in te skerp. In plaas daarvan het hulle skadelike en onmoontlike aspirasies aangemoedig, "and played weaklessly and without scruple upon the prejudices of an ignorant and isolated veld-bred people."[8]

Die kritiek teen die predikante het reeds voor die uitbreek van die oorlog 'n aanvang geneem toe onder andere beweer is dat die "hardkoppigheid" van die Z.A.R. om nie voor die druk van toegewings te swig nie aan die morele ondersteuning en simpatie van die Kaaplanders en die predikante toe te skryf was. In hierdie verband sou ds. W.A. Joubert van Noorder-Paarl by geleentheid openlik verklaar het dat Kruger reeds genoeg toegegee het en nie verdere toegewings hoef te maak nie.[9]

Beskuldigings in hierdie voege is aan die adres van verskeie predikante gerig. So is ds. M.D. Daneel van Calvinia daarvan beskuldig dat sy preke en gebede swanger was met sedisie. By een geleentheid sou hy in 'n preek verklaar het dat dit sy

8. Ibid.

9. De Graaff-Reinetter, 31.8.1899: Brief van "Recht en Geregtigheid."

begeerte was dat God die bloeddorstigheid van die Goewerneur van hulle moes afwend en dat die oorlog veroorsaak is deur die gierigheid van Engeland vanweë sy begeerte om die Transvaalse goudvelde te besit. Sulke uitlatings was nie daarop bereken om 'n lojaliteitsgevoel by onkundiges aan te moedig en te verskerp nie.[10]

Ds. A.G. du Toit van Prins Albert is deur 'n luistervink as een van die mees dislojale predikante bestempel omdat hy opnelik, hetsy van die preekstoel of in die daaglikse wandel die boikot van Engelsgesindes voorgestaan het. Hy het byvoorbeeld te kenne gegee dat geen "goeie" gemeentelid van hom by winkels, waar die Britse vlag wapper, behoort te koop nie omdat hierdie vlag vir hom die simbool was van die ondergang van die Afrikanernasie.[11]

'n Preek wat ds. D.H. Cilliers van Aberdeen op 2 Desember 1900 gelewer het, het eweneens sy pad na die Kaapse owerheid gevind by wyse van 'n rapport van 'n luistervink, F. Levy, wat die diens bygewoon het. Ds. Cilliers het uit die boek Ester gepreek en sy preek onder andere op die oorlog toegepas deur te sê dat Hamman 'n galg gebou het vir sy aardsvyand Mordegai maar dat, as gevolg van vertoë van Hamman se riggie, die galg vir Hamman self gebruik is. Die Dominee het verklaar dat Hamman die Engelse en Mordegai die Boere verteenwoordig en dat die Engelse dus hulle einde aan die galg sou vind; met ander woorde dat die oorwinning aan die Boere gegee sou word. Hy het sy gehoor

10. C.O. 48/545: Charles Dull, Calvinia - J. Fiddes, Cape Town, 5.2.1900 (F.K. 767, p. 587).

11. C.O. 48/547: P. Knocker, Cape Town - J. Douglas Foster, Cape Town, 8.6.1900 (F.K. 775, p. 59).

aangemoedig om te volhard met agitasies sodat hulle Transvaalse broers die oorwinning mag smaak. Aan die einde van die preek het hy voorbidding vir generaal De Wet en sy manne gedoen en in die gebed die hoop uitgespreek dat hulle sterk en suksesvol mag wees in al hulle ondernemings. Ook het hy 'n beroep op die gemeente gedoen om mildelik tot noodleningsfondse ten behoewe van die Republieke by te dra. Tydens die aanddiens het ds. Cilliers sy preek en oproepe herhaal.[12]

'n Ander predikant wat nie doekies om sy gevoelens gedraai het nie, was ds. J.D. Krige van Caledon. Hy sou hom by geleentheid op die preekstoel so sterk uitgelaat het oor oorlogsbedrywighede wat in die Westelike Provinsie verwag kon word dat verskeie dogters van die Bloemhof-Seminarie op Stellenbosch besluit het om dadelik na hulle ouerhuise terug te keer.[13]

Ds. W.P. de Villiers van Carnarvon is eweneens daarvan beskuldig dat hy verantwoordelik was vir die opwekking van 'n anti-Britse gevoel in daardie distrik. Die optrede van ds. De Villiers was so erg dat die plaaslike militêre bevelvoerder dit sy plig geag het om die Dominee te waarsku dat hy gevaar geloop het om uit die distrik verwyder te word indien hy nie sy aanmoediging tot dislojaliteit sou staak nie.[14]

12. C.O. 48/548: Rapport van F. Levy, Aberdeen, 5.12.1900 (F.K. 784, p. 928).

13. C.O. 48/548: J.T. Morrison, Stellenbosch - Milner, 2.12.1900 (F.K. 784, p. 817).

14. C.O. 48/551: Sir C. Parsons, Carnarvon - Milner, 2.1.1901.

Uit Alexandria het die klagte gekom dat die gemeenskap in daardie kontrei uiters dislojaal was en dat groot blaam vir dié verskynsel op die plaaslike N.G. predikant, ds. H.C. de Wet, gewerp moes word. Hy het tewens die gebruiklike gebed vir die welsyn van die Koningin opgeskort en omdat hy gereeld met ds. W.P. Rosseau van Pietermaritzburg gekorrespondeer het, is hy daarvan beskuldig dat hy 'n aandeel gehad het aan die onware gerugte omtrent Britse terugslae in Natal wat vryelik daar die rondte gedoen het.[15]

Meer in die algemeen is die predikante daarvan beskuldig dat hulle oorwegend sou gedink het dat Engeland verkeerd was en dat die Republieke die reg aan hulle kant gehad het. Hulle sou ook net die hand van God in die koms van hulle eie voorvaders en van die Franse Hugenote gesien het en nie ook in die geval van die koms van die Britte en die Britse Setlaars nie. Daarby sou die predikante hulle oë gesluit het vir die ongeregtigheid en korrupsie wat in Transvaal hoogty gevier het om nie eens van dronkenskap, ontug en omkopery te praat nie. Daar is dus 'n beroep op die predikante gedoen om ook vir die Britte 'n aandeel in Suid-Afrika te gun en om mee te help om die twee Blanke rassegroepe te laat saamsmelt tot een sterk volk.[16] Mens sou seker kan aanvaar dat hier nie 'n Afrikaanse volk bedoel is nie.

15. C.O. 48/545: Magistrate, Alexandria - Secretary Law Department, 18.12.1899 (F.K. 764, p. 25).

16. Midland News, 3.5.1901: Hoofartikel.

Ook in die Kaapse Parlement is die N.G. Kerk daarvan beskuldig dat sy predikante nie hulle rol as vredemakers nagekom het nie. Daar is gesê dat die Afrikanerbond verantwoordelik gehou moes word vir die probleme wat in die land ondervind is en dat die Kerk nie opgetree het om rebellie te keer of iets gedoen het om 'n goeie verhouding tussen die twee seksies van die Kaapse bevolking te bewerkstellig nie.[17]

Daar was dus 'n algemene gevoel by hoofsaaklik die lojale seksie van die bevolking gaande dat die Afrikaanse predikante te blameer was vir die onrus wat in Kaapland geheers het. In plaas daarvan dat die predikante 'n demper geplaas het op die gevoel van simpatie van die Kaaplanders met die Republieke het hulle dit verder aangeblaas.[18] Inderdaad is die predikante as niks anders as politieke agente beskou nie wat van die Kerk vir politieke doeleindes misbruik gemaak het.[19] Ten einde hulle monde te snoer is selfs voorgestel dat lisensies om te mag preek van staatsweë aan predikante uitgereik moes word, net soos in die geval van professies soos die van 'n prokureur of 'n afslaer. Op dié wyse sou die lojaliteit van die predikante dan verseker word deur dit net uit te reik aan diegene wat bo alle twyfel lojaalgesind was teenoor Brittanje. Desnoods moes sulke predikante eers 'n eed van getrouheid aflê voordat

17. Cape Hansard, 17.8.1900, kol. 243: Toespraak van T.J. Anderson.

18. C.O. 48/548: Magistrate, George - Secretary Law Department, 28.11.1899 (F.K. 783, p. 644).

19. Ibid., 19.12.1899 (F.K. 784, p. 834).

lisensies aan hulle uitgereik sou word.[20] Gelukkig het die owerheid hom egter nie hieraan gesteur nie want mens kan jou voorstel dat so 'n praktyk nog verdere ontevredenheid en spanning onder die Kaaplandse Afrikaners sou geskep het.

Aan die ander kant moet dit egter nie uit die oog verloor word dat nie al die predikante dislojaal was nie. Daar was 'n hele paar van hulle wat 'n "oop gemoed" oor die oorlog gehad het maar wat nie altyd die vrymoedigheid gehad het om hulle menings openlik uit te spreek nie uit vrees dat hulle deur hulle medebroeders as dislojaal teenoor die Kerk bestempel kon word.[21]

Een van die predikante wat so 'n "oop gemoed" oor die oorlog gehad het en wat sy mening nie weggesteek het nie, was ongetwyfeld ds. J.F. Botha van Richmond. In 'n lang brief wat hy vanaf die konsentrasiekamp te Vredefort geskryf het terwyl hy op besoek aan die Republieke was, het hy sy hart aan die Magistraat van Richmond, die heer G.J. Boyes, uitgestort.[22]

Hy het verklaar dat hy oor alle moontlike maniere gedink het waarop die huidige afkeurenswaardige situasie onder die aandag van sy mense gebring kon word. Omdat dit nie sou help om aan die koerante te skryf nie, het hy besluit om aan die Magistraat te skryf en hy het hom versoek om dié brief aan al die invloedryke lidmate van sy gemeente voor te lees, en in besonder

20. C.O. 48/547: P. Knocker - J. Douglas Foster, Cape Town, 8.6.1900 (F.K. 775, p. 59). Die magistraat van George het 'n soortgelyke mening gehuldig: C.O. 48/548: Magistrate, George - Secretary Law Department, 19.12.1900 (F.K.784, p.834).

21. Vgl. Cape Argus, 13.4.1900: Brief van "A South African."

22. Die teks van die brief d.d. 10.8.1901 is o.a. te vind in Cd. 903, pp. 77-79.

aan M. van der Merwe, R.P. Botha, H. van Zyl, D.J. van Niekerk, W.P. van der Merwe, Stoffel Visser, J.H. Viljoen en andere.

Aan hierdie mense wou hy graag die absolute valse beskouing wat in Kaapland met betrekking tot die oorlog geheers het tuisbring. Niemand kon meer langer op die draad sit nie en hy het hom bereid verklaar om alles in sy vermoë te doen om te verseker dat die Afrikaners aan die Britse kant van die draad afklim. Hulle almal is daarvan bewus dat sy simpatie by die Boere was en dat hy daarom goeie gronde het waarom hy van siening verander het.

Ds. Botha het vier redes vir sy standpunt verstrek. In die eerste plek is die Boere nie meer die simpatie van die Kaapse Afrikaners waardig nie as gevolg van die onware stories waarmee hulle die Kaaplanders probeer mislei het in hulle pogings om rebelle-rekrute te werf.[23] In die tweede plek sou niks behalwe 'n wonderwerk van God kon keer dat die Republieke hulle onafhanklikheid sou verloor nie. So 'n gebeurlikheid moes as 'n beskikking van God aanvaar word. Derdens het ds. Botha gevind dat die gruwelike verhale van mishandeling en lyding in konsentrasiekampe, wat invallende Boerekommando's aan die Kaaplanders opgedis het in hulle

23. Vgl. pp.14[illegible]-[illegible]54 waar hierdie aspek breedvoerig behandel is.

pogings om rekrute te werf, nie waar was nie maar dat die inwoners van die kampe inteendeel oor die algemeen tevrede was: "I have seen through things, and any conclusion is that these camps were not only absolutely necessary but a real kindness,"[24] en wel tot so 'n mate dat as vrede onmiddellik verklaar en die inwoners uit die kampe vrygelaat sou word, sou honderde van hulle 'n hongerdood sterf.[25] In die vierde plek het ds. Botha op sy reis gevind dat die Britte baie goedhartig was. Hy het met baie senior offisiere, ook dié in bevel van sommige van die konsentrasiekampe in aanraking gekom, "and all displayed not only genuine interest in the people, but an evident desire to smooth over all ill-feelings and to let bygones be bygones." Hy het trouens nêrens 'n woord van verwyt gehoor nie en hy was nooit so hoopvol vir die toekoms as juis toe nie en sy enigste begeerte was om die werklike toedrag van sake onder die aandag van die Kaaplanders te bring. Dit was sy vurige wens dat almal na hom en ander wat oor die waarheid beskik sou luister en hy het uit die diepte van sy hart 'n beroep op alle vegtendes gedoen om alle weerstand te staak, want "we are safe in the hands of the English."

Ds. Botha het sy brief afgesluit deur te verklaar dat hy sy getuienis gelewer het afgesien daarvan of hy 'n stem roepende in die woestyn mag wees. Hy was net spyt dat hy die Vrystaat

24. In die Nederlandse weergawe van die brief staan daar dat die kampe nie net nodig was nie, "maar waarlik liefderijk"; vgl. o.a. Midland News, 7.10.1901.

25. Met hierdie rooskleurige beskouing oor die konsentrasiekampe stem gesaghebbendes nie saam nie; vgl. bv. J.C. Otto: Die Konsentrasiekampe, pp. 169-171.

nie reeds ses maande vroeër besoek het nie omdat hy ontnugter is deur alles wat hy waargeneem het.

Begryplikerwys het die Magistraat dié brief as van soveel belang geag dat hy dit so spoedig moontlik aan die Regsdepartement in Kaapstad gestuur het met die versoek dat die Regering dit oorweeg om tweehonderd afskrifte daarvan onder ds. Botha se gemeentelede te versprei. Of dit gedoen is, is nie bekend nie, maar die brief is in feitlik al die Kaapse koerante en eventueel ook in 'n Britse Bloubook gepubliseer om soveel publisiteit as moontlik daaraan te verleen.[26]

Die houding van ds. Botha is van harte deur die lojaliste toegejuig as synde in ooreenstemming te wees met die harde feite van die werklikheid en daar is geglo dat die Dominee die gevoelens van die meerderheid Afrikaners vertolk het.[27]

Die brief van ds. Botha het hom egter by sy mede-predikante en gemeentelede in die warm water laat beland. Hy het gevind dat hy homself so ongewild gemaak het dat hy na die oorlog verplig was om die brief te repudieer en sy leedwese uit te spreek dat hy die brief ooit geskryf het. Hy het bely dat hy in 'n ondeurdagte oomblik gefouteer het en dat hy met dié brief sy mede-Afrikaners met wie hy nog steeds die grootste simpatie gehad het, veel smart veroorsaak het. Hy was ook spyt oor

26. Cd. 903, p. 77: Magistrate, Richmond - Secretary Law Department, 20.8.1901.

27. Cape Times, 28.9.1901: Hoofartikel.

die wyse waarop van die brief in die pers en elders gebruik gemaak is waardeur sy mede-predikante onder verdenking gebring is, maar hy was, nadat die brief uit sy hande was, magteloos om dit te voorkom. Die gedane sake kon hy ongelukkig nie meer ongedaan maak nie maar hy het om vergiffenis gesmeek en die hoop uitgespreek dat hy die geskokte vertroue van sy mede-Christene en van sy mede-Afrikaners en -geloofsgenote sou herwin.[28]

Terwyl ds. Botha in die Noorde was, het ds. C. Murray van Graaff-Reinet by hom aangesluit met die doel om met pres. Steyn en genl. De Wet onderhoude te voer in 'n poging om 'n einde aan die oorlog te maak. Die twee predikante het daarin geslaag om die President in die omgewing van Lindley te ontmoet, waar hulle aan hom die versoek oorgedra het om nie toe te laat dat die Kaaplanders verder geruïneer word nie omdat juis die teenwoordigheid van die burgers in Kaapland vir die proklamasie van krygswet en die ontberinge wat daaruit voortgespruit het, verantwoordelik was. In sy antwoord het president Steyn daarop gewys dat die invalle in Kaapland noodsaaklik was om die Engelse troepe te dwing om oor so 'n groot moontlike area te versprei en om hulle besig te hou. Aan die terugtrekking van kommando's uit Kaapland kon nie gedink word nie behalwe as op die grondslag van die onafhanklikheid van die twee Republieke en die verlening van amnestie aan die Kaapse Rebelle.

28. De Kerkbode, 9.10.1902: Brief van ds. J.F. Botha aan die redakteur, 5.9.1902.

Op 'n vraag of dit reg was dat die Kaaplandse Afrikaners wat op die beste voet met die Vrystaat verkeer het en ten behoewe van wie hulle groot somme geld gekollekteer het om noodlydendes te help, geruïneer word terwyl die onafhanklikheid van die Vrystaat nie meer gered kon word nie, was die President se antwoord dat die Kaaplanders die hef in die hand het. Hulle kon hulle na die Engelse Regering wend met die versoek dat die Britse troepe uit die land onttrek word. Geluk dít nie, kon die Afrikaners as een man opstaan en by die Vrystaat aansluit. Dan sou Engeland verplig wees om Suid-Afrika te ontruim en sou die moeilikhede opgelos wees. Hiermee is die onderhoud beëindig en Steyn het aan die predikante 'n gids gegee om hulle na generaal De Wet te neem.[29]

Die ontmoeting met generaal De Wet wat op die plaas van Barend Wessels plaasgevind het, het ewe vrugteloos verloop. In sy antwoord op die versoek van die predikante dat die Kaaplandse Afrikaners nie verder in die stryd betrek moes word nie, het generaal De Wet verklaar dat hulle hulle liewers by hulle preekstoele moes bepaal. Inteendeel, in plaas van om die Boerekommando's uit Kaapland terug te trek, het hy beplan om nog meer kommando's daarheen te stuur en indien dit die Britte sou geluk om die Vrystaat van alle voedselvoorrade ontdaan te maak, sou hy nie huiwer nie om al sy kommando's na Kaapland te stuur "om aldaar een bestaan te zoeken."[30]

29. Cape Times, 18.9.1901; Het Zuid-Westen, 14.10.1901: Nuusberigte.

30. Cape Times, 18.9.1901; Het Zuid-Westen, 14.10.1901: Nuusberigte. Die aanhaling is afkomstig uit Het Zuid-Westen, 14.10.1901.

Op 'n vraag of dit dan reg was om die Kaaplandse Afrikaner te ruïneer omdat die Vrystaat geruïneer is, het die Generaal dit baie duidelik gestel dat as die twee Republieke moes ondergaan en hulle onafhanklikheid verloor, hy geen rede gesien het waarom die Kaaplandse Afrikaners nie saam met hulle kon ondergaan nie.[31]

Dit is baie duidelik dat Steyn en De Wet nie veel geduld met die twee predikante gehad het nie en dat hulle houding nie veel troos ingehou het vir daardie Kaaplandse Afrikaners wat die handdoek wou ingooi nie. Laasgenoemde het moontlik nie altyd besef dat daar vir die Republieke veel meer op die spel was nie, naamlik die behoud van hulle onafhanklikheid al het dit reeds na 'n verlore saak gelyk.

Na die mislukte onderhoude het die weë van die twee predikante geskei; ds. Botha het na die Vredefortkonsentrasiekamp gegaan en ds. Murray na Pretoria om Kitchener te spreek, waar hy hom van hulle mislukte onderhoud meegedeel het.[32]

Behalwe di. Botha en Murray was daar ook nog ander predikante wat sogenaamd lojaalgesind was. In hierdie kategorie was gereken ds. S.P. Naudé van Queenstown en wel in so 'n mate dat die Eerste Minister by die uitbreek van die oorlog nie gehuiwer het om hom te vra om sy invloed te gebruik om gemoedere te kalmeer nie; "I know you will do your best."[33] Op sy beurt

31. Het Zuid-Westen, 14.10.1901: Nuusberig.
32. Ibid.
33. C.C. 48/543: Telegram, W.P. Schreiner - ds. S.P. Naudé, Queenstown, 19.10.1899 (F.K. 753, p. 65).

het ds. Naudé die Premier verseker dat hy op hom kon staatmaak om aan die versoek te voldoen. Hy was daarvan oortuig dat die Afrikaners in daardie geweste lojaal sou bly, maar met die moontlikheid dat van hulle as gevolg van wantroue en agterdog wat elders ten opsigte van die Afrikaners bestaan en uitgespreek is, negatief beïnvloed mag word, moes rekening gehou word.[34]

Ds. Naudé het weens sy lojale houding hoë agting van die Engelse gemeenskap van Queenstown, waar hy meer as veertig jaar lank predikant was, geniet. Vanaf die preekstoel en in privaat gesprekke met sy gemeentelede, het hy hulle dit op die hart gedruk om steeds lojaal te bly. As gevolg hiervan het verskeie invloedryke lede van sy gemeente wat nie sy siening gedeel het nie, geweier om langer sy eredienste by te woon. Op die lang duur het sy advies egter die deurslag gegee en, hoewel hulle lojaliteit as negatief bestempel is, het die Afrikaners van Queenstown as gevolg van die invloed van ds. Naudé nie aktief aan die rebellie deelgeneem nie. 'n Ander uitvloeisel van hierdie houding was dat, terwyl distrikte soos Tarka, Cradock en Burgersdorp geruïneer is, die distrik van Queenstown gefloreer het en die boere daar voorspoedig was. In een van sy preke aan die begin van die oorlog het ds. Naudé gesê: "Ek weet u simpatie is met u broers in Transvaal en die Vrystaat, maar u is onderdane van die Koningin. As die

34. C.O. 48/543: Telegram, ds. S.P. Naudé, Queenstown - W.P. Schreiner, 20.10.1899 (F.K. 753, p. 67).

Koningin vandag op die preekstoel moes staan, en u van aangesig tot aangesig ontmoet en vir u vra: Wat wil u hê? Het ek nie aan u alle vryheid geskonk wat selfs die mees bevoorregte van my onderdane geniet nie? Kies u nie u eie parlementslede nie? Is dit nie die Afrikanerbond wat die land regeer nie? Wat sal u antwoord wees? Indien die Republikeinse magte een voet Koloniale grond annekseer is u plig duidelik. U moet lojaal bly."[35]

Die Afrikanergemeenskap van Queenstown het dwarsdeur die oorlog, danksy die bemoeienis van ds. Naudé, hulle daarvan weerhou om openlik tot die stryd toe te tree. So lojaalgesind was die gemeenskap dat die Kerkraad van die N.G. Kerk onder leiding van ds. Naudé 'n adres van lojaliteit aan die Goewerneur aangebied het toe hy daardie dorp op 31 Januarie 1902 besoek het. Daarin is onder andere verklaar dat die gemeente nog steeds getrou aan die Kroon gebly het, "and many of us have on more than one occasion been called upon active service against the enemies of the country, and have readily given such services." Voorts is verklaar dat dit hulle voorreg was om op goeie voet en in vriendskap met hulle Engelse bure te woon. Die hoop is uitgespreek dat die rebellie spoedig tot 'n einde sou kom en dat vrede weer in Suid-Afrika herstel sou word, "in furtherance of which we beg to assure Your Excellency that we shall at all times be ready to give every assistance." Ten besluite is groot blydskap oor die aanwesigheid van Sy Eksellensie uitgespreek,

35. Cape Argus, 4.9.1901: Nuusberig; vertaling deur skrywer hiervan om die gees van die preek weer te gee aangesien die Dominee bepaald nie hierdie woorde in Engels sou gebesig het nie.

"believing as we do, such visits by our rulers cannot but have a most beneficial effect in promoting harmony, union and confidence."[36]

Hierdie betoning van lojaliteit deur die Kerkraad van ds. Naudé is natuurlik in die Engelse pers toegejuig en dit is bestempel as "one of the most interesting episodes of the Governor's tour", omdat dit nie net aangetoon het dat daar 'n tendens is dat die Afrikaners in die onvermydelike berus nie, maar dit is ook 'n "instance of the good work which it lies in the power of a minister of the Dutch Reformed Church to accomplish, for it is generally recognised here that Mr. Naudé's restraining influence and his exhortations to his own people to be loyal to the throne have worked incalculable good in this district."[37]

'n Ander predikant wat goeie werk gedoen het "in the cause of peace" en wat getrag het om 'n demper op oplaaiende gevoelens te plaas, was ds. R.J. van Niekerk van Prieska,[38] terwyl ds. G.P. van der Merwe na die vredesluiting namens die inwoners van Barrydale die Kaapse Regering van hulle trou en lojaliteit verseker en terselfdertyd die gelukwense van die gemeenskap met sy aanstaande kroning en met die suksesvolle

36. Cape Times, 1.2.1902: Nuusberig.

37. Cape Times, 3.2.1902: Hoofartikel.

38. C.O. 48/545: Magistrate, Prieska - Secretary Law Department, 8.1.1900 (F.K. 765, p. 304).

afloop van die oorlog aan die Koning oorgedra het: "It is our fervent prayer that the Divine Ruler of the universe may spare and guide His Majesty to rule over a powerful and united Empire for many years to come."[39]

Afgesien van ds. Botha van Richmond, het ds. J.W. Vlok van Piketberg ook in die moeilikheid beland as gevolg van die uitlewing van sy lojaliteit tydens die oorlog. Die wêreld het vir hom so warm geword dat hy verplig was om by die Goewerneur om beskerming aan te klop. In sy pleidooi het ds. Vlok verklaar dat, as gevolg van sy gesindheid en optrede as 'n Britse onderdaan, sy posisie in die Kerk en die gemeente waaraan hy reeds vir meer as twintig jaar verbonde was, onuithoudbaar geword het. Die verhouding tussen hom en sy gemeente het so gespanne geraak dat hy hom verplig gevoel het om sy verbintenis met haar te verbreek. Hy meld dat 'n afvaardiging van invloedryke persone hom genader het om te bedank omdat daar nie 'n ander wyse was waarop vrede en harmonie in die gemeente herstel kon word nie. Hoewel hulle erken het dat daar geen klag teen hom ingebring kon word op grond van sy karakter, dogma of werk nie, is ook nie reguit aan hom gesê nie dat die gevoel teen hom veroorsaak is deur sy houding gedurende die oorlog.

Ds. Vlok het die Goewerneur versoek om sy geval aan die Imperiale Regering voor te lê "that I may receive such compensation to which I consider myself justly entitled for the loss of office, salary and position and for the insults

39. C.O. 48/562: Ds. G.P. van der Merwe - Colonial Secretary, Cape Town, 16.6.1902 (F.K. 856, p. 467).

and indignity to which I am subjected and under which I am deeply smarting."[40]

Die gevoelens wat ds. Vlok gekoester het en waaroor hy by sy gemeente in diskrediet gekom het, word duidelik weerspieël in die wyse waarop hy een van sy preke afgesluit het, naamlik:-

> "Die Here ken my gevoelens wanneer ek daaraan dink dat ek die geestelike leier is van 'n gemeente waarvan gesê word dat skaars een honderd lojaal is; wanneer ek daaraan dink dat ek aan 'n Kerk behoort waarvan nege-tiendes van die predikante as dislojaal beskou word - sommige wie gevonnis is terwyl ander as ongewenstes uit hulle distrikte weggestuur is; as ek daaraan dink dat ek aan 'n volk behoort wat vir 'n eeu die grootste vryheid geniet het wat onder enige vlag verwag kan word en wat sonder oorsaak in openlike rebellie teen sy vlag gekom het, dan is al wat ek kan sê: God wees hierdie arme gemeente genadig, God wees die Kerk en haar leiers genadig, God wees my mense genadig en vergewe ons wat teen U en ons Koning in opstand gekom het."[41]

Weens die besondere bande wat tussen die Kaaplandse Afrikaners en die inwoners van die Republieke bestaan het, is dit voor die hand liggend dat 'n stroom van gebede uit Kaapland vir hulle geteisterde bure uitgegaan het: "Onze broeders en zusters kunnen verzekerd zijn dat zij, in de hachelijke

40. Milner Papers, Vol. 50: Ds. J.W. Vlok - Hutchinson, 26.9.1902 (F.K. 1132, pp. 1085 - 1086). Uit die amptelike stukke blyk dit nie wat van ds. Vlok se versoek geword het nie.

41. Colesberg Advertiser, 28.3.1902: Nuusberig; vertaling deur skrywer hiervan. Vgl. opmerking by voetnoot 35 hierbo.

omstandighede waarin zij verkeeren, niet zullen vergeten worden voor den troon der genade."[42]

Die beskermende hand van God is nie net afgesmeek oor die Republikeine nie, maar daar is ook om positiewe resultate vir die Republieke gebid. So het prof. Hofmeyr bv. tydens 'n erediens op Stellenbosch in sy gebed onder andere gevra dat, as dit die wil van die Here is, die onafhanklikheid van die Republieke bewaar moes word,[43] terwyl ds. G.F. Marais op 10 Oktober 1900 tydens die sitting van die Ring van Swellendam gebid het "om Gods vertroosting en hulp voor den hoogbejaarde heer Paul Kruger die heden zijn 75ste verjaardag beleeften en zijne en onze stamverwanten die met hunne huisgezinnen wegens den oorlog zeer swaar lijden."[44]

Sulke gebede van predikante is egter deur die Engelsgesindes met argwaan bejeën. Dit is as aanmoediging aan die burgers voorgehou om die stryd voort te sit want die trant van die gebede was: "God is met julle, julle kan nie anders as om te oorwin nie." Ook is predikante van die grensdistrikte aangeval omdat hulle na bewering 'n neutrale houding ingeneem het en selfs sover gegaan het as om aansluiting by die geledere van die vyand nie as 'n groot sonde te beskou nie.[45]

42. De Kerkbode, 12.10.1899: Hoofartikel.
43. Ons Land, 15.3.1900: Nuusberig.
44. R19/1, p. 209: Notule van die Ring van Swellendam, 10.10.1900.
45. Colesberg Advertiser, 12.10.1900: Hoofartikel.

Voor die uitbreek van die oorlog is 'n dag van verootmoediging deur die Moderamen van die N.G. Kerk uitgeroep en het gebede om die behoud van die vrede oor die ganse Kaapland opgegaan.[46] In die midde van die oorlog is weer weens 'n dag van verootmoediging bepaal vir die laaste Sondag van 1900, 30 Desember. In die oproep is daarop nadruk gelê dat die oorlog reeds veertien maande aan die gang was en dat dit al baie slagoffers geëis het. Vele landgenote is reeds tot die bedelstaf gebring terwyl die voormalige florerende Vrystaat in 'n woestyn omgeskep is. By dit alles is die land deur plae soos droogte, sprinkane en die bevolking deur allerlei krankhede geteister. Daarbenewens het die gevreesde pessiekte ook reeds sy verskyning gemaak en dit is dus paslik dat die inwoners hulle moes verootmoedig: "waarlijk des Heeren hand is uitgestrekt over ons land."

Om die gewenste resultate te bereik, moes dié dag nie in die eerste plek afgesonder word tot gebed om afwending van die plae nie, maar tot opwekking van 'n skuldgevoel. As voorwaarde vir gebedsverhoring moes daar dus 'n gees van verootmoediging en berou wees. Die eerste vraag op die lippe van die lidmate moes nie wees wat wil ek dat die Here aan my moet doen nie, maar wat wil Hy dat ek moet doen.[47]

Van belang is dit om ten slotte daarop te wys dat die omvang van die rebellie groot kommer by die Moderator van die N.G. Kerk gewek het. Omdat dit vanweë die oorlogsomstandighede nie meer vir

46. Vgl.pp.46-47 hierbo.

47. De Kerkbode, 13.12.1900: Oproep deur Moderatuur.

hom moontlik was om met individuele predikante en kerkrade in verbinding te kom nie, het hy by wyse van 'n spesiale oproep in De Kerkbode 'n ernstige beroep op lidmate gedoen om rebellie te laat vaar omdat dit vir hulle net ruïnering tot gevolg sou hê. Hulle moes hulself afvra wat die wil van God was. Volgens ds. Hofmeyr het die Woord van God duidelik gespreek dat gehoorsaamheid en lojaliteit aan die owerhede wat oor die onderdane gestel is betoon moes word. Hy het veral die aandag op die voorskrifte van Romeine 13: 1 en 2 gevestig:-

> "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang."

En van 1 Petrus 2; 13 - 17:-

> "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here - of dit die koning is as opperheer, of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen te prys
>
> Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring, as vrymense en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van God.
>
> Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer."

Hy het sy lesers opgeroep om hierdie verpligtinge getrou uit te voer en om hulle as lojale onderdane van die Britse Kroon te bewys ten einde veroordeling te voorkom. Laat daar gebid word vir die verligte gewete as 'n borswapen teen versoekings en as 'n waarskuwing teen foute. Laat almal soek na die wil van God en laat in besonder die jongmense van rebellie en sedisie weerhou word. Laat almal elke dag bid: "O God, skenk ons U lig en U waarheid en laat dié ons lei. Laat ons elke dag wandel in die lig wat van U troon afstraal."[48]

Dit is ietwat bevreemdend dat ds. Hofmeyr so lank gewag het voordat hy hierdie oproep die lig laat sien het; die oorlog was reeds bykans iets van die verlede toe hy dit gedoen het. In sy inleidende paragrawe het ds. Hofmeyr weliswaar beweer dat hy nie voorheen sy stem verhef het nie omdat hy volle vertroue in die individuele predikante en kerkrade gehad het om rebellie en sedisie te bekamp, maar die Kaapse bevelvoerder, generaal sir Henry H. Settle, het die kat uit die sak gelaat toe hy verklaar het dat na etlike onderhoude en uitgerekte korrespondensie, "the Reverend J. Hofmeyr, Minister of the Dutch Reformed Church, has been induced to publish an address in the Kerkbode..." Die Generaal het verklaar dat hoewel ds. Hofmeyr voorgegee het om lojaal te wees, het hy geaarsel om die lidmate van sy kerk skerp aan te spreek. Hy meen egter wel dat die skrywe 'n verandering van gesindheid

48. C.O. 48/561: Artikel dd. 14.3.1902 (F.K. 852, pp. 451-454); vertaling deur skrywer hiervan.

by die N.G. Kerk vertolk het.[49]

Wat ook al die ware toedrag van sake mag gewees het, bly die feit staan dat ds. Hofmeyr se oproep te laat gekom het om van veel betekenis te wees.

Wat die Gereformeerde Kerk betref was die kerklike lewe eweneens totaal ontwrig veral omdat die invallende Boeremagte juis die distrikte waar die Gereformeerdes hulle in hoofsaak bevind het vir die grootste deel van die oorlog in beroering gehou het, naamlik o.a. Burgersdorp, Colesberg, Aliwal-Noord, Dordrecht, Barkly-Oos, Middelburg en Venterstad. So erg was die ontwrigting dat die Algemene Vergadering wat op 1 Januarie 1899 te Steynsburg vergader het nie weer voor 13 September 1902 te Burgersdorp kon byeen kom nie.[50] As gevolg van die oorlogsomstandighede kon die Algemene Sinode eers in 1904 byeenkom.[51]

Afgesien daarvan dat meer as 2 000 Gereformeerde lidmate uit 'n totaal van ongeveer 23 800 gedurende die oorlog hulle lewe verloor het en dat verskeie kerkgeboue verniel en etlike predikante uit hulle distrikte verban of gevange geneem was,[52] was dit veral die Teologiese Skool te Burgersdorp wat deur diep waters gegaan het. Benewens die feit dat die Skool genoodsaak was om tydens die eerste Boere-inval vir 'n paar maande te sluit, het die studentetal van 30 na 5 verminder as gevolg van Republikeinse studente wat op kommando gegaan het. Daarby is prof. J. Lion-Chachet vir ses weke in die tronk aangehou op

49. C.O. 48/561: Sir Henry H. Settle - Governor, 2.6.1902 (F.K. 852, p. 450).
50. Vgl. J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959, p. 206.
51. Ibid.
52. Ibid., pp. 206 - 207.

aanklag van hoogverraad waarvan hy later vrygespreek is terwyl student W.J. de Klerk vir meer as ses maande uit die distrik verban is en drie van die studente, J. Venter, J. Maré en J. Kruger, op die slagveld omgekom het. Om sake verder te vererger kon die verskillende gemeentes vanweë die oorlog nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die Skool nakom nie met die gevolg dat die salarisse van die professore, nieteenstaande die feit dat hulle bereid was om dit met die helfte te laat verminder, nie uitbetaal kon word nie.[53] Tereg kon na die oorlog tydens die Sinode van 1904 verklaar word: "Ons Kerk is swaar geteister... smart op smart was ons deel."[54]

Die oorlog het ook op die terrein van die opvoeding sy merk in Kaapland gelaat.[55] In die distrikte waar aktiewe vyandelikhede aan die orde van die dag was moes skole periodiek gesluit het en het van die onderwysers selfs by die Boerekommando's aangesluit. Veral in die Noord-Westelike distrikte en dié wat naby die Vrystaat geleë is, was die skoolwerk wat verrig is minimaal.[56]

53. Ibid., pp. 207-209.

54. Ibid., p.206. Die aanhaling is so deur Jooste vertaal. Vir meer besonderhede i.v.m. die geskiedenis van die Teologiese Skool, vgl. Jooste: a.w., pp. 202-219; P.W. Bingle: Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, 1859-1959, pp. 113-137.

55. Dit moet beklemtoon word dat die gegewens uit die aard van die saak oor hierdie aangeleentheid baie skraal is en dat sekondêre bronne hieroor swyg. Waar daar egter 'n rokie is, is daar tog 'n vuurtjie en op grond van die skrale gegewens sou dit stellig geregverdig wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die toestande wat hier beskryf is ook elders in Kaapland moes gegeld het.

56. Cape Times, 13.3.1900: Hoofartikel.

'n Aanklag wat gedurende die tyd teen die onderwysers ingebring is, is dat hulle sedisie in die skole gepredik het. Hierdie "misdryf" het hulle glo met openlike aanmoediging van skoolkomitees, so erg beoefen dat slegs 'n verandering in die onderwysstelsel[57] daartoe kon bydra om te verseker dat toekomstige geslagte lojaal sou wees. So is daar onder andere gedink dat weinig respek vir gesag van 'n skool verwag kon word waar 'n onderwyser, sonder enige opmerkings, 'n opstel deurgelaat het waarin die volgende paragraaf voorgekom het:- "The people of Prince Albert are patriotic on the whole; there are a few English who fancy themselves loyal. Sir Alfred Milner visited the district in 1897 and received a hearty reception. If he came now during this unjust war he would get beans and no mistake."[58] Om hierdie sedisie te voorkom is 'n verandering bepleit in die wyse waarop skoolkomitees verkies word. Die

57. In verband met die onderwysstelsel wat in Kaapland in swang was, vgl. o.a. H.M. Dalebout: Sir Thomas Muir en die Onderwys in Kaapland gedurende sy bestuur as Superintendent-generaal van Onderwys 1892-1915; D.H. Cilliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, 1652-1932; P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland, 'n Historiese oorsig, 1652-1969; H.E. van Zijl: Die Reorganisasie van Kaapland se skoolstelsel; A.H. du Preez van Wyk: Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese.

58. C.O. 48/548: Magistrate, Prieska - Secretary Law Department, 17.12.1900 (F.K. 784, pp. 876-877).

oppergesag van die Engelse taal moes bo alle twyfel gestel en slegs persone wat absoluut in Engels onderlê was moes as onderwysers aangestel word omdat onderwysers wat onkundig is betreffende idiomatiese Engels onder meer verantwoordelik was vir die swak manier waarop kinders Engels geskryf en gepraat het. In baie plattelandse distrikte is advertensies vir skoolposte slegs in Ons Land gepubliseer wat daarop neerkom dat "no English need apply."[59]

Vir H. Lambert van die Koloniale Kantoor het hierdie situasie 'n baie onbevredigende toedrag van sake geopenbaar[60] terwyl 'n ander senior beampte, sir M. Ommaney hom met Lambert vereenselwig en na aanleiding van die opstel waarna hierbo verwys is, opgemerk: "I hope that if we catch this rebel schoolmaster, matters will be made unsatisfactory for him too." [61]

Oor hierdie beweerde sedisieuse optrede van onderwysers was die militêre owerheid baie verontrus en hulle het deur middel van hulle inligtingsbeamptes besonderhede probeer inwin in verband met skoolbedrywighede. Hulle was veral daaroor bekommerd dat die onderwysers die gemoedere van die jeug kon vergiftig om sodoende dislojaliteit te bestendig. Om daardie rede het hulle die rapporte van hulle luistervinke aan die siviele owerheid voorgelê en laasgenoemde se kommentaar daaromtrent gevra.[62]

59. Ibid.
60. C.O. 48/548: Opmerking van H. Lambert, 18.1.1901 (F.K. 784, p. 874).
61. C.O. 48/548: Opmerking van sir M. Ommaney, 7.2.1901 (F.K. 784, p. 874).
62. C.O. 48/558: Genl. sir H.E. Settle - Governor, 15.1.1902 (F.K. 836, p. 259).

Die Kaapse Regering het hom oor hierdie inmening in sy sake behoortlik vererg, veral omdat die Superintendent-generaal van Onderwys, dr. Thomas Muir, die rapporte as heeltemal ongeloofbaar en onbetroubaar bevind het.[63] Dit is dus nie verbasend nie dat hulle antwoord op die aantygings van die militêre owerheid nie in baie beleefde terme gegiet was nie. Die Kabinet het naamlik verklaar dat aangesien 'n groot deel van die bevolking "seething with disloyalty" was, was dit te verstaan dat sommige onderwysers dislojale gedagtes toegedaan sou wees en dat hulle dit in die geheim onder die leerlinge en ander persone sou versprei, "but it is out of the power of this or any Government to deal with a man's secret opinions." Indien hulle egter deur hulle optrede dislojaliteit aan die dag sou lê sou daar teen hulle opgetree word. Daarbenewens is die bekragtiging van die aanstellings van 'n onderwyser van die hand gewys as daar enigsins uit sy verlede sou blyk dat hy dislojaal of, om 'n ander rede, 'n ongewenste persoon as onderwyser mag wees.[64]

Met hierdie antwoord was die Goewerneur nie baie in sy skik nie. Ten spyte daarvan dat die bewerings van die inligtingsbeamptes as ongegrond bevind is, was hy nietemin oortuig dat dislojale gedagtes en rassevooroordeel in staatsondersteunde skole aangemoedig is en dat daar dus 'n saak voor uitgemaak sou kon word om die hele onderwysstelsel van Kaapland aan 'n

63. C.O. 48/559: Ministers - Governor, 14.3.1902
(F.K. 842, pp. 406-408).

64. Ibid.

deurtastende hersiening te onderwerp om sulke voorvalle in die toekoms uit te skakel.[65] Hy was trouens daarvan oortuig dat baie skole in die westelike dele van die Kolonie gebruik is om rassegevoelens aan te blaas en verraad te propageer. Hutchinson het dit egter besef dat hy nie sy suspisies maklik sou kon bewys nie omdat hy nie veel hulp van die Regering kon verwag nie. Daarbenewens was dr. Muir van oordeel dat sulke gerugte liewers geïgnoreer behoort te word. Sy enigste hoop om die verlangde bewyse van dislojale optrede in die hande te kry sou dus wees om van die dienste van die Inligtingsdepartement gebruik te maak maar omdat die inligtingsbeamptes oor die algemeen so onbevredigend en onbetroubaar was, het hy daaraan getwyfel of hy voldoende inligting sou kon inwin om die Kabinet in 'n hoek te dryf. Hy het derhalwe by Chamberlain daarop aangedring om hom te laat weet of hý ook die onderwysvraagstuk as van groot belang beskou het omdat dit nie veel sou help om druk op die Kaapse owerheid uit te oefen nie indien die Britse Regering nie bereid was om selfs die Kabinet te ontslaan in geval hulle sou weier om aan die onderwysprobleem aandag te gee nie. Die Goewerneur was van mening dat Sprigg 'n lafaard was wat sou ingee wanneer hy met ontslag gedreig word "as there would be no cry more popular than 'reform the schools' with the loyalists in South Africa." Hoewel daar nie sekerheid was dat Sprigg wel die knie sou buig nie, was

65. C.O. 48/559: Hutchinson - Chamberlain, 24.3.1902
(F.K. 842, pp. 387-390).

die Goewerneur bereid, "that if necessity arises, I shall present all this officially."[66]

Die amptenare van die Koloniale Kantoor het die saak as ernstig beskou omdat daar by hulle geen twyfel bestaan het dat die skole die sentrums was van dislojaliteit en rassehaat nie, maar onsteltenis is ook uitgespreek oor die feit dat, "the military proceed to support an obvious fact with an array of hopeless misstatements and inaccuracies accepted by them without investigation from their agents which are not only discreditable to their common sense but have succeeded in thoroughly putting up the backs of the only people who can effect much improvement in the matter - the Government and their Superintendent General of Education."[67]

Die Kaapse Ministers het nieteenstaande Hutchinson se bedenkinge op 12 Mei 1902 beloof om aandag te skenk aan die vraag of dit nodig was dat wetgewing aanvaar moes word om die politieke bedrywighede van onderwysers aan bande te lê. Toon teen die einde van die jaar was daar egter nog niks hieraan gedoen nie en is die bespreking van hierdie aangeleentheid een van die sake wat op Chamberlain se agenda geplaas is met die oog op sy besoek aan Suid-Afrika wat gedurende 1903 sou plaasvind.[68] Omdat die verdere verloop van hierdie saak buite die bestek

66. C.O. 48/559: Hutchinson - Lord Onslow (Colonial Office), 22.3.1902 (F.K. 842, pp. 487-491).

67. C.O. 48/559: Opmerking van H. Lambert, 2.5.1902 (F.K. 842, pp. 383-384).

68. C.O. 48/559: Memorandum van J. Graham, 28.11.1902 (F.K. 842, p. 395).

van hierdie werk val, word dié aangeleentheid daar gelaat.[69]

Dat die Goewerneur gronde vir sy vermoedens van dislojaliteit by skole gehad het is seker waar. So het ene, mej. Smith, 'n onderwyserers van 'n skool op die plaas Voorregsvlei in die distrik van Swellendam, 'n konsert gereël om fondse in te samel vir die noodlydende Boerevrouens en -kinders. In een van die tablo's het twee seuns as Skotse soldate in volle mondering opgetree en met hulle bajonette in die rigting van kinders wat as Boervroue en -kinders aangetrek was, gesteek. Na afloop van die konsert, wat £12 opgelewer het, is die Transvaalse Volkslied gesing. Hierdie optrede is aan die militêre owerheid gerapporteer omdat daarin duidelike tekens van dislojaliteit gesien is.[70]

Die gedrag van die skoliere en onderwysers te Stellenbosch was eweneens nie bo verdenking nie en daar is selfs beweer dat leuenagtigheid en verraad daar hoogty gevier het. Onder andere is daar vir die sukses van die Republieke gebid en die skoliere is by meer as een geleentheid glo oor die oorlog toegespreek oor sake "based on the infamous gospel of 'Ons Land.'". By die Bloemhof-skool vir meisies het selfs twee mans afkomstig van Transvaal en die Oranje-Vrystaat onderskeidelik die dogters toegespreek. Hierteen is ernstige beswaar ingebring en daarop is aangedring dat die doen en

69. In bestaande werke is ook hierdie verhaal nie volledig uitgepluis nie; vgl. Daleboudt: a.w., p.381 e.v.; Cilliers: a.w., p.251 e.v.; Du Preez van Wyk: a.w., p.163 e.v.; E.G. Pells: Three hundred years of Education in South Africa, p.65 e.v.; M.E. McKerron: A History of Education in South Africa,1682-1932, p. 33 e.v.

70. C.O. 48/548: J.S.G. Reinecke, Swellendam - Lieut. H. Smith, Staff Officer, Beaufort-West,7.12.1900 (EK. 784,p.903).

late van die skole ondersoek word. Verontwaardig kon daar dus gevra word: "Are these schools supported by grants of public money for educational purposes or for the dissemination of treason?"[71]

Ook uit Oos-Londen het daar klagtes gekom dat openbare fondse gebruik is om sedisie en verraad op skole te subsidieer. Veral het die plaasskole in daardie geweste gebuk gegaan onder onbevoegde en dislojale onderwysers, "whose only object in life appears to have been to do as much injury as possible to British interests."[72]

Dit is interessant om daarop te let dat nie net Afrikaanse skole van sedisie en verraad verdink is nie maar dat daar ook by die Duitse Skool, in die hart van Kaapstad, St. Martini, ernstige tekens van dislojaliteit was. Dit was 'n dislojaliteit wat alreeds voor die uitbreek van die oorlog sy kop daar uitgesteek het en wel tot so 'n mate dat die hoof, Ernest Hobden, verplig was om die kinders ernstig te waarsku dat hoewel hulle Duitssprekend is, hulle in 'n Engelse kolonie gewoon het en dus niks teen Brittanje mag sê nie.[73.]
Die vlieg in die salf by hierdie skool was die Duitse pastoor, eerwaarde Georg Wilhelm Wagener, en sy gesin. Die pastoor het 'n posisie van aansienlike invloed beklee omdat hy nie alleen voorsitter was van die skoolkomitee nie maar ook

71. Cape Times, 13.2.1900: Brief van "Loyal Parent."

72. C.O. 48/564: Magistrate, East London - Administrator of Martial Law, East London, 10.7.1902.

73. Vgl. H.C. 77: Verklaring van Ernest Hobden, 3.7.1902.

godsdiens en Duits gedoseer het. Ten spyte van sy invloedryke posisie het hy nie 'n vinger verroer om lojaliteit by die kinders in te skerp nie, wat eintlik verstaanbaar is omdat hy die Republieke baie simpatiekgesind was. Trouens een van sy broers het in hulle geledere geveg. Eerw. Wagener het na bewering dikwels opmerkings gemaak oor beweerde Britse wreedhede en hy is dit ook erg kwalik geneem omdat hy 'n ywerige leser van die South African News was.

Wagener het ook glo openlik vir die Afrikanersaak kant gekies deur 'n verbod te plaas op die onderrig van politiek in die skool. In 'n geskiedenisklas sou die betrokke onderwyser, ene Thorpe, gewys het op die onderdrukking van die Britte deur Transvaal. Hierdie weergawe van die geskiedenis het nie in die smaak van Wagener geval nie en hy het die hoof uitdruklik gesê dat politiek nie in die skool geleer mag word nie, waarop Hobden sou gesê het dat geskiedenis nie noodwendig politiek is nie. Kort na hierdie episode is Thorpe afgedank omdat sy dienste nie meer langer benodig was nie hoewel die hoof daarvan oortuig was dat Thorpe weens die uitlewing van sy lojaliteit die trekpas gekry het. Toe aansoeke later oorweeg is om 'n opvolger vir Thorpe aan te stel, het eerw. Wagener dié van 'n mnr. Du Toit uitgesoek en opgemerk: "We will take that man, he is a Dutchman." Hoewel Du Toit, na die mening van Hobden, nie die geskiktste applikant was nie, is hy tog aangestel.

Hobden het tydens sy verblyf aan dié skool ook moeilikheid ondervind met eerw. Wagener se seun, Wolfram. By een geleentheid, net na die anneksasie van die Vrystaat, het hy sy klas

opdrag gegee om 'n kaart van Afrika te teken en al die Britse besittings met rooi aan te dui. Toe die seun sy kaart inhandig, het Hobden gemerk dat Wolfram die Vrystaat nie as "Orange River Colony" nie maar as "Orange Free State" aangedui het. Op sy vraag of hy dan nie geweet het dat die Vrystaat geannekseer is nie, het Wolfram geantwoord dat sy vader aan hom gesê het om dié gebied nie met rooi aan te dui nie en dat dit nog die Oranje-Vrystaat was.

Dieselfde Wolfram het by 'n ander geleentheid by die skool opgedaag met die Transvaalse kleure aan sy hoed vasgewerk. Toe die ander kinders dit sien het hulle sy voorbeeld gevolg. Ook sy suster, Anne-Marie, het na die skool gekom met die Transvaalse kleure aan haar hoed. Hobden het daardie kinders bymekaar geroep en hulle opdrag gegee om dié kleure te verwyder. Almal behalwe Wolfram het aan die opdrag gehoor gegee, waarop Hobden dit met 'n skêr afgesny het. Toe Hobden dié voorval aan eerw. Wagener rapporteer, het laasgenoemde aan hom gesê dat as die kinders nie die Republikeinse kleure mag dra nie, hulle ook nie die Britse rooi, wit en blou mag dra nie. Hierop het Hobden verklaar dat dit heeltemal in orde is as kinders in 'n Britse kolonie Britse kleure vertoon. Later het Hobden vasgestel dat Wagener sy Duitse klas gevra het om nie Britse kleure te dra nie en dat hy hulle ook verbied het om met mekaar Engels te praat.

Wagener was ook daarvoor verantwoordelik dat die onderhoof, ene Caldwell, deur die skoolkomitee ontslaan is nadat die eerwaarde 'n klag van wangedrag teen hom aanhangig gemaak het omdat hy krasse menings omtrent Transvaal kwytgeraak het.

'n Ander geval van dislojaliteit aan dié skool het na vore gekom tydens die besoek van die Hertog en Hertogin van Cornwall en York. Op versoek van die Onderwysdepartement moes die Kaapse kinders die koninklike hooghede by die Goewerneurswoning toesing, maar die sangonderwyser, die heer Kuhn, het geweier om die kinders van die Duitse Skool iets pasliks vir dié geleentheid te leer. Hobden het hierdie weiering by Wagener in sy hoedanigheid as voorsitter van die Skoolkomitee aanhangig gemaak maar hy het hom nie daaraan gesteur nie. Hobden was toe verplig om self die kinders 'n paar liedere te leer maar elke keer het Wolfram Wagener die klas verlaat. Op die dag van die konsert het die gesinne Wagener, Kuhn en Grote, 'n ander onderwyser in Duits, 'n piekniek langs die strand gaan hou. Grote sou ook uiters Boeregesind gewees het en hy is daarvan beskuldig dat ook hy getrag het om die kinders te oorreed om nie die sangoefening by te woon nie.[74]

Dat die lojale seksie van die bevolking dus rede tot kommer gehad het oor wat op die skole aangegaan het, is dus ongetwyfeld waar. Dit is daarom nie bevreemdend nie dat hulle daarvoor

74. Ibid.

gepleit het dat alle pogings in die werk gestel moes word om lojale onderwysers aan te stel "who would teach the children to fear God and honour the King." Om die doelstelling te bereik is tewens ook daarvoor gepleit dat voordat die Onderwys-departement 'n aanstelling bekragtig hy eers deur middel van die plaaslike Magistraat en Inspekteur absoluut seker daarvan maak dat die betrokke onderwyser algeheel bevoeg en van onbe-sproke lojaliteit is.[75]

In hierdie gees is dit dan ook nie vreemd nie dat 'n proses van feitlik totale anglisering bepleit is dat geen onderrig deur medium van Hollands verder geduld moes word nie. Ook is gevra dat die sogenaamde anti-Britse geskiedenis uit die skole geweer moes word terwyl Hollands net as 'n ekstra vak en nie as deel van die leerplan gedoseer moes word nie. Die tyd wat verspil is om die kinders Hollands te leer moes liewer aangewend word om hulle die grootheid en belangrikheid van Engeland te leer. Die kinders moes onder die indruk gebring word van hoe Engeland tot daardie status gegroei het en hoe hy sy besittings vermeerder het. Eers dan sou hulle die voordele begryp om aan so 'n magtige Ryk te behoort. In plaas hiervan is die geskiedenis net tot 1688 in openbare skole aangebied. Hierdie toedrag van sake is "utterly wrong" omdat kennis van die groot oorloë en veldslae waaruit Engeland as oorwinnaar getree het alleen tot voodeel van die kinders sou strek "and (would) prove by contrast, how

75. Vgl. C.O. 48/564: Magistrate, East London - Administrator of Martial Law, 10.7.1902. (F.K. 863, p. 339).

humane we English are to our defeated foe." Ook is daarvoor gepleit dat minstens die helfte van die personeel van elke skool Engels moes wees omdat so 'n verdeling "would be worth half an army in putting down sedition."[76]

In Jingo-kringe is hierdie siening van harte verwelkom. Die mening is selfs uitgespreek dat omdat geskiedenis op 'n eensydige wyse in die "anti-Britse" skole aangebied is, dit geen wonder was dat sedisie daar hoogty gevier het nie en dat die kinders inderdaad geleer is om met minagting op die Engelse neer te sien.[77]

Hoeseer die lojaliste gemeen het dat die skole 'n broeiplek van sedisie was, het die angliseringsproses aan die vooraand van die oorlog egter alreeds sover gevorder dat die redakteur van Ons Tijdschrift, amptelike orgaan van die Taalbond, verplig was om te verklaar dat as die Afrikaners maar besef het op hoe 'n wyse hulle seuns en dogters in skole in en om Kaapstad verengels het, sou hulle eerder verkies het dat hulle hulle kinders na Pretoria of na die Grey Kollege in Bloemfontein gestuur het.[78]

Dit blyk dus dat die Kaaplandse Afrikaner op beide die gebied van die Kerk en van die skool ernstige beskuldiginge van verraad, sedisie en aanmoediging tot verset en rebellie moes

76. Cape Times, 2.5.1901: Brief van "Britisher".
77. Ibid.: Hoofartikel, 2.5.1901.
78. Cape Times, 3.10.1899: Hoofartikel, oorgeneem uit die September-uitgawe van Ons Tijdschrift. In verband met verengelsingproses vgl. o.a. J. du P. Scholtz: a.w., en E.C. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans.

verduur. Hierdie aanvalle was seker nie van alle waarheid ontbloot nie, veral omdat daar so 'n nou verbintenis tussen die Afrikaner, sy Kerk en sy skool bestaan het, en die Kaaplanders kerklik baie intiem met die Republieke verbonde was. Die invloed wat die predikante en die onderwysers op die meningsvorming van veral die minder geletterdes gehad het, kan nie onderskat word nie en dit is seker nie te betwyfel nie dat baie Afrikaners hulle gewete kon salf met die voorligting, of ook die gebrek aan voorligting, wat hulle van predikante en onderwysers ontvang het met betrekking tot die houding wat hulle in verband met die oorlog moes inneem. Veral ten opsigte van die jeug het die onderwysers in troebele tye met ontvanklike gemoedere te doen gehad en mens kan verstaan dat daar aan Britse kant kommer moes bestaan het oor die handhawing van toekomstige harmonieuse rassebetrekkinge. Tog is die beskuldiginge wat aan die adres van die Afrikaner gerig is, asook die bedreiging van sy taal en kultuur, waarvan hy terdeë kennis moes neem, nog 'n druppel in die beker wat die Kaaplandse Afrikaner gedurende dié tyd moes ledig.

# HOOFSTUK IX.

## AFRIKANER-ONTWAKING.

In die vorige hoofstukke is aangetoon dat die Kaaplandse Afrikaner vanweë die oorlog en sy intieme verbintenis met die bevolking van die Republieke op feitlik alle lewens-terreine groot ontbering, ongerief, en selfs vernedering en verbittering moes verduur. Te midde van hierdie be-nouïng, het daar by die Afrikaner egter 'n reaksie ingetree en het die wete by hom begin posvat dat hy moes veg teen die magte wat hom omring het.

Die druk waaraan die Afrikaner onderworpe was, het hom laat begin insien dat hy 'n eie identiteit het wat afsonderlik gestaan het van die van sy anderstalige landgenote. Die elementêre begeerte om sy eiendomlike soos sy eie taal en kultuur lief te hê, om die belange van sy eie landgenote te bevorder en om die rug te draai op gunste en gawes uit die hand van die anderstaliges, het hom van die Afrikaner begin meester maak.

Die uitlewing van hierdie begeerte het veroorsaak dat nog meer kole oor sy hoof uitgestort is omdat die Afrikaner nou daarvan beskuldig is dat hy hom aan doelbewuste boikot skuldig gemaak het en dat hy selfs daarvoor verantwoordelik gehou is dat ruïnering sommige Engelse en Engelsgesinde handelaars in die gesig gestaar het.

Dat Engelse en Engelsgesindes rede tot klagte gehad het is seker waar aangesien die Kaaplandse Afrikaners nie baie lank na die aanvang van die oorlog nie besef het dat hulle 'n baie magtige wapen in die hand gehad het deur bloot hulle rug op hierdie mense te draai en te trag om liewers hulle volkseie te ondersteun en te bevorder.

Dat die Afrikaners erns van hierdie saak gemaak het blyk uit verskeie voorbeelde waar hulle effektief hierdie weg ingeslaan het. So het ene Horsby wat 'n winkel te Krakeelrivier gehad het gevind dat die Afrikaners nie meer hulle inkopies by hom gedoen het nie maar dat hulle eerder na Port Elizabeth vir daardie doel gegaan het.[1] Op Uniondale het 'n winkeleienaar met die naam van Shand 'n soortgelyke ervaring gehad, terwyl die Afrikaners aldaar ook 'n geslaagde poging aangewend het om die plaaslike Skoolraad van persone met progressiewe neigings te suiwer sodat "gentlemen who had rendered efficient service in the past had not been re-elected."[2] Te George het die Dranklisensieraad glo op aandrang van die plaaslike N.G. predikant geweier om die dranklisensie van ene Parsons, wat aldaar 'n hotel besit het, te hernu. Die rede hiervoor "I am told is owing to Mr. Parson being a Progressive."[3]

Ook te Prins Albert is 'n effektiewe boikotbeweging teen die winkel van ene Neethling, wat lojaalgesind was, toegepas, en wel in so 'n mate dat sy besigheid feitlik tot stilstand gekom

1. C.O. 48/547: Allan G. Davison - Officer-in-Charge, Intelligence Department, Cape Town, 20.7.1900 (F.K.776, p. 350).

2. Ibid.

3. Ibid.

het. Dieselfde lot het ook winkelier Coetzee van Frasersburg-Weg-Stasie te beurt geval.[4] Hoewel mens hierdie kategoriese bewerings seker met 'n knypie sout moet betrag en in gedagte moet hou dat byvoorbeeld die weiering van die Dranklisensieraad van George om die lisensie van Parsons te hernu, stellig ook ander faktore op die spel mag gewees het wat invloed op die besluit kon gehad het, het Milner nietemin die draer van bogenoemde inligting "an exceptionally well-informed person" beskou en hom daarom as geloofwaardig voorgehou.[5]

Op Graaff-Reinet het die Afrikaners eweneens ernstige pogings aangewend om die bedrywighede van andersdenkendes aan bande te lê. Een van die persone wat daar aan die pen gery het was J.E. McCuster. McCuster was 'n gesiene inwoner van die dorp waar hy hom reeds in 1858 gevestig het. Vir ongeveer twintig jaar was hy tewens redakteur van De Graaff-Reinetter en hy was vanweë volgehoue boikot verplig om die publikasie daarvan op 9 April 1900 tydelik te staak. Die redes vir die boikot het McCuster toegeskryf aan die feit dat hy voortdurend in sy blad die handhawing van lojaliteit bepleit het, dat hy die Kaaplanders gewaarsku het om nie by die Boeremagte aan te sluit nie en omdat hy die Boere-invalle in Kaapland veroordeel het.[6]

4. Ibid.

5. C.O. 48/547: Milner - Chamberlain, 1.8.1900 (F.K.776, p. 349).

6. Vgl. C.O. 48/546: Verklaring van J.E. McCuster, 28.5.1900 (F.K. 774, pp. 927-930).

Die boikot van die blad het sy saak totaal geruïneer en hy het niks gehad om op terug te val nie. McCuster was egter reeds vir agt jaar lank die slagoffer van 'n stelselmatige boikot, dit wil sê sedert Onze Courant, 'n Afrikaansgesinde blad, ook te Graaff-Reinet gepubliseer. Die oorlog het natuurlik daartoe bygedra dat die skroef al stywer gedraai is totdat hy hom verplig gevoel het om tou op te gooi.[7]

Ook die Burgemeester van Graaff-Reinet, die heer Neser, wat reeds sedert 1869 'n florerende afslaersaak op die dorp besit het, se besigheid het as gevolg van die boikot daarvan deur Afrikaners so agteruitgegaan dat dit heeltemal geruïneer geraak het. Die redes waarom die Afrikaners hom sou gehaat het, was omdat hy die rebellie sou veroordeel het en "for daring to be anti-Bond, and for contesting an election in Parliament in opposisition to the Bond."[8]

Die Afrikaners het ook die afslaersaak van mnre. Watermeyr en Urquhart geboikot en hulle eie saak begin, "out of pure race feeling and spite for their being loyalists."[9]

Boikot is in Graaff-Reinet nie net op besigheidsgebied toegepas nie, maar McCuster het die Afrikanerbond ook daarvoor verantwoordelik gehou dat hy en drie van sy vriende enkele jare tevore nie lidmaatskap van die plaaslike Vrymesselaarslosie kon kry nie, "for no other reason than being anti-Bondmen."[10]

7. Ibid.
8. Ibid.
9. Ibid.
10. Ibid.

McCuster het homself baie bejammer oor die lot wat hom getref het. Hy het dit moeilik geglo dat dit moontlik was dat hy, wie se moeder 'n dogter was van 'n 1820-setlaar en wat self ook 'n medalje in die oorlog teen Sandili in 1878[11] verwerf het, "(could) be ousted out of my birthplace by a gang of anti-English simply because I am a loyalist and a Britisher." Sy lojaliteit het hom duur te staan gekom en hy was bevrees dat nog vele gruïneer of ter wille van 'n lewensbestaan na die Bondsgeledere gedwing sou word "to live like parasites on the Bond carcases. What degration for Englishmen and other Britishers." Hy het dus daarvoor gepleit dat die Afrikanerbond onderdruk moet word anders sou die lot van die lojaalgesindes nog erger wees na die oorlog en sou baie van hulle noodgedwonge in Transvaal 'n heenkome moes gaan soek. Die Afrikanerbond het syns insiens niks gedoen om rasse-betrekkinge te bevorder nie. Moes die lojaliste dan "for evermore" te gronde gaan onder die hiel van die Bondgeïnspireerde boikot en moedeloos het hy uitgeroep: "Where is our much vaunted British freedom under our dear English flag?"[12]

Boikot is op Stellenbosch op net so 'n uitgebreide skaal toegepas. Daar het 'n groot aantal Afrikaners hulle rekenings by die sake van progressiefgesindes gesluit maar omdat die handelaars bevrees was dat hulle nog klante mag verloor, het hulle verkies om die stilswye te bewaar. Hoewel geen bewyse

11. McCuster verwys hier na die Negende Grensoorlog in Kaapland; vgl. o.a. G. McC.Theal: History of South Africa since 1795, Vol. V., p. 156 e.v.

12. Ibid.

daarvoor gevind kon word nie, is daar algemeen geglo dat 'n boikotkomitee op die dorp gefunksioneer het en dat prof. C.F.J. Muller van die Teologiese Skool die krag agter die skerms was. Ook is geglo dat hy bygestaan is deur die predikante van die N.G. Kerk en deur die professore van die Teologiese Skool.[13]

Een van die handelaars aldaar wat probleme ondervind het was ene Philips. Nadat hy lid geword het van die Waaksaamheids-komitee het ongeveer tien Afrikaners hulle rekenings by hom gesluit en volgens mededeling van sy klerk het een dit gedoen na aanleiding van Philips se openlike blydskap oor die ont-setting van Ladysmith. In opposisie met Philips is 'n saak geopen met die naam, "De Hollandsche Winkel", en hoewel die eienaars na bewering Hollanders was, is algemeen geglo dat 'n groot aantal prominente boikotters 'n aandeel in dié saak gehad het. Ook het ene Burnard van Somerset-Strand 'n winkel op Stellenbosch geopen, met die veelbetekende naam, "Afrikander Store"[14] om daardeur openlik uitdrukking te gee aan die behoefte aan Afrikaans-georiënteerde besighede. Die keuse van die naam sou seker ook ten doel gehad het om tot die gewete van die Afrikaner te spreek in dié sin dat hy sy sake dáár behoort te doen en nie elders nie.

13. Vgl. C.O. 48/547: Report of Vigilance Committee, 22.6.1900 (F.K. 775, pp. 13-30).

14. Ibid.

Een van die plaaslike slagters, Rattray, het vier-en-twintig klante verloor wat aan die boikotbeweging toegeskryf moet word. Onder diegene wat hulle steun aan Rattray onttrek het, was persone soos proff. Muller, De Vos en Hofmeyr, ds. Neethling en dr. Viljoen. Ook is die rekening van die Studentekoshuis van Rattray se saak onttrek, wat ongeveer £200 per kwartaal beloop het. Rattray se besigheid het so agteruitgegaan dat waar die meeste Afrikaners slegs enkele maande tevore nog by hom sake gedoen het, hy hulle feitlik almal as klante verloor het.[15]

Ten opsigte van boikot op die gebied van die onderwys, was die Teologiese Skool die sentrum daarvan. Al die professore van die inrigting was by hierdie boikot betrokke, te wete proff. Hofmeyr, Marais, De Vos en Muller. Veral proff. Marais en Muller het die voortou in hierdie saak geneem. Die invloed van die professore en van die Teologiese Skool het, soos mens kon verwag, ook uitgebrei na die Victoria Kollege. As veral in gedagte gehou word dat prof. Marais die voorsitter was van die Raad van beide die Kollege en die Teologiese Skool en dat ds. Neethling die sekretaris daarvan was, is dit duidelik dat hulle invloed op hierdie inrigtings groot moes gewees het; inderdaad, "these two gentlemen practically rule the council."[16] Daar is ook beweer dat die studente-unie wat nie lank tevore op Stellenbosch gestig is nie, niks anders was as 'n tak van

15. Ibid.

16. Ibid.

die Afrikanerbond nie en dat dit aldaar as 'n boikotkomitee opgetree het. Aan een van die lede van die Waaksaamheidskomitee is glo deur iemand wat 'n geheime vergadering van die unie bygewoon het, vertel dat drie mosies by daardie geleentheid aanvaar is, naamlik, dat Engelse losieshuise geboikot word, dat alle losieshuiseienaars aangemoedig word om slegs by Afrikaanse besighede aankope te doen en dat 'n komitee verkies word om nuwe intrekkers op die stasie te ontmoet met die doel om toe te sien dat hulle hul intrek by Afrikaanse losieshuise neem. As lede van dié komitee is verkies D.G. Malan (broer van F.S. Malan, die redakteur van Ons Land), H.J. Nel, J. Perold, J.H. de Villiers en ene Steenkamp. Dat die invloed van die professore nie onderskat moet word, nie net wat betref die boikotbeweging nie, maar ook op nuwe studente wat met hulle idees geïndoktrineerd staan te word, blyk uit die geval van 'n student, by name Searle, wat as 'n "goeie lojalis" uit Natal na Stellenbosch gegaan het, maar nadat prof. Marais en ds. Neethling hom onder hande gehad het, "is now one of the most pro-Boer students."[17]

Daarbenewens was die Raad van die Kollege gekant teen alles wat Engels was. So het hulle byvoorbeeld die gebruik van die Kollegesaal geweier vir 'n konsert om fondse in te samel vir siek en gewonde Britse soldate, hoewel dit die enigste geskikte saal op Stellenbosch was om so 'n konsert in te hou. Ten einde sake op Stellenbosch reg te ruk, so is deur die Waaksaamheidskomitee aan die hand gedoen, behoort 'n sterk Imperialis

17. Ibid.

as Magistraat aangestel te word. Die toenmalige Magistraat, die heer Herholdt, was alreeds oud en was klei in die hande van "knoeiers" soos prof. Marais en ds. Neethling. Die Magistraat was tewens die benoemde van die Goewerneur op die Kollegeraad en die teenwoordigheid van 'n sterk Imperialis sou daar van groot waarde wees om knoeiery teen te werk. Ten einde die verderflike invloed wat van die Afrikanerbond aldaar op die gemoedere van die skoliere en studente uitgegaan het effektief te bekamp, behoort die Waaksaamheidskomitee ook meer aktief daar werksaam te wees.[18]

Hierdie rapport het groot onsteltenis in die Koloniale Kantoor veroorsaak. Die heer Lambert het tereg opgemerk dat "educational disloyalty is one of the worse influences against us", en hy het die hoop uitgespreek dat lojaliste beheer oor die Kollegeraad sou kon oorneem.[19]

'n Ander senior beampte, J. Graham, het hierdie verslag, wat 'n weergawe gegee het van 'n "deplorable state of things which we may expect throughout the Cape Colony", as geloofwaardig beskou. Hy het daarop gewys dat Stellenbosch die belangrikste opvoedkundige sentrum buite Kaapstad was en dat die onversoenbare teenstanders van Britse beleid in Suid-Afrika blykbaar van plan was om die opkomende geslag só te beïnvloed dat die anti-Britse gevoel binne tien of twintig jaar baie meer wyd verspreid as toe sou wees en, "thanks to the propaganda of lies and distorted

18. Ibid.

19. C.O. 48/547: Aantekening van H. Lambert, 24.7.1900 (F.K. 775, p. 11).

history, far more bitter." Graham het nie geweet wat gedoen kon word om hierdie beweging teen te gaan nie omdat die magtigste organisasie in Suid-Afrika, naamlik die Kerk, daarmee gemoeid was. Oor die toekoms het hy inderdaad mismoedig gevoel: "It may seems paradoxical to say so, but I think we shall have to look in future to the Transvaal and perhaps even to the Orange Colony to counteract the disloyalty of the Cape."[20] Lord Selbrone het gemeen dat die Progressiewes in Kaapland meer aktief sou moes werk en hulle optrede beter sou moes beplan en organiseer om die invloed van Afrikanerkant uit te skakel. Ook het hy gemeen dat 'n beleid om lojale immigrante in Kaapland te vestig, "ought to be able to defeat what seems to be after all, rather a pelty consipracy."[21] Dit is betekenisvol om daarop te let dat die Britse owerheid blykbaar meer vertroue daarin gehad het om die Afrikaners met getalle onder te ploeg as om hulle met positiewe beleidstelling te probeer beïnvloed.

Ook uit ander oorde is getuienis gelewer oor die wyse waarop Afrikaners die boikotwapen teenoor hulle andersdenkende medelandgenote toegepas het. B. Levitt, 'n winkelier van Petrusville, was byvoorbeeld ná die oorlog 'n baie bekommerde man. Hy het naamlik in die hitte van die stryd 'n klag van dislojaliteit teen Petrus van der Walt van dieselfde dorp gelê. As gevolg hiervan is Van der Walt na De Aar verwyder en later op borgtog van £200 vrygelaat. Levitt was nou bevrees dat

20. C.O. 48/547: Aantekening van J. Graham (s.d.) (F.K. 775, pp. 13-14).

21. C.O. 48/547: Aantekening van Lord Selborne, 30.7.1900 (F.K. 775, p. 16).

Van der Walt hom skade sou berokken en hy het ook gedink dat Van der Walt die krag agter die skerms was om 'n "Boerewinkel" te Petrusville te stig "with the object of boycotting all business men." Daarby het Van der Walt Levitt se boekhouer, Philip Venter, oorgehaal om sy diens te verlaat en om die nuwe winkel te bestuur. Levitt het derhalwe 'n beroep op die militêre owerheid gedoen om hom en die ander lojaliste op die dorp te beskerm en om 'n einde te maak aan die boikotte wat teenoor lojaliste toegepas is. Hy het sy pleidooi om hulp daarop gegrond dat hy in die verlede die militêre owerheid net waar hy kon gehelp het, deur natuurlik onder andere vir Van der Walt van dislojaliteit aan te kla, waardeur hy nou na laasgenoemde se vrylating in die knyp beland het. Hy het beweer dat Philp Venter, Petrus van der Walt, Frans Venter, Sampie Venter, Adriaan Fourie, Barend van der Linde, L. de Jager en Jonathan Fourie, almal boere in die omgewing van Petrusville, die voorbokke onder die boikotters was.[22]

'n Ander winkelier wat aan die pen gery het, was George Hansell van Wellington. Hy het enkele jare voor die uitbreek van die oorlog die winkel van Malan en Kie gekoop en handel gedryf onder die naam van Malan en Hansell. Vir vyftien maande lank het hy flink sake gedoen maar sedert die verkiesing van 1898 het sy besigheid begin agteruitgaan, en toe sy verliese teen April 1901 reeds die £1 800-kerf oorskry het, was hy genoodsaak om die winkel te verkoop. Waar hy voorheen op ongeveer

22. C.O. 48/563: B. Levitt, Petrusville - Capt. Dickson, O.C., River Intelligence, Aliwal-Noord, 28.6.1902 (F.K. 860, p. 530).

drie-kwart van die boere van die omgewing as klante kon staatmaak, was daar slegs een oor toe hy sy besigheid verkoop het. Toe hy aan een van sy vorige klante gevra het waarom hy nie meer sy inkopies by hom doen nie, het hy geantwoord dat die tyd aangebreek het dat Afrikaners met Afrikaners moes sake doen en dat Britte na die belange van hulle mede-Britte moes omsien.

Hansell was daarvan oortuig dat al die boere in daardie omgewing in hulle harte rebelle was en dat hulle openlik om Boere-oorwinnings gebid het. Die rebelle sou net wag totdat krygswet opgehef word, "and then they say they are going to have their day." Weens hulle dislojaliteit het hulle niks gely nie;"they have in their hearts and minds assisted the enemy as much as any of the king's subjects who joined the Boers, they are today laughing at the loyalists for being such fools." Terwyl daar gevra is dat die twee Blanke rasse nader na mekaar moes beweeg, "these people will always remain at heart an enemy to everything British."[23]

George Dall, 'n handelaar van Richmond, het na die oorlog gevind dat die Afrikanerboere van daardie geweste nie meer bereid was om vir hom transport te ry nie. Ook het hy gevind dat die meeste van sy voormalige klante sy winkel vermy het terwyl van sy vriende hom meegedeel het dat hy 'n gemerkte man was vanweë sy lidmaatskap van die tuiswag en van die

23. C.O. 48/564: George Hansell, Wellington - Hutchinson, 25.8.1902 (F.K. 863, p. 372).

Waaksaamheidskomitee. Hy was bevrees dat sodra krygswet heeltemal opgehef word, hy verplig sou wees om sy saak te verkoop en hom elders te gaan vestig, "where I am not so well known as a loyalist, or where Englishmen are better appreciated than here."[24]

Op Ceres weer was C. Alfred Bett die eienaar van 'n winkel wat reeds vir etlike jare deur die Afrikanergemeenskap vermy is. Ná die oorlog het ook hý ondervind dat die boikot meer intensief toegepas is, dat openlike afkeer van hom geopenbaar is en dat hy selfs nie eens gegroet word nie, "for being a loyalist."[25]

Ook James Gribble wat 'n kunsateljee in die Paarl besit het, het met 'n hartseer-storie voor die dag gekom. Hy het vertel dat hy deur 'n aansienlike deel van die gemeenskap van dié dorp geboikot is en dat die Afrikaners aldaar groot vreugde daaruit geput het "to carry out the scheme of making the loyal section suffer, in every way possible."

As gevolg van die ontberinge wat hulle oor 'n lang tydperk moes deurmaak, is dit sy oortuiging dat die Afrikaners van voorneme was om die lojaliste tot die uiterste te beproef nieteenstaande die mooi woorde van rassevrede en -samewerking wat na die vredesluiting uitgebreek is. Van hulle kant was die lojaliste bereid om die ontberinge van die verlede te vergeet en as een volk saam te werk, "but Sir, the other

24. C.O. 48/564: George Dall, Richmond - Lt. Col. Douglas, Administrator No. 10 Area, Richmond, 15.8.1902 (F.K. 863, p. 363).

25. C.O. 48/564: C. Alfred Bett, Ceres - Hutchinson, 19.8.1902 (F.K. 863, p. 367).

side is busy with a deep and well organized plan which will develop one day to our cost and to the cost of our children." Hy het 'n baie vooruitstrewende saak besit maar as gevolg van die boikot wat teen hom toegepas is, was hy op veertig-jarige leeftyd 'n gebroke man. Hy het meer as £3 000 verloor, "and many a month did not know where to find the means to pay our way."[26]

Joseph Cohen, 'n voormalige spioen in diens van die Britte, het ook gevind dat die Afrikanergemeenskap die rug op hom gekeer het. Ongelukkig word daar nie gemeld in watter distrik hy woonagtig was nie maar hy en ene Albert Nel, 'n lojaal-gesinde, het ooreengekom om skape op te koop, moontlik vir spekulasiedoeleindes. Nel sou die aankoopwerk doen, maar hy het baie gou agtergekom dat niemand bereid was om skape aan hom te verkoop nie, "since the farmers had signed an agreement between themselves binding each other not to sell sheep to any person who had worked for the British Government."

Later het Cohen die distrik binnegegaan om eiers en botter vir die Britse troepe aan te koop. Een van die boere by wie hy aangeklop het, het hom reguit gevra of hy nie skaam kry om hulle produkte te koop en uit hulle geld te maak nie nadat hy slegs 'n klein rukkie vantevore nog teen hulle geveg het. Oral het Cohen 'n bloutjie geloop en ten einde raad 'n lojale boer gevra om die aankope by Jacobus Louw, 'n voormalige rebel,

26. C.O. 48/564: James Gribble, Paarl - Hutchinson, 23.8.1902 (F.K. 863, p. 369).

te maak, maar ook hy het prontuit geweier omdat hy geweet het dat die boer namens Cohen opgetree het.[27]

Ten besluite kan ook nog na die geval van Johannes Petrus van Niekerk, wat winkels in die distrikte van Hay, Prieska en Hopetown gehad het verwys word. Hy was voor die oorlog vir twaalf jaar lank sekretaris van die Afrikanerbondtak van Hopetown, maar het by die uitbreek van die oorlog uit die organisasie bedank en sedertdien is sy winkels op groot skaal deur sy mede-Afrikaners geboikot. Hy het daarna met die Britte saamgewerk en onder andere die gewere van rebelle wat oorgegee het in ontvangs geneem. Van die rebelle te velde het van hierdie optrede te hore gekom met die gevolg dat twaalf van hulle hom op 28 Maart 1900 gevange geneem en voor 'n krygsraad gedaag het, wat hom ter dood veroordeel het. Hy is egter na Transvaal gestuur waar hy aangehou is totdat generaal French sy vrylating bewerkstellig het. By sy tuiskoms op sy plaas het hy gevind dat sy winkel en sy woning gestroop en dat al sy vee weggevoer is. Later is hy weer 'n keer deur rebelle van sy plaas verdryf en sy winkel en huis beroof."[28]

Dit blyk dus dat die boikotbeweging groot afmetings aangeneem het en oor 'n wye front toegepas is. Die druk waaraan die lojaliste onderworpe was, het so erg geword dat hulle verplig was om 'n konferensie vir 28 en 29 Augustus 1902 in die Paarl

27. C.O. 48/564: Ongedateerde verklaring van Joseph Cohen (F.K. 865, p. 711).

28. C.O. 48/564: Verklaring van J.P. van Niekerk, 30.8.1902 (F.K. 865, p. 714).

te belê om uitdrukking aan hulle gevoelens te gee. Op die bestemde tyd het ses-en-tagtig afgevaardigdes uit twintig distrikte, verteenwoordigende "that portion of the Africander people who have remained actively loyal to the British Crown during the late deplorable rebellion in the Cape Colony" byeengekom om onder andere oor die boikot waaraan hulle onderwerp was, te beraadslaag.[29]

Tydens die konferensie is besluit om 'n afvaardiging na die Goewerneur te stuur om toestande onder sy aandag te bring. Dié afvaardiging het uiteindelik uit vyftig persone bestaan waaronder die voorsitter, ds. S.J. du Toit en parlementslede dr. A.B. Vanes, dr. C.F. Smuts en die here F.F. Wienand en L. Abrahamson. Die deputasie is aan die Goewerneur voorgestel deur mnr. Wienand, terwyl ds. Du Toit as die hoofspreker opgetree het.

Nadat ds. Du Toit die Goewerneur bedank het vir die geleentheid om hom te ontmoet het hy die volgende petisie namens die konferensie voorgelê:-

a. Dat die konferensie nie polities-geïnspireer is nie, maar op spontane wyse uitdrukking gegee het aan die gevoelens van daardie deel van die Afrikanergemeenskap wat gely het, en nog steeds ly as gevolg van hulle lojaliteit teenoor die Britse Kroon, "all of whom have either taken up arms or rendered other services in defence of the Empire."

29. C.O. 48/564: Petisie van konferensie aan Goewerneur, 2.9.1902 (F.K. 865, p. 692).

b. Dat dit die eenparige mening van die konferensie was dat krygswet nie rebellie veroorsaak of vererger het nie, maar dat dit 'n kalmerende uitwerking gehad het. Hulle sou graag wou sien dat dit bly voortbestaan.

c. Dat lojale Afrikaners, as gevolg van die houding wat hulle ingeneem het, aan 'n georganiseerde veldtog van vervolging en boikot blootgestel is wat ondraaglik geword het. Waar hulle gehoop het dat by vredesluiting 'n einde aan hierdie boikot sou kom, het dit eerder toegeneem sedert krygswet verslap is. Hulle het gemeen dat hierdie toedrag van sake aangeblaas is deur die verdraagsaamheid wat aan die dag gelê is teenoor diegene wat teen die Kroon geveg het, asook deur helde-aanbidding wat die rebelle by hulle terugkeer te beurt geval het.

d. Dat as gevolg van die voorgaande redes dit nie raadsaam sou wees om vrye handel in wapens en ammunisie toe te laat nie, omdat hulle gemeen het die veiligheid van die lojaliste daardeur bedreig sou word.

e. Dat die bestaande wette nie voldoende was om die belange van die lojaliste te beveilig nie en dat spesiale wetgewing aanvaar moes word om in hierdie leemte te voorsien.

f. Dat blydskap uitgespreek word oor vroeëre versekerings dat lojaliste vir hulle lyding vergoed sou word - en daarom is weer eens daarop aangedring dat hierdie beloftes gestand gedoen sou word.[30]

In sy toeligting[31] van die petisie het ds. Du Toit verklaar dat die lede van die konferensie die gevoelens van lojaliste in 'n hele aantal distrikte van Kaapland vertolk en dat die konferensie homself in 'n permanente vaste komitee omskep het om namens die lojaliste op te tree, waar en wanneer nodig. Ook was hulle van plan om verteenwoordigers in ander distrikte wat nog nie verteenwoordig was nie, aan te stel. Hy het benadruk dat die konferensie aan geen politieke organisasie verbind was en dat die hou van die konferensie nie polities geïnspireer was nie. Die lojaliste het hulle hoop daarop gevestig dat hulle na die oorlog daar nie slegter aan toe sou wees nie vanweë hulle lojaliteit en daarom het hulle nou hulle nood aan die Goewerneur voorgelê met die versoek om dit by die regte instansie aanhangig te maak. Die algemene gevoel onder die konferensiegangers was dat lojaliste meer beskerming behoort te geniet vanweë die daaglikse haat, intimidasie en boikot waaraan hulle onderworpe was. Veral moes hulle groot ontberings deurmaak omdat die haat wat hulle mede-Afrikaners teenoor die Britse Ryk gekoester het op die lojaliste uitgestort is.

30. Ibid.

31. Vgl. Cape Times, 3.9.1902: Verslag van verrigtinge: Rede van ds. S.J. du Toit.

Daar moes ook genoegsame voorsiening gemaak word om lojaliste ruimskoots te vergoed vir die lyding wat hulle ter wille van hulle lojaliteit moes deurstaan. Baie van hulle wat van hulle plase verdryf was het feitlik alles wat hulle besit het verloor. Die geval is genoem van 'n lojalis van Barkly-Wes wat deur die rebelle gearresteer is. Sy kampdrade was geknip en al sy vee weggevoer. Hoewel hy 'n eis vir £400 ingestel het, het hy slegs £14 as skadevergoeding ontvang. Hulle vra nie dat hulle vir hulle lojaliteit betaal moes word nie, "but it was hard to be ruined for it." Inderdaad het dislojaliteit in Kaapland meer dividende afgewerp as lojaliteit. Desnietemin was hulle nie vir 'n oomblik spyt dat hulle lojaal gebly het nie, hoewel hulle nog steeds ontberinge moes deurmaak van die kant van hulle landgenote. Hulle was van voorneme om lojaal te bly en die feit dat hulle die Goewerneur in die saak genader het, het nie beteken dat hulle teen die Regering in opstand gekom het nie. Dit is hulle voorneme om lojaal te bly, "because we respect the noble flag under which we live, and we fear God and honour the king."[32]

Op hierdie petisie en toeligting het die Goewerneur geantwoord dat elke lojale onderdaan van die Britse Ryk die Afrikaner-lojaliste in Kaapland met gevoelens van hoogagting en dankbaarheid moes bejeen weens die feit dat hulle onder moeilike omstandighede lojaal gebly het. Hy het sy spyt uitgespreek dat so baie juis as gevolg van die handhawing van hulle lojaliteit

32. Ibid.

moes gely het en hy het die deputasie die versekering gegee dat hy die saak aan die Kaapse en die Britse Regering sou voorlê om te oorweeg watter stappe gedoen kon word om hulle tegemoet te kom.[33]

Omdat in die petisie ook administratiewe sake aangeroer is, het die Goewerneur die Eerste Minister en die Prokureur-generaal uitgenooi om die verrigtinge by te woon en nadat die Goewerneur gepraat het, het sir Gordon Sprigg die aanwesiges toegespreek. Hy het die klaers meegedeel dat hulle hulle in die eerste plek tot die magistrate en die Prokureur-generaal moes gewend het. Hy het dit ook jammer gevind dat die petisionarisse nie duidelik gesê het in welke opsig die bestaande wette van Kaapland onvoldoende was om hulle te beskerm nie. Hy het gemeen dat die wette inteendeel heeltemal genoegsaam was en dat die Regering ook oor voldoende mag beskik het om ten spyte van die onoordeelkundige verspreiding van wapens en ammunisie op te tree indien nodig.[34]

Sir Gordon het dit duidelik gestel dat hy nie daarvan gehou het dat mense hulle lojaliteit van die dakke af moes verkondig nie en juis op grond daarvan gedink het dat hulle op spesiale behandeling geregtig is nie. Wapengeweld is verby en dit was sy strewe om versoening tussen die verskillende rassegroepe van die bevolking teweeg te bring. Die inwoners van die land het geen ander tuiste geken nie en die Eerste

33. Ibid.: Rede van die Goewerneur.

34. Ibid.: Rede van sir Gordon Sprigg.

Minister het die hoop gekoester dat almal in vrede en geluk sou leef, dat van Kaapland 'n voorspoedige land gemaak sou word en dat almal eendragtig sou saamwerk om daardie doel te verwesenlik. Dit het nie saak gemaak van welke afkoms hy was nie. Die Regering was vasbeslote om hierdie beleid te volg "and I can assure you that we are making no distinction whatever in the desire to protect loyalists, as you say you are, and I do not question it, and a desire to protect all other people." Die hoofdoel van die Regering is egter om alle rassegroepe bymekaar te bring, om rassegevoel uit te wis, om die verlede te vergeet en om vooruit te kyk na 'n voorspoedige toekoms.[35]

Dié woorde van Sprigg moes vir die aanwesiges seker stof tot nadenke ingehou het, want dit kom daarop neer dat hy vir hulle gesê het om liewers hulle agitasies agterweë te laat, die hand aan die ploeg te slaan, te werk vir die heropbou van die land en om hulle liewers vir beter rassebetrekkinge te beywer.

Ook die Prokureur-generaal, nou die heer T. Graham, was van gedagte dat die lojaliste hulle klagtes liewers deur middel van die magistrate aanhangig moes gemaak het. Juis omdat hulle dit nie gedoen het nie, het hy nog nie amptelik van so 'n uitgebreide boikotbeweging gehoor nie.[36]

35. Ibid.

36. Ibid.: Rede van T. Graham.

Die Goewerneur het dit egter jammer gevind dat nóg die Eerste Minister nóg die Prokureur-generaal, die lojaliste bemoedig het omdat hulle griewe, na sy mening, "are to a great extent well founded."[37]

Die Koloniale Kantoor het dié petisie baie koel ontvang. H.W. Just kon nie sien dat hulle iets aan die saak kon doen nie. Afgesien daarvan dat die behoud van krygswet 'n onmoontlike versoek was, was dit geen middel waarmee boikot afgeweer kon word nie; trouens daar is geen doeltreffende teenmaatreël teen boikot nie. Indien die Kaapse Ministers nie iets aan die saak kon doen nie, was die Koloniale Sekretaris se hande ook afgekap. Daarby was dit onwenslik om die idee te laat posvat dat die Koloniale Kantoor as 'n soort appélhof teen die plaaslike Ministers kon optree. Sprigg het trouens heeltemal korrek opgetree toe hy die deputasie daarop gewys het dat hulle hul klagtes deur middel van die magistrate aanhangig moes maak. Daarby was die petisie nie so bewoord dat 'n antwoord van Chamberlain verwag word nie, behalwe in soverre as wat die sesde punt, die versoek dat behoorlike kompensasie aan lojaliste uitbetaal word vir lyding as gevolg van hulle lojaliteit, 'n beroep was op die Britse Regering. Die versekering wat die Goewerneur gegee het, verwys egter na beloftes wat die Kaapse Regering gemaak het en dit het nie geïmpliseer dat Sy Majesteit se Regering gemoeid was met die betaal van vergoeding aan Kaapse lojaliste nie.[38] Met

37. C.O. 48/564: Hutchinson - Chamberlain, 3.9.1902 (F.K. 865, p. 725).

38. C.O. 48/565: Aantekening van H.W. Just, 30.9.1902 (F.K. 865, p. 682).

hierdie sienswyse het Chamberlain saamgestem en nog 'n petisie is in die doofpot gestop sonder dat daarop gereageer is.

Die oorlog en die toepassing van 'n boikot teen diegene wat met die Britte geheul het, het die agterstand van die Afrikaner op handelsgebied skerp by hom onderstreep. Dit is alreeds gestel dat die Afrikaner by uitstek die landbouer was terwyl hy die handel en die nywerheid in die hande van sy Engelstalige landgenote gelaat het.[39] Die optrede van hierdie handelaars,waarvan hierbo reeds 'n hele aantal voorbeelde aangehaal is, het die Afrikaner so teen die bors gestuit dat van hulle daartoe oorgegaan het om self Afrikaanse sakeondernemings in die lewe te roep.

Die inisiatief in hierdie verband het van die gemeenskap van Cradock uitgegaan. Reeds gedurende April 1900 is naamlik 'n oproep op Afrikaners gedoen om aandele te neem in 'n koöperatiewe handelshuis, 'n eie "Boeren Winkel", wat op dié dorp gestig sou word omdat daar lank reeds behoefte aan so 'n saak aldaar bestaan het. Die doel van die stigting van die handelshuis was om op 'n deeglike en goedkoop wyse te voorsien in die behoeftes van die Afrikanergemeenskap. Omdat geesdrif alleen nie genoeg sou wees nie, is 'n beroep op kragdadige finansiële steun gedoen. Geld was nodig om die perseel wat reeds aangeskaf is, te betaal, 'n gebou op te rig en voorraad aan te koop. Die gedagte was om 'n groot deel van die skuldelas kontant af te los. Die aandag van voornemende aandeelhouers is daarop gevestig dat niemand bang hoef te wees dat hy

39. Vgl.pp. 13-21 hierbo.

sy geld sou verloor nie, want omdat 'n koöperasie beoog is, sou die winste wat gemaak word onder die aandeelhouers verdeel word. Die benodigde kapitaal was £30 000 en hoewel dit baie geld was, was dit nie te veel nie omdat die maatskappy oor 'n breë terrein handel wou dryf.[40]

Dié oproep het nie op dowe ore geval nie want teen Oktober 1900 was die dak van die gebou reeds op, die mure gepleister, terwyl die werkers besig was om die vloere in te sit. Inderdaad het die gebou reeds 'n sieraad vir die dorp begin word.[41]

Hierdie ontwikkeling is natuurlik van harte deur Afrikaners verwelkom omdat dit hoog tyd was dat die Afrikaners op handelsgebied tot ontwaking moes kom. Die vyand van die Afrikaner, dit wil sê die jingo's en die Uitlanders, het hulle vriendelik voorgehou solank as wat hulle geld uit die Afrikaner kon maak, maar wanneer hulle hulself verryk het, is dié rykdom as wapen teen die Afrikaner ingespan. 'n Groot fout van die Afrikaner was daarin geleë dat hy geneig was om homself te isoleer. Elke boer het op sy stuk grond, wat met elke geslag kleiner gesny is, 'n sukkelbestaan gevoer en verarming en agteruitgang sodoende in die hand gewerk. Intussen het die Uitlanders hulle toegelê op die handel, hulle het maatskappye gevorm, ryk geword en hulle het "de eigenlijke zonen des lands" as 'n ondergeskikte ras behandel. Die Afrikaner moes homself uit hierdie moeras ophef en hy moes

40. Middelandsche Afrikaander, 10.4.1900: Advertensie.
41. Ibid.: 26.10.1900: Nuusberig.

leer om met ander saam te werk, maar Engelssprekendes en andere wat hulle met die Afrikaner vereenselwig en Suid-Afrika as hulle vaderland aanvaar het, moes nie uitgesluit word nie. Diegene wat gedurende die oorlog met die Afrikaner gesimpatiseer het, kon altyd op "ons" ondersteuning en medewerking reken.[42]

Die beweging wat op Cradock aan die gang gesit is het momentum gekry en binne enkele maande het ook dergelike handelshuise te Adelaide, Britstown en Graaff-Reinet tot stand gekom met 'n kapitaal van £25 000, £20 000 en £60 000 respektiewelik.[43] Ook op Aberdeen is besluit om 'n Afrikaanse handelshuis te stig met 'n kapitaal van £10 000. Op dié stigtingsvergadering was tweehonderd persone aanwesig en van hulle het slegs tien nie aandele gekoop nie, terwyl die helfte van die 2 000 aandele teen £5 elk onmiddellik verkoop is.[44]

Die geesdrif wat met die stigting van hierdie winkels gepaard gegaan het, het selfs tot in Kaapstad uitgekring waar mnre. J.D. Dusseau en Kie. daarvan gebruik gemaak het om hulle skryfbehoeftes in Kerkstraat, die "Hollandsche Boekewinkel", te omskep in 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid met 'n kapitaal van £8 000. In die prospektus is gesê dat die flotering van die maatskappy nie net 'n veilige beleggingsveld verseker nie, maar dat dit aandeelhouers ook die geleenthei[d]

42. Ons Land, 2.6.1900: Brief van "Pro Patria et Populo".
43. Het Oosten, 5.7.1900: Nuusberig.
44. Onze Courant, 5.7.1900: Nuusberig.

sou bied om mee te help om hulle moedertaal te bevorder.[45]

Kritiek op hierdie inisiatief wat van Afrikanergeledere uitgegaan het, het natuurlik nie uitgebly nie. So is daar gevrees dat die ondernemings nie betalend sou wees nie weens gebrek aan ervaring om sulke besighede te bestuur. Die mate van sukses wat behaal mag word, sou afhanklik wees van bestuurders wat hoog besoldig sou moes word en wat nie dieselfde geesdrif en aanvoeling vir die saak sou belê as die eienaar nie. Daar is op gewys dat kompetisie in Cradock straf was, dat pryse daar reeds so verlaag is dat min profyt gelewer word en die mening is gehuldig dat die publiek na die aanvanklike opwinding verby was, dié sake sou ondersteun wat die beste diens gelewer het. Daar is dus gewaarsku dat voornemende aandeelhouers twee keer moes dink voordat hulle geld in sulke sake steek omdat hulle gewis hulle geld sou verloor.[46]

Die Engelsgesindes het dit ook duidelik laat blyk dat hulle geen geloof gehad het in die permanente sukses van die "Boerewinkels" nie omdat sake nie op rassehaat kon floreer nie. Op die lang duur sou sié sake wat die beste diens lewer, die beste vaar, naamlik dié wie se eienaars ervare in die handel is. Dié projek het net onnodige gevoelens gaande gemaak en behoort liewers gestaak te word.[47]

Dat daar onder Engelsgesindes groot kommer was oor die stigting van Afrikaanse handelsake, spreek duidelik uit krasser wordende

45. Cape Argus, 17.5.1900: Advertensie.
46. Midland News, 5.5.1900: Hoofartikel.
47. Midland News, 13.7.1900: Hoofartikel.

kritiek uit daardie oord. So is veral die motiewe wat agter die optrede van die Afrikaners geskuil het bevraagteken. Die Afrikaners is daarvan beskuldig dat daar by hulle nie soseer 'n behoefte was om die handel te beoefen nie, maar dat hulle daardeur wou poog om aan gevestigde handelaars skade te berokken en om die dorpslui op dié wyse te straf vir die dade van Chamberlain en Milner. Dit is 'n swak beleid om handel op haat en kwaadwilligheid te grondves en vir soverre Boerewinkels met dié doel voor oë gestig word, sou dit eerder 'n vloek as 'n seën vir die land wees. Daarby het die groot bedrae wat beskikbaar gestel is vir die stigting van winkels bewys dat die Afrikaners beter daaraan toe was as wat algemeen gedink is. Hierdie geld kon volgens die kritici op 'n beter wyse in belang van die geteisterde distrikte aangewend gewees het, soos byvoorbeeld vir besproeiingswerke.[48] Daarbenewens sou die stigting van Boerewinkels net rassehaat aanwakker en daar behoort liewers weggedoen te word met sulke irritasies.[49]

Die oprigting van Afrikaanse sake het 'n groot stoot gekry as gevolg van die aanvaarding van 'n mosie in dier voege op 1 Junie 1900 deur ongeveer 100 afgevaardigdes na die Volkskongres wat die vorige dag op Graaff-Reinet plaasgevind het.[50] Die afgevaardigdes het naamlik van die geleentheid gebruik gemaak om 'n broederlike gesprek te voer oor die stand van Afrikaanse besighede. By daardie geleentheid is die volgende mosie aanvaar:-

48. Midland News, 14.8.1900: Hoofartikel.

49. Midland News, 28.11.1900: Brief van "An Old Cradock Boy."

50. Vgl. pp. 79-88 hierbo.

"Die vergadering, verteenwoordigende die verskillende distrikte in Kaapland, is van mening dat die tyd aangebreek het dat die Afrikaanse volk selfstandig sal optree op alle besigheidsterreine en dat alle bestaande Afrikaanse besighede soveel moontlik ondersteun moet word. Elkeen teenwoordig verbind hom om alle pogings aan te wend om daardie doel te bereik."[51]

Die mosie het groot opgewondenheid veroorsaak, soos blyk uit 'n bykans histeriese uitbarsting deur die redakteur van die Cape Times omdat dit nou duidelik was dat die Afrikanerbond op 'n beleid van boikot besluit het en dat ingevolge voormelde mosie, "every nerve will be strained apparently to bring about the ruin of the British storekeeper." Vir soverre dit die groter dorpe en stede betref, sou dié beleid nie van veel betekenis wees nie maar op die platteland waar die Afrikaners in die meerderheid was, sou Britse handelaars ernstig geraak word as die boikot deurgevoer word. Baie van die kleiner plattelandse handelaars, "who may happen to bear English names", sou geruïneer word en volgens die bewoording van die mosie het daar geen twyfel bestaan dat die dislojale Afrikanergemeenskap 'n totale handelsoorlog beoog het teen elke vorm van Britse handelsaktiwiteit. Die aanvaarding van die mosie het beteken dat 'n algemene en sistematiese handelsboikot oor die lengte en breedte van die land beplan word en dat geen

51. Ons Land, 5.6.1900: Nuusberig; vertaling deur skrywer hiervan.

moeite ontsien sou word nie om aan die Republikeine te toon dat, hoewel die anneksasie van die Republieke reeds 'n voldonge feit mag wees, die Kaaplanders nogtans in staat was om 'n groot deel van die Engelse bevolking finansieel ernstig te knou. Die Kaaplanders sou ook deur hierdie optrede wou bewys dat hoewel die oorlog op die slagveld bykans verby mag wees, hulle bereid was om die stryd op handelsgebied voort te sit. Met ander woorde 'n vasberade poging sou aangewend word om al wat Britse handelaar is uit die land te sit, deur dit vir hom onmoontlik te maak om 'n lewensbestaan te voer. 'n Groot troos was egter dat as gevolg van die oorlog duisende Britse soldate na Suid-Afrika gekom het en die hoop is uitgespreek dat dié soldate aangemoedig sou word om hulle hier te vestig.[52] Ook vir dié blad het die uiteindelike oplossing van die Suid-Afrikaanse vraagstuk daarin gelê dat die Afrikaners met getalle oordonder moes word.

Milner het eweneens die boikotbeweging betreur en dit beskou as 'n "rediculous threat, if it is true." Hy was oortuig dat as beide rassegroepe mekaar boikot, sou dit sekerlik nie die ras wees wat die handel-, bank- en nywerheidswese in die hande het wat die slegste daarvan sou afkom nie. Hy het daarom nie gemeen dat die Afrikaners op die platteland groot sukses sou behaal nie. Inteendeel was sy grootste vrees eerder dat die Britse bevolking, veral in die groter sentra, vergeldingsmaatreëls mag tref.[53]

52. Cape Times, 5.6.1900: Hoofartikel.

53. Headlam: a.w.; Milner - Chamberlain, 6.6.1900.

Ook is die stigting van die winkels as 'n doodsonde beskou omdat dit 'n lelike refleksie op die Afrikaners se sogenaamde lojaliteit sou gewerp het: "When they talk about loyalty to the Queen they are starting Dutch business to boycott English."[54]

Afgesien van 'n bewuswording van hulle agterstand op handelsgebied, was daar ook tekens dat van die Afrikaners daaraan begin dink het om hulle taal te handhaaf. Gedurende hierdie tyd was dit onder Afrikaners mode om korrespodensie, selfs aan hulle eie taalgenote, in Engels te voer.[55] Dit is opmerklik dat die eerste tekens van verset teen hierdie praktyk van die jeug afkomstig was en in die besonder van die omgewing van Wellington. So het die jonge juffrou Lizzie (seker Elizabeth) van Niekerk van die Hugenotekollege op daardie dorp in 'n brief wat deur die sensors onderskep is onder andere as volg aan haar broer geskryf:-

> "As you can see I always write in Dutch now. We hope to form a union here very soon, binding ourselves to carry on all our private correspondence in Dutch to support our language and nationality. It has taken us a long time to awake, but now we are wide awake... We are descendents of Huguenots and noble Hollanders, who knew how to fight for 80 years; such a nation do not allow themselves to be put aside easily. Man, our hearts are in the right place."[56]

54. C.O. 48/547: Magistrate, Graaff-Reinet - Secretary Law Department, 17.7.1900 (F.K. 776, p. 278).

55. Vgl. p. 18 hierbo.

56. H.C. 53: Brief van L. van Niekerk gedateer 29 Mei 1900, onderskep en vertaal deur die militêre owerheid. Sy verwys in haar brief van die sg. Tagtigjarige Oorlog,1566-1648, tussen Nederland en Spanje;vgl.o.a.C.J.H. Hayes: Modern Europe to 1870, pp. 210-216.

In 'n naskrif het sy gemeld dat indien enige vriende van haar broer graag met "clever Africander girls" wil korrespondeer, sy die nodige reëlings daaromtrent sou kon tref.[57]

Enkele weke later het dieselfde dogter aan Ons Land geskryf dat die meerderheid van die Afrikaanse studente aan die Hugenotekollege 'n vereniging gevorm het waarin hulle hulself verbind het om hulle nasionaliteit te bewaar, om hulle taal so suiwer moontlik te praat, om hulle korrespondensie in hulle eie taal te voer en om hulle taal ook op openbare plekke te handhaaf. Sy het die hoop uitgespreek dat ander skole en inrigtings ook hulle voorbeeld sou volg.[58]

Vanselfsprekend is hierdie verwikkeling van harte verwelkom en is dit bestempel as 'n ontwaking wat nie ligtelik oor die hoof gesien kon word nie, omdat dit die gees weerspieël het wat van elke ware Afrikanerman en -vrou moes uitgaan. Dié ontwaking onder die jong Afrikaanse dogters is veral van groot belang omdat hulle die toekomstige moeders van die Afrikanernasie is. Indien die moeders met patriotisme besiel is, sal haar seuns en dogters nie die pad byster raak nie en sal die toekoms van die Afrikaner verseker wees: "lang leve jong Zuid-Afrika."[59]

Die ander skole in die omgewing het nie op hulle laat wag nie want ook die leerlinge van die Bovenvallei-skool het 'n beskamende voorbeeld aan die ouer geslag gestel deur op

57. Ibid.
58. Ons Land, 16.6.1900.
59. Ons Land, 16.6.1900: Hoofartikel.

positiewe wyse hulle te beywer vir die bevordering en handhawing van "onze dierbare taal." Vir daardie doel het hulle 'n vereniging gestig, waarvan die lede die volgende dokument moes onderteken:-

"Vrywillige Vereeniging

Opgericht 15 Juni 1900

door de

Bovenvallei Schoolkinderen.

Wij ondergetekenden verklaren mits deze, dat wij trachten zullen zoveel mogelijk niet Engelsch te spreken of Engelse brieven te schryven, indien de noodzaaklijkheid het niet vereischt, niet met het doel de Engelsche taal te verachten, maar ons eigen taal de voorkeur te geven en alzo voort te helpen."[60]

Nodeloos om te sê dat hierdie poging tot taalhandhawing hartlik deur die Afrikaanse pers toegejuig is en wat weer eens die hoop uitgespreek het dat ook ander skole en organisasies die voorbeeld van die kinders van Wellington sou volg:-

"Van harte geluk, Afrikanders, Uw voorbeeld vind navolging, en mogen de ouders zorg dragen dat zulk een stap niet door de kinderen behoeft genomen te worden."[61]

Dat taalhandhawing 'n saak van erns was vir die jongmense van Wellington, blyk uit 'n verhaaltjie wat "Een Oprechte Boerendochter" van Bovenvallei vertel het. Sy het naamlik 'n brief

60. Ons Land, 23.6.1900: Brief van "Landzoon", Bovenvallei, 18.6.1900.

61. Ons Land, 23.6.1900: Hoofartikel.

van 'n vriendin ontvang wat in Engels geskryf was en waarin sy onder andere meedeel dat die Britte haar vader in die tronk gestop het. "Een Oprechte Boerendochter" het die brief in Afrikaans beantwoord en haar maat ernstig betig omdat sy in Engels geskryf het. In antwoord hierop het sy 'n berouvolle brief ontvang waarin onder andere die volgende paragraaf voorkom:-

> "Ik ben blij dat gij mij opmerkzaam gemaakt hebt - nu zal ik de verbrande taal ook nie meer gebruik nie in spreken, nog minder in schryven, of het moet hoog noodzakelijk wees..." [62]

So was daar in die woorde van "Een Oprechte Boerendochter" baie gebore Afrikaners wat hulle van 'n vreemde taal bedien het sonder om na te dink oor die kwaad wat hulle daarmee gesaai het. Die Afrikaner het immers 'n mooi taal waarvoor niemand skaam hoef te wees nie. Is dit nie een van die gemaklikste skryftale nie? Klink "miss" dan mooier as "mejuffrou", en "so long" beter as "tot wedersiens?" Die Engelse sou hulle taal nooit só verwaarloos nie; selfs die "kaffers" het hulle eie taal gepraat. Dit is goed om ander tale te ken maar dan moet mens nie jou eie taal verstoot nie. Sy het derhalwe 'n beroep op haar "jonge Afrikaander zusters" gedoen om as toekomstige moeders ernstig op hierdie saak te let en daaroor te besin en sy het die vraag

62. Ons Land, 3.1.1901: Brief van "Een Oprechter Boerendochter."

gestel of die Afrikaner die afgelope veertien maande nie genoeg durc lesse geleer het om uit sy slaap te ontwaak nie. Een van die besware wat gewoonlik geopper word wanneer daarop aangedring word dat korrespondensie in Afrikaans gevoer moes word, was dat dit gouer gegaan het om van Engels gebruik te maak maar dit was juis die geval as gevolg van 'n gebrek aan oefening.[63]

Hoewel dit as gevolg van die oorlogsomstandighede nie moontlik was om 'n grootskaalse veldtog onder die Afrikaners te organiseer om hulle taal te handhaaf nie, moes die saadjie wat in Wellington gesaai is, tog aan hulle gewete geklop het er is hulle daarvan bewus gemaak dat dit tog nie 'n onmoontlike taak was om jou in daardie taal uit te druk nie, soos hierbo getuig is deur die vriendin van "Een Oprechte Boerendochter."

Die oorlog het die Kaaplandse Afrikaner dus positief bewus daarvan gemaak dat hy 'n taak het ten opsigte van die handel en van sy taal. Hoewel die Britte die totstandkoming van Afrikaanse sakeondernemings en die boikot van Engelse handelaars veroordeel en as dislojale optrede beskou het, is dit te betwyfel of die optrede van die Afrikaner in hierdie verband uit wraaksug gebore was. Inteendeel het die oorlog en die omstandighede wat daaruit voortgespruit het sy oë geopen en die Afrikaner tot die besef gebring dat hy nie kon toelaat dat hy nie 'n aandeel in die handel van sy eie land het nie.

63. Ibid.

'n Inligtingsbeampte wat Ceres besoek het, was waarskynlik nie ver van die kol af nie toe hy verklaar het:-

> "They will try and have their own shops, butcheries, clerks and all must be of those who did not side with the English during the war. In this respect they say the war did a great amount of good, it showed to them where to draw the line, whom to trust and support."[64]

Daarbenewens kan dit seker aanvaar word dat die boikot van die besighede van volksvreemde persone in die reël instinkmatig, spontaan en as 'n natuurlik reaksie plaasgevind het. Inderdaad het V. Sampson, L.W.V., vir Albanie tereg verklaar:- "nobody could make him believe that after a civil war there would be no boycotting."[65]

Nietemin blyk dit duidelik uit die mosie wat te Graaff-Reinet aanvaar is dat die Afrikaner eintlik net daarvoor gepleit het dat die Afrikaner sy mede-Afrikaner moet ondersteun, 'n reg wat hom sekerlik nie ontsê kon word nie maar wat so 'n knuppel in die hoenderhok was en wat soveel senuweeagtigheid in die Engelse pers veroorsaak het, dat hulle die begeerte van die Afrikaner om 'n aandeel in die handel van sy eie land te hê as 'n moedswillige boikot beskou het en hom as dislojaal uitgemaak het.[66] Hoewel die moment miskien sielkundig nie daarvoor geleë was nie, is die Kaapse Afrikaner uit sy eeuelange slaap wakker geskud en kon hy homself begin afvra waarheen hy op pad is.

64. H.C. 54: General Report on Ceres Road, s.d., maar volgens 'n aantekening op die omslag op 27.8.1902 aan die Koloniale Kantoor gestuur.

65. Cape Hansard, 1.10.1902, kol. 358.

66. Middelandsche Afrikaander, 28.8.1900: Hoofartikel.

# HOOFSTUK X.

## AFRIKANER-VERLANGE NA VREDE.

Nadat die Kaaplandse Afrikaners alles in hulle vermoë gedoen het om die oorlog te voorkom, te pleit vir die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke by wyse van vergaderings, kongresse en deputasies en deur selfs die wapen op te neem om in die geledere van die Boeremagte teen hulle eie soewerein en owerheid te veg,[1] het dit egter spoedig geblyk dat, veral nadat Bloemfontein en Pretoria reeds teen September 1900 in Britse hande was, 'n verlore stryd gestry word wat onverbiddelik op 'n Britse oorwinning sou afstuur. Dit is daarom nie bevreemdend nie dat verskeie stemme van Afrikanerkant, van binne en van buite Kaapland opgegaan het dat die stryd en die daarmee gepaardgaande bloedvergieting en vernietiging van eiendom, liewers gestaak moes word.

So het Melius de Villiers, die voormalige hoofregter van die Vrystaat en broer van die Kaaplandse hoofregter wat hom na die besetting van Bloemfontein in Kaapland gevestig het, by ds. G.A. Maeder van Victoria-Wes gepleit dat die tyd aangebreek het, om, in belang van die Afrikaners, 'n einde aan die oorlog te maak. Hoeseer hy ook al prys gestel het op die onafhanklikheid van die Vrystaat, was dit 'n vasstaande feit dat die stryd 'n verlore een was. Dit sou dwaas wees om enige hoop op inmenging deur 'n buitelandse moondheid te vestig want dit sou nie gebeur nie. Daarbenewens kon die

1. Vgl. hoofstukke III - V.

Vrystaters nie langer as vegtende eenhede beskou word nie maar was hulle eerder rondswerwende bendes wat nie omgegee het hoeveel lyding en ruïnering hulle deur hulle optrede vir hulle mede-landgenote veroorsaak het nie. Inteendeel het elke dag waarmee die stryd verleng is, die lyding en ontbering al groter gemaak.

Reeds nadat lord Roberts Bloemfontein beset het, het De Villiers ingesien dat verdere verset nutteloos sou wees omdat voortsetting van die stryd nie net die ruïnering van die land sou beteken nie, maar uiteindelik ook die algehele verlies daarvan. Daarom het hy dit jammer gevind dat pres. Steyn nie wou kopgee toe hy deur ds. Kriek (voorletters onbekend) van Bloemfontein, "soos 'n profeet van ouds", versoek is om liewers die stryd gewonne te gee nie. Steyn se standpunt was, "better be a ruined country than no country at all."[2]

Sedert hy hom in Kaapland gevestig het, het De Villiers ook etlike wanopvattinge by die Kaaplanders gevind oor die moontlike verloop van die oorlog. Baie Kaaplanders het byvoorbeeld geglo dat die Britte Pretoria nooit sou verower nie en dat hulle nie wou glo hoe noodlottig die voortsetting van die stryd sou wees vir die Afrikaners noord van die Oranje nie.

De Villiers het ds. Maeder derhalwe gevra om al sy invloed te gebruik om die oorlog tot 'n einde te kry. Hy het aan die hand

2. Cd. 547, pp. 15-16: M. de Villiers, Paarl - Ds. G.A. Maeder, Victoria-Wes, November 1900.

gedoen dat die predikante hulle dienste behoort aan te bied om president Steyn en die ander Boereleiers te oorreed om die stryd te staak. Daar behoort aan die leiers se verstand gebring te word dat lyding en ontbering daagliks groter word en dat dit gekkigheid was om te glo dat 'n buitelandse moondheid sou inmeng. Indien hulle dan nog nie die stryd wou staak nie, "they must be madmen." Hy het uit die diepte van sy hart gehoop dat van die predikante bereid sou wees om na die noorde te gaan om aan die burgers die ware toedrag van sake te verduidelik, "and ask them in heaven's name to desist... It may go against their grain to urge our people to yield, but it seems to me a plain duty." [3]

'n Persoon wat met al die krag waaroor hy beskik het by die Kaaplandse Afrikaners gepleit het om van hulle kant alles in die werk te stel om die oorlog te beëindig was ongetwyfeld ds. H.E. du Plessis van Lindley.[4]

Ds. Du Plessis het reeds op 1 Junie 1900 te Lindley 'n eed van getrouheid aan die Britte afgelê en hy het sedertdien tuisgebly omdat hy daarvan oortuig was dat die stryd hopeloos was en dat die voortsetting daarvan niks anders sou beteken as die ondergang van die land en volk nie. Ter wille van die toekomstige opbloei van die land en volk, was hy derhalwe oortuig dat die tyd aangebreek het om die wapen neer te lê en te erken dat hulle oorwin is. "Ik geloof niet dat ware patriotisme daarin bestaat dat men de welvaart van het volk stijfhoofdig moet opofferen aan een roekelooze voortzetting van de stryd om de onafhanklikheid van het land te behouden." Juis daarom kon hy die standpunt van die

3. Ibid. Twee predikante wat gedoen het wat De Villiers bepleit, was di. J.F. Botha en C. Murray, maar albei het by pres. Steyn en by genl. De Wet 'n bloutjie geloop - Vgl. pp.308-310 hierbo.

4. Vgl. Cape Times, 12.2.1900: Ope brief aan die Kaaplanders. Die brief is van soveel belang beskou dat die Cape Times dit onvertaald gepubliseer het.

predikante in Kaapland, wat hulle indirek beywer het vir die volharding van die stryd, nie begryp nie. Hulle moes of onbekend gewees het met die ware toestande, of, "er heerscht onder hen een treurigen verbinding."[5]

Daarbenewens het die strydmagte van die Republieke reeds ernstig verswak weens oorgawe, gevangeneming en sneuweling en was hulle nie teen die oorweldigende getalle van die Britse leër bestand nie. Die gevolg hiervan was dat die Republikeine sedert die anneksasie van die Republieke nie veel hond haaraf kon maak nie, behalwe om hier en daar dorpies te beset wat deur die Britte verlaat is, of waar die garnisoen te swak was om weerstand te bied. Sulke gebeure was van geen strategiese belang nie, inteendeel "men is aan't vluchten geweest sedert de inname van Bloemfontein, en men vlucht nog."[6]

Inderdaad is die kommando's in kleiner bendes verdeel wat op die vee en eiendom van diegene wat die wapen neergelê het geteer het, en wat hierdie persone met die dood gedreig het as hulle sou weier om weer die wapens op te neem. Daarbenewens is die dokters en die Rooikruis van vervoermiddels en ander benodigdhede beroof, en "het is geen beschaafd oorlog voeren meer aan de kant der burgers."

Om sy bewering te staaf, het die Dominee "met een bloedend hart" die verhaal vertel van een van sy diakens, G. Muller, wat ongeveer veertien dae tevore brutaal mishandel is. Hy het

5. Cape Times, 12.2.1901: Ope brief van ds. H.E. du Plessis.

6. Ibid.

vyf-en-twintig houe met 'n stiegriem ontvang omdat hy 'n skrywe van 'n lid van een van die lede van die Vredeskomitee[7] waarin om oorgawe aangedring is in sy besit gehad het. Ook het hy vertel van Andries Wessels en J. Morgendaal wat met medewete en goedkeuring van die militêre owerheid van Kroonstad na die Vrystaatse kommando's gegaan het om met hulle oor oorgawe te onderhandel. Beide is gevange geneem en Morgendaal is nog voordat hy verhoor kon word dodelik deur kommandant Froneman verwond, terwyl Wessels deur 'n krygsraad ter dood veroordeel en vier dae later tereggestel is. Op so 'n skandalige wyse is mense behandel "omdat zij uit liefde voor hun land en volk getracht hadden die te redden."[8]

Dit was nie vir ds. Du Plessis aangenaam om in dié trant te skryf nie, maar hy het hom verplig gevoel om vir die waarheid te getuig. Hy het nog nooit sy oë vir die ongeregtigheid van sy volk gesluit nie en die "leugengeest" wat in Kaapland binnegedring het, het hom erg bedroef. Skewe voorstellings van sake is dikwels gedoen en die bevolking in die duister gehou omtrent die werklike toestande. Hy het daarom 'n beroep op sy mede-predikante gedoen om die hou van kongresse en vergaderings te ontmoedig omdat die gees van rebellie en die voortsetting van die stryd daardeur gevoed word. Ds. Du Plessis het sy broeders in geen onduidelike taal betig nie: "Gij handelt

7. Vgl. p. 380 en verder hieronder.

8. Cape Times, 12.2.1901: Ope brief van ds. H.E. du Plessis.

in strijd met Gods Woord en Zijn weg. De strijd is hopeloos en zijne voortzetting zal het Afrikaansche volk al dieper en dieper in ellende dompelen. Gij vraagt my mischien, maar heb gij dan geen geloof? Is God dan niet almachtig. Kan Hij niet de sterke Engelsche macht in de handen van de twee zwakke Republieken geven? Mijn antwoord is: Ja, Hij kan het doen, indien Hij zou willen. In de Gods' regering is het niet alleen die vraag: wat kan God doen, maar ook wat wil Hij doen?" Dit is vir hom duidelik dat dit die wil van God is dat die Republieke hulle onafhanklikheid moet inboet; omdat dit dan so bepaal is, "in Gods eewige Raad, kunnen wij dan Gods wil veranderen?"[9]

Ds. Du Plessis was daarvan oortuig dat die Kerk sy roeping beter sou vervul deur die volk tot onderwerping aan die Britse Ryk aan te moedig, as om hulle aan te spoor om in 'n verlore stryd te volhard. Hy het geglo dat God die oorlog toegelaat het om die volk te louter en nie om 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n Republikeinse vlag daar te stel nie. Inderdaad het die maat van ongeregtigheid veral in Transvaal vol geword "en de tijd in Gods Raad aangebroken om de tuchtroede op te heffen en het volk te straffen." Dit was God se oogmerk om aan die geestelike ontwikkeling van die Afrikaners te arbei deur hulle voor Sy aangesig te verneder. Dié doel was egter nog nie bereik nie omdat die volk hom nog nie verneder het nie maar

9. Ibid.

volgehou het om hom te verhard. Om daardie rede sou dit vir die predikante veel beter wees om hulle liewer met geestelike bearbeiding as met politieke leiding besig te hou. Laat daar dan om vrede gebid word langs Gods weg en nie na eie sin nie.

Ds. Du Plessis was ook die mening toegedaan dat dit vir die Kaaplanders verbode was om die Republieke in hulle stryd te help, omdat dit strydig is met Gods Woord wat leer dat mens aan jou wettige owerheid onderdanig moet wees. Die "verkeerde" rigting wat die Kaaplanders gevolg het was, na die mening van ds. Du Plessis, te wyte aan onkunde omdat hulle, net soos die Republikeinse burgers, deur hulle leiers mislei is. Indien die waarheid bekend was, sou die meeste burgers reeds die wapen neergelê het. Daarbenewens was dit absoluut dwaas om te verwag dat Engeland ooit aan die Republieke hulle onafhanklikheid sou teruggee. Indien dit tog gedoen sou word, was die Republieke reeds in so 'n mate finansieel geknou dat hulle nie die administrasie daarvan sou kon behartig nie. Daarom het hy gesmeek: "Staat toch stil voor eenige oomblikken en denkt biddend na over de waarachtige belangen van het Afrikaansche volk en ziet of gij niet uwe richting moet veranderen, en het vuur des oorlogs uitblussen instede van aanwakkeren.

"Zoolang als gij op deze verkeerde wijze zympathie met de gewapende burgers toont, worden zij bemoedigd om te volharden in den strijd. En dit is ook een rietstaf waarop zij steunen, en onvertrouwbaar is wegens zijn materiële zwakheid."[10]

10. Ibid.

Hoewel dit moeilik sou gaan om 'n meer oortuigende uiteensetting as dié van ds. Du Plessis te vind van die dwaasheid om die oorlog voort te sit, hetsy deur die burgers van die Republieke of deur die hulpverleners uit Kaapland, het die Kaapse predikante sy bewerings egter nie sonder meer vir soetkoek opgeëet nie. Sy argumente is deur "Mikros",[11] klaarblyklik 'n predikant, doeltreffend weerlê. Hy het die argumente dat dit teen die wil van God was om die stryd voort te sit, dat dit 'n hopelose stryd was en dat die Republieke die oorlog nie meer op 'n beskaafde wyse gevoer het nie geheel en al verwerp. Hy het onder andere daarop gewys dat languitgerekte oorloë soos die Tagtigjarige en die Dertigjarige[12] elders suksesvol gevoer is.

Hy het ds. Du Plessis gedaag om bewyse te bring dat die Kaapse predikante daarvoor verantwoordelik was dat hulle die oorlog aangeblaas en die Republieke in hulle verset bemoedig het. Hy het dié beskuldiginge as vals verwerp en aan die Dominee gevra of sy geheue dan so kort was dat hy vergeet het dat dit juis die Kaapse Kerk was wat voor die uitbreek van die oorlog by die Hoë Kommissaris gepleit het om 'n vreedsame skikking. Het hy dan vergeet van die brief van die Moderamen van 30 Junie 1899 wat selfs aan die Koningin voorgelê is?[13] Het hy vergeet dat op 20 Augustus 1899, toe die Britse pers op oorlog aangedring het, en die Koloniale Sekretaris gesê het die uurglas loop leeg, gebede uit Kaapland opgegaan het waarin om die

11. Vgl. South African News, 16.2.1901: Brief van "Mikros".

12. Vgl. Hayes: a.w., pp. 210-216; kyk ook p. 365.
Die Dertigjarige oorlog (1618-1648) het die Tagtigjarige oorlog met die vrede van Wesfale beëindig.

13. Vgl. p. 45 hierbo.

afwending van die oorlog gevra is?[14] Het hy dan ook vergeet dat die dag toe oorlog verklaar is 'n skrywe van die Moderator uitgegaan het, waarin hy predikante gevra het om al hulle invloed te gebruik om te voorkom dat Kaaplanders iets doen of sê wat nie met hulle trou aan hulle Koningin sou strook nie?[15] In die lig van hierdie feite, "I for one, can afford to treat your insinuations with the contempt it deserves."[16]

Enkele maande later het ds. Du Plessis sy vorige oproep herhaal, hierdie keer by wyse van 'n ope brief aan die N.G. Kerk as geheel, te wete dié in Kaapland, Vrystaat en Transvaal. Hy het aan die hand gedoen dat die kerke gesamentlik 'n bemiddelaar moes aanwys om as tussenganger tussen die Britse Opperbevelhebber en die Boeremagte op te tree. Hy het weer eens daarvoor gepleit dat dit erken moes word dat Engeland die stryd gewen het en dat almal moes saamwerk in belang van die land as geheel, sonder dat die een seksie van die bevolking bó die ander bevoordeel word. Op daardie wyse sou die grense tussen die Engelse en Afrikaners afgebreek word en sou die twee rasse tot een saamsmelt. Die Afrikaners moes hulle vereenselwig met die Britse strewe en in broederlike liefde met hulle saamwerk en saamleef.[17]

In Engelse kringe is dié brief natuurlik verwelkom en die hoop is uitgespreek dat die Afrikaners en die N.G. Kerk daarvan

14. Vgl. pp. 46 e.v. hierbo.
15. Vgl. p. 2?6 hierbo.
16. South African News, 16.2.1901: Brief van Mikros.
17. Cape Times, 9.7.1901: Ope brief van ds. H.E. du Plessis.

kennis sou neem. Vanweë sy pogings om die Kaaplandse Afrikaners te beïnvloed om by die onvermydelike te berus het die Dominee trouens die dank en waardering verdien van almal wat vrede in Suid-Afrika begeer het. Die Kerk behoort dus sy invloed te gebruik om vrede te bewerkstellig omdat daar genoegsame getuienis was dat die Britse owerheid vasberade was om die oorlog tot die bitter einde te voer en nie die vrede in Suid-Afrika in gevaar sou stel deur die oorlog voor die tyd te beëindig nie. Die strydende partye moes dus oortuig word dat dit nodeloos was om die oorlog voort te sit omdat, "even the most convinced opponent of war must admit that its results are now beyond question, and that the only basis for the future prosperity of South Africa is a loyal acceptance of them. The responsibility for present and future sufferings rests not upon the British Government, but upon those who could, but will not, assist in arresting them."[18]

Ds. Du Plessis is ook gelukgewens met sy oproepe, veral omdat hy "is actuated by the purest and most philantropic motives in his appeal to the Dutch Reformed Church of South Africa." Omdat hy bekend was as 'n eerbare en simpatieke heer en hy die karakter van die Boer deur-en-deur geken het, behoort die Kaaplandse Afrikaners ernstig van sy oproep kennis te neem. Die waarheid wat uit sy oproep gespreek het mag bitter wees en seermaak, maar dit was veel beter om liewers die bitter waarheid in die oë te staar as om in 'n selfmoordbeleid te volhard.

18. Cape Times, 10.7.1901: Hoofartikel.

Almal het geweet dat dit vernederend was om oor te gee maar wanneer dit die verstandigste en mees eerbare weg was om te volg, sou die vernedering nie so erg wees nie. Dit was by ds. Du Plessis 'n saak van groot erns dat sy landgenote nie verder moes ly nie en dit is daarom die plig van die Kerk om die einde aan die ontberinge en lyde te verhaas. As die predikante gehoor sou gee aan die oproep, die feite in die gesig staar en die situasie as onbevooroordeelde christene benader, "this sad war will be a thing of the past three months hence."[19]

'n Ander Vrystater wat vrede probeer bevorder het deur onder andere hom tot die Kaaplanders te wend, was generaal Piet de Wet, broer van generaal C.R. de Wet, wat, nieteenstaande die feit dat hy hoë aansien as militêr geniet het, die stryd gewonne gegee het toe hy besef het dat die Republieke die stryd nie meer kon wen nie. Hy het saam met ander vooraanstaande Vrystaatse Afrikaners 'n Vredeskomitee te Kroonstad gevorm. Die komitee het, soos sy naam aandui, ten doel gehad om hom vir vrede te beywer.

As sekretaris van dié beweging het opgetree C.L. Botha en van die lede was, benewens generaal Piet de Wet, volksraadslede J.G. Fraser, Gideon van Tonder, P.M. Botha, M. Beukes, C.J. Cloete, C.J.B. Bornman, S. Viljoen asook die here P. Naudé, vrederegter, en J. Geldenhuis, 'n gewese aspirant volksraadslid.[20]

19. Cape Times, 10.7.1901: Brief van "A Colonial Dutch."

20. Cape Times, 13.5.1901: Nuusberig.

Hierdie komitee het hulle nie net tot die Vrystaat nie maar ook tot die Kaaplandse Afrikaners gewend met die versoek om mee te help om vrede te bewerkstellig. In 'n ope brief[21] aan die Kaaplanders het die komitee verklaar dat dit die plig van elke regdenkende persoon was om alles in sy vermoë te doen om 'n einde aan die uitgerekte en onnodige oorlog te maak. Die meeste van die plase is reeds in die Republieke afgebrand, feitlik al die vee is weggevoer en die skape wat nog oor was, was vrot van die brandsiekte. Om te ploeg en te saai was onmoontlik, die land is letterlik in 'n woesteny omskep en die plase is verlate. Die boere het feitlik alles wat hulle besit het verloor en ruïnering en hongersnood het hulle in die gesig gestaar. Al hierdie lyding is veroorsaak en vererger deur 'n klein koppige minderheid wat hulle nie by die onvermydelike wou berus nie. Die komitee het hom dus verplig gevoel om op die Kaaplanders 'n beroep te doen om te help om 'n einde aan hierdie ongelukkige toedrag van sake te maak.

Die komitee het sy dank uitgespreek vir die hulp en simpatie wat die Kaaplandse Afrikaners verleen het maar verdere aanmoediging van die manne op kommando om in die stryd te volhard kon alleen verdere ongeluk beteken. Die Republieke het hulle bes gedoen om te veg vir 'n Suid-Afrika onder 'n republikeinse vlag maar hulle het verloor. Aangesien Engeland vasberade was om die stryd end-uit te voer, was dit hulle plig om daarby te berus. Hulle kon eerbaar oorgee omdat die Boere dapper geveg het en daarom moes vir vrede gewerk word.

21. Vgl. Cape Times, 9.1.1901.

Net soos ds. Du Plessis het die komitee die Kaaplandse Afrikaners ook gewaarsku dat vergaderings soos die Worcester-kongres niks goeds vir die Republikeine sou inhou nie omdat dit die burgers onnodig bemoedig het soos geblyk het uit die tweede inval in Kaapland. Die mosies wat by dié kongres aanvaar is, het 'n valse hoop by die Republikeine gewek dat die Kaaplanders gereed was om hulle met die wapen by te staan. Om so 'n valse hoop te wek, was onbroederlik van die Kaaplanders. Omdat Engeland onherroeplik besluit het om die Republieke hulle onafhanklikheid te ontneem, moes die Kaapse Afrikaners die anneksasie daarvan as finaal beskou en moes hulle hul eerder vir vrede beywer en 'n ander kongres belê om afgevaardigdes aan te wys om met pres. Steyn en genl. De Wet oor 'n skikking met Brittanje te onderhandel. Dié twee here was die struikelblok tot vrede omdat hulle nog steeds tevergeefs gehoop het op buitelandse inmenging. Dié brief is onderteken deur P.D. de Wet, gewese Assistent-hoofkommandant, P.M. Botha, lid van die gewese O.V.S.-Volksraad, F.P. Naudé, D.H. Botha, gewese vrederegters, C.J. Cloete, C.J. Bornman, C.F. Minnaar (gewese Volksraadslede) en C.L. Botha (L.L.D.), sekretaris.[22]

Aan Afrikanerkant in Kaapland is hierdie brief flou ontvang en die voorstel dat die Kaaplandse Afrikaners op oorgawe van die Republieke moes aandring is as onprakties verwerp omdat niemand wat nog iets gehad het om voor te stry, onvoorwaardelik sou oorgee nie.

22. Ibid.

Inderdaad sou die Afrikaners gekke van hulle maak as hulle aan die oproep gehoor sou gee. In die brief van die Vredeskomitee is daar ook 'n mistasting, naamlik dat die stryd nie gegaan het om 'n republikeinse vlag oor die hele Suid-Afrika te vestig of om die onafhanklikheid van Kaapland te verkry nie; so iets was inderdaad nooit ter sprake nie.[23] Daarby is die taal wat De Wet in sy brief gebesig het dié van 'n opperste jingo. Die Kaaplanders het dit as ongelooflik beskou dat die broer van so 'n groot held en patriot, alle bande van bloed kon ignoreer en in só 'n trant kon skryf. As werklik bedoel word wat daarin gesê word, "we are face to face with men who in battle would betray the secrets of their own soldiers - men who would not scruple to strike the deadliest blow at their comrades should opportunity offers." Indien die oproep in ordentlike en bedaarde taal geformuleer was, kon nog daarna geluister word, maar omdat die Kaaplanders daarin beledig is, "(it) is not only a novel but to me a very painful experience."[24]

Daar is ook tereg gevra wat De Wet en sy geesgenote eintlik van die Britte wou hê. Hulle sou geen invloedryke posisies in die nuwe administrasie verkry nie; "so long as you serve their interests they will flatter you and make all possible use of you, but as soon as they have attained their purpose they will fling you aside." Dié mense kon werklik nie hulle mede-Afrikaners in die oë kyk nie en hiervandaan sou hulle met agterdog bejeen word.[25]

23. Het Oosten, 17.1.1901: Hoofartikel.

24. South African News, 19.2.1901: Brief van "South African."

25. South African News, 28.3.1901: Brief van S.C. Vilionel van Senekal.

Die Vredeskomitee het sake nie net by 'n geskrewe oproep gelaat nie, maar 'n deputasie bestaande uit generaal Piet de Wet en D.J.H. van Niekerk, bygestaan deur ds. H.E. du Plessis van Lindley, het na Kaapland gegaan om direk met invloedryke Afrikaners te onderhandel met die doel om die Afrikaners te beweeg om a) die leiers van die Republikeinse magte te ontmoet en hulle mee te deel dat hulle geen militêre hulp van die Kaaplandse Afrikaners moes verwag nie; b) om hierdie leiers te adviseer om die oorlog te laat vaar en c) om 'n deputasie uit die geledere van die Afrikaners aan te wys om dié taak te onderneem.[26]

As De Wet en sy ondersteuners gedink het dat hulle sukses sou behaal met dié sending, het hulle hulle deeglik misgis, en hulle moes onverrigtersake terugkeer. T.P. Theron, voorsitter van die Afrikanerbond, het geweier om die status van die komitee te erken of om enige onderhandelinge met hulle te voer, terwyl hulle ook by die predikante bloutjies geloop het. Ds. Andrew Murray het byvoorbeeld geweier om enigiets te doen tensy die Britse Regering die onafhanklikheid van die Republieke erken. Ook het die Moderator, ds. J.H. Hofmeyr, geweier om op 'n versoekskrif wat die deputasie aan hom gerig het, te antwoord.[27] As gevolg van hierdie onwrikbare houding wat die Kaapse Afrikaners ingeneem het, was die deputasie genoodsaak om druipstert terug te keer, en te erken, "that it is no use for them to hope vor any material assistance from this quarter" (dit is van die Kaaplandse Afrikaners).[28]

26. Cd. 903, p. 2: P.D. de Wet, D.H.J. van Niekerk, Royal Hotel, Kaapstad - Milner, 19.2.1901.

27. Cape Times, 1.5.1901: Nuusberig; vgl. ook Davenport, a.w., p. 232.

28. Cd. 903, p. 4: Milner - Chamberlain, 25.3.1901.

In Engelse kringe is van hierdie weiering van die Afrikanerbond om enigiets met De Wet en sy vriende te doen te hê gebruik gemaak om 'n giftige aanval op dié liggaam te loods.[29] So is beweer dat die Bond nog niks positiefs gedoen het om hom vir vrede te beywer nie. In plaas daarvan het hulle kongresse en vergaderings gehou wat die Republikeine vertolk het as 'n uitnodiging om Kaapland binne te val. Die houding wat die Afrikanerbond nóu by monde van sy voorsitter ingeneem het, het daarop neergekom dat hy gesê het: "I will not use my influence to promote peace - let the bloodshed continue." Die Afrikaners is daarom opgeroep om in die lig van die Afrikanerbond se slap houding en sy aanmoediging om die oorlog voort te sit, alle bande met daardie liggaam te verbreek. Die hoop is deur die blad uitgespreek dat daar na die oorlog 'n organisasie bestaande uit beide rassegroepe tot stand sou kom wat almal se belange op die hart sou dra en dat 'n ewigdurende vrede daarna op die grondslag van een verenigde volk sou heers.

Die negatiewe houding wat die Kaaplandse Afrikaners en by name die Afrikanerbond ingeneem het oor die beroepe om hulle vir die oorgawe van die Republieke te beywer, kan maklik begryp word as in gedagte gehou word dat die beroepe op hulle gedoen is juis in die tyd toe die Bond 'n deputasie in die persone van Merriman en Sauer na Engeland gestuur het om daar om vrede te pleit op die grondslag van die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke![30] Dit is dus ondenkbaar dat die Kaaplandse

29. Midland News, 2.5.1901: Hoofartikel.

30. Vgl. pp. 126 e.v. hierbo.

Afrikaners op hierdie stadium sou deelneem aan 'n veldtog wat op die onvoorwaardelike oorgawe van die Republieke sou neerkom, voordat minstens die uitslag van dié sending nie eers bekend is nie. In 'n hoofartikel het die Cape Times op hierdie teenstrydigheid tussen die Vrystaatse en Kaapse vredespogings gewys, maar kon dit natuurlik nie nalaat om die poging van die Kaapse Afrikaners te veroordeel as 'n onbegonne taak nie; "never, we suppose was a mission conceived in which the futile results were so absolutely a forgone conclusion." Die Bondafgevaardigdes moes eerder 'n pelgrimstog onderneem het "to those parts of the ravage country where those who have the power of stopping the war are to be found;" maar die Bondsmanne het nog nie die aakligheede van 'n oorlog ervaar nie. Vanuit hulle gerieflike wonings het hulle die verloop van die oorlog dopgehou en hulle was gevoglik nie in staat om te besef wat oorlog werklik beteken nie soos wat die Vredeskomitee van Kroonstad wel besef nie.[31] Die Cape Times mag miskien nie ver van die kol gewees het nie, maar die feit bly staan dat die meerderheid van die Kaapse Afrikaners nog nie bereid was om die verlies van die onafhanklikheid van die Republieke sonder meer te aanvaar nie.

Desnieteenstaande was daar tog individuele Kaaplandse Afrikaners wat sterk daarvoor gepleit het dat die Republieke hulle onafhanklikheid moes prysgee en wat die Kaaplanders aangemoedig het om hulle gewig in te werp om dié doel te bereik. So het

31. Cape Times, 9.1.1901.

Carel J. van Zyl van Carnarvon daarvoor gepleit dat alle regdenkende mense die Britse Regering kragdadig in hierdie poging moes ondersteun omdat die inwoners van die Republieke niks te vrees gehad het nie vir "that grand old flag" waaronder die meeste Kaaplanders gebore is. Solank as wat die Republieke hulle onafhanklikheid behou, sou hulle 'n bedreiging vir die vrede in Suid-Afrika bly.[32]

Bykans 'n jaar later het Van Zyl sy beroep op die Afrikaners herhaal om dié vlag en die Regering te ondersteun, teen wat hy genoem het "de rovende Boeren." Hy het die Boere-leiers en die Afrikaanse koerante daarvan beskuldig dat hulle die Afrikaners mislei en belieg het betreffende die ware toestande met die doel om rassehaat aan te blaas en om rebelle te rekruteer.[33]

'n Ander persoon wat hom bekommer het oor die lotgevalle van die Republikeine en oor die ontberinge wat die oorlog meegebring het, was H.A. Fagan, voormalige burgemeester van Somerset-Wes. Hy was "of British descent, but practically a Dutchman."[34] In sy kommer het Fagan hom na ds. Andrew Murray gewend en hom daarop attent gemaak dat die noodkreet wat vanaf die Republieke opgeklink het al harder geword het en dat hoeseer mens ook die manne mag bewonder wat hardnekkig en dapper weerstand gebied het, "yet the heart burns sick when in the stillness of the night there comes borne to us the wail of the widow, the cry of the orphan, and the death rattle of the brave and strong..." Dit is dan dat hy homself afvra of dit nie God was wat met hom

32. Cape Times, 24.5.1900: Brief van C.J. van Zyl.

33. De Graaff-Reinetter, 11.4.1901: Brief van C.J. van Zyl.

34. Milner Papers, Vol. 39: Hutchinson - Milner, 10.3.1902 (F.K. 1138, p. 917).

gespreek het om op te staan om te doen wat sy hand mag vind om te doen in 'n poging om die oorlog te beëindig nie. Hy het geglo dat hoewel daar nog baie burgers in die veld mag wees wat nie daaraan sou dink om oor te gee nie, hulle dit miskien tog op aandrang van 'n vriend mag doen. Het die tyd nie aangebreek vir diegene wat die beleid van Chamberlain en Milner teengestaan het en wat die Republieke openlik of in die geheim gesteun het, om die werklikheid in die oë te staar en om as vriende te pleit vir die staking van vyandelikhede nie? Hy het nie vir een oomblik geglo dat die kommando's die dowe oor sou keer op so 'n pleidooi van hulle vriende wat alles in hulle vermoë gedoen het om binne die perke van hulle Britse onderdaanskap aan hulle hulp te verleen nie.

Fagan het dus voorgestel dat ds. Murray die inisiatief moes neem om 'n komitee te stig met die doel om uiteindelik 'n vergadering te belê van persone wat met die Republieke simpatiseer, maar wat van mening was dat vrede gesluit moes word, selfs ten koste van die onafhanklikheid van die Republieke. Dit was vir Fagan 'n saak van erns dat vrede so spoedig doenlik gesluit word om te voorkom dat haat vir baie dekades hierna nog sou seëvier. Hy het ds. Murray verseker dat baie Kaaplanders dieselfde mening as hy toegedaan was, maar dat hulle nie deur individuele optrede veel sukses kon verwag nie. Indien ds. Murray se naam egter aan so 'n optrede verbind was, sou die kanse op sukses soveel groter wees, juis as gevolg van die vertroue wat dan daarvan sou uitgaan.[35]

35. Milner Papers, Vol. 39: H.A. Fagan, Somerset-Wes - A. Murray, Wellington, 4.2.1902 (F.K. 1138, pp.919-922).

Ds. Murray het hom egter nie deur hierdie ietwat met sentimentbelaaide brief laat beïnvloed nie. Hy het Fagan naamlik meegedeel dat hoewel hyself ook baie bekommerd was oor die verloop van die oorlog en ook baie daaroor gebid het, daar te veel moeilikheid in die weg sou wees om sy voorstel te laat slaag. So was daar byvoorbeeld 'n algemene gebrek aan kennis van die werklike toestande in die voormalige Republieke en ook sou die bestaan van krygswet, die hou van vergaderings en die voer van korrespodensie feitlik onmoontlik gemaak het. Dit sou derhalwe baie moeilik wees om 'n byeenkoms soos deur Fagan in die vooruitsig gestel, te reël. Daarby was daar ook nie duidelikheid oor die aard van die voorstelle wat aan die vegtende partye gemaak moes word nie. Daar kon inderdaad nie veel meer gedoen word as om na God op te sien en op Sy genade te hoop nie. Daarbenewens was Theron, die voorsitter van die Afrikanerbond, met wie hy oorleg gepleeg het, ook van mening dat daar te veel probleme in die weg sou wees om so 'n koers te volg.[36]

Ten einde blykbaar op die bedenkinge van ds. Murray te kon antwoord, het Fagan die korrespondensie aan die Goewerneur voorgelê en hy het hom ook gevra of daar nie iets gedoen kon word om die oorlog te beëindig nie. Op 'n vraag of ds. Murray hom mag kom spreek indien nodig, het die Goewerneur geantwoord dat dit hom vrystaan om dit te doen, maar dat hy niks te sê gehad het oor oorlogsbeleid nie; dit is 'n saak vir Chamberlain en Milner. Die kommando's, insluitende die rebelle, moes

36. Milner Papers, Vol. 39: A. Murray - H.A. Fagan, 7.2.1902 (F.K. 1138, pp. 923-924).

egter onvoorwaardelik oorgee en daarna hulle hoop op die genade van Brittanje vestig.[37]

'n Ander persoon wat die oorgawe van die Republieke bepleit het, was iemand wat homself "Africanus" genoem het. Hy het 'n beroep op die Afrikaners gedoen om hulle te besin oor hulle simpatie met die Republieke. Volgens eie verklaring was hy 'n Afrikaanssprekende, wat egter nooit enige simpatie met die Republieke gehad het nie. Dit moes vir elke regdenkende persoon duidelik gewees het dat die Here die land skerp aanspreek. Ook moes dit duidelik gewees het dat die begeerte wat baie Afrikaners gekoester het dat Engeland die oorlog moes verloor, teen die wil van God was en dat die Afrikaners met hulle volharding om die oorlog aan te moedig, die fondamente van hulle eie ondergang gelê het. In hierdie donker dae was die stem van God duidelik: "Waarom vervolg jy My?" maar die Afrikaners was te trots om gehoor daaraan te gee. Baie wonings is al afgebrand, dorpe vernietig, terwyl weduwees, wese en vriende getreur het oor dierbares en baie totaal verarm is: hierin moes die hand van God gesien word maar daar was geen teken van verootmoediging nie. Hoewel dit al laat was, was dit nie te laat om boete te doen vir dade van dislojaliteit en rebellie nie.[38]

37. Milner Papers, Vol. 39: Hutchinson - Milner, 10.3.1902 (F.K. 1138, p. 917). Geen getuienis kon gevind word of die tweegesprek tussen Fagan en ds. Murray voortgesit is nie. Blykbaar is die saak daar gelaat. Die einde van die oorlog was egter nie meer ver nie.

38. Cape Times, 4.3.1902: Brief van "Africanus."

'n Skerpbewoorde protes teen die voortsetting van die oorlog is afkomstig van 'n ander naamlosė briefskrywer. Sake het sover gevorder dat hy nie meer langer kon swyg nie want hy het gesien, "dat ons land en volk naar de maan gaat." Tensy die Afrikanerleiers ernstig daarteen waarsku, was hy bevrees dat 'n groot aantal Kaaplandse Afrikaners by die invallende Boeremagte sou aansluit. Maar waar is ons voormanne, het hy gevra. Hoekom waarsku hulle nie dat daar nie by die invallers aangesluit moes word nie en waarom waarsku hulle die Kaaplanders nie om lojaal te bly nie? Deur te swyg, het hulle die Afrikaners stilswyend aangemoedig om die "verkeerde pad" in te slaan. Hy het die leiers daarvan beskuldig dat hulle die Afrikaners in die duister gelaat het. Hulle was nie daar om te waarsku dat die Afrikaners hulle nie deur sentiment moes laat wegvoer nie, maar dat hulle eerste plig was om aan hulle vrouens en kinders te dink.

Hy het daarom 'n beroep op die Afrikaners gedoen om die vyand soos een man te laat verstaan dat hulle niks met hulle te doen wou hê en hulle onder geen omstandighede sou bystaan nie. Deur stil te bly het die leiers die Afrikaners 'n groot onreg aangedoen en hulle sou medepligtig staan aan die ondergang van die Afrikaanse volk.[39]

Ook J. Fred. Siebert, 'n gewese amptenaar van die Vrystaat wat hom intussen te Swellendam gevestig het, het 'n ernstige beroep op die Kaaplandse Afrikaners gedoen om hulle invloed te gebruik

39. Midland News, 31.1.1901: Brief van "Een loyale Hollandsche Africander."

om 'n einde aan die oorlog te maak. Die feit moes in die oë gestaar word dat die Republieke die stryd verloor het. Daarbenewens kon die burgers in die veld nie meer as verteenwoordigers van die Republieke beskou word nie maar was hulle niks anders as avonturiers en rebelle nie. Die ongeveer 16 000 krygsgevangenes was die eintlike grondbesitters en hulle het die room van die inwoners van die Republieke verteenwoordig. Hierdie gevangenes het, volgens Siebert, die futiliteit van die oorlog besef en hulle het na vrede uitgesien.[40]

L.J. Coetzee van Philipstown was eweneens van mening dat die oorlog lank genoeg geduur het en dat die tyd aangebreek het dat die Kaaplandse Afrikaners moes trag om hulle vriende in die Republieke te oorreed om die stryd te staak. Iets moes, syns insiens, gedoen word om te verhoed dat Suid-Afrika en sy mense ondergaan. Hy het aan die hand gedoen dat 'n konferensie op 'n sentraalgeleë plek gehou moes word om op 'n plan van optrede te besluit.[41]

Hierdie vredesoproepe is van harte deur die Kaaplandse Engelse pers verwelkom, omdat dit nie alleen sou help om 'n openbare mening onder veral die Afrikaners te skep ten gunste van die beëindiging van die oorlog nie, maar, wat veral belangrik is, dat dit die kern mag vorm, "around which may gather the feelings of loyal adhesion on which we shall have to depend

40. Cape Times, 18.5.1901: Brief van J.F. Siebert.

41. Cape Times, 26.3.1901: Brief van L.J. Coetzee.

in reconciling the late Republicans to the new order of things."[42]

Dat daar 'n aansienlike deel van die Kaapse Afrikaners was wat 'n sterk begeerte gekoester het dat die oorlog liewers beëindig moes word, is dus waar. Juis om hierdie rede kon die Engelse pers nie nalaat om nog verder druk op die Afrikaners uit te oefen om hulle vir vredesluiting te beywer nie, veral omdat die vraagstuk van Britse opperheerskappy reeds finaal deur die wapen besleg is en dit geen nuttige doel sou dien om met 'n oorlog voort te gaan waardeur die Afrikaner-ras met uitdelging bedreig is nie. Om dus verdere nodelose bloedvergieting te voorkom is dit aan die Kaapse Afrikaners voorgehou dat dit hulle plig was om hulle kragte onvoorwaardelik in te werp "on the side of peace and social reconstruction." Indien hulle dit nie doen nie, sou hulle die rampspoedige gevolge moes dra wat uit 'n voortsetting van die oorlog sou spruit en hulle moes dit in gedagte hou dat dit juis hulle sou wees wat die ergste daaronder sou ly.[43]

Diegene wat vredesluiting met Brittanje voorgestaan het, het, behalwe vir sporadiese oproepe in die pers, nie die geleentheid gehad om openlik in die openbaar uitdrukking aan hulle gevoelens te gee nie. Hierdie leemte is deur Louis Abrahamson, L.W.V. vir Kaapstad, raakgesien. Hy was van mening dat indien die geleentheid geskep kon word waardeur hierdie mense kragdadig kon optree, dit nie alleen 'n effektiewe morele uitwerking op

42. Cape Argus, 25.2.1901: Hoofartikel.

43. Cape Times, 23.11.1901: Hoofartikel.

die Afrikaners en op die strydende Boerekommando's sou hê nie, maar dit sou ook die gematigdes afskei van die onversoenbares wat onder geen omstandighede aan die Britte wou oorgee nie. Hy het geglo dat sodra so 'n skeiding bewerkstellig sou wees, sou die skeiding al groter word en kon alleen goeds daaruit gebore word. So 'n optrede sou egter uiters versigtig van stapel gestuur moes word sodat dit moes lyk asof dit spontaan uit Afrikanergeledere na vore gekom het. Die Regering of politieke partye sou dus nie 'n hand in hierdie saak kon hê nie, maar dit sou moes kom van invloedryke Afrikaners, wat egter nie politici kon wees nie. Abrahamson het gemeen dat hy in staat sou wees om so 'n "spontane" vredesberoep te organiseer, maar voordat hy dit doen sou hy baie graag eers wou weet wat die Hoë Kommissaris, lord Milner, van sy planne gedink het.[44]

Milner het dié plan toegejuig, omdat openbare verklarings, veral van gewese Bondslede ten gunste van die aanvaarding van 'n Britse oorwinning oor die Republieke, van vriendelike samewerking met die Britte en van 'n veroordeling van die vorige beleidsrigtings van die Bond wat gemik was op die vervreemding van die twee Blanke rassegroepe, van groot waarde sou wees. Hy het ook geglo dat dit nie wys sou wees om navraag te doen na die motiewe van die manne wat sulke verklarings maak nie, of om te noulettend op hulle verlede in te gaan nie. Baie van hulle sou uit eie belang bereid wees om sulke verklarings te maak, "but I do not know why we should refuse any genuine

44. Milner Papers, Vol. 74: Louis Abrahamson, Rondebosch - Walrond, Private Secretary to Lord Milner, 19.11.1901 (F.K. 1163, pp. 1135-1138).

support because prompted by self-interest." Die toets was nie waarom voormalige Bondsmanne bereid was om 'n ander deuntjie te sing nie, maar of hulle vertrou kon word om by hulle nuwe siening te bly. Diegene wat vertrou kon word, moes dus aangemoedig word om in die openbaar standpunt in te neem, maar so 'n beweging moes "spontaan" geskied: "it would be of little use if it were engineered or capable of being represented as engineered by the Government."

Milner het gemeen dat dié beweging 'n duidelike skeiding tussen die lojaal- en minder-lojaalgesinde Kaaplanders teweeg sou bring. Hy was daarom jammer dat die Britse beleid in Kaapland nie onderskeid tussen dié twee seksies gemaak het nie en dat albei seksies ewe swaar onder krygswet, wat eintlik vir die geheime of openlike vyand bedoel was, moes ly. Die voorgestelde beweging sou dus alleen slaag as diegene, wat die moed het om weg te breek, sou vind dat die owerheid bereid is om erkentlikheid te betoon teenoor hulle nuwe gedrag en dat hulle daardeur bevoordeel sou word.

Om te kon slaag het Milner geadviseer dat Abrahamson sistematies te werk moes gaan en eers die steun van die Kaapse Goewerneur, sir Walter-Hely Hutchinson, moes verkry. Hy het aan die hand gedoen dat name van Afrikaners wat sou saamspeel aan die Goewerneur voorgelê moes word, wat dit dan, via die Kaapse Opperbevelhebber, weer onder die aandag van die plaaslike militêre kommandante moes bring. Laasgenoemde kon dan vertroulik meegedeel word om die "bekeerde" Bondsmanne op so 'n wyse te behandel dat dit sou voorkom dat hulle die vertroue van die Regering geniet het en dat hulle dus op hulle beurt openlik

hulle vertroue in die Britse bewind kon bely. Dit was egter belangrik dat bekeerlinge versigtig gekies en van hulle bona fides seker gemaak moes word. Daarbenewens moes 'n houding wat vriendelikheid en vertroue inboesem teenoor hierdie persone ingeneem word. Dit sou geen doel dien om navraag na die motiewe van die bekeerlinge te doen nie; "if we want to bind men to us for the future we must try to forget and to make them forget, that they have been on the other side."[45]

Abrahamson het Milner se wenke opgevolg en sonder moeite die steun van die Goewerneur en van die prokureur-generaal, sir James Rose Innes, verwerf, wat albei geesdriftig oor die saak was.[46] Abrahamson was van mening dat die beste manier van optrede sou wees om in elke distrik die aktiewe steun van een of meer vooraanstaande Afrikaners te verkry. Hulle moes voormalige Bondsmanne wees, maar nie Parlementslede nie. Hierdie persone sou dan op hulle beurt verantwoordelik wees om in hulle omgewing verdere bekeerdes te werf. Self het hy (dit is Abrahamson) op die agtergrond gebly maar hy het 'n verklaring opgestel waarin 'n rekruut sy lojaliteit moes bely en rebellie asook die beleid van die Afrikanerbond moes afkeur. Slegs gewese Bondsmanne of diegene wat die Bond simpatiekgesind was, sou gevra word om die verklaring te onderteken. Sorg sou ook gedra word om slegs diegene wat 'n leidende posisie in die betrokke distrik beklee het, vir daardie doel te nader. Die bywoners en armer klasse is nie

45. Milner Papers, Vol. 74: Milner - L. Abrahamson, 26.11.1901 (F.K. 1163, pp. 1130-1134).

46. Milner Papers, Vol. 74: L. Abrahamson - Milner, 5.12.1901 (F.K. 1163, pp. 1139-1140).

hierby ingereken nie omdat hulle nie oor groot invloed beskik het nie. Die plan was om wanneer 'n voldoende aantal persone dié verklaring onderteken het, 'n vergadering op 'n sentrale plek te belê waar afgevaardigdes van diegene wat geteken het kon byeenkom om 'n aantal mosies te aanvaar, "in the spirit of the address but somewhat more definite and more strongly worded."

Abrahamson het die hoop uitgespreek dat Milner nie sou dink dat die verklaring wat onderteken moes word te kleurloos was nie,[47] maar omdat die name van diegene wat dit sou onderteken gepubliseer sou word, sou die beoogde verdeling tussen die gematigde en onversoenbare Afrikaners onmiddellik bewerkstellig word. Sodra die verdeling eers geskep sou wees, sou dit vanself al groter word namate die wedersydse verwyte en

47. Die beoogde verklaring het as volg gelui: "Having heard that the Administration of Martial Law in the Colony has been taken over by the Colonial Government, and that the magistrates have been appointed vice-administrators we are anxious to avail ourselves of an opportunity to assure you that we will do all in our power to co-operate with them, feeling assured that they will carry out the duties without fear or favour and extend fair and considerate treatment to the inhabitants of the districts under their jurisdiction.

We also wish to declare to you that we have absolutely no sympathy with the men who have risen in rebellion and joined the Commandos of the invaders of the Colony and have brought ruin and misery on the country and the people of their own race.

Further we wish to take this opportunity of declaring solemnly our loyalty to His Gracious Majesty the King and to assent that whatever may have been our sympathies in the past we now feel that the only salvation for the future of this Country is to condemn any policy that makes for the ascendency of any particular organisation, or race and only to uphold that policy which will give equal rights to all loyal white men irrespective of race or nationality." Sien Milner Papers, Vol. 74, Annexure: Abrahamson - Milner, 9.1.1901 (F.K. 1163, pp. 1146-1147).

beskuldigings tussen dié twee partye veld wen: "it is in a way similar to what is being done in the Transvaal and Orange River Colony where we accept the services of our former enemies who are willing to join us and fight against their own people."[48]

Abrahamson het sy eerste pogings om dié doelwit te bereik in die distrik van Wellington van stapel gestuur omdat hy gemeen het dat sukses in daardie distrik die moeilikste sou wees om te behaal. Die eerste persoon met wie hy gaan gesels het, was ds. Andrew Murray, aartsteenstander van die Britse beleid in Suid-Afrika. Hy het die Dominee gevra om in die belang van sy eie mense in Kaapland rebellie te veroordeel. Ds. Murray het ten sterkste ontken dat hy enigsins dislojaalgesind was, maar hy het geweier om aan Abrahamson se versoek te voldoen, hoewel hy in niemand se pad sou staan om na sy eie gewete op te tree nie. Nieteenstaande die gesindheid van ds. Murray het vier-en-veertig persone van daardie distrik die verklaring onderteken, waarvan die meeste óf aktiewe lede van die Bond was óf simpatiek teenoor die Bond gestaan het. Intussen is 'n dergelike veldtog ook in die distrikte van Paarl, Piketberg en Malmesbury geloods, terwyl hy ook van voornemens was om 'n aanslag op die Oostelike Provinsie en middelandse distrikte soos Cradock en Somerset-Oos te maak.

Abrahamson het egter moeite ondervind om vrywilligers te kry om hom te help en daarby het hy gevind dat die N.G. Kerk feitlik eenparig teen sy pogings gekant was hoewel enkele predikante tog bereid was om in die stilte te help.[49]

48. Milner Papers, Vol. 74: Abrahamson - Milner, 9.1.1902 (F.K. 1163, pp. 1141-1144).

49. Ibid.

In al die distrikte wat hy besoek het, het Abrahamson 'n onmiskenbare begeerte by veral die meer welaf en respektabele Afrikaners gevind om hulle lojaliteit op positiewe wyse uit te leef. Hulle was van oortuiging dat die beste beleid om te volg, was om lojaal te bly en hy het ook gevind dat hulle begerig was om op 'n openbare wyse te toon dat hulle aan die kant van die Britte was, dat hulle absoluut teen rebellie en invalle gekant was en dat hulle die beleidsrigtings van die Afrikanerbond laat vaar het. Hy het komitees uit die geledere van Afrikaners wat só voel, met goedkeuring van die plaaslike militêre owerhede, saamgestel in die distrikte Paarl, Wellington, Cradock, Somerset-Oos, Colesberg en Middelburg. Aan hierdie komitees is opgedra om handtekeninge te verkry van persone wat bereid was om die lojaliteitsverklaring te onderteken. Slegs grondeienaars sou toegelaat word om dit te onderteken, met die doel om bywoners uit te skakel.[50]

Abrahamson het gevind dat hy nie 'n maklike taak onderneem het nie. Afgesien van die opposisie van die Kerk en die Afrikanerbond, het hy dit jammer gevind dat baie van die ondergeskikte militêre beamptes, "in brief authority and khaki", van die geleentheid gebruik gemaak het om op ondiskriminerende wyse die lewe vir baie Afrikaners te versuur en so sy projek onskatbare skade aan te doen. Eweneens het dit hom teen die bors gestuit dat die Waaksaamheidskomitees, die pers en ander instansies skaamteloos gepleit het vir die onderdrukking van die Afrikaanse taal[51] omdat dit sy werk in die wiele gery het; "of course we

50. Milner Papers, Vol. 74: Abrahamson - Walrond, 14.2.1902 (F.K. 1163, pp. 1148-1151).

51. Vgl. pp. 237-241 hierbo.

all look forward to a policy the outcome of which will be its gradual elimination but shouting it from the house tops at the present time it strikes me is only to give a weapon in the hands of our enemies and the pro-Boer at home."

Abrahamson het gemeen dat die vergadering waarop afgevaardigdes van die sogenaamde bekeerlinge byeen kon kom, binne enkele weke gehou sou kon word,[52] maar as gevolg van die naderende einde van die oorlog het dit blykbaar nooit plaasgevind nie. Tog dui hierdie poging van Abrahamson daarop dat, hoe eerlik sy oogmerk ook al mag gewees het, die Britse elemente nie gehuiwer het om Afrikaner teen Afrikaner in te span en om die Afrikaner by wyse van verdeling van sy kragte lam te lê nie, terwyl die gedagte in die stilte gekoester is om sy taalregte te vertrap. Desnieteenstaande het sy pogings seker ook die verlange na vrede by baie Afrikaners aangewakker.

Wat ook die menings van individuele Afrikaners was, is dit seker onteenseglik waar dat elkeen na vrede gesmag het, hetsy ten gunste van die Republieke of ten gunste van Brittanje, want "de oorlog is iets vreeselijks en afschuwelijks." Dis juis om hierdie rede dat die Kaaplandse Afrikaners alles in hulle vermoë gedoen het om die oorlog af te weer want hulle het geweet dat 'n bloedige worsteling sou volg en dat die grond deurnat sou word met die bloed en trane van mense wat in vrede wou lewe.[53]

52. Milner Papers, Vol. 74: Abrahamson - Walrond, 14.2.1902 (F.K. 1163, pp. 1148-1151).

53. Onze Courant, 5.2.1900: Hoofartikel.

Dat die Kaapse Afrikaners tot in hulle siel ongelukkig gevoel het oor die oorlog en dat hulle na vrede gesmag het blyk daaruit dat hulle reeds ses maande na die aanvang daarvan in vertwyfeling gevra het of daar nie al genoeg roekelose vernieling plaasgevind het nie, of daar nie al genoeg onskuldiges in die tronk gestop en verneder is nie, of daar nie al genoeg christen-mense die ewigheid ingeslinger is nie en of daar nie al genoeg bitterheid gewek is nie. Saam met die Psalmdigter het hulle in ontroering uitgeroep: "Hoe lange! O, Heer." Daar moes vrede kom want alle skepsele in Suid-Afrika het om vrede gesug. Die broodwinners van duisende huisgesinne is afgemaai en in rou en ellende gedompel. Moes nog duisende dié lot deelagtig word? Vir watter doel dit alles? Daar is gemeen dat Engeland grootmoedig moes wees deur 'n vredesaanbod te maak. Deur die oorlog voort te sit sou die kloof tussen die Afrikaners en die Britte steeds dieper word en die gevoel bitterder. Indien Engeland tog later die Republieke oorweldig, sou dit geen glorieryke oorwinning wees nie.[54]

Reeds nadat die oorlog 'n jaar aan die gang was, het meer as een al besef dat die Republieke geen hoop meer gehad het nie. Hulle het hulle eer gehandhaaf, maar die feit moes aanvaar word dat hulle voor die meerderheid sou moes swig. Daarom is van Afrikanerkant 'n beroep op Brittanje gedoen om te erken dat 'n klein volk wat vir meer as 'n jaar lank die stryd teen die magtigste nasie ter wêreld kon volhou, verdien het om sy vlag en sy onafhanklikheid te behou.[55] Hulle het 'n vasberadenheid en volharding aan die dag gelê wat mens nie van die eenvoudige

54. Middelandsche Afrikaander, 12.4.1900: Hoofartikel.

55. Het Zuid-Westen, 29.10.1900; Hoofartikel.

Boere verwag het nie, maar hulle was tot ondergang gedoem. Die Republieke kon hulle egter daaraan troos dat hulle teen wil en dank die eerbied van Brittanje afgedwing het, maar hulle sou hulle deur bloed en trane verdiende onafhanklikheid moes prysgee. Die volksliedere sou voortaan as gewone liedere gesing word, maar dit sou, omdat dit so diep gewortel was in die lydensgeskiedenis van die Afrikaanse Boer, altyd "als een eenig portret van een ontslapene moeder of echtgenoot of kind een eereplaats in Afrikaander harten en huizen innemen." Omdat slegs 'n Godswonder die Republieke nog kon red, "laat ons stille zijn indien mogelijk en wachten op het heil des Heeren."[56]

Te midde van dié treurigheid is die Afrikaners gemaan: "houdt het hoofd fier omhoog als een volk, want de naam Boer is thans onsterflijk geworden en 't is eene oorzaak van diepe vreugde en een stof tot eewigen dank dat tot het geslacht der Africaanders te behooren. Een Fransche Koning riep eens uit op een slagveld, toe hij verslagen en selfs gevangen genomen werd: Tout Perdu fors 'honneur (alles is verloren behalve de eer), als het tot het ergst komt (hetwelk God verhoede) dan kunt gij nog de toekomst als mannen tegemoet gaan, want én als Britsche onderdanen én als Africaanders is uwe eer niet verloren, maar gehandhaaft."[57]

Die stryd was inderdaad verlore en hoewel die Republieke genoodsaak was om op 31 Mei 1902 hulle onafhanklikheid weg te teken, kan mens jou vereenselwig met Het Zuid-Westen dat 'n

56. Ibid., 29.10.1900: Hoofartikel.

57. Ibid., 31.12.1900: Hoofartikel.

eervolle vrede gesluit is en dat die gewese Republieke hulle daaraan kon troos dat hulle niks gehad het om voor te skaam te wees nie. Hulle kon ook weet dat sterflike mense niks meer kon gedoen het as wat hulle gedoen het nie en dat hulle hulle daarby moes berus om, na jarelange stryd om vry en onafhanklik te wees, weer Britse onderdane te word. "God regeer! God weet wat beste is. Alles is wel."[58]

Uit vele oorde het daar dus oproepe tot die Kaaplandse Afrikaner gekom om vrede te bewerkstellig en was daar by baie ook 'n outentieke verlange na vrede. Die oproepe was egter nie altyd welkom of tydig nie omdat die Kaaplanders getrag het om by wyse van deputasies, vergaderings en vertoë die onafhanklikheid van die Republieke te verseker. Terwyl van die Republieke self oproepe om vrede uitgegaan het, was al die Kaaplanders egter nie bereid om sonder meer die verlies van die onafhanklikheid van hulle mede-broers te aanvaar nie.

58. Ibid., 12.6.1902: Hoofartikel.

## HOOFSTUK XI.

## EPILOOG.

Teen die tyd toe die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het, was die Kaaplandse Afrikaner nie meer seker van sy identiteit nie en was die betiteling Afrikaner nie noodwendig uitsluitlik vir die Afrikaanssprekende gereserveer nie. Hierdie verskynsel was veral in en om die groter dorpe en stede merkbaar, waar die gelykmakende proses al so ver gevorder het dat enigeen wat Suid-Afrika liefgehad het daarop aanspraak kon maak dat hy 'n Afrikaner was:-

"En inderdaad, wie hij ook sij,
Waffer geloof hij ook belij,
En waffer taal hom onderskei,
Wat syn belange sij,
Wat ook sijn kleur, en wat ook sijn stand -
So lank as daar in sijn boesem brand
'n liefde vir sij land - ons land
'n "Afrikaander" is hij." [1]

Die oorlog het die Kaaplandse Afrikaner egter wreed wakker geskud en hom daarvan bewus gemaak dat hy nie bloot 'n naloper van die Britte was nie, maar dat hy in sy eie reg 'n eie identiteit het, dat hy 'n eie taal het wat vertroetel en gehandhaaf moes word, soos onder andere blyk uit die positiewe optrede van die Wellingtonse studente en skoliere, en uit die woorde van Lizzie van Niekerk in 'n brief aan haar broer: "As you can see I always write in Dutch now... it has taken us a

1. Ons Land, 1.7.1899: Gediggie van Janni.

long time to awake, but now we are wide awake... Man, our hearts are in the right place."[2]

Die Kaaplandse Afrikaner het ook daarvan bewus geword dat hy 'n agterstand op ekonomiese terrein gehad het en vir die eerste keer het hulle saamgespan om Afrikanerhandelshuise op koöperatiewe grondslag in etlike dorpe tot stand te bring, veral met die oog daarop om die Afrikaanse deel van die bevolking te bedien. Gepaardgaande hiermee het hulle spontaan hulle ondersteuning aan die ondernemings van volksvreemde instansies onttrek, en wel in so 'n mate dat hulle van boikot beskuldig is omdat die eienaars van hierdie ondernemings grootskaalse verliese gely het. In dieselfde asem het die Afrikaners ook hulle rug gekeer op hulle mede-landgenote wat met die Britte geheul het. Veral op die plattelandse gebiede was hierdie mense, wat seker ook hulle plig gedoen het volgens die lig wat hulle ontvang het, vereensaam en sosiaal uitgestoot. Al hierdie gebeure het daartoe meegewerk dat daar ongetwyfeld 'n sterker band onder die Afrikaners in Kaapland posgevat het en dat hy weer 'n keer, tewens die eerste keer in baie jare, homself kon afvra waarheen hy op pad was.

So kon J. van der Horst tereg opmerk, "that the war has made more Africanders than it will slay, and what is of more importance it has purified the spirit of Africanderdom,"[3] terwyl Fletcher-Vane vier maande na afloop van die oorlog

2. H.C. 53: Brief van L. van Niekerk, 29.5.1900, onderskep en vertaal deur die militêre owerheid, vgl. p. 364 hierbo.

3. C.O. 48/560: Artikel deur J. van der Horst in Students Quarterly, Mei 1900, p. 12 (F.K. 847, p. 500).

van 'n sesjarige seun op 'n vraag wie hy is, dié antwoord kry: "'Ik is een Boer'... nor could I either by cajolery or by threats, induce this young rebel to declare himself a British subject, even though a Boer."[4]

Die oorlog en die voorspel tot die oorlog, het die Kaaplandse Afrikaner met groot ontsetting en ontreddering vervul omdat dit hom in die grootste dilemma geplaas het waarvoor die Afrikanervolk seker nog te staan gekom het. Vir ongeveer honderd jaar was Kaapland reeds 'n Britse Kolonie en die inwoners daarvan Britse onderdane, terwyl hulle met vriendskaps- en bloedbande met die Zuid-Afrikaansche en Vrystaatse Republieke gebind was. Inderdaad, het generaal J.H. de Kock op 17 Junie 1899 te Paardekraal verklaar dat die Afrikaners vanaf Kaappunt tot by die Zambezirivier een groot familie is.[5]

Die meeste Kaaplandse Afrikaners het geen ander vorstin as koningin Victoria geken nie. Sy was vir hulle die simbool van die volmaakte vrou en moeder en daar was feitlik geen woning waarin daar nie 'n portret of foto van haar gehang het nie. Dat haar Kaapse onderdane, insluitende die Afrikaners, 'n groot liefde vir haar gekoester het blyk onder meer duidelik uit die geesdriftige wyse waarop hulle aan feestelikhede tydens haar verjaardae meegedoen het, maar dit het ook duidelik gespreek uit die droefheid wat oor die land neergedaal het toe die berig van haar dood ontvang is.[6]

4. Fletcher-Vane: a.w., p. 245.

5. Bell, F.W.: The South African Conspiracy, or the Aims of Africanderdom, p. 47.

6. Vgl. pp. 23-29 hierbo.

Juis vanweë hierdie groot liefde wat hulle teenoor hulle vorstin gekoester het en die wete dat hulle as Britse onderdane nie kant durf kies in die geskil tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek nie, het die Kaaplandse Afrikaners voor die uitbreek van die oorlog alles in hulle vermoë gedoen om die dreigende oorlog af te wend. Feitlik alle vooraanstaande Afrikaners het met die Transvaalse Owerheid gekorrespondeer en selfs deputasies het Pretoria besoek om vir 'n skikking te pleit.

Dit het ook duidelik geblyk dat dit vir die Kaaplandse Afrikaners nie so seer oor die meriete van die geskil met Brittanje gegaan het nie; al wat hulle teen elke prys verlang het, was dat daar nie gewapende geweld moes losbars nie. Om daardie rede het hulle selfs daarvoor gepleit dat president Kruger aan die Britse eise moes toegee, al sou die Transvaalse onafhanklikheid daardeur in die gedrang gebring word.

Dat die Kaaplanders só geredeneer het is in die lig van die situasie waarin hulle verkeer het, verstaanbaar. Hulle het besef dat Kaapland ook die toneel van oorlog sou word, dat hulle groot ontberinge daardeur sou ly, maar bo alles het hulle ook geweet dat hulle 'n keuse sou moes maak tussen die belange van hulle vriende, bloedverwante en kultuurgenote en hulle lojaliteit wat hulle as Britse onderdane teenoor hulle wettige Soewerein verskuldig was. Om daardie rede was hulle bereid dat die Zuid-Afrikaansche Republiek desnoods op vreedsame wyse sy onafhanklikheid prysgee, solank as wat hulle nie gedwing sou word om so 'n keuse te moes maak nie en hulle hulle rustig by hulle pastorale bedrywighede hoef te bepaal.

Nadat die oorlog werklikheid geword het, het die Kaaplandse Afrikaners egter 'n ander deuntjie gesing deur binne hulle konstitusionele posisie op kragdadige wyse die onafhanklikheid van die Republieke te verdedig. Kongresse is te Graaff-Reinet en Worcester gehou waartydens mosies aanvaar is waarin om die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke aangedring is; versoeningskomitees is in die lewe geroep wat dwarsdeur Kaapland vergaderings gehou het waarop dergelike mosies aanvaar is; die Afrikanervroue van Kaapland het ook dergelike vergaderings oor die hele land gehou, terwyl petisies aan die Britse Regering en die Koningin gerig is waarin aangedring is dat vrede gesluit en die onafhanklikheid van beide Republieke ondubbelsinnig erken word. Daarby is ook twee deputasies na Engeland gestuur met die doel om die ware feite van die Suid-Afrikaanse omstandighede omstandighede aan die Britse publiek mee te deel en om daarop aan te dring dat vrede gesluit word op die grondslag van die erkenning van die onafhanklikheid van die Republieke. Hoe waarderend mens ook al teenoor hierdie pogings mag staan, het dit te laat gekom en was die eise wat daarin gestel is onrealisties omdat die Britse Regering vasberade was om die Republieke hulle onafhanklikheid te ontneem. Daarbenewens het die Kaaplanders hulle die beskuldiging op die hals gehaal dat hulle deur hierdie optrede die Republikeine onnodig bemoedig het en dat dit selfs die direkte oorsaak van die tweede inval in Kaapland was. Aan die ander kant het die Kaaplanders gevoel dat hulle nie kon stilsit nie en dat hulle elke strooihalmpie moes aangryp om in belang van hulle "broers" op te tree.[7]

7. Die Kaaplandse Afrikaner het so sterk oor die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke gevoel dat hulle vertoë wat later deur Vrystaters soos generaal Piet de Wet en ds. Du Plessis van Lindley tot hulle gerig het om by die Boereleiers te pleit om oor te gee, geïgnoreer het. Kyk p. 372-387 hierbo.

Afgesien van voorgaande optrede was daar egter 'n hele aantal Afrikaners, in totaal ongeveer 12 000, wat bereid was om gewapenderhand hulle lot by die Republieke in te werp. Deur hierdie optrede het hulle die toepassing en administrasie van krygswet al swaarder op hulle mede-landgenote laat druk, terwyl hulle self ook nie ongestraf daarvan afgekom het nie.[8] Die optrede van die Afrikaners op hierdie wyse kan egter nie goedgepraat word nie, want as Britse onderdane was hulle gebonde aan hulle trou teenoor Brittanje en hulle Koningin. Daarby was die optrede van die invallers in hulle pogings om rekrute te werf nie bo verdenking nie. Misliedende stories van Boere-oorwinnings en Britse nederlae is aan niks-vermoedende en in baie gevalle ongeletterde Kapenaars opgedis waardeur hulle op valse wyse aangemoedig is om die getrouheid wat hulle aan die Kroon verskuldig is, in die gedrang te bring. Deur verowerde Kaapse gebiede tot Vrystaatse grond te verklaar en Kaaplanders dan te kommandeer om kommandodiens te doen, het by baie rebelle 'n valse gevoel van gerustheid oor hulle uiteindelike lot gewek, terwyl dit ook aan baie seker net daardie bietjie aanmoediging gegee het om die wapen op te neem.

Die feit dat die Republikeine doelbewus deur middel van minstens twee georganiseerde invalle rekrute in Kaapland gesoek het, (afgesien van ander militêre oorwegings om onder andere die oorlogstoneel oor so 'n groot moontlike area uit te brei) toon aan dat hulle nie werklik die dilemma besef het waarin die Kaaplandse Afrikaners hulle bevind het nie. Deur hierdie optrede het hulle daadwerklik daartoe bygedra om die

8. Vgl. Snyman: a.w.

tragiek van die Kaaplandse Afrikaner groter te maak en om sy lyding te vererger. Die Republikeine het nie altyd besef dat die Kaaplanders vanweë hulle Britse nasionaliteit gebonde was om getrouheid teenoor hulle Koningin te handhaaf nie. Om daardie rede het die wyse waarop elke Afrikaner sou optree, 'n gewetensaak geword wat elkeen vir homself moes uitspook. Die meerderheid Afrikaners het dus gemeen dat as hulle by wyse van lydelike verset, d.w.s. deur middel van vergaderings, proteste en deputasies, pleit vir die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke, hulle binne die raamwerk van hulle konstitusionele posisie hulle plig teenoor hulle noordelike bure nagekom het. Ons meen dat hierdie houding die korrekte was en dat as die Republikeine dit só sou ingesien het, daar vir die Kaaplanders veel minder ontberinge uit die oorlog sou voortgevloei het. Die Republikeine het egter gemeen dat bloed dikker is as water en dat hulle daarom op die aktiewe hulp van die Kaaplanders sou kon staatmaak. In hierdie verwagting moes hulle bepaald teleurgesteld gewees het, want na die aanvanklike geesdrif wat met die eerste inval gepaard gegaan het, was die aantal rekrute wat tydens die tweede inval gewerf is aansienlik minder en was dit ook duidelik dat die geesdrif vir aktiewe diens in Republikeinse geledere aan die kant van die Kaaplanders aansienlik verflou het. Hierby moet steeds in gedagte gehou word dat die Kaaplanders hulle nooit oor die reg of verkeerd van die Transvaalse saak bekommer het nie en dat hulle inderdaad onder die Britse vlag die grootste mate van vryheid geniet het wat hulle maar kon begeer. So het T.P. Theron na afloop van die oorlog namens die Afrikanerbond

verklaar: "They would never desire or allow, the ousting of the British flag from this Colony." [9] Dit het daarom, op hoe 'n wyse hy ook al opgetree het, by die Kaaplandse Afrikaner nie gegaan om Kaapland van Britse gesag te bevry nie, maar alleen om vir die onafhanklikheid van die Republieke te stry. Dis om daardie rede dat menige Afrikaner met verontwaardiging beskuldigings van dislojaliteit verwerp het; lojaliteit teenoor die Koningin en hulp aan die Boerekommando's, hetsy openlik of in die geheim,was vir die Kaaplanders naamlik nie onversoenbaar nie; of só het hulle altans hulle gewetes gesus. Een feit staan egter vas: die Kaaplandse Afrikaners het opgetree in die lig van hulle gewetensvoorskrif en het hulle offers gebring wat gelyk gestel kan word aan dié wat die Republikeine op die slagveld moes bring. Selfs dié wat met die Britte geheul het, het nie skotvry daarvan afgekom nie.

Geen enkele Kaaplander, hetsy Afrikaner of Engelssprekende kon aan die oorlog ontsnap nie en almal het dit op die een of ander wyse aan eie lyf ondervind. In die daaglikse lewe was almal in meerdere of mindere mate aan die bepalings van krygswet onderhewig en is die persoonlike vryheid waarop groot prys gestel is, erg aan bande gelê. Baie Kaaplanders is op plase en elders geïmobiliseer as gevolg van die feit dat feitlik alle perde en vervoermiddels vir militêre doeleindes gekommandeer was. Armoede, ellende en hongersnood het op uitgebreide skaal hoogty gevier, sodat menige Kaaplander reikhalsend

9. Cape Hansard, 2.10.1902, kol. 373.

na vrede uitgesien het. Selfs die Kerk en die Skool is nie gespaar nie en menige predikant is uit sy gemeente verwyder vanweë beskuldiginge dat hulle sedisie gepredik het. Voorwaar, die beker het so vol geword dat die Middelandsche Afrikaander reeds ses maande na die aanvang van die oorlog uitgeroep het: "Hoe lange! O, Heer."[10]

Inderdaad is dit nag vir die Afrikaanse volk, aldus dieselfde koerant, maar daar is ook vertroosting:- "Het Afrikaansche volk is nu in zijne wording. De weg gaat immer door lijden tot heerlikheid; door verdrukking tot verlossing. Hoe zwaarder de verdrukking hoe heerlijker de verlossing; hoe dichter de duisternis hoe schooner het licht!

"En toch in de duisternis zijn reeds lichtstraaltjes... Ons volk heeft nu geleerd dat het één volk is, en bezeft dat het moet deelen de een met den anderen in vreugde en smart. Voorheen volgen wij vreemde goden na... Doch nu zijn wij allen Afrikaanders en wij zijn er trotsch op. Nu is het mogelijk tot den Afrikaander te zeggen: Wees uzelven! Wij zijn één, en vereenigd kan er veel gedaan worden. Dat hebben wij aan de verdrukking te danken; de verdrukking heeft ons een gemaakt. Elke ware Afrikaande is er trotsch op het nu der wereld te verkondigen dat hij een lid is van dat verdrukt volk... er is een ander lichtstraal: de onbeperkte sympathie van alle beschaafde volken, met het lydend Afrikaansche volk. Laat de Jingo's zeggen wat zij willen, het feit staat als een eeuwigen rots, dat Engeland zich stinkende gemaakt heeft by alle beschaafde volken... Zoo zeker als de zon aan den hemel schijnt, zal Engeland de handelingen betreuren, maar als het te laat is.

10. Middelandsche Afrikaander, 12.4.1900: Hoofartikel.

"Neen wij wanhopen niet aan de toekomst. Het volkje hierheen overgeplant, zoolang beschermd en bewaard, uit zoovele doodsbenauwdheden reeds gered, zal niet nu verdelgd worden. Het gaat door lijden tot heerlijkheid. De toekomst is de onze."[11]

Ewe profetiese woorde is uitgespreek deur J. Page Hopps van Croyden in 'n pamflet wat hy na die oorlog gerig het aan die manne en vroue van die gewese Republieke en wat deur die perssensor onderskep is. Nadat hy sy bewondering uitgespreek het oor die heroïse wyse waarop die Republieke teen Brittanje weerstand gebied het, stel hy dit in die vooruitsig dat die instelling van 'n soewereine Parlement vir die hele Suid-Afrika nie meer véraf was nie, en sluit af:-

> "If so you or your children will see a Federation of Free States which may realise even your most romantic aspirations. We hope so, and we believe that history will repeat itself in the creation of another United states: The United States of South Africa.
> Not by the fields of battle will that be won, but by the steady growth of the great Democracy of free institutions and of a resolute Patriotism which no grasping hand from without will be able to deprive of their ideals."[12]

Uit die oorlog kon die Kaaplandse Afrikaners en inderdaad ook die Afrikaners in die verowerde gebiede dus moed skep met die wete dat die toekoms aan hulle kant sou wees. Inderdaad was dit so, maar Hopps sou egter nie die dag beleef waarop die Afrikaners se "most romantic aspirations", met die hulp van die Kaaplandse Afrikaners, op 'n heel ander manier as wat hy in gedagte gehad het, sowat sestig jaar later tot vervulling gekom het nie.

11. Ibid., 23.11.1900: Hoofartikel.
12. C.O. 48/563: Pamflet van J. Page Hopps, Croyden (F.K. 859, p. 383).

THE AFRIKANERS IN THE CAPE COLONY, 1899-1902: SUMMARY.

The outbreak of the Anglo Boer War was a crucial factor in the historical development of the Afrikaner population of the Cape Colony. The Cape Colony having been bound by traditional colonial loyalty to the British Crown for about a century, uncertainty was created in the minds of the Cape Afrikaners about their identity.

Diametrically opposed to their loyalty towards the British Crown, linguistic and cultural affinity engendered sympathy towards the inhabitants of the two Republics. The possibility of a war between the South African Republic and Great Brittain was therefore anticipated with grave apprehension. Every possible means of persuasion was employed to influence President Kruger to concede in granting franchise reforms as demanded by the British Government. It was, however, of no avail.

The Anglo Boer War therefore forced a choice upon the Afrikaner inhabitants of the Cape Colony. The majority remained loyal towards the Crown and was in favour of the defence of the independence of the two Republics by constitutional means. On the other hand, thousands actively joined the Republican forces as rebels. The ensueing declaration of martial law sorely tried the Afrikaners in the Cape Colony and the system caused numerous grievances.

Afrikaners in the Cape Colony who openly proclaimed their loyalty to the British Crown, were not only socially discriminated against by Afrikaner sympathisers with the

Republican cause, but actually subject to rough and hard-handed treatment.

The Anglo Boer War likewise perturbed religion and education in the Cape Colony. Ministers and teachers were accused of propagating sedition, and consequently a process of complete Anglicising was advocated.

The Anglo Boer War fostered an acute awareness of economic backwardness in the minds of Cape Afrikaners, and they actively attempted to promote Afrikaner business endeavours. They were accused of open and active boycotting and a consciousness of their Afrikaner identity was generated.

The Cape Afrikaners were subjected to appeals to exert themselves for the establishment of peace. These appeals were, however, not always timely and not always welcomed, because the Afrikaners considered themselves obliged to advocate peace on the basis of the restoration of the independence of the two Republics. This method of approach was, however, unrealistic.

The Anglo Boer War confronted the Afrikaners in the Cape Colony with their conscience and forced them to make sacrifices equal to the casualties suffered by the Boer Forces on the battle field. No-one escaped the consequences of the war. The Afrikaners were sorely tried by the war, aware of the fact that they had lost the war, yet convinced that the future would smile on them.

# BRONNELYS.

## I. PRIMêR.

1.1. Ongepubliseerd.

1.1.1. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria:

1.1.1.1. Argief van die Colonial Office, Londen (fotokopieë).

C.O. 48/542-48/543: Despatches, 1899 (F.K.747-758).

C.O. 48/544 : Offices and Individuals, 1899 (F.K. 759-763).

C.O. 48/545-48/548: Despatches, 1900 (F.K.764-784).

C.O. 48/549 : Offices: Miscellaneous, 1900 (F.K. 785-788).

C.O. 48/550 : Offices: War, Miscellaneous, Individuals, 1900 (F.K. 789-793).

C.O. 48/551-48/555: Despatches, 1901 (F.K. 794-825).

C.O. 48/556 : Offices (except miscellaneous), 1901 (F.K. 826-830).

C.O. 48/557 : Offices: Miscellaneous, Individuals, 1901 (F.K. 831-834).

C.O. 48/558-48/567: Despatches, 1902 (F.K.835-875).

C.O. 48/568 : Home, India, Law, Parliament, Trade, Treasury, War, 1902 (F.K. 880-883).

C.O. 48/569 : Miscellaneous Offices, Individuals, 1902 (F.K.884-888).

1.1.1.2. The Milner Papers (fotokopieë van dokumente van Milner wat deur die New College, Oxford, bewaar word).

1 - 2 : Appointment and arrangements, 1897-1902 (F.K. 1090-1091).

18-20 : Telegrams, 1899 (F.K. 1107-1109).

23-24 : State of Johannesburg, correspondence with Butler, 1899 (F.K. 1112-1113).

24-39 : Miscellaneous private correspondence, 1898-1900 (F.K. 1113-1128).

| | | |
|---|---|---|
| 40-42 | : | Press, Boer Documents, Stolen Gold, 1897-1900 (F.K. 1129-1131). |
| 42-44 | : | Correspondence with Governor of Natal, 1900-1905 (F.K. 1131-1133). |
| 45-48 | : | Correspondence with Gen. Pretyman and others, 1900-1901 (F.K. 1134-1137). |
| 48-51 | : | Correspondence with Governors, 1901-1904 (F.K. 1137-1140). |
| 52-53 | : | Lists of Casualties, distribution of British forces, garrison, 1901-1903 (F.K. 1141-1142). |
| 53-54 | : | Suspension of Cape Constitution, 1902 (F.K. 1142-1143). |
| 55-56 | : | Private Correspondence with Chamberlain, etc., 1900 (F.K. 1144-1145). |
| 56-58 | : | Personal letters, 1897-1903 (F.K. 1145-1147). |
| 59-64 | : | Private letters received, 1900 (F.K.1148-1153). |
| 64-68 | : | Official correspondence, 1899-1905 (F.K. 1153-1157). |
| 69-74 | : | Private letters received, 1898-1899 (F.K. 1158-1163). |
| 74-103 | : | Private Correspondence, 1901-1905 (F.K. 1163-1192). |
| 111-115 | : | Official Correspondence, Secretary of State, 1900-1902 (F.K. 1200-1204). |
| 115-116 | : | Correspondence, Lord Kitchener and military affairs, 1900-1902 (F.K. 1205-1206). |
| 120-122 | : | Correspondence re Johannesburg, Cape Governership, 1900 (F.K. 1209-1211). |
| 125-127 | : | Peace negotiations, 1901-1902 (F.K. 1214-1216). |
| 129-130 | : | Cape Suspension, 1902-1903 (F.K. 1218-1219). |
| 130-131 | : | Miscellaneous Correspondence, 1902-1903 (F.K. 1219-1220). |

1.1.1.3. : Argief van die Hoë Kommissaris, Pretoria (Verwysing: H.C.).

H.C. 26 : Lord Kitchener, various:
Invasion of Colony, 1900.

H.C. 27 : Lord Milner - operations, 1900-1901.
- Peace Committee, 1900-1901.
- General Settle on operations, 1901.

H.C. 28 : Lord Kitchener - operations in Colony, 1901.
- Defence of Kimberley, 1898-1899.

H.C. 29 : Defence of Kimberley, 1899.

H.C. 53 : Secret Correspondence, Boer War, 1900.

H.C. 54 : Miscellaneous Secret Correspondence
Boer War, 1901-1902.
Arming of Dutch Colonists, 1899.
Dutch feeling in Colonies, 1899.

H.C. 57 : Martial Law Regulations, 1900.

H.C. 58 : Martial Law, Second Invasion, Annexation of Colony by O.F.S. and Z.A.R., 1900.

H.C. 59 : Cape Colonial Forces, organization with view to resist invasion, 1900-1901.

H.C. 64 : Attitude of Dutch Colonists, etc., 1898-1899.

H.C. 70 : N.W. Rebellion, 1900.

H.C. 72 : N.W. Rebellion, 1900.

H.C. 73 : Military operations in Cape Colony, 1899-1900.

H.C. 98-100: Secret Despatches, Secretary of State, 1899-1900.

H.C. 101 : Secret Despatches (Drafts) to Secretary of State, 1900-1905.

H.C. 105 : Secret Despatches from Secretary of State, 1901-1910.

H.C. 106 : Draft Secret Minutes to Ministers, 1900-1909.

H.C.109-110: Martial Law, 1899-1900.

H.C. 111 : Cape Colony Records, Secret Papers, 1901-1902.
Teaching of Dutch, 1902.
Martial Law, 1902.

H.C. 112 : Secret Correspondence, 1903.
Education, 1900-1903.

1.1.2. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

1.1.2.1. Argief van die Prokureur-generaal.

1.1.2.2. Argief van die Eerste Minister.

1.1.2.3. Argief van die Goewerneur (Government House).

Omdat die bronne in die Transvaalse Argiefbewaarplek vollediger en trouens in die voetnote aangehaal is, is die betrokke reekse in bogemelde argiewe nie hier weergegee nie.

1.1.3. N.G. Kerkargiefbewaarplek, Kaapstad.

1.1.3.1. Ringsargiewe.

9/18-9/21 Acta van al de Ringen en bylagen, 1899-1902.

2.1. Gepubliseerd.

1. Britse Blouboeke:

Cd. 43-1900: Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, Londen, 1900.

Cd.204-1900 :Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, Londen, 1900.

Cd.261-1900 :Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, Londen, 1900.

Cd.264-1900 :Correspondence relating tc the Affairs of the Cape Colony, Londen, 1900.

Cd.269-1900 :Further Correspondence relating to the Affairs in South Africa, Londen, 1900.

Cd.420-1900 :Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, Londen, 1900.

Cd.547-1901 :Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, Londen, 1901.

Cd.903-1902 :Further Correspondence relating to the Affairs in South Africa, Londen, 1902.

Cd.981-1902 :Papers relating to the Administration of Martial Law in South Africa, Londen, 1902.

Cd.1163-1902:Further Correspondence relating to the Affairs in South Africa, Londen, 1902.

Cd.1364-1902:Report of the Royal Commission appointed to enquire into sentances passed under Martial Law, Londen, 1902.

Cd.1423-1902 : Papers relating to the Administrations of Martial Law in South Africa, Londen, 1903.

Cd.1463-1902 : Further Correspondence relating to the Affairs in South Africa, Londen, 1903.

2. British Parliamentary Debates, 1899-1902.

3. Cape Hansard, 1899-1902.

4. Cape of Good Hope Government Gazette, 1899-1902.

5. Fouché, L. (red.): Het Dagboek van Adam Tas, 1705-1706, Londen, 1914.

6. - Dagboek van Adam Tas, 1705-1706, hersien deur A.J. Boëseken, Van Riebeeck Vereniging II-I, Kaapstad, 1970.

7. Hancock, W.K. en Van der Poel, J. (red.): Selections from the Smuts Papers, Vol. I, June 1886 - May 1902; Cambridge, 1966.

8. Headlam, C. (red.): The Milner Papers, Vol. II, Londen, 1933.

9. Lewsen, P. (red.) : Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1899-1905, Van Riebeeck Vereniging Nr. 47, Kaapstad, 1966.

## 2. SEKONDêR.

Aitken, W.F. The Hero of Mafeking, Londen, 1900.

Amery, L.S. The Times History of the War in South Africa, 1899-1902, dele I-VI, Londen, 1900-1909.

Ashe, E.O. Besieged by the Boers, Londen, 1900.

Atkins, J.B. The Relief of Ladysmith, Londen, 1900.

Baille, F.D. Mafeking a Diary of the Siege, Westminster, 1900.

Basson, J.L. Die Slag van Paardeberg. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P. 1971.

Beet, A.J. en Harris, C.B. Kimberley Under Siege, Kimberley, 1950.

Bell, F.W. The South African Conspiracy, or the aims of Afrikanderdom, Londen, 1900.

Bellairs, Lady Blanche — The Transvaal War, 1880-1881, Londen, 1895.

Beyers, Coenraad — Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde, Pretoria, 1967.

Bingle, P.W. — Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika 1859-1899. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1954.

\- Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, 1859-1959. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1959.

Boëseken, A.J. — Simon van der Stel en sy kinders, Kaapstad, 1964.

Breytenbach, J.H. (red.) — Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, Kaapstad, 1949.

\- Die Tweede Vryheidsoorlog, deel I, Voorspel tot die stryd, Kaapstad, 1948.

\- Die Tweede Vryheidsoorlog, Ontplooiing van die Boere-offensief, Oktober 1899, Kaapstad, 1949.

\- Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, deel 1, Die Boere-offensief, Oktober - November 1899, Pretoria, 1969.

\- Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, deel II, Die eerste Britse Offensief, November - Desember 1899, Pretoria, 1971.

Buttery, J.A. — Why Kruger Made War, Londen, 1900.

Cachet, F.L. — De Worstelstrijd der Transvalers aan het volk in Nederland verhaald, Amsterdam 1882.

Cilliers, D.H. — Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, 1652 - 1939. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Unisa, 1949.

Coetzee, J.A. — Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, Johannesburg, 1942.

| | |
|---|---|
| Cook, E.T. | The Rights and Wrongs of the Transvaal War, Londen, 1902. |
| Crafford, F.S. | Jan Smuts, New York, 1944. |
| Creswell, L. | South Africa and the Transvaal War, 6 vols., Edingburgh, 1900-1901. |
| Daleboudt, H.M. | Sir Thomas Muir en die onderwys in Kaapland tydens sy bestuur as Superintendent-generaal van Onderwys, 1892-1915. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, U.S., 1942. |
| Davenport, T.R.H. | The Afrikander Bond, The History of a South African Political Party. 1880-1911, Cape Town, 1966. |
| Davitt, M. | The Boer fight for Freedom, Londen, 1902. |
| De Wet, C.R. | De strijd tussen Boer en Brit, Amsterdam, 1902. |
| Du Plessis, C.N. | The Transvaal Boer Speaking for himself, Londen, 1898. |
| Du Plooy, W.J. | Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval 1895-1896. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1958. |
| Du Toit, P.S. | Onderwys in Kaapland, 'n historiese oorsig, 1652-1969, Pretoria, 1970. |
| Engelbrecht, S.P. | Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Derde Uitgawe, Kaapstad, 1953. |
| Fletcher Vane, F. | Pax Brittanica in South Africa, Londen, 1905. |
| Gardner, B. | Mafeking a Victoria Legend, Londen, 1966. |
| Grant, M.H. | History of the War in South Africa. 1899-1902, 7 dele, Londen, 1910. |
| Grinell-Milner, D. | Baden Powell at Mafeking, Londen, 1957. |
| Grobbellaar, P.A. | Die ontstaan en ontwikkeling van die O.V.S. tot aan die einde van President Boshoff se regering in 1859. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, U.S., 1941. |

Hancock, W.K. — Smuts, the Sanguine Years, Cambridge, 1962.

Haggard, H.R. — The last Boer War, Londen, 1899.

Hanniston, J.A. — The Siege of Mafeking, Londen, 1900.

Hayes, C.J.H. — Modern Europe to 1870, New York, 1968.

Hobhouse, E. — The Brunt of the War and where it fell, Londen, 1902.

Hobson, J.A. — The War in South Africa, its Causes and Effects, Londen, 1900.

Hofmeyr, J.H. — The Life of Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan), Cape Town, 1913.

Holl, H.H. — The Jameson Raid, Londen, 1930.

Hugo, M.J. — Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947, Kaapstad, s.d.

\- — Die Kruger-ultimatum, vier maande van spanning. Historiese studies, jaargang 4, U.P., 1943.

Jooste, J.P. — Die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte van die negentiende eeu, Bloemfontein, 1946.

\- — Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959, Potchefstroom, 1959.

Kieser, A. — President Steyn in die krisisjare, 1896-1899, Kaapstad, circa 1939.

Krüger, B.R. — Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Pretoria, 1957.

Krüger, D.W. — Paul Krüger, deel II, 1883-1904, Johannesburg, 1963.

Kotze, D.J. — Positiewe Nasionalisme, Kaapstad, 1968.

Laurence, P. — The Life of John X. Merriman, Londen, 1930.

Lehman, J.H. — The First Boer War, Londen, 1972.

Le May, G.H. — British Supremacy in South Africa, 1897-1907, Oxford, 1965.

| | |
|---|---|
| Macdonald, J.R. | What I saw in South Africa, September and October, 1902, Londen, s.d. |
| Malan, J.H. | Die opkoms van 'n republiek of die geskiedenis van die Oranje Vrystaat tot die jaar 1863. |
| Marais, J.I. | Geskiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika, Stellenbosch, 1919. |
| Marais, J.S. | The fall of Kruger's Republic, Oxford, 1966. |
| McKerron, M.E. | A History of Education in South Africa, 1652-1932, Pretoria, 1934. |
| Methuen, A.M.S. | Peace or War in South Africa, Londen, 1901. |
| Mouton, J.A. | Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1957, Kaapstad, 1957. |
| Muller, C.F.J. | Die Britse owerheid en die Groot Trek, Kaapstad, 1947. |
| Nathan, M. | The Voortrekkers of South Africa, Londen, 1937. |
| Nevinson, H.W. | The Diary of a Siege, Londen, 1900. |
| Otto, J.C. | Die konsentrasiekampe, Kaapstad, 1954. |
| Ogden, I. | The War against the Dutch Republics in South Africa, its origin, progress and results, Londen, s.d. |
| O'Meara, W.A.J. | Kekewich in Kimberley, Londen, 1926. |
| Pakenham, E. | Jameson's Raid, Londen, s.d. |
| Pells, E.G. | 300 Years of Education in South Africa, Connecticut, 1970. |
| Pelzer, A.N. | Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, Wordingsjare, Kaapstad, 1950. |
| Phelan, T. | The Siege of Kimberley, its Humerous and Social Side, Dublin, 1913. |

Pienaar, E.C. Die triomf van Afrikaans, Kaapstad, 1945.

Preller, G.S. Voortrekkermense, 6 dele, Kaapstad, 1918-1938.

Robertson, J.M. Wrecking the Empire, Londen, 1901.

Scholtz, G.D. Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, dele I en II, Johannesburg, s.d.

\- Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1842-1885, Kaapstad, 1956.

Scholtz, J. du P. Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875, Kaapstad, s.d.

Schreiner, O. An English South African's view of the situation, Londen, s.d.

Scoble J. & Abercrombie, H.R. The Rise and fall of Krugerism, Londen, 1900.

Smith, J.A. Naar Bloedrivier en Paardekraal, Kaapstad, 1918.

Snyman, J.H. Rebelle-verhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe, 1899-1902. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1962, Kaapstad, 1963.

Spoelstra, B. Die Doppers in Suid-Afrika 1760-1899, Kaapstad, 1964.

Strydom, C.J.S. Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog, Kaapstad, 1943.

Theal, G. McC. History of South Africa since 1795, Vol. V, Londen, 1910.

\- History of South Africa, 1795-1872, Vol. ii, Londen, 1915.

Tindall, B.A. (red.) James Rose Innes, Autobiography, Kaapstad, 1949.

Thom, H.B. Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek, Kaapstad, 1949.

Van den Heever, C.M. Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943.

Van der Merwe, N.J. — Marthinus Theunis Steyn, dele I en II, Kaapstad, 1921.

Van der Merwe, J. — Die Oranje Vrystaat en die Britse politiek in Suid-Afrika in die tyd van pres. J.H. Brand, 1864-1888. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, U.P. 1937.

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. — Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1951.

Van der Poel, J. — The Jameson Raid, Kaapstad, 1951.

Van Jaarsveld, A.F. — Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaner, deel I, Pioniershartstogte, 1836-1864, Johannesburg, 1951.

- — Lewende Verlede, Johannesburg, 1961.

- — Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn 1868-1881, Johannesburg, 1959.

Van Wyk, A.H. du P. — Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese, 1806-1915, Pretoria, 1947.

Venter, E.L.J. — Die verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, Amsterdam, s.d.

Voigt, J.C. — Fifty Years of the History of the Republic in South Africa, New York, s.d.

Walker, E.A. — W.P. Schreiner, a South African, London, 1937.

- — Lord De Villiers and his Times, Londen, 1925.

- — The Great Trek, Londen, 1965 (vyfde uitgawe).

- — W.P. Schreiner, a South African, Londen, 1937.

Waters, W.H.H. — The War in South Africa (The German official account of the war in South Africa), 2 vols., Londen, 1904.

Wichmann, F.A.F. — Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Kaapstad, 1941.

Wrench, J.E. — Alfred Lord Milner, The Man of No Illusions, 1854-1925, Londen, 1958.

Worsfold, B. — Lord Milner's Work in South Africa, from its Commencement in 1897 to Peace of Vereeniging in 1902, Londen, 1906.


## 3. KOERANTE EN TYDSKRIFTE IN DIE PERIODE 1899-1902.


Albert Times

Cape Argus

Cape Times

De Graaff-Reinetter

De Kerkbode

De Nieuwe Middelburger

Di Afrikaanse Patriot

Eastern Province Herald

Gereformeerd Maandblad

Grahamstown Journal

Het Oosten

Het Zuid-Westen

Middelandsche Afrikaander

Midland News

Ons Land

Onze Courant

Review of Reviews

South African News


## 4. TYDSKRIFARTIKEL.


Franken, J.L.M. — Hendrik Bibault of die opkoms van 'n volk (Die Huisgenoot, 21.9.1928).

## 5. PAMFLETTE.


| | |
|---|---|
| Mackarness, Frederick | Lifting the Veil in Cape Colony, Londen, 1901. |
| - | Martial Law in the Cape Colony during 1901, Londen, 1901. |
| - | The Dutch Reformed Church and the Boers, s.d. |

S.A.C.C. pamflet 94, Brief dr. R.J. Reinecke aan London Times, 1902